

T O T I U S    A S    P S A L M B E R Y M E R .

PROEFSKRIF

aangebied ter verkryging van die graad

Doctor Litterarum

deur

JASPER LODEWYK STEYN

student aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.



## V O O R W O O R D .

By die voltooiing van hierdie proefskrif my opregte dank aan prof. dr. G. Dekker wat as promotor die ondersoek gelei het. Dit was 'n hoë voorreg om onder sy leiding 'n gebied te ontgin waarmee hy so intiem vertrouwd is. Aan hom is ek veel verskuldig, ook vir wat hy bygedra het tot my vorming gedurende die jare wat ek hom as leermeester gehad het. Sy voorbeeld as literator sal vir my 'n blywende inspirasie wees.

Ek wil hier ook my dank betuig aan prof. F.J. Labuschagne. Waar my belangstelling in die eerste plek op Letterkunde gerig is, het ek besondere waardering vir die simpatieke leiding in Taalkunde wat ek van hom ontvang het.

Ek ag my bo verdienste gelukkig dat my studie my in persoonlike aanraking gebring het met die digter Totius. Aan hom my hartlike dank vir sy bereidwilligheid om my te woord te staan i.v.m. sekere vraagstukke wat uit my ondersoek voortgevloei het.

PRETORIA,  
5 Junie 1951.

INLEIDING.

'n Literêre ondersoek i.v.m. Totius se werk as psalmberymmer is in meer as een opsig belangwekkend.

Die Afrikaanse psalmberyming staan besonder hoog aangeskrewe, selfs in die groter verband van die Dietse letterkunde. In die Afrikaanse kultuurontwikkeling, waar een vesting na die ander, ook op kerklike gebied, deur die Afrikaanse taal verower moes word, was die verskyning van ons psalmboek 'n hoogtepunt. Die tyd mag oordeel dat hierdie werk een van ons eerste digters se blywendste bydrae is tot ons kulturele erfenis. Wat hierdie bydrae nog belangriker maak, is die plek wat dit inneem in die vir ons, wat bekend staan as 'n christelike volk met 'n besondere godsdienssin, skrale oes geestelike poësie.

By die beoordeling van 'n psalmberyming moet ons ons vanselfsprekend rekenskap gee van die aard en karakter, van die vorm en stylaard van die Hebreëuse poësie in die algemeen en van die psalms in die besonder. (1) Waar ek in Hoofstuk I hierop ingaan, laat ek veral die klem val op die beeldrykheid, die aard van die beeldspraak en die paralellisme in hierdie poësie.

Verder moet die beoordelaar hom ook besin op die besondere eise waaraan die herdigting vir liturgiese doeleindes moet beantwoord. Psalmberyming is inderdaad 'n heel besondere digsoort.

'n Merkwaardigheid i.v.m. die Afrikaanse psalmvertolking is dat dit verskyn het nadat die lewensvorme so verander het dat dit nie meer bevorderlik is vir die kuns van psalmberyming nie. Ons tyd met sy individualisme staan reeds ver van die gemeenskapskuns van vorige eeue, om nie eens te praat van die anonieme kuns van die Middell-

-eeue nie. As 'n besondere vorm van volkspoësie het psalmberyming ontstaan in 'n tyd toe die gemeenskap, veel meer as tans die geval is, met die volkskunstenaar as medium, as 't ware self kuns geskep het. In die individualisme as tydskenmerk sien ek 'n kernprobleem vir die psalmberymmer waar ek psalmberyming as kunsoort bespreek in die tweede onderafdeling van Hoofstuk I.

In Hoofstuk II word die Afrikaanse psalmberyming gesien in sy breë literatuurhistoriese verband. Die Afrikaanse berymde psalms sluit aan by 'n eeuelange tradisie in Westerse tale in die algemeen en Dietse tale in die besonder, is selfs 'n hoogtepunt in hierdie historiese lyn wat loop oor Marot, De Bèze, Datheen, Marnix, Camphuysen, Revius, Vondel en die Nederlandse beryming van 1773, om net die vernaamste te noem. Dit was my veral te doen om die lyn van Calvinistiese psalmberyming vir kerklik-liturgiese doeleindes te volg. Die beryminge van Camphuysen (nie-Calvinisties) en Vondel (nóg Calvinisties, nóg kerklik-liturgies) moes by hierdie bespreking ingesluit word as noodsaaklike agtergrond vir die behandeling van die rol wat hierdie twee beryminge gespeel het - veral eersgenoemde - in die werk van Totius. In dit alles moes ek uit die aard van die saak volstaan met 'n algemene oorsig en 'n kort karakteristiek van elke vertolking.

Waar Totius se kuns reeds tot rypheid gegroei het toe die Berymde Psalms verskyn het, moes ek my in Hoofstuk III rekenskap gee van sy ontwikkelingsgang om die plek van die psalmberyming in die digter se oeuvre te bepaal. Oor die bekender fasette van Totius se digterskap, soos sy motiewe, vers, taal en beeld, kon ek heel corsigtelik wees om my toe te spits op die probleem. Totius as psalmberymmer en die individualisme van sy tyd.

Afgesien van die ontwikkelingsgang wat Totius se kuns toon tot met sy psalmvertolking, is daar ook 'n interessante groei in sy werk as psalmberymer. Dit word in 'n mate weerspieël deur sy „proefbundels“ wat sedert 1922 verskyn het. Hierdie groeiproses is voltrek in die beryming van 1937 waaraan daar ook 'n meer interne wordingsgeskiedenis verbonde is, waarop hier nog nie ingegaan word nie. Dit wil sê hier word nog nie rekenskap gegee van die rol van die Reviseurs en Totius se „vriendelike emendasies“ (2) nie. Hierdie aangeleentheid het nog nie die nodige historisiteit verkry nie. Dit bly 'n insiggewende studie vir die toekomstige navorser. Intussen word beseft dat die Afrikaanse psalmboek die produk is van die samewerking van digter en Reviseurs. Waar laasgenoemde hulle bepaal het tot kritiek en advies kan die psalmboek beskou word as in wese die werk van Totius.

By die literêre beoordeling van Totius se beryming het ek nagegaan in hoeverre dit 'n eksegeties (3) en esteties bevredigende weergawe van die Hebreuse origineel is, en hoe die digter daarin geslaag het om die besondere toonaard te bewaar van psalms wat so verskil soos die klaag- lof- en vloekpsalms. Die indeling van hierdie ryke stof is, omdat alles so intiem aaneenskakel, 'n netelige probleem. Nadat verskillende moontlikhede oorweeg en weer verwerp is, het nog oorgebly die verdeling in twee hoofstukke waarin respektiewelik behandel word: die verskillende groepe psalms en die literêre skoonhede van die Afrikaanse psalmboek, maar ook dit het geblyk 'n te arbitrêre skeiding te wees van dinge wat organies verbind is. Vandaar dat eventueel besluit is om alles in Hoofstuk IV saam te vat in 'n literêre waardering van die Afrikaanse psalmboek. Vanuit die oogpunt van balans is dit miskien 'n minder gelukkige oplossing, maar dit is m.i.

'n wesenlike, en dus onvermydelike, eis wat hierdie onderwerp stel. In hierdie omvattende hoofstuk word Totius se werk beoordeel as die eindresultaat van selfstandig skeppende vermoë (in soverre as mens daarvan kan praat by 'n psalmberyming) en invloede en ontleninge, sonder om hier nadere rekenskap te gee van hierdie „ou goud.“

Hoofstuk V word aan die „ou goud“ gewy. Totius se werk is nie in die gewone sin voortsetting van dié van sy voorgangers nie, want in die Afrikaanse beryming is deur ontlening veel bewaar van die skoonste wat die Dietse letterkunde op hierdie gebied voortgebring het. By die bespreking van hierdie „ou goud“ moet in 'n verhandeling met 'n breëre opset noodwendig selektief te werk gegaan word. Insiggewend is dit om Totius se ontleningswyse te ondersoek. Dit waarin hy afwyk van sy voorbeelde, werp dikwels meer lig op sy digterskap as dit wat hy ontleen. 'n Stelselmatige ontleding van hierdie invloede en ontleninge bied 'n hoogs interessante en uitgebreide studieveld.

. . . . .

Deurdat die psalmbundel slegs 'n „numeriese betiteling“ ken, hou dit vir hierdie verhandeling die stilistiese probleem in van onestetiese herhaling van die benaming Psalm.

Waar die titel Nederlandse beryming of Nederlandse psalmboek sonder nadere omskrywing gebesig word, word bedoel die beryming van 1773. Ander Nederlandse beryminge word aangedui met die naam van die berymer.

Die aantekeninge word aan die einde van elke hoofstuk gegee.



Aantekeninge by die Inleiding.

1. Die psalms en gesange kan dus nie oor dieselfde kam geskeer word nie — 'n fout wat W.J.B.Pienaar begaan in sy artikel Ons Psalmberyming (Ons Eie Boek, XVI, 3).
  
2. Voorwoord van die Berymer, p. IV. (Die Berymde Psalms, Kaapstad, 1937).
  
3. Hiermee word bedoel eksegeese soos toegepas deur die nie-Hebraïcus op grond van die Afrikaanse prosa-vertaling en verder met behulp van kommentare.

- - - - -



Hoofstuk 1.

DIE HEBREEUSE PSALMS EN PSALMBERYMING.

Geen ander poësie het soos die Hebreeuse psalms deur die eeue heen tot die mens bly spreek nie. In later eeue, sedert die vertaling van die Bybel in ander tale, het die psalms die besit geword van baie volke - vir sommige beide in prosa- en versvorm.

Die bekendheid van die psalms moet nie in die eerste plek toegeskryf word aan hul estetiese skoonheid nie, maar aan hul religieuse betekenis en liturgiese gebruik. Naas hierdie religieuse waarde is daar egter nog iets, óók iets wesenliks, in die psalms wat dit so 'n krag laat behou het, dit nie alleen tot die gelowige van alle tye laat spreek het nie, maar ook digters van tye so verskillend as die sestiede en twintigste eeue, 'n digter van die formaat van 'n Vondel selfs, geïnspireer het tot die vertolking daarvan in eie taal- en versvorm. Dit is die onverganklike poësie in die psalms wat dit op so 'n wyse bo die grense van land en tyd verhef het.

Chr. Stapelkamp sien die betekenis van die psalms so: „We bezitten ... in die gehele canon van het Oude en Nieuwe Testament geen boek, dat de eeuwen door zulk een centrale plaats gehad heeft in het leven der gemeente van Christus en in dat van ieder gelovige in 't bijzonder, als het boek der psalmen. En dit behoeft ons ook niet te verwonderen. Immers de diepste beproefde vindt hier zijn leed uitgezegd op een wijze, zoals hij het zelf nooit zou kunnen, maar tevens welt voor hem hier de bron, waaruit hij verkwikking en troost kan putten. De zondaar, die gebukt gaat onder

zijn /

zijn schuldbesef, gevoelt hier zijn berouw zo vertolkt, dat hij 't nooit oprechter en zuiverder voor God brengen kan dan in de woorden van de psalmist. Wie gered is uit levensnood hoort hier Godgewijde hymnen, waarin ook hij zijn eigen vreugd uitjubelen kan. Wie zich bevrijd weet van zijn zondelast, zegt zijn Redder dank in een psalterlied".<sup>(1)</sup>

Die Hebreuse psalmdigter het nie net waarheid gebring nie, maar ook skoonheid. Die geloofswaarhede, sy diepste smart en innigste vreugde het hy só verge-stalt dat dit vandag nog die bevrydende uiting van die gelowige gemoed kan wees. Luther het van die psalms gesê: „Da siehest du allen Heiligen ins Herz".<sup>(2)</sup>

Die Hebreuse psalms het in ons jong taal ook versgestalte gevind. In hierdie vorm weerklink dit vandag oor die velde van 'n land wat vir die ou Hebreuse sanger tot „die eindes van die aarde" moes behoort het.

#### AARD EN KARAKTER VAN DIE HEBREEUSE PSALMS.

In die benadering van die besondere aard en stilistiese kenmerke van die Hebreuse poësie en psalms was ek, as non-hebraïcus, aangewys op die werke van gesaghebbendes, soos Herder, Gunkel, Schmidt, Herkenne, Böhl, e.a. Hiervan word nader rekenskap gegee in die aantekeninge en bibliografie.

Eenvoud, natuurlikheid en spontaneiteit is die mees opvallende eienskappe van die Hebreuse psalms as poësie. By die psalmdigter is daar geen bewuste artistieke strewe nie. Waar hy kuns lewer, is dit heeltemal onopsetlik, feitlik toevallig. Die Israe-litiese digter staan voor ons as hewigbewoë mens wat

sy vreugde en smart, sy liefde en haat, sy ootmoedige kleinheidsbesef en onverwoesbare geloof uitstort in poësie met die onmiskenbare klank van egtheid en eerlikheid.

Die Hebreeuse poësie is baie beeldryk. Die weelderigheid in woord en beeld word gedeeltelik verklaar deur die bodemgesteldheid van die land waarin hierdie poësie ontstaan het. Palestina is 'n land van groot kontraste binne 'n paar breedtegrade. Daar is die sneeu van die Libanon en die tropiese hitte van die Jordaanvallei. Die kontraste in die klimaat veroorsaak 'n ryk verskeidenheid in die plantegroei, dierelewe en menslike bedrywighede. Hierdie verskeidenheid vind ons ook in die taal met sy talryke benaminge vir natuurvoorwerpe. Dit het weer stof gebied vir 'n oorvloed beelde. Die beeldrykheid van Hebreeus stel hierdie taal in staat om uitdrukking te vind vir die mees uiteenlopende beskrywinge en die teerste stemminge.

Die beeldspraak van die psalms, soos dié van die Hebreeuse poësie in die algemeen, open vir ons 'n uitsig oor die land, sy hemel en aarde, sy berge, woestyne, riviere, plantegroei, dierelewe en menslike bedrywighede. In die psalms vind ons egter weinig of geen uiting van natuurliefde nie. Daar is slegs meegevoel vir die natuur as medeskepsel van God. Die natuur word gesien en besing as die skepping van God.

Woorde en uitdrukkinge uit die ryk, sintuiglik-waarneembare wêreld is deur die Hebreeuse digter aangewend om uiting te gee aan die wisselende stemminge van sy gemoedslewe. Dit bring 'n eenvoud en direktheid mee wat onmiddellik tot die hart spreek, nie alleen by die Hebreër nie, maar by alle mense van alle

tyc. Hierdie oordragtelyke spreekwyse, so eie aan die Hebreuse poësie, kom baie voor in die psalms. Dit is iets wat in vertaling behoue kan bly, sodat hierdie poësie, in watter taal ook al vertaal, selfs in prosavorm, in sy wese digterlik bly. Innerlike toestande en gewaarwordinge word hier voorgestel deur die mees konkrete beelde uit die natuur en die alledaagse lewe. Die sintuiglike aanleg van die psalmdigter word nie daarin geopenbaar dat hy in die eerste plok uitbeeld wat hy sien en hoor nie, maar dat hy sy sinsindrukke aanwend om gestalte te gee aan wat hy voel. As die digter dit uitkerm „ek is 'n wurm" (Ps. 22), dan sien hy in die nietigheid en verfoeilikheid van die wurm, sy eie innerlike gebrokenheid. Wesenlik vertoon die Afrikaanse digter Totius se simboliek en instelling teenoor die uiterlik-waarneembare werklikheid groot ooreenkoms met dié van die Hebreuse digter, maar daar is ook groot verskille. Die moderne Westerling is nugterder as die gloedvolle, vir geen oordrywing terugdeinsende Oosterling. Die Oosterse digter is meer primêr in sy siening en segging. Hy vind analogie by dinge waar die ontwikkelder Westerling dit nooit sal soek nie.

Vir die Oosterling is die voorstelling skerp-sinniger namate die dinge uiteenlopende van aard is. Herder,<sup>(3)</sup> een van die oudste gesaghebbendes op die gebied van die Hebreuse poësie, verwys in hierdie verband na Sprouke 30. In die Afrikaanse Bybel lui dit:

„Drie dinge is dit wat vir my te wonderlik is, ja vier wat ek nie begryp nie:  
die weg van die arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip in die hart van die see, en die weg van 'n man by 'n meisie".

Hierdie /

Hierdie neiging om ooreenkoms te soek tussen dinge van verskillende aard, is 'n wesenstrek van die Hebreuse beeldspraak. In die psalms vind ons talle van hierdie konkrete beelde: (Ek siteer deurgaans uit die Afrikaanse prosavertaling van die psalms)

".... Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak; en hy is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is soos 'n held om die pad te loop".

- Ps. 19.

"My krag is verdroog soos 'n potskerf ...."

- Ps. 22.

"Daarom is die trots om hulle soos 'n halssieraad, die geweld bedek hulle soos 'n gewaad."

- Ps. 73.

"Laat die riviere in die hande klap, die berge tesame jubel".

- Ps. 98.

Die Oosterling het 'n baie sterker verbeeldingskrag as die nugterder Westerling. Nog vreemder vir ons moderne Westerse gevoel is:

"Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie? die wat my volk opeet asof hulle brood eet?"

- Ps. 14.

Bevatliker is:

"Soos rook verdryf word, verdryf U hulle; soos was smelt voor die vuur, vergaan die goddelose voor die aangesig van God".

- Ps. 68.

"Verlos my, o God, want die waters het tot by die siel gekom".

- Ps. 69.

"Die mens - soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy. As die wind daaroor gaan, is dit nie meer nie en sy plek ken hom nie meer nie".

- Ps. 103.

Waar /

Waar die primitief-Oosterse beeldspraak vreemd, selfs naïef, aandoen, tref dit ons nog deur die konkreetheid van siening.

Die beeldingsvermoë van die Hebreëuse digter het in meer as een psalm gelci tot skone plastiek. Dit is veral die openbaring van God se almag in die natuur wat die psalmdigter geïnspireer het tot grootse sieninge en plastiese beelding. Weer het ons die tipies Oosterse konkreetheid:

".... Toe het die aarde geskud en gebewe; die fundamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was.  
Rook in sy neus het opgegaan, en 'n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand.  
En Hy het die hemel gebuig en neergedaal, en donkerheid was onder sy voete.  
En Hy het op 'n gérub gery en gevlieg; ja, Hy het gesweef op die vlerke van die wind.  
Duisternis het Hy sy skuilplek gemaak, sy hut rondom Hom: duisternis van waters, diktes van wolke.  
Deur die glans voor Hom het sy wolke verbygetrek, hael en gloeiende kole.  
En die HERE het in die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor; hael en gloeiende kole.  
En Hy het sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi; ja sy bliksems in menigte en hulle verwar.  
En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fundamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging, o HERE, vanweë die geblaas van die wind van u neus".

- Ps. 18.

So word die magtige gebeure in enkele breë trekke gebeeld, al is die konkrete sieninge nie altyd vir ons bevatlik nie.

Die Hebreëuse digter skilder in groot, forse trekke. Dit sien ons ook in Ps. 29 en in die volgende skildering van 'n skip in nood:

"Want Hy het gespreek en 'n stormwind laat opsteek wat die golwe daarvan (van die see - skrywer) opgesweef het.  
Hulle het opgerys na die hemel, neergedaal na die dieptes - hulle siel het vergaan van wee.  
Hulle het getuimel en gewaggel soos 'n dronk man, en al hulle wysheid is verwar.

- Ps. 107.

Ook /

Ook die plastiek van die psalmdigter bekoor deur verhewe eenvoud en natuurlikheid.

Die Hebreëuse digter is baie hartstogtelik, en openbaar 'n intense aanvoelings- en belewingsvermoë. Dit lei soms tot ruigheid van siening en segging, veral in die psalms waarin die digter se haat en afkeer vir die Godsvyand uitgestort word, bv.

"Laat hulle wees soos 'n slak wat wegsmelt sover as hy loop, soos 'n misgeboorte wat die son nie gesien het nie."

- Ps. 58.

Heinrich Herkenne stem saam met Berger, die Franse geleerde, dat die Hebreëuse psalms ander Oosterse godsdienstige poësie, met name die Babiloniese, in gloed en besieling oortref. Die verklaring hiervoor moet, volgens genoemde skrywers, gesoek word in Israel se monoteïstiese geloof in Jehowa. Ander Oosterse volke, met hul veelgodedom, kon nie dieselfde hoogtes van besieling en ekstase bestyg in hulle geestelike poësie nie.<sup>(4)</sup>

Die intens persoonlike belewing en besieling waarvan die Hebreëuse psalms getuig, maak daarvan nog geen individualistiese poësie nie. Die persoonlike word ook deur hoë godsdienstige en digterlike krag verhef bokant die niveau van die besondere geval. Dit is opmerklik dat daar in die psalms omtrent geen persoonlike besonderhede gegee word nie. Elders noem Dawid die name van Saul en Jónatan in sy bekende klaaglied, maar in die psalms tree geen enkele lewende tydgenoot met name op nie. So word hierdie poësie meer as die uitstorting van persoonlike vroomheid. Dit is "zo rijk en diep van inhoud, dat het voor ieder mens, in welke levensomstandigheden hij ook verkeren

mag, steeds van onschatbare waarde gebleken is." (5)

Die persoonlike, die menslike, skuif in die psalms meer op die agtergrond omdat God hier die middelpunt is. Dr. A. Noordtzijsê in die inleiding by sy vertaling en verklaring van die psalms: "... hier ontsluit zich de menschenziel onder innerlijken, hogeren drang, zoekend naar God en wetend waar Hij te vinden is. Hier geen zwelgen in de natuur, in andere lyrische zangen zoo gewoon, maar medegevoel met de natuur, gezien als mede-schepsel, lijdend onder Gods toorn of verkwikt door 's Heeren nabijheid (Ps. 29, 65, 104). Hier geen verheerlijking van den mensch, maar een in oneindig verlangen zich uitstrekken naar den Eeuwigen God, in Wiens gemeenschap de hoogste zielevreugde wordt gesmaakt. Zelfs die zangen, welke meer het nationale dan het individueele leven tot inhoud hebben, bedoelen geen streeling van volksbewustzijn maar grootmaking van Hem, die op zoo wondere wijze zich in Israel verheerlijkte, en terugleiding van het volk naar zijne voorhoven (Ps. 78, 105, 106). Hier staat God, niet de mensch in het middenpunt." (6)

Naas hierdie algemene kenmerke van die gees en karakter van die Hebreeuse poësie - meer besonder van die psalms - vertoon hierdie poësie ook sy meer formele, sy stilistiese eienskappe. Hier is die hoofkenmerk van die Hebreeuse poësie die parallelismus membrorum, d.w.s. elke vers bestaan uit twee, soms drie lede wat parallel met mekaar is. Hiervan sê Noordtzijs: "Deze parallelie is de vrucht van een streven naar ideële eurhytmie, zooals ook Babel's en Egipte's poëzie dit kennen." (7)



Gewoonlik word drie soorte parallelisme onderskei: sinonieme, antitetiese en sintetiese.

Sinonieme parallelisme: Die gedagte van die eerste vershelfte word in die tweede herhaal, bv. Ps. 38 vs. 2. (Ek sitcer uit die Afrikaanse Bybel).

o HERE, straf my nie in u toorn nie  
on kasty my nie in u grimmigheid nie.

Antitetiese parallelisme: 'n Teenstelling word in die verslede uitgesprek, bv. Ps. 20 vs. 9.

Hulle het inmeekaargesak en geval,  
maar óns het opgestaan en ons weer opgerig.

Sintetiese parallelisme: Die tweede verslid vul die gedagte van die eerste logies aan, bv. Ps. 118 vs. 24:

Dit is die dag wat die HERE gemaak het;  
laat ons daarvoor juig en bly wees.

Herkenne onderskei ook nog wat hy noem „klimaktischen Parallelismus" (8) waar 'n verslid 'n sinsnede van die vorige lid weer opneem, bv. Ps. 29 vs. 1:

Gee aan die HERE, o seuns van God,  
gee aan die HERE eer en sterkte.

Die rykdom van woord, uitdrukking en beeld in die Hebreuse poësie is in die hand gewerk deur die parallelisme. Die Hebreuse digter delf in die woorde-skat van alle tye, gebruik archaïstiese vorme en smee nuwe woorde om uitdrukking te gee aan al die gedagte-wendinge en fyn onderskeidings in sy gedig. Verwant hieraan is die Hebreuse digter se voorliefde vir woordspeling. Ongelukkig gaan die woordspeling verlore in vertaling. Die parallelisme verleen 'n besondere skoonheid aan die Hebreuse poësie wat ook in vertaling behoue bly.

Die Hebreuse poësie leen sig verder op buitengewone wyse tot vertaling deurdat die rym wat by

vertaling /

vertaling verlore gaan, hier nie die rol speel wat dit in moderne Westerse digkuns speel nie.<sup>(9)</sup> Dit verklaar die verskynsel dat die Hebreëuse psalms selfs in die prosa-vertalings van die verskillende tale so 'n digterlike krag behou het, in sommige psalms selfs sterker as in die metriese verwerking waar uit die aard van die saak soms van die oorspronklike skoonheid moet opgeoffer word vir die strenger vorm.

Herder sien die rol van die parallelisme teenoor dié van die rym as volg: „Was ist nun geistiger, was verständiger? Der Reim, der ein Wortspiel bloss fürs Ohr ist? oder die veränderte Aehnlichkeit eines Schalles mit dem Sinne, da das neue Wort, wie Pope sagt, echo to the sense wird? Wie schöne Wirkung macht's, wenn auch in unsern Reimen oder bei Sprüchwörtern, Gegensätzen, Gleichnissen, Bildern die Aehnlichkeit oder Verschiedenheit der Begriffe sich auch in einem ungesuchten, ähnlichen Worte findet.“<sup>(10)</sup> Rym is nie 'n vereiste vir poësie nie, maar Herder stel dit hier te eensydig deur in rym niks meer te sien as „ein Wortspiel bloss fürs Ohr.“ Die waarde van die parallelisme het hy goed ingesien. Volledigheidshalwe moet hier gemeld word dat daar ook Hebreëuse poësie is waarin die parallelisme nie voorkom nie.

Wat die metrum en ritme in die Hebreëuse poësie betref, het Dr. A. Noordt zij hom in 1934 nog as volg uitgelaat: „De bestudering van de Hebreëwsche rhytmiek staat echter nog in de kinderschoenen. Een van de grootste moeilijkheden is wel, dat we weinig of niets weten van de wijze, waarop het Hebreëwsch oorspronkelijk werd uitgesproken. Ook hebben we te worstelen met groote onzekerheid bij de vaststelling van de vol-  
betoonde/

betoonde lettergrepen, die het rhytmische thema vormen." (11)

Vir die doel van hierdie studie kan volstaan word met die gevolgtrekking wat dr. S. du Toit bereik het in verband met die metrum en ritme van die Hebreuse poësie: „Al dadelik kan vasgestel word dat ook hier sowel die getal van aksente as dié van dalinge nie gelyk is in elke vershelfte nie, sodat daar van versvoete in elk geval nie sprake kan wees nie." (12)

Soos hieruit blyk, word in Hebreus die metrum, net soos in Afrikaans, bepaal deur die aantal en reëlmaat van die klemtone en nie deur die lengte van die lettergrepe, soos in klassieke tale nie.

Soos ander ondersoekers toon dr. Du Toit ook aan dat daar tog 'n sekere wetmatigheid bestaan wat betref die getal aksente, hoewel hier groot vryheid heers. (13)

'n Neiging tot simmetrie wat by benadering 'n gelyke aantal onbeklemtoonde lettergrepe tussen twee beklemtoondes verlang, word tog geopenbaar in die Hebreuse poësie. Al is die metrum van die Hebreuse psalms dus vryer en nie meganies afgemete nie, onderskei die poësie sig tog van die prosa deur 'n sekere simmetrie in die ritme van korresponderende versdele. Oor die strenge wetmatigheid in die metrum is daar egter nog nie eenstemmigheid bereik nie.

Heinrich Herkenne, (14) onder andere, vestig die aandag op die „Qina-Rhythmus" waar 'n diarese die vers in twee ongelyke dele verdeel in die verhouding van 3:2 of 4:2 volgens die getal aksente. Aangesien hierdie aksentverandering die opsteierende smart en die gelatenheid daarna goed uitbeeld, word hierdie ritme veral in die klaaglied (Hebreus: qīnāh) aangewend, en dit word ook so genoem omdat dit hier die eerstekeer

opgemerk /

opgemerk is. Dit word egter ook in ander psalms aangetrof.

Net soos in die geval van die metrum bestaan daar nog groot meningsverskil t.o.v. die strofepbou van die Hebreuse psalms. Vir die psalmberymmer wat hom van die strofevorm bedien, is dit 'n belangrike vraagstuk. Onderzoek kon tot dusver hier nie méér vasstel as dat in die Hebreuse poësie geen strofes in die enger moderne sin van die woord gesoek moet word nie. Geen strofes met 'n bepaalde innerlike en uiterlike bou nie. Hier kan wel van strofes in die wyer sin van die woord, meer in die sin van groter of kleiner logiese eenhede binne die gedagtegang van die gedig, gepraat word. (15)

Heinrich Herkenne stel dit as volg: „Da es in der Regel an formellen Kennzeichen einer Strophen-gliederung in den Pss fehlt, so wird man diese meist durch Auffindung von Sinnab-oder-einschnitten ermitteln müssen. Dabei können u.a. die verschiedenen Momente der Liedgattung, wie z.B. beim Klagelied die Anrufung Jahves, die Notschilderung, die Unschuldsbeteuerung, die Bitte und das Dankgelöbniß gute Dienste leisten, ebenso der Wechsel des Affektes wie z.B. von Klage zu freudiger Gewisheit. Dabei macht man die Erfahrung, dasz die Sinnabschnitte eines Ps in den weitaus meisten Fällen nicht genau gleich an Umfang sind. Wenn man trotzdem dann jene als Strophen bezeichnet, so gilt dies im weiteren Sinne des Wortes. Für die Psalmen wird man am besten Euringer 1 c. 79 beistimmen: „Die hebr. Dichter waren auf dem Wege zu einer Strophik im klassischen Sinne, haben aber dieses Ziel noch kaum recht ins Auge gefaszt.“ (16)

Die Hebreër is meer sintuiglik en hartstogtelik van aanleg as rasioneel en logies. Dit word in sy styl weerspieël in die kort sinne waarin sy poësie beweeg. Die bondige sinne word deur die digters dikwels sonder om die logiese verband aan te dui, langs mekaar gestel, bv. Ps. 23:

Die HERE is my herder;  
niks sal my ontbroek nie.

- Afrikaanse Bybel.

Hermann Gunkel wys op die effek hiervan: „So gleichen die Gedichte Israels manchmal einem Glockenspiel: machtvoll und groszartig hallen die einzelnen Töne, aber jeder erklingt für sich, und nur der Kundige vermag es, die Melodie, die sie nach der Absicht des Künstlers bilden, herauszuhören.“ (17)

Soos algemeen bekend, word die psalms volgens inhoud, strekking, en wat in Duits genoem word „Sitz im Leben“ in verskillende groepe ingedeel, bv. klaag-, smeek-, lof-, vloek-, konings-, wysheids-, en profetiese psalms, bedevaarts- en pelgrimsliedere, ens. Dit val buite die bestek van hierdie verhandeling om 'n selfstandige indeling van die psalms te probeer gee, of om selfs 'n samevatting van eksegete se bevindinge i.v.m. hierdie aspek van die psalms daar te stel. Vir die letterkundige is dit van belang om te weet dat daar sekere groepe psalms is, elk met sy sterk, eie toonaard en sy eie „Sitz im Leben“. Psalms wat met hulle besondere „Sitz im Leben“ as geleentheidsange gesien moet word, is die pelgrims- en bedevaartliedere en die koningspsalms. Met sulke groepe sal spesiaal rekening gehou word in die bestudering van die Afrikaanse psalmberyming. Groepe psalms - in 'n bepaalde sin ook geleentheidsange, want hulle het ontstaan n.a.v. een of

ander /

ander gebeure - met 'n eie toonaard is: die klaag- en smeekpsalms waarin die digter in ootmoed en sondebeseft sy smart voor God uitklaag as die lewe hom benou, of as die rampe hom en sy volk tref; die vloekpsalms met hul ruige haat en hoon teen die Godsvyand, en daardie heerlike himnes, die lofpsalms, met hul juigende danksegging vir genade en verlossing. In meer as een klaagpsalm gaan die klag oor in jubilering as die digter hom by voorbaat verheug oor die verhoring van sy smeking. Hiermee het ons ook die paar grondstemminge van die psalmbundel waarvan die Leitmotiv is: die verheerliking van God.

#### PSALMBERYMING AS KUNSSOORT.

Uit die karakter van die Hebreëuse psalms word dit duidelik waarom in hierdie poësie veel digterlikheid bewaar kon bly in prosavertaling. Ons eie Afrikaanse Bybelpsalms getuig van hierdie waarheid. Anders as die Hebreëuse psalm wat in sy oorspronklike vorm gesing kan word, is ons Bybelpsalms nie geskik vir liturgiese gebruik nie. Om in hierdie behoefte te voorsien, het in Westerse tale ontstaan wat aangedui word met die misleidende benaming: psalmberyming. Met hierdie ongelukkige benaming word bedoel 'n herdigtig van die Hebreëuse psalm in Westerse versvorm, waarin die rym wel 'n rol speel maar gladnie onmisbaar is nie. In die metriese psalm vir kerklik-liturgiese gebruik, 'n vorm van volkspoësie dus, word voorkeur gegee aan die berymde versvorm. Prof. G. Dekker wat as een van die Reviseurs van die Afrikaanse psalmberyming intieme kennis opgedoen het van die hele aangeleentheid, lig hierdie verskynsel toe: „Dat die berymde psalm tradisie

geword /

geword het, is nie toeval nie - dit hang saam met die karakter van alle volkspoësie, waartoe die metriese psalm ook in sekere sin behoort. In die volkslied speel die rym, in mindere of meerder suiwer vorm, 'n groot rol. Vir die eenvoudige gemoed behoort die musikale effek van die reëlmatig terugkerende klank tot die wese van poësie. Dit gee hom estetiese bevrediging, skep 'n sekere verheve gemocdelikheid en tog ook erns, dit laat die verse ook makliker in die geheue hang. Hiermee wil ons natuurlik die psalmvertaler nie verneder sien tot 'n rymelaar nie - ons verwag van hom dat hy die volksaardige vorm veredel en verfyn tot 'n sang waarin die ontroering sig behalwe in die spontaan opklinkende rym ook in die suiwerheid en suggestiwiteit van beeld en ritme openbaar." (18)

Waar die psalmvertolker aan die berymde versvorm gebonde is, lê dit hom dus sterk aan bande.

As kunsoort bied psalmberyming twee moontlikhede: die geïnspireerde aanwending van die motief van die Hebreuse psalm vir vrye uiting van eie digterskap en, tweedens, 'n so getrou moontlike weergawe van die Hebreuse psalm. In die eerste geval word in mindere of meerdere mate 'n variasie op die tema van die Hebreuse psalm gegee, in die tweede geval word niks gegee wat sondig teen die gees van die Bybelpsalm nie, en sover moontlik word niks minder en niks meer as in die Bybelpsalm gegee nie. Die vryer vorm psalmberyming is dikwels beoefen bloot as uiting van digterskap, sonder kerklik-liturgiese oogmerk, veral in die Nederlandse letterkunde van die sewentiende eeu. Hierdie vryer vorm is vir die Lutherse kerk aanneemlik. Deur die eeue heen het die Calvinistiese kerke egter

aangedring /

aangedring op die strenge, Bybelgetroue psalmberyming. Dit kan sy nut hê om in hierdie studie waar dit gaan om 'n Calvinistiese psalmberyming, die teenstelling tussen die twee vorme psalmberyming nader toe te lig.

Dr. W.A.P. Smit stel dit so: „De grote eerbied voor het Bijbelwoord, die de Calvinisten kenmerkte en een gevolg was van hun geloof in de mechanische inspiratie daarvan, bracht hen bij hun poëtische verwerking der Psalmen vanzelf tot een bijna slaafse gebondenheid aan de oorspronkelijke tekst. Aan het Woord Gods mocht onder geen omstandigheden worden geraakt: ook een berijming moest zich dus met de grootst mogelijke objectiviteit houden aan wat door den Heiligen Geest gedigteerd was, zonder dit door menselijke toevoegingen of wijzigingen te verduisteren .....

In deze opvatting weken de Calvinisten niet alleen van de persoonlijker ideeën der Dopers af, maar ook van die der Luthersen.“<sup>(19)</sup> Vir laasgenoemdes is die Bybel „uitgangspunt en inspiratiebron van het lied, maar voor het oude motief wordt verder naar een nieuw en persoonlik geluid gezocht; bij de Psalmen betekent dit vooral, dat de geest van het Nieuwe Testament die van het Oude vervangt en de figuur van Jezus Christus een centrale plaats gaat innemen .....

De Calvinistiese dichters kenden die moegelykheden van een dergelyke vryheid niet; voor hen kwan het niet in die eerste plaats aan op poëtiese aandrift en bezieling, maar op nauwgezetheid en beheersing van die verstechniek. Wanneer wij met deze zeer ongunstige factor rekening houden, kunnen wij niet anders dan eerbied hebben voor wat zij desondanks ook in literair opzicht nog hebben bereikt.“<sup>(20)</sup>



Calvyn self het in sy voorrede by die Franse psalmberyming van Marot en De Bèze daarop gewys dat psalmberyming 'n getroue weergawe van die Hebreeuse psalms moet wees: „zo zijn wij wèl verzekerd, dat God ons de woorden in den mond legt - evenals oft Hij zelve binnen ons zong om Zijne ere te verheffen". (21)

Haantjes vat die teenstelling bondig saam: „bij een Lutherse bewerking is de vrijheid primair, bij een Calvinistiese bewerking de gebondenheid. Nog even anders uitgedrukt: bij een Luthersche berijming gaat het om vrijheid en gebondenheid, bij een Calvinistiese om gebondenheid en vrijheid". (22)

Aangesien Totius se beryming Calvinisties is, kan ons ons verder slegs bepaal by die vereistes van psalmberyming vir kerklik-liturgiese gebruik volgens Calvinistiese opvatting. In hierdie lig word die begrippe psalmberyming en psalmberymmer verder in hierdie verhandeling beskou.

Die herdigter van die Hebreeuse psalms in moderne Westerse versvorm staan voor 'n geweldige, in sekere sin bomenslike taak. Dit word van hom verwag om hom in te leef in die konsepsie van elk van die honderd-en-vyftig psalms, die ontroering van elk declagtig te word, dit as ontroerde poësie in elke onderdeel weer te gee sonder om in te gaan teen die gees en inhoud van die oorspronklike. Tussen die oorspronklike ontroering en vormgewing en hierdie hêrskopping lê meer as tweeduisend jaar, met al die verskille wat dit meebring naas die natuurlike verskille van land, volk en taal. Palestina met sy eie natuurverskynsels en aardrykskundige kenmerke vorm die agtergrond van die psalms. Hebreeus met sy eiendomme - sterk verskillend van Westerse

tale - taal- en digvorm is die oorspronklike medium van die psalms. Die sanger van Oud-Israel met sy eie volksaard, sy betreklik primitiewe lewensaanvoeling en -siening, is die oerskepper van hierdie poësie.

In die aangesig van al hierdie tyds-, lands-, volks- en taalverskille moet die moderne psalmberymmer die Hebreëuse psalms vir sy tyd in 'n aanneemlike vorm vertolk, sodat dit vir die gelowige van vandag nog die betekenis kan hê wat dit vir die singende Israëliet gehad het. Naas al die verskille is daar tussen die Hebreëuse psalmdigter en die latere Westerse vertolker net die affiniteit van die geloof en die drang om God wat die middelpunt van die psalms is, te verheerlik. Dr. G.A. van Es sien dit so: „De overeenstemming met den oorspronkelijken psalmdichter ligt in het geloof. Door het geloof verstaat hij, door het geloof herschept hij, want dat is in den grond het levenwekkend element, waaraan ook alle intellectueele krachten en alle sentimenten dienstbaar worden.” (23).

Om die Hebreëuse psalms so te hêrdig, is 'n intens geestelike arbeid: „Geest, hart en aesthetische zin zijn hierbij, ontvangend en voortbrengend, in onderlinge samenwerking intensief bezig. De persoonlikheid van den weergevenden dichter is dus zeker niet uitgesloten, maar wel wordt een sterke eensgezindheid en eenstemmigheid met den oorspronkelijken dichter vereischt.” (24)

Dr. van Es raak hier die wese van psalmberyming aan: die vraagstuk van selfverloëning en selfverwosenliking.

Die persoonlikheid van die psalmvertolker moet tot sy reg kom, want sonder selfverwosenliking is geen kuns moontlik nie. Maar die vryheid van selfverwosenliking is in psalmberyming aan streng beperkinge onder-

hewig /

-hewig. Die beperkinge is van só 'n aard dat Muus Jacobse (skuilnaam vir K. Meeroma), 'n digter wat hom ook geïnteresseer het vir psalmberyming, dit as 'n probleem stel in sy werkie met die veelseggende titel **KAN ER EEN NIEUWE PSALMBERYMING KOMEN?**, 's-Gravenhage, 1947. Muus Jacobse probeer antwoord op die vraag of daar 'n nuwe Nederlandse psalmberyming kan kom. Hy wys op die verantwoordelikheid verbonde aan die taak van psalmberyming: „Die psalmen zijn de gedichten die in ons leven niet door andere gedichten worden opgevolgd, de gedichten die, naarmate wij ouder worden en dieper door het leven gaan, ook telkens met dieper inhoud geladen moeten kunnen worden, de gedichten die vorm geven aan de hoogte- en dieptepunten van ons leven, die gezongen kunnen worden op een bruiloft en in een dodendal. Als een dichter zich dit realiseert, legt hij de pen neer, want niemand kan uit eigen kracht zulke gedichten schrijven. En wanneer wij daarop constatoren dat zulke gedichten toch geschreven zijn, zelfs door Dathen, zelfs door de dichtgenootschappers van 1773, dan kunnen wij slechts jaloers zijn op de geestelijke levensvormen van die vroegere eeuwen.” (25)

Muus Jacobse betoog dat die lewensvorme van die moderne tyd nie, soos die van vroeër eeue, bevorderlik is vir die kuns van psalmberyming nie. Met die Beweging van Tagtig, merk hy op, het die „geschoolde vernuft” uit die poësie verdwyn: „Met de beweging van '80 is de periode van het renaissancevers met zijn laatste romantische uitlopers, voorgoed ten einde. Het renaissancevers wordt steeds gekenmerkt door een geschoold vernuft, onverschillig of men nu Spieghel of Van Borselen, Hooft of Huygens, Staring of Potgieter

voor /

voor zich heeft. .... De poëzie heeft als geheel een zekere kloekheid over zich, men heeft er houvast aan. Liederen in deze trant geschreven laten zich gemakkelijk zingen op een eenvoudige, weinig verfynde melodie. Het geschoolde vernuft kan in evenwicht worden gehouden door een krachtig of ingetogen gevoel, maar, behalve in de laatste, romantische periode, bij Bilderdijk en Potgieter, heeft dit gevoel nooit behoefte om de vorm te doorbreken. Wanneer men over het instrument van een dergelijk vers beschikt, lijkt het niet zo moeilijk om een evenwichtige, objectieve berijming van een psalmtekst te geven, die gemakkelijk in het geheugen blijft hangen en gemakkelijk zingbaar is. Juist bij zulke opdrachten komt de ambachtelijke geschooldheid bijzonder van pas.

Maar wij die na de beweging van '80 hebben leren spreken, hoe moeten wij zo 'n opdracht benaderen? .... Wij zijn gewoon sterk te vertrouwen op onze inspiratie en wanneer er dus een beroep werd gedaan op onze ambachtelijke bekwaamheid, buiten de inspiratie van het moment om, moeten wij het wel afleggen tegen onze kunstbroeders uit een vroegere periode. Ons poëtisch instrument is te verfijnd geworden om op de grove aanblazing van een formele opdracht te kunnen reageren. Wacht onze inspiratie af, o opdrachtgever en verdwijn, want onze ziel duldt uw aanraking niet. Wij kunnen ons ook niet binden aan een bepaald schema, waarin alle strofen precies moeten passen .... . . . . . Wanneer wij een opdracht krijgen, zoals onze vaders gewoon waren opdrachten te krijgen, moeten wij teruggrijpen op hun techniek die wij niet beheersen, en slaan wij aan 't knoeien." (26)

Tereg /

Tereg wys Muus Jacobse verder op die ander verhouding van die moderne kunstenaar teenoor die gemeenskap. Die digter van die 17de en 18de eeue was op verskillende maniere gebonde aan die gemeenskap. Daarom kon die kunstenaars dig op uitgesproke of onuitgesproke opdragte van die stads- of kerkgemeenskap waaraan hulle behoort het: „Hoofdzaak was, dat zij zich in het minst geen geweld behoeften aan te doen, maar dat hun dichten voortkwam uit een innerlijke noodzaak dat de gemeenschap zichzelf als het ware die gedichten schiep in en door de scheppende persoonlijkheden van haar leden." (27)

Met die opkoms van die individualisme het die kerk as skeppende gemeenskap verdwyn.

Interessant is dit om naas bostaande opvatting van psalmberyming, soos uitgespreek deur 'n hedendaagse digter, dié te lê van die sewentiende-eeuse digter en psalmberymmer, Revius:

Maer gunt ons, dat een weynich uwe veder  
Tot het begrijp der cleynen sich verneder,  
U hooge vlucht wat na de aerde dael.  
Hebt ghy verschiet van ongemoyne tael,  
Hebby een vloet van diep-gehaelde reden,  
Ey, spaertse, om die elders te besteden.  
Soeckt claerheyt, soeckt eenvoudicheyt alhier.  
En wijcket niet van Davids soete lier,  
Poocht synen, en niet uvven sin te treffen,  
En ons met u ten hemel op te heffen. (28)

In ons tyd van individualisme mag die psalmberymmer dus nie individualisties wees nie: „Netsoos elke kunstenaar is hy noodwendig individueel in sy ontroering en in die verbeelding daarvan - dit is die wese van alle kuns. Maar hy mag nie individualisties wees nie. Dit sou hom ongeskik maak om die oorspronklike suiwer weer te gee, dit sou hom ook verhinder om in sy herdigting op te tree as vertolker van die ontroering van die singende gemeente saamgekom in die 'samekoms der heiligen' waarin sy eie

ontroering /

ontroering moet oplos met versmelting van alles wat eie is alleen aan homself en vreemd is aan die gemeente. Die wonder wat openbaar word in die Hebreeuse Psalms moet opnuut geskied: wat Dawid fel persoonlik deurleef het, het hy deur die geloof gesien as die sielservaring van al Gods kinders en nie van homself alleen nie. Immers God was vir hom die middelpunt, en nie die mens nie. So moet ook die vertolker in sy persoonlike belewing van die geheimenisse van die geloof soos geopenbaar in die psalmdigter se ontroeringe, kom tot 'self-ontlediging', tot so 'n verdieping en Godgerigtheid dat die eie ek verdwyn. Alleen só kan hy die verhewe eervoud en innigheid bereik wat die kenmerk is van die Hebreeuse sange - deur sy geestelike ingesteldheid, wat alleen moontlik is deur die geloof. Wat nie weg neem nie dat hy ook bewus willend steeds sal moet stry teen individualistiese sieninge en ontroeringe, wendinge en segswyse, opsetlike vermooing, wat nêrens meer uit die bouse is as hier nie." (29)

Wat Totius opmerk in verband met die taal geld dus in die algemeen van die hele gees en inhoud van die berymde psalm: "... waar dit vir ons op aankom, veral in die saak van ons godsdienst, is die intimiteit. Ons wil volkome vertrouwd wees met die instrument van die taal; ons wil voel wat ons sê; ons wil soveel moontlik vermy dat daar hindernisse inskuif tussen wat ons gemoed beweeg, en ons verklanking daarvan. Die siel moet hom kan uitstort soos 'n bron oor die velde." (30) In 'n latere hoofstuk sal nagegaan word in hoeverre die Afrikaanse berymer blootgestel was aan die individualistiese gees van sy tyd, en hoe hy daaraan ontkom het.

Die psalmberymmer moet nie net ontvanklik wees vir die skoonheid van die psalms nie, hy het nog al die probleme van die eksegeet ook, nl. om die inhoud en bedoeling van hierdie eoue-oue tekste noukeurig vas te stel. Herder beskou die volgende instelling teenoor die Hebreuse psalms as die enig-juiste: „Das Schöne der schönsten Psalmen zu fühlen, wird Versetzung in die damalige Zeit erfordert, also Einfalt. Da die meisten derselben Gebete sind, so gehört jene kindliche sanfte Ergebung des Herzens zu ihrem Gebrauche, die die Morgenländer bei ihren Religionübungen und Gebeten fordern, jenes stille Anstaunen Gottes und seiner Werke, das sich bald zur Entzückung hebt, bald zur tiefsten Unterwerfung herabsenket. Der Gesang eilt von Spruch zu Spruch, wie von Gebirge zu Gebirge; er berührt schnell, aber tief, und wiederholt die Berührung lieber; er malt seine Gegenstände im Fluge. Alle lieder voll Hirtenunschuld und Schäfer-Empfindung wollen eine stille und ruhige Seele; auf ein verkünsteltes, spottendes Gemüth kann keine seiner Schönheiten wirken. So maht der Himmel sich nur im hellen Meere; so sieht man jede kleine Welle der Empfindung im ruhigen See sich kreisen.“ (31)

Met veel daarin wat waardeer kan word, is hierdie siening tipies van die agtiende eeu in sy eensydige beklemtoning van die herderlike onskuld.

Afgesien van die hoë eise wat gestel word aan die psalmvertolker se digterskap, is daar nog die bepaalde vereistes waarna hierbo terloops verwys is, waaraan sy vorming moet voldoen. Om volkome toegerus te wees vir sy taak moet hy hom noukeurig rekenskap kan gee van die eksegetiese en leerstellige inhoud van die Hebreuse psalm, van die gees, toon en stemming daarvan. Prof.

Dekker /

Dekker formuleer hierdie eis as volg: „Dit beteken dat hy toegerus moet wees met wetenskaplike metode en kennis, die leerstellige inhoud en interpretasie van die psalms moet ken, ook in die lig wat die Nuwe Testament daarop werp. Kén is nie die juiste woord nie - sy aan- en deurvoeling moet hierin gefundeer wees. Maar watter ingespanne studie moet daaraan nie voorafgaan nie!“ (32)

Die Afrikaanse psalmberymmer moes hom nog aan 'n ander, besonder moeilike beperking onderwerp. Vir die meeste psalms is die Nederlandse melodie behou, en hiermee die Nederlandse versmaat. Dit bring groot probleme mee vir die Afrikaanse digter wie se taalritme baie verskil van dié van Nederlands met sy slepende uitgange. Veral in die vertolking van die klaag- en smeekpsalms, met hul gedrae toon, het Afrikaans met sy afgeslete uitgange moeilikhede opgelewer. Totius getuig self van die moeilikhede wat hier oorwin moes word. In sy Inleiding tot sy 36 PSALME IN AFRIKAANS verwys hy na die volgende strofe van Ps. 119 in die Nederlandse Psalmberyming:

Och schonkt Gij mij de hulp van Uwen Geest!  
Mocht die mij op mijn paân ten leidsman strekken!  
'k Hield dan Uw wet, dan leefd' ik onbevreesd;  
Dan zou geen schaamt' mijn aangezicht bedekken,  
Wanneer ik steeds opmerkend waar' geweest,  
Hoe Uw geboên mij tot Uw liefde wekken,

Na aanleiding hiervan merk Totius dan op: „Naas die drie staande reëls wat eindig op: ,Geest', ,onbevreesd' en ,geweest', is daar drie slepende, wat in dié vorm in Afrikaans vanself nie bestaan nie, nl. ,strekken', ,bedekken' en ,wekken'. Gestel nou dat ons die vers woord vir woord in ons taal sou kon oorbring (wat meestal nie die geval is nie) en dat ons die drie laaste woorde deur ,strek,', ,bedek' en ,wek' sou vervang, dan het ons



wel drie woorde wat rym, maar met die musick kom ons nie uit nie. Ons het een sillabe te min.

Wil ons dus die ou melodieë behou, dan is daar na ons beskouing vir die Afrikaanse berymer net een weg oop, en dit is dat hy sy uiterste kragte inspan om klaar te kom met die betreklik weinig slepende uitgange wat ons taal besit, uitgange wat dan liefst op mekaar moet rym, om nie uit die ou trant en toon uit te val nie. Dit verswaar die taak van die digter besonder en vorder meestal die gehele omsetting of selfs totale verandering van 'n vers; maar daarmee word dan gewen dat ons ten minste die bekende en onsterflik-mooie melodieë van Bourgeois e.a. behou." (33)

Alles in aanmerking geneem, moet ons saamstem met prof. Dekker: „Uit dit alles sal dit wel duidelik wees dat die kuns van psalmberyming 'n kunsoort op sigself is, wat beantwoord aan 'n heel besondere roeping en gebonde is aan die heel besondere eise wat daaruit voortvloei. Wie hierdie kunsoort gaan toets aan die norme van vrye liriek, wie 'n psalmvertolking gaan beoordeel asof hy 'n gedig van Boutens of Van Wyk Louw voor hom het, sondig teen die eerste beginsels van letterkundige kritiek. Sware beperkinge is aan die psalmberymmer opgelê, maar ook hier geld die gevleuelde woord van Goethe: ‚In der Beschränkung zeigt sich erst der Meister.‘ Ook hier moet die beperking digterlike ‚vinding wetten‘ - daarvoor moet die herdigting onderneem word as 'n geloofsdaad." (34)

Dit verbaas 'n mens nie dat H. Hasper, die hedendaagse Nederlandse psalmberymmer, daarop moes wys dat: „Wie op het volmaakte wacht, zal op aarde geen Psalmen kunnen zingen." (35)

Insiggewend /

Insiggewend is ook 'n ander opmerking van hom: „Toen ik met mijn werk aan de Psalmen toe was, hoopte ik aanvankelijk, dat Willem de Mérode de berijming voor mij zou willen schrijven. Hij is daarop niet ingegaan. Eers later begreep ik, dat hij niet kon. Waarom niet? Omdat hij „dichter“ was. Een dichter kan wel vrije liederen maken, maar niet de Psalmen voor het volk in strenge gebondenheid zoowel aan den grondtekst als aan een versvorm, die in een reeks vaststaande melodieën gereed ligt. Een 'dichter' spreekt ook zelden in de taal der eenvoudige mensen. Hij gevoelt zich bij al die beperkingen als een gevangen vogel, die tegen de tralies van zijn kooi opvliegt, maar er niet uit kan. Ik heb meer pogingen aangewend bij dichters, maar het berijmen van het Boek der Psalmen inspireerde hen niet in het minste.

Eene uitzondering moet op dit gebied gemaakt worden voor Totius ..... " (36). Hierdie reëls is gepubliseer na die verskyning van De Mérode se XXX PSALMEN.

Welslae in psalmberyming word nie net bepaal deur digtersvermoë nie, maar ook deur die gesindheid, die instelling teenoor die taak. Word die beperkinge beskou as lastige obstruksies waarmee noodgedwonge rekening gehou moet word, dan word die posisie onbenydenswaardig; dan sal die bande gedurig skaaf. Is die psalmberymmer aan die anderkant intiem verbonde aan die kerk, eerbiedig hy in sy diepste wese die eise wat deur sy taak gestel word, dan word dit draagliker. Die taak word dan aanvaar en volvoer as 'n roeping. Eers dan kan die digter skeppend werk binne die gestelde perke; „selfverloëning“ word dan selfverwesenliking, en die kunstenaar raak vry. Hy verwerf daardie vryheid wat noodsaaklik is vir alle kuns.

---

Aantekeninge by Hoofstuk 1.

1. Chr. Stapelkamp: Philips van Marnix van St. Aldegonde (Lyceum-Heerdrukken), Groningen, 1948, p. 8.
2. Aanghaal deur Dr. F.M. Th. Böhl: De Psalmen 1 (Serie Tekst en Uitleg), Groningen, 1946, p.40.
3. Aanghaal deur J.G. Herder: Vom Geist der Ebräischen Poesie, Zweiter Teil, 1783 (Sämtliche Werke, Zweiter Band, Stuttgart und Tübingen, 1852), p. 217.
4. Dr. Heinrich Herkenne: Das Buch der Psalmen (Die Heilige Schrift des alten Testaments V. Band 2. Abteilung), Bonn, 1936, p.40: „Wie M.Ph. Berger, Les origines de la poésie sacrée des Hébreux, Paris 1904, 53 bemerkt, zeigt sich in den babylonischen Hymnen weniger Begeisterung als in der Bibel, weil Babylon es nicht zur Einheit der Gottes-idee gebracht hat. Auch mit der Innigkeit der Seelenergüsse gegenüber Jahve in gewissen Individualpsalmen kann die Antike heidnische Poesie sich nicht messen.“
5. Chr. Stapelkamp, t.a.p., p. 8.
6. Dr. A. Moordtzij: Het Boek der Psalmen Dl. 1 (Korte Verklaring der Heilige Schrift met nieuwe Vertaling), Kampen, 1934, pp. 6 - 7.
7. T.a.p., p.9.
8. Dr. Herkenne, t.a.p., p.16.
9. S. du Toit: Bybelse en Babilonies-Assiriese Spreuke, Johannesburg, 1942, p.67. Volgens dr. Du Toit en ander ondersoekers wat hy aanhaal, bestaan daar nog twyfel oor die afwesigheid van rym in die Ou Testament. Indien dit voorkom, is dit, volgens hierdie gegewens, slegs sporadies.
10. Herder, t.a.p., p. 224.

11. Dr. Noordtzij, t.a.p., p.10.
12. Dr. Du Toit, t.a.p., p. 70.
13. T.a.p., p. 70.
14. Dr. Herkenne, t.a.p., p. 18.
15. Dr. Du Toit, t.a.p., p. 72.
16. Dr. Herkenne, t.a.p., p.19. Die werk van Euringer waarna hier verwys word is Das Kunstform der althebr. Poesie, 1912.
17. Hermann Gunkel: Einleitung in die Psalmen (zu Erde geführt von Joachim Begrich. - Göttinger Handkommentar zum Alten Testament, Ergänzungsband zur 11. Abteilung), Göttingen, 1933, p. 1.
18. Dr. G. Dekker: Die Afrikaanse Psalmberyming, Pretoria, 1938, pp. 9-10.
19. Dr. W.A.P.Smit: Dichters der Reformatie in de Zestiende Eeuw, Groningen, 1939; p. 126.
20. T.a.p., pp. 126-7.
21. Aangehaal deur Smit, t.a.p., p. 97.
22. J. Haantjes: De Psalmberijming van Totius (P.J.Nienaber: Totius, Digter en Profeet, Johannesburg, 1948, p. 76).
23. Dr. G.A. van Es: De Protestantsche Psalmvertaling (Prof. Dr. F. Bauer e.a.: Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden, III, 's-Hertogenbosch, 1944, p.204.)
24. T.a.p., p. 204.
25. Muus Jacobse: Kan er een nuwe Psalmberyming komen?, 's-Gravenhage, 1947, p.10.
26. T.a.p., pp. 14-16.
27. T.a.p., pp. 18-9.
28. Jacobus Revius: Voorreden aende Gemeynthe onses Salichmakers Jesu Christi (De CL Psalmen Davids), Deventer, 1640.

29. G. Dekker, t.a.p., p.8.
  30. Totius: 36 Psalme in Afrikaans, Kaapstad, 1923,p.i.
  31. Herder, t.a.p., p. 258. .
  32. G. Dekker, t.a.p., p.10.
  33. Totius, t.a.p., pp. i-ii.
  34. G. Dekker, t.a.p., p. 11.
  35. H. Hasper: Een Reformatorisch Kerkboek, Leeuwarden,  
1941, p. 24.
  36. T.a.p., pp. 134-5.
-

## Hoofstuk II.

### DIETSE AGTERGROND.

Dietse psalmberyming het 'n lang en interessante geskiedenis. Dit begin in die sestende eeu met 'n nog sterk Middeleeuse aksent, speel 'n waardige rol in die Nederlandse Goue Eeu, maak die insinking mee van die agtiende eeu - daardie laagwatermerk in die Nederlandse letterkunde - en bereik 'n hoogtepunt in die jong Afrikaanse letterkunde. Bekende name wat op die bladsye van hierdie geskiedenis voorkom, is: Jan van der Noot, Petrus Dathenus, Lucas de Heere, Marnix van Sint Aldegonde, Vondel, Hooft, Camphuysen en Revius, om net die bekendstes te noem. Minder bekend is dit dat ook Bilderdijk meegedoen het aan psalmberyming.

In die behandeling van die breë Dietse agtergrond van die Afrikaanse psalmberyming word die aandag hier, op grond van wesenskenmerke aangetoon in die eerste hoofstuk, toegespits op Calvinistiese beryminge vir kerklik-liturgiese gebruik. Die vertolking van Vondel en Camphuysen word in hierdie bespreking betrek uit hoofde van die rol wat hulle gespeel het in die wording van die Afrikaanse psalmboek.

### DIE FRANSE OORSPRONG VAN PSALMBERYMING.

Die geskiedenis van Calvinistiese psalmberyming voer ons terug na die oorsprong van die Hervorming, na Calvyn self. Calvyn was die hervormer deur wie se poginge protestantse psalmberyming 'n aanvang geneem het.

Aanvanklik het die Franse protestante geen kerk-sang gehad nie.<sup>(1)</sup> In 1537 het Calvyn en Farel, 'n ander Franse hervormer, die Raad van Genève versoek om die

sing /

sing van psalms as deel van die erediens in te voer. Intussen het Calvyn vir Clément Marot, kamerdienaar van koning Frans I, aangespoor tot psalmberyming. Bogenoemde versoek aan die Raad van Genève is nie toegestaan nie, en in 1538 word Calvyn uit hierdie stad verban. In September van dieselfde jaar kom hy in Straatsburg aan, en in November word alhier vir die eerste keer in die Waalse gemeente psalms gesing.

Calvyn het die waarde van psalms in die volkstaal beklemtoon: „Geestelike zangen kunnen alleen met het hart gezongen worden. Maar met het hart kan men alleen zingen als men ze verstaat .... Een nachtegaal, een papegaai zingen wel, maar verstaan niet. De mensch heeft de gave, te weten wat hij zingt. Op het verstaan moeten het hart en de liefde volgen.” (2)

In 1539 verskyn in Straatsburg Calvyn se Aulcuns pseaulmes et cantiques mys en chant. Dit het bestaan uit agtien metriese psalms, die Lofsang van Simeon, die Tien Gebooie en die Apostoliese Geloofsbelydenis. Twaalf van die psalms is berym deur Clément Marot, 'n man van groot gawes en digterlike aanleg, maar geen geloofsmens nie. Calvyn self het ses metriese verwerkings bygevoeg, waarvan een rymloos was. Van hierdie historiese werk is gesê: „Dit zeldzame boek is de bron, waaruit de geheele literatuur der Psalmen, die vier eeuwen lang over de geheele wereld klonken, voortsproot.” (3) Met hierdie werk begin psalmberyming in moderne tale. Marot is veral geïnspireer deur Vatable, die Franse geleerde, se Latynse vertaling (1534) van die psalms direk uit Hebreeus.

Die eerste proewe van Marot se werk het buitengewone byval gevind in die hofkringe. Prinse en prinsesse het hulle lyfpsalms gekies, en dit is op jagtogte en toernooivelde gesing op wêreldlike melodieë. Hendrik II, toe nog sonder erfgenaam, het as sy lyfpsalm gekies

Ps. 128 en Ps. 42 as jaglied. Van Catherina de Medici, toe nog kinderloos, word beweer dat sy as haar gunsteling gekies het Pss. 6 en 142. Frans I het op sy sterfbed nog versoek dat Marot se beryminge aan hom voorgelees word, en selfs Karel V, die groot vyand van Luther, was 'n bewonderaar van hierdie vertolkinge.

In 1542 verskyn die eerste dertig psalms van Marot in druk: Trente Pseaumes de David, mis en francoys par Clément Marot valet de Chambre du Roy. In dieselfde jaar moes Marot na Genève vlug, en hier het Calvyn hom aangespoor om sy beryming voort te sit. Calvyn se metriese vertolkinge is deels deur Marot verbeter en deels deur nuwes vervang, en ander is vir die eerste keer berym sodat in 1543 in Genève neg-en-voertig metriese psalms in druk kon verskyn. Cinquantes Pseaumes de David, traduitz en rithme francoys, selon la version hébraïque. Die getal vyftig word verklaar deurdat die Lofsang van Simeon ook bygetel is. Nie lank hierna nie is die wêreldling Marot wat sulke verdienstelike werk vir die kerk gelewer het, oorlede.

Die volgende gedeeltes behoort tot die mooiste wat Marot gelewer het (4):

Ps. 8.

Mais quand je voy et contemple en courage  
Tes cieulx, qui sont de tes doigts hault ouvrage,  
Estoilles, lune, et signes differentz  
Que tu as faitz et assis en leurs rengz,  
Adonc je dy apart moy (ainsi comme  
Tous esbahy) : Et qu' est-ce de l'homme,  
D'avoir daigné de luy te souvenir,  
Et de vouloir en ton soing le tenir.

Die breë swaai van hierdie verse beeld die grootsheld van die skepping.

Marot gee 'n innige vertolking van die klag en smeking van Ps. 22. Dit is asof die digter na die kort



laaste vers van elke strofe 'n antwoord verwag:

Mon Dieu, mon Dieu, pourquoi m'as tu laissé  
Loing de secours, d'ennuy tant oppressé,  
Et loing du cry que je t'ay adressé  
En ma complaincte?

De jour, mon Dieu, je t'invocque sans faincte,  
Et toutesfoys ne respond ta voix saincte;  
De nuict aussi, et n'ay dequoy estaincte  
Soit ma clameur.

Marot se effektiewe rymskema is ook deur latere berymers met groot welslae aangewend in die vertolking van hierdie psalm.

Marot se werk is deur Théodore de Bèze voortgesit sodat in <sup>1562</sup> 1652 die eerste volledige psalmberyming in Genève die lig gesien het. In dieselfde jaar het dit nog vyf-en-twintig uitgawes beleef. Van die honderd-en-vyftig psalms was nege-en-voertig, versprei deur die hele bundel, die werk van Marot. Die orige honderd-en-oen was van De Bèze. Marot was die grootste digter van die twee. Dat hy slegs nege-en-veertig uitgesoek het, dui daarop dat hy slegs dié gekies het wat tot hom gespreek het. Dit het hom 'n voorsprong gegee op enige digter wat as taak aanvaar het om al die psalms te berym.

De Bèze is deur Albert Verwey getipeer as „een vroom geleerde en een beschaafd letterkundige”. (5) Hy het sy taak met toewyding aangepak, maar dit word vandag algemeen erken dat sy werk die bewoënheid en die krag van dié van Marot mis. Die volgende gedeelte uit Ps. 139 word deur dr. W.A.P. Smit beskou as behorende tot die beste wat De Bèze gelewer het:

Posé que i'attache à mon corps,  
Afin d'aller iusques aux bors  
De l'Ocean faire seiour,  
Les ailes de l'aube du iour,  
Ta main, s'il te plaist de l'estendre,  
Viendra m'y poursuyvre, et m'y prendre.

Si ie di, La nuit pour le moins,  
En me couvrant à tous tesmoins,  
Au lieu de iour me servira:  
La nuit point ne me couvrira:  
Car la nuit t'est splendeur entiere,  
Et tenebres te font lumiere. . (6)

Ondanks swakhede wat dit aankleef, word die eerste Franse psalmberyming deur dr. Smit beskou as "een voortreffelijke prestatie, die door Datheen met recht 'lieflijk ende klaar' genoemd kon worden". (7)

Die invloed van die arbeid van die eerste Franse berymers kan nie lig oorskat word nie. Doumergue skryf as volg: „De Gereformeerde kerk werd onder Psalmgezag gesticht. Du Boulay getuigde: ‚De Protestanten vergaderden bij La Ferrière om, bij Psalmgezag, den grond voor hunne religie te leggen‘. De Raemond schreef, dat, toen de Psalmen verschenen, de kerk van Calvijn ontstond. Volgens een ouden tegenstander werden de Psalmen ‚het formulier der Calvinistische religie‘. Op den brandstapel, in den kerker, op de colleges, op het slagveld weerklinken de Psalmen. De lijfwacht van Condé heft ze aan. Het Psalmgezag sleept mede, bezielt, bekeert, troost en krijgt als een vuur de overhand. Processiën van studenten, vorsten en volk te Parijs, in de Pré aux clercs, te Bourges, te Bordeaux zingen Psalmen. Luther-schen noemen de Psalmen de ‚Calvinistische Sirene‘. Onze Psalmen worden vertaald en gezongen in het Duitsch, Rumeensch, Deensch, Hollandsch, Latijn, Portugeesch, Maleisch, Italiaansch, Gasconjisch, Boheemsch, Poolsch, Turksch, Hongaarsch, Engelsch en ten slotte in het Hebreusch. Dit koor wordt geleid door Calvijn, die de eerste Psalmen berijmde, de eerste wijzen koos en de eerste componisten in bescherming nam." (8)

VROË NEDERLANDSE BERYMINGE.

Die geskiedenis van die Dietse psalmberyming is intiem verbonde aan die werk van die eerste Franse berymers. Voordat dáárdie Nederlandse psalmberyminge bespreek word wat vir hierdie verhandeling van belang is, word die aandag 'n oomblik gevestig op die voorgeskiedenis van psalmberyming in Nederland.

Net soos in Frankryk het daar ook in Nederland in die sestiende eeu 'n behoefte ontstaan aan die psalms in die volkstaal. Hierdie behoefte is later versterk deur die Hervorming, waardeur die hele gemeente aktief aan die erediens begin deelneem het. Om dus aan 'n algemene begeerte te voldoen, maar nog nie onder invloed van die Duitse en Franse Hervorming nie, is in Nederland die Souterliedekens uitgegee in 1540. Jhr. Willem van Zuylen van Nievelt word beskou as die waarskynlike berymer hiervan. Hierdie Souterliedekens is berym volgens die gewantroude teks van die Vulgaat en is op wêreldlike en soms wêreldse melodieë gesing. Beide die inhoud en die melodieë van die Souterliedekens kon die Calviniste nie tevrede stel nie. Ps. 150 het byvoorbeeld die melodie gehad van Die bruyt en wou niet te bedde.

Lucas de Heere wat in 1565 'n onvolledige psalmberyming die lig laat sien het (9), laat hom as volg uit oor die Souterliedekens: „Ecnighe van de oude psalmen zijn ghemaect op lichtvaerdige voysen, daorbij 't heiligh woordt Gods dickmael is misbruyckt geweest in dansen en andere wulpscheden". (10)

Aanvanklik was Lucas de Heere gekant teen die Hervorming, maar later het hy by die Calviniste aansluit. Dit is egter nog nie duidelik of hy in 1565, met die verskyning van sy psalmberyming, as 'n

Calvinistiese/

Calvinistiese digter beskou is nie. Hy het slegs sewe-en-dertig psalms berym.

'n Ander onvolledige psalmberyming uit die ses-tiende eeu is die sestien psalms van die Calvinis Jan van der Noot.

Een van die eerste volledige Nederlandse psalmberymings in Calvinistiese gees is die werk van Jan Utenhove wat in 1566 verskyn het.<sup>(11)</sup> Die verskyning van Utenhove se psalmberyming was ongeveer gelyktydig met dié van Datheen, en dit het die lot van Utenhove se werk beslís.

#### DATHEEN SE BERYMING.

In die psalmberyming van Petrus Dathenus wat ook in 1566 verskyn het (12), het ons die eerste volledige Calvinistiese vertolking wat gedien het as kerklike bundel in Nederland. Dit is op die Konvent van Wezel (1568) goedgekeur vir kerklike gebruik. Hierdie werk vra dus meer aandag as die ander wat hierbo genoem is.

Die populariteit van Datheen se beryming blyk daaruit dat dit reeds in 1566, sover bekend, vyf drukke en in 1567 minstens vier drukke beleef het, terwyl in die daaropvolgende jare ook ander drukke verskyn het. (13)

Teen Datheen se psalmbundel is in die loop van die eue harde dinge gesê. Die besware is hoofsaaklik van literêre aard. Hierdie bewerking behoort, veral uit literêre oogpunt beskou, inderdaad tot die swakste wat op die gebied van psalmberyming gelewer is, maar as alles in verband met die ontstaan, die geskiedenis en karakter daarvan in aanmerking geneem word, kan dit nie as geheel hooghartig van die hand gewys word nie.

Albert Verwey was waarskynlik die eerste om op literêre gebied 'n lansie te breek vir Datheen. (14)

Die besware teen sy beryming het veral gegeld die woordkeuse, die swak ritme en die gewronge sinsbou onder rymdwang. Tereg merk dr. W.A.P. Smit, in aansluiting by Verwey, op: „Men vergat daarbij, dat Datheen een Vlaming was, en dat zijn poëzie nog sterk werd beïnvloed door de denkbeelden der Rederijkers. Bovendien - en dat is wat men het minst begreep - schreef hij geen metrische, maar een binnen een vast aantal syllaben geaccentueerd vers : het vers der Middeleeuwen." (15)

Daar is dus ten onregte van Datheen se beryming verwag wat dit wesenlik nie voorgegee het om te wees nie: 'n streng metriese bewerking van die psalms. Datheen was Rederyker, geen Renaissancis nie. Die meeste van sy beperkinge was die beperkinge van sy tyd, of van die tyd wat hom onmiddellik voorafgegaan het. Algemene kenmerke van die rederykerskuns, soos die rymkultus, gewronge konstruksies, die gebruik van die byvoeglike naamwoord na die selfstandige naamwoord, die gee van nuwe betekenis aan bestaande woorde as dit in die digter se kraam pas, die stereotiepe rederykerstaal - dit alles was tydskenmerke waaraan Datheen nie kon ontkom nie.

By alles is Datheen nog belemmer deur sy strewe om 'n gewetensgetroue weergawe van die Franse beryming van Marot en De Bèze te gee. Dit het egter dié voordeel vir hom ingehou dat die Franse vers sy eie wankele vers gerugsteun het. In sy vertaling van die Franse beryming is Datheen besiel deur die gedagte van geloofseenheid bokant landsgrense. In sy voorrede skryf hy: „... dewijle wij met den Evangelische Kerken in Frankryk in der lere ende ceremoniën eendrachtig zijn, zo heb ik van herten begeerd, dat wij in den zank der Psalmen hen ook mochten gelijkzjn, die in die sprake zeer lieflijk ende klaar overgezet

zijn /

zijn - dewelke ik zo nagevolgd hebbe als't mij mogelijk geweest is ende onze spraak heeft konnen lijden". (16)

Van selfstandige beryming was by Datheen dus nie veel sprake nie.

Maas al die gebreke, onmag selfs, spreek Datheen se beryming vandag nog, in die geslaagdste gedeeltes daarvan, tot ons deur die hartstogtelikheid, innigheid en direktheid. Die bewoënheid van daardie tyd van geloofstryd en hagepreke leef onmiskenbaar in die beste van hierdie vertolkinge. Dit verklaar ook waarom dit so ingang gevind het en selfs vir meer as twee eeue die amptelike Nederlandse psalmboek kon bly. Hierdie werk het verskyn aan die begin van die bloedige tydperk van die swaarste geloofsvervolging en heftigste geloofstryd. „Sinds vergezelden zij de vaderen in den kerker en op het schavot, bij vlucht en ballingschap en (niet minder) bij gevecht en belegering in die onvergetelijke guerilla van 1568 en volgende jaren, waarin wezenlijk reeds het schrikkelijk pleit van dwang en vrijheid werd beslecht. Wat deerden hun de onbeholpen woordenkeus, de stootende maat, als zij smecken konden:

Och Heer almagtig, help toch mij,  
Door Uwen Naam en sterkte krachtig,  
• Neem mijn zaak aan, wees mijns gedachtig,  
Laat Uwe magt verschijnen vrij,  
't Gebed dat ik nu doe, verhoort;  
Wil Heer, neigen tot mij Uw ooren;  
Opdat Gij moogt goediglijk hooren  
De woorden die ik brenge voort.

Met een wreed harte, zoo elk ziet,  
Komen mij nu toe mijn vijanden;  
Naar mijn leven zijn ze gestanden;

Ps. 54. (17)

Intens deurleefd klink Datheen se vertolking van Ps. 5, met die klaagtoon van die slepende en die dringende smeking van die staande rym:

Verhoor /

Verhoor, o God! mijn woorden klagtig,  
Laat Uw ooren op zijn gedaan.  
En wil toch d'oorzake verstaan,  
Mijns klagens en zuchtens eendragtig,  
O Heer almagtig!

Hebt ach op mijn zuchten gestadig,  
Mijn God en Koning groot geacht,  
Dewijl ik tot U met aandacht  
Mijn smekken doe, o Heer genadig!  
Ende weldadig.

Des morgens vroeg, vóór den daag'rade  
Zult Gij mij verhooren eenpaar.  
Want zeer vroeg zal ik U voorwaar  
Bidden, wachtende vroeg en spade  
Op Uw genade.

Ten spyte van die rederykerswending in die gebruik van die byvoeglike naamwoord, en die tipiese stopwoord eenpaar wat oorvloedig voorkom, getuig hierdie verse van diepe ontroering.

Datheen was besonder gelukkig in sy vertolking van die Majesteit van God, bv. Ps. 24. Heftig geaksentueerd is die ritme:

Verhoogt u, groote poorten! nu,  
Eeuwige deuren! verheft u,  
Dat inga de Koning vol eere.  
Wie is de Koning zoo geacht?  
't Is God der heirkrachten vol magt,  
Die groot is, ja een Heer der heeren.

Datheen het soms 'n besondere effek bereik met sy aksentvers, bv. in die reeds aangehaalde eerste strofe van Ps. 54:

Och Heer almágtig, hélp toch mij,  
Door Uwen Náam en stérkte kráchtig,  
Neem mijn zaak aan, woos mijns gedáchtig,  
Laat Uwe magt verschiñnen vrij.  
't Gebed dat ik nu doe, verhoórt;  
Wil Heer, neigen tot mij Uw óoren;  
Opdat Gij moogt goediglijk hoóren  
De woorden die ik bringe voórt.

Sterk /

Sterk is die heel spontane aksentwerking telkens aan die einde van die eerste helfte van die vers en dikwels tussenin.

Treffend word die verontwaardiging weergegee deur die sterk aksente van die volgende:

Uw tong alleen schádet en kwéllet,  
En is tot allen tijd  
Als een scheérmes zeer wél gestéllét,  
Dat zeer schérpelíjk sníjdt.  
Gij bemint válschheid en dat kwáad  
Meer dan 't régt met der daad.

Ps. 52.

Ek kan die versoeking nie weerstaan, om Albert Verwey se ontleding van die werking van Datheen se aksentvers aan te haal nie: „Wanneer Datheen Psalm CXV - de beeldstormers-psalm - begint:

Onse Godt woon inden hemel voorwaer,  
Hy maeckt end doet alles int openbaer  
Wat hy wil inden Landen.  
Maer aller heydenen Afgoden zijn,  
Niet dan gout en silver gheloutert fijn,  
Werken der menschen handen.

dan skryft hij geen metrische, maar binnen een vast aantal syllaben geaccentueerde verzen. Maar we beven al op het ritme, het dreigende. En als hij dan voortgaat:

Sy hebben monden en spreken gaer niet,  
End ooghen, derwelcken geene yet siet,  
Het zijn al doode dinghen.  
Sy hebben ooren, maer gantsch gheen ghehoor,  
Neusen, nochtans watmen hen stellet voor,  
Gheenen reuck zij inbringen.

dan worden wij bang voor de beelden, omdat wij voelen dat als deze vonnissende opsomming geëindigd is, de storm aan zal gaan. Hoor nog maar even hoe de toon stijgt en een oordeel wordt.

Sy /



Sy hebben handen en grijpen niets aen,  
Haer voeten connen gantschelyck niet gaen,  
Haer kele can niet spreken.  
Diese maken zijn hen ghelyk voortaan,  
En diese besoecken en daerop staen  
Sijn daerby vergeheken. (18)

Tereg skryf dr. W.A.P. Smit in verband met Datheen se aanwending van die aksentvers: „Hij doet dit echter zonder opzettelykheid; de accenten vinden in de vaart der regels vanzelf hun plaats en het aantal syllaben is een noodzakelyk gevolg van de handhaving der Hugenootse zangwijze. Vaak zou men kunnen zeggen, dat Datheen zelfs in het geheel geen poëzie schryft, maar een heftig gerhytmeerd proza.” (19)

Die grootste verdienste van Datheen se vertolking is die ontroering wat daarin direk en hewig tot uiting kom. Datheen was 'n innig godsdienstige mens, en die vertaling van die Franse psalmberyming was nie vir hom 'n nugtere, verstandelike werksaamheid nie. Tog kon sy ontroering hom nie altyd red nie. Daar kan talle voorbeelde uit sy werk aangehaal word wat weens swak ritme en onmag die mees primêre aanspraak op die naam van poësie moet prysgee, hele strofes waarin die lettergrepe net getel is sonder om met beklemtoning rekening te hou.

Hier word slegs enkele voorbeelde aangehaal om Datheen se onmag te illustreer:

Ossen, schapen, haar wolle en haar vellen,  
Die Gij op de bergen voedt zonder kwellen,  
En op dat veld weiden doet over al,  
In bosschen, bergen en in menig dal. -Ps.8.

Die swak ritme en die geforseerde rym getuig van gebreklike beheer oor die verstegnick. Dieselfde geld vir die volgende waarin die lot van die goddelose aan ons voorgedou word:

Die zullen ook met vuur wezen gekweld.  
Haar deel zal zijn veel windige tempeesten,  
Sulfer en vlamme, die 't alles versmelt,  
Werd geschonken den minsten en den meesten.  
- Ps.11.

Waar /

Waar Datheen nie met hewige aksente kon werk nie; word sy vers heeltemal mat, word dit meer prosa as poësie.

Ek siteer nog die slot-strofe van Ps. 48:

Zij troosten hen in dezen overvloed;  
En prijzen dien, die maken goeden moed;  
Maar zij moeten tot haar vaders haast vlien,  
Daar ze Gods heerlijkheid niet zullen zien.  
Summa: als een mensch komt tot heerlijkheid,  
Zoo wordt hij door zijn onverstandigheid  
den vee gelijk, (grootlijks tot zijner blamen)  
Welkers ziel ende lijf vergaan te zamen.

So sou 'n mens kon voortgaan om die onbeholpenheid van hierdie hartstogtelike gelowige as digter aan te toon.

Dr. W.A.P. Smit het die verdienstes en gebroke van Datheen se werk goed saamgevat: "Zo doet zich het merkwaardig verschijsel voor, dat van onderdeel tot onderdeel deze verzen nauwelijks poëzie genoemd kunnen worden, maar als geheel toch een onontkoombare indruk maken. Technisch zijn zij onbeholpen en uitermate zwak; wat in dit opzicht goed blijkt, is bovendien grotendeels te danken aan de Franse tekst. Maar wat bekommerde Datheen zich, evenals de meeste dichters van schriftuurlijke en martelaarsliederen, om de uiterlijke vorm van zijn vers? Het was hem slechts te doen om de inhoud: als daarin heel het brandende geloof van hemzelf en zijn geloofsgenoten een uitingsvorm vinden kon, was zijn doel ruimschoots bereikt. ....

Datheens dichterschap is er een van secundaire aard. Het mist alle creativiteit, maar receptief is het in staat zó fel de bezieldheid der oude Psalmwoorden te ondergaan, dat deze door alle onbeholpenheid van de vorm telkens weer heenbreekt. Datheen is slechts digter bij de gratie van zijn stof, of nog beter: bij de gratie van het Woord Gods, welks dienaar hij wil zijn."

(20)

In /

In sy psalmberyming openbaar Datheen hom nie as 'n skeppende digter nie. Tog - en dit is die hoofverdiens-te van sy werk - het sy geesdrif en geloofswywer 'n weg gebaan oor alle hindernisse heen, sodat hy vir sy innerlike ontroering uiterlike gestalte gevind het, hoe gebrekkig ook al, waarin die vlam van besieling vandag na byna vier eeue nog leef. Aan die begin van die lang geskiedenis van Calvinistiese psalmberyming staan Datheen wat hom met sy beskeie talent geheel-en-al oorgegee het aan sy verhewe taak.

#### MARNIX SE BERYMING.

In 1580, aan die begin van die Nederlandse Goue Eeu, verskyn Marnix van Sint Aldegonde se psalmberyming. (21)  
'n Tweede verbeterde uitgawe het in 1591 verskyn. In 1598 is Marnix oorlede, maar voor sy dood het hy sy psalms nogmaals hersien hoewel nie so ingrypend soos in 1591 nie. Hierdie derde druk het in 1617 by Lowijs Elzevier verskyn. 'n Laaste uitgawe van Marnix se psalmberyming is van 1646.

Reeds in 1576 het Marnix enkele van sy berymde psalms gestuur aan Lucas de Heere, wat hy in Londen ontmoet het. Die psalms is vergesels van twee sonnette waarvan die volgende een is:

#### Aen Lucas de Heer.

U ziel met Godes woort: d' oogh met syn wonderdaden  
u tongh met synen loff: met syn liefd' u gemoet  
Den gheest met kunsten reyn: De penn' met dichten soet,  
Kundt ghy Lucas de Heer ten vollen niet versaden.

De Psalmen syn Gods woort: zy leeren syne paden:  
verkonden synen loff: End liefd' in overvloed  
sy syn kunstryck end fraey: haer dichten is oock goet,  
soud' ickse dan onrecht aen u konner bestaden?

Dewyl ick wilde doch, als synd' in u verbonden  
u doen een cleyn geschenck voor myn vertreck van Londen  
wat hadd' ick beter doch als Psalmen cunnen schenken?  
op dat, so menichmael ghy myner sult gedencken,  
Gods woort, werck, loff, end liefd: oock kunst end poësy  
u ziel, oog, tong end hert: u geest end penn' verblye.  
(22)

Waar Datheen se beryming 'n verwerking van die op 'n Latynse teks gebaseerde Franse psalmboek was, en dus nie altyd eksegeties 'n getroue weergawe kon wees van die Hebreeuse psalms nie, wend Marnix hom tot die grondteks. Hierdie nougesette Calvinis het gehoop dat sy beryming aangeneem sou word vir kerklike gebruik. Hierin is hy egter diep teleurgestel. Hiervoor is daar verskillende redes. Een daarvan is sy besondere taalgebruik, bv. sy gebruik van die verouderde voornaamwoorde du, dij en dijn in verband met God. Marnix was gekant teen wat hy beskou het as die verdringing van die enkelvoudsvorm du deur die meervoudsvorm ghy, en die skepping van 'n kunsmatige meervoudsvorm ghylieden. Wat die aanspreek van God betref, glo hy dat dit oneerbiedig is om die meervoudsvorm Ghy te gebruik.

In sy puristiese taalstrewe is Marnix 'n tipiese Renaissancis, maar sy tydsgenote het anders geoordeel. Die Suid-Hollandse Sinode van Rotterdam (1581) het hulle vir Datheen se beryming en teen dié van Marnix verklaar omdat hulle gevind het: „in des heeren Aldegondii psalmboeken veel elisiones ende vreemde ofte onbekende woorden, den gemeynen man onverstandich“. (23)

Vandag word Marnix se taalsuiwerheid beskou as een van die verdienstes van sy psalmberyming.

Vir sy tyd was sy psalmvertolking 'n merkwaardige prestasie. Daar is nog Rederykerselemente in sy werk, maar die grootste gedeelte daarvan openbaar reeds die nuwe lewe wat op letterkundige gebied tot so 'n hoë bloei sou kom in die Nederland van die sewentiende eeu. Die vrye Rederykersvers, wat ritmies dikwels uiters power was, word deur Marnix vervang deur sy vloeiende metriese

vers. Hy waak ook teen ander swakhede wat eie was aan die Rederykerskuns.

Dr. G.A. van Es karakteriseer in 'n mooi studie Marnix se psalmberyming as volg: „Wie Marnix den ontroerden, lyrischen toon ontzegt, kent niet den vollen rijkdom van zijn psalmbundel; maar wie zich onbevooroordeeld daarmee een avond afzondert, hoort in groote verscheidenheid van toon en rythme een hart dat zich uitzingt, verlangend en roepend, biddend en pleitend, vertrouwend en verwachtend, dankend, lovend, jubelend vol eerbied en heilige bewondering voor Gods macht en deugd, maar ook met de ervaring van Zijn uitgestorte genade. Zeker zijn er in die reeks van honderd en vijftig liederen, sommige van grooten omvang, wel vlakkere en stroevere partijen. Meestal echter zijn die beperkt tot enkele verzen, een enkele strophe, zelden beslaan ze een heelen psalm. Tegenover latere dichters als Vondel, wiens versstructuur in de Harpzangen Davids meermalen grootscher is van allure, rijker van taal, stoutmoediger van beeld en uitweiding, vrijer van beweging, blijft Marnix' vers sober van lijn, eenvoudig van taal, maar klaar en klankrijk toch en van een directe beeldkracht." (24)

Wat vers- en strofebou betref, was Marnix nie vry nie, want hy het hom gebonde geag aan die Franse psalmmelodieë. Hy het hierin bewys gelower dat hy meer as een soort strofebou en rymskema en verskillende metra met gemak kan hanteer. Reeds in die Opdracht (25) word ons getref deur die breë swaai van die aleksandryne:

Als ick dit Psalmen boeck, daer ons den geest des Heeren  
Door David sijnen knecht heeft troulick willen leeren  
Hoe God de werelt heel, maer sonderling zijn kerck  
Seer wonderlick beleydt, wel lees end' overmerck,  
End aensie 's Heeren knecht, die met veel swaricheden,  
Met allerley verdriet end' cruys hier wort bestreden,  
End nu light hulpeloos verslonden van den doot,  
Nu vint weer hulp end troost in sijnen swaren noot,  
End stracx schijnt wederom van God te zijn verlaten,  
Soo dat sick over hem hooch-roemen die hem haten:  
Daer nae van stonden aen crijgt weder d'overhant,  
Als die van swaren storm behouden scheept aen 't landt,  
End vrolick singt den lof des Heeren der heyscharen,  
(Die hem dus heeft verlost van vreesselicke baren)  
So laet ick my staen voor, seer hoog' end Edel' Heeren,  
Dat ick u met dit werck behoore te vereeren. (26)

Marnix het hom intens ingeleef in die Hebreusc  
psalms. Nie alleen as gelowige nie, maar ook as vader-  
lander is hy deur hierdie liedere aangegryp. Hy het 'n  
parallel gesien tussen die geskiedenis van Israel en die  
geteisterde Nederlande van daardie tyd. In die psalms  
is Dawid vir hom die beeld vir Oranje:

Want hy in Israel een lamp altoos bewaert,  
Die inde duyster nacht der werelt ons verclaert.  
Dies hy ons oock verwekt heeft eenen trouwen vader,  
Die hier des Heeren volck, als David, bracht te gader,  
Op dat sy sijnen dienst end levendige woort,  
Genieten mochten vrij end volgen onverstoort.  
Wij hebben hem gesien sijn lieve schaepkens leyden  
Aen 't watterrijcke landt, op schoon begraesde weyden.  
(27)

Marnix wat self vervolging en benoudheid geken  
het, het aangrypende vertolkinge van klaag- en smeek-  
psalms gelower, bv. Ps. 22.

Mijn God, mijn God, waarom verlactstu my?  
Wacromme gaet mijn huylen dus voorby?  
Verr' van dijn hulp end troost, als ick voor dy  
Doc mijne clachten?  
Den heelen dach roep ick uyt gantscher crachten  
En du, mijn God en wilst daer niet op achten,  
Ick hou niet op van schreyen alle nachten,  
End swijge niet.

Daer du nochtans door 'tswerelts gants gebiedt,  
De heylge bist: Ja 'teewich loff end liet  
Van Israel, in alle sijn verdriet  
Blijfstu genadig.  
Dies hebben oock op dijne macht grootdadich  
Ons ouders vry vertrouwt: end du genadich  
Hebs', Heer, verlost, uyt alle lasten smadich,  
In haren noot.

. Met die aaneenskakelende rymskema: aaabbbbc/  
ccdddde, word hier 'n besondere klaagtoon geskep. Die  
kort vierde vers met sy pragtige aansluiting by die res  
van die strofe, en die agste vers deur die rym gesnoer  
aan die volgende strofe, het telkens die uitwerking van  
'n snik in die klaende geweën van hierdie strofes. Die  
rym word hier nie - soos maklik met hierdie rymskema  
kon gebeur het - 'n meganiese dreun nie; intecendeel,  
dit speel 'n belangrike rol in die vertolking van die  
innige klag.

Opreg en deurloefd klink die belydenis van sonde-  
skuld in Ps. 51. Hierdie verse bekoor deur suiwerheid  
van ritme:

Jaë sic, ick ben een sondaer inden aert,  
Ontfangen zijnd' uyt sondelicken sade:  
Van 'smoeders lijf geneygt tot allen quade  
End in crifsond voldragen end gebaert.

Ontroerend mooi is die verse:

Het offerwerck, dat God den Heer staet aen,  
Is eenen geest verslagen end vol smerte.  
Een droef gemoet end een gebroken herte  
Salstu met smaet van dy niet laten gaen.

Vertolkinge soos hierdie getuig van Marnix se beheer oor  
die metriese vers.

Na die smeking hoor ons in Ps. 54 die blye geloofs-  
versekerdheid. Let op die ritmies mooie afwyking in die  
tweede en laaste verse:

\* So sal ick met een vrij gemoet  
Mijn offerhanden dij aenbieden,  
End dijnen naem voor allen lieden,  
Hoog roemen, want hy is soer goet.

In die vertolking van die klaag- en smeekpsalms  
het Marnix daarin geslaag om 'n innige toon te skep met  
die slepende rym:

⌘

- = Onbeklemtoond.

/ = Beklemtoond.

Verhoor /

Verhoor my God in mijne reden,  
Verberg dy niet van mijn gebeden.  
Verstac my Heer, wil my verhooren,  
.....

- Ps. 55.

Mooi is die dringende smeektoon in die trogeïese  
verse van Ps. 102:

Acnhoor, o Heer, mijn gebeden:  
Lact mijn schreyen van beneden  
Opwaerts komen tot voor dy.  
Berg dijn aensicht niet van my,  
Als my bang is: maer wil hooren  
Mijne stem, end neyg dijn ooren,  
Tot mijn roepen: antwoord spoedich,  
Op mijn smeeken seer ootmoedich.

Die sterkbeklemtoonde aanvangslettergrepe van die eerste  
drie verse (a<sup>h</sup>cnhoor, la<sup>h</sup>ct, op<sup>h</sup>waerts) vertolk die dringen-  
de smeking. Hierna verander die toon, word dit meer di<sup>o</sup>  
van 'n weemoedige klag. Dan word die heffinge ligter  
aan die begin van die trogeïese verse.

Ook in sy vertolking van lofliedere het Marnix  
veel skoons gelewer. Die klimaks van die mooi vertolk-  
ing van Ps. 65, die bekende loflied, is die slotstrofe.  
Ook hier weer die vaste ritme:

Met kudden zijn de groene weyden,  
Als met een kleet bedeckt,  
De dalen, die 'tgeberghte scheyden,  
Met schoon terw' overstreckt.  
Het schijnt op'tvelt, dat alle dingen  
Van Gods genaed end deugt  
Schier lacchen, juychen ende singen  
Haer soete liedt met vreugt.

Let op die effek van die enjamberende laaste verse en  
die drie werkwoorde in hul beklemtoonde posisies in die  
voorlaaste vers.

Soos heldere basuinstote, vol krag en majesteit,  
klink die triomfantelike Ps. 68 met sy ingewikkelde strofe-  
bou:

Dat Godt de Heer maer op wil staen,  
So sal men sien van stonden aen,  
Sijn vijanden verdreven,



Al die hem haten sullen sick  
Ter vlucht, op eenen oogenblick,  
Voor 'taenschijn Gods begeven.  
Du salst verdrijven 'tgodloos volck,  
Als eenen roock oft duyster\* wolck,  
Die wech drijft voor de winden.  
Sy sullen smelten also ras,  
Als voor een vier het weecke was,  
End voor Gods oog verswinden.

Die eenlettergrepige woorde van die staande rym suggereer hier besondere daadkrag.

Verskillend van toon en strofobou, maar ewe tref-fend is 'n ander loflied:

Singt met hertzen vreugt,  
Den lof Gods des Heeren,  
Onser sterckt end deugt.  
Lofsingt clacr end hel,  
God van Israël  
Juycht tot sijner eeren.

- Ps. 81.

Die opgewekte stemming kom tot uiting in die lewendige ritme van hiordie verse. Nog net een sitaat om aan te toon hoe bevallig die vloeiende ritme van Marnix se vers kan wees:

Die weenende met leet end smaet,  
In d'eertrijck spreiden hare saet,  
Die sullen nu met vreugden gaen,  
Om af te maeijen 'trijpe graen,  
.....

- Ps. 126.

Daar is ook swakhede in Marnix se beryming. Hier word veral gedink aan Rederykerselemente, soos waar hy die Here toeroep:

Straf mij niet, zijnde gram.

- Ps. 6.

'n Tipiese Rederykerskonstruksie is ook: (Ek onderstreep)

O Heer mijn Godt, ben ick hantdadig  
Van tgeen sy my belasten smadig:

- Ps. 7.

Die volgende staan ook sterk onder rymdwang:

Doe /

Doe my, o God, genade, want voorwaer,  
Een sterflick mensch my opslorpt t'eenegaer,  
Die my bestrijdt, bedrukt my machtig swaer,  
Met dagelicksche lagen.

- Ps.56.

Hoewel Marnix se krag in sy ritmies vloeiende  
vers lê, is die volgende verse stroef, selfs hortend:

Wasch my schoon af, end herwasch t'eenegaer  
Van mijn misdaet: End suyver my geheelick.

- Ps.51.

Ontsierende gedeeltes soos hierdie bly gering naas  
al die skoonheid en krag wat Marnix ontplooi, veral in  
sy ritme. Wie die innige klaagtone en blye jubeltone  
in Marnix se vertolkinge beluister het, kan nie saamstem  
met Verwey se siening van Marnix nie: „Datheen schreef -  
om het met één woord te zeggen - het geaccentueerde vers,  
Marnix het metrische. Was nu Marnix een dichter als Van  
der Noot geweest, dan zou hij daarmee nieuwe effecten be-  
reikt hebben; maar hij was een geleerde, een letter-  
kundige, die niet hooger stijgen kon dan zijn voorbeeld.

Een springplank is een machtig middel, als hij ons  
namelijk hoog springen doet. Zoo ook het metrum wanneer  
het oorzaak wordt van ongewone ritmen. Maar niet, als  
wij er ritmisch weinig mee uitwerken." (28)

Marnix se psalmberyming bekoor deur bevalligheid  
en eenvoud. Dit neem 'n waardige plek in aan die begin  
van die Renaissance-tydperk in die Nederlandse letter-  
kunde.

#### REVIUS SE BERYMING.

Die psalmberyming van Revius het na dié van Camp-  
huysen verskyn, maar omdat Revius se werk aansluit by  
die Calvinistiese beryminge hierbo behandel, en omdat  
dit onafskeidbaar verbind is aan een daarvan, is dit

wenslik /

wenslik om van die chronologiese volgorde af te wyk en Revius se werk nou te bespreek.

As gevolg van die tekortkominge van Datheen se vertolking, en om te voorsien in die behoeftes van sy tyd, het Revius sy bydrae gelewer. Revius se psalmberyming het in 1640 verskyn. (29) Op die titelblad word aangedui dat dit die werk van Datheen is „in sin ende rijmen gebetert door Jacobum Revium“. Hierop werp Revius meer lig in sy voorwoord aan die Christelike Lezer ende Zanger: „En moet welbekennen, dat ick int werc getreden zijnde, bevonden hebbe vry wat meer daer toe te behooren dan ic my inden aenvanck hadde ingebeeldet, ende dat door de herstellinge der lamme ende losse leden deses gedichtes, oock door het wechnemen van stop-woorden en diergelijke, de sake weynich geholpen was, also met eenen opde verbeteringe van den sin (waer toe wy soo merckelijke door de nicuwe oversettinge des Bybels geholpen zijn) ende op een vaste, ende niettemin vloeyende 'tsamenstellinge most gelettet worden, op dat het werc niet alleen slechte luyden genoeg doen, maer ooc voor de verstandige bestaan mochte.“

Revius was die eerste om 'n psalmverbetering te probeer. Hy het aan 'n verbetering die voorkeur gegee bo 'n nuwe beryming, omdat dit die minste waenstoot soude geven, ende also lichtelijcxt aengenomen worden. Ende dewijle ick bevont dat vele met my in dit gevoelen waren, heb ick verwacht dat yemant, meer als ic begaeft, het selve soude by de hant nemen: 'twelck alsoo het niet ongeschiede, hebbe ten laetsten inden name des Heeren selve proeve willen doen van 'tgene ick hier van bevattot hadde". (30)

Aan die hand van die nuwe vertaling van die Bybel - die Statenvertaling - het Revius, een van die "Reviseurs" daarvan, die psalmberyming van Datheen ook "in sin", d.w.s. eksegeties, verbeter. Aangesien die Statevertaling, volgens latere vertalers, nie altyd 'n getroue weergawe is nie, was Revius ook nog blootgestel aan onskriftuurlike vertolking. Waar Revius praat van "herstellinge der lamme ende losse leden deses gedichtes", bedoel hy die vervanging van die aksentvers deur 'n metriese vers. Hier het ons die sewentiende eeu teenoor die sestiende eeu: die Renaissancis teenoor die Rederyker. Revius het nie net Datheen se swak Rederykersverse vervang nie, d.w.s. dié waarin feitlik net die lettergrepe getel is sonder om rekening te hou met beklemtoning nie, maar ook sy goeie verse waarin die tradisie van die Middeleeuse aksentvers voortgesit is. In sy psalmberyming was Revius, soos in sy ander poësie, die bewuste, renaissancistiese skoonheidsoeker.

Waar Revius die wese van Datheen se werk aangeraak het, kon ingrypende veranderinge verwag word. So het dit ook uitgeval. Revius se beryming is byna 'n nuwe vertolking, en inderdaad 'n groot verbetering op dié van Datheen, hoewel daar enkele vertolkings van laasgenoemde is wat deur felle, gloedvolle uiting voorkeur verdien bo die beheerste, ewewigtige vertolkings van Revius.

Die resultaat van Revius se onderneming word deur die volgende voorbeelde geïllustreer: Ek siteer eers Datheen se vertolking van Ps. 1 met sy aksente, daarna dieselfde vertolking soos deur Revius metries aangevoel en gewysig:

Datheen /

Datheen.

Die niet en gaat in der godloozen raad,  
Die op den weg der zondaars niet en staat,  
En niet en zit bij de spotters onreine;  
Maar dag en nacht heeft in Gods wet alleine  
Al zijnen lust; ja spreekt daarvan eenpaar;  
Die mensch is welgelukzalig voorwaar.

Hij zal gelijk zijn eenen schoonen boom,  
Geplant bij eenen klaren waterstroom,  
Die zijn vruchten geeft in bekwame tijden,  
Van welken geen drooge blad valt beziiden.  
Zoo zal die mensche zalig zijn bekend,  
Met al zijn doen, tot welken hij hem wendt.

Maar zoo en is 't met de godloozen niet,  
Die als kaf verstrooid worden daar met ziet;  
't Welk van den wind hier en daar werd gedreven;  
Zoo zullen zij in Gods gerigte beven,  
En niet bestaan; maar haast vergaan beschaamd.  
Met den vromen werden zij niet genaamd.

God kent den weg en der vromen gemoed,  
Hij draagt zorge voor hen en voor haar goed.  
Dies zullen zij welgelukzalig wezen.  
Maar nademaal dat onze God geprezen,  
Op der godloozen wegen niet en acht,  
Zij en haar doen werden tot niet gebragt.

Revius.

Gedeeltes waar Revius afwyk van Datheen is onderstreep.

Die niet en gaet in der godloosen raet,  
Die op den wech der sondaers niet en staet,  
Noch op den stoel der spotters hem wil setten,  
Maer dach en nacht heeft in des Heeren wettē  
Al synen lust, ja spreekt daer stadiēh van:  
Dat is voorwaer een wel-gelukkig man.

Hy sal gelijc zijn eenen schoonen boom  
Geplantet aen een claren water-stroom,  
Die tsyner tijt veel goede vruchte brenget,  
Waer van geen blat en vallet noch versenget.  
Soo crijcht die mensch geduerich heyl en spoet  
Van Godes hant in alles wat hy doet.

't En is soo met de goddeloose niet,  
Maer als het caf dat heen en weder vlie't  
Van stercken wint verstrooyt en omgedreven  
So sullen sy in Gods gerichte beven,  
En niet bestaen, maer haest vergaen, beschaemt;  
Sy werden by de vrome niet versaemt.

Der vrome wech den Heer bekennet is,  
Hy draget sorg' voor haer behoudenis,  
Dies sullen sy gelukkig zijn en blijven:  
Maer die alhier een godloos wese drije  
En wandelen in een verkeerde baen  
Sy en haer doen te gronde moeten gaen.

'n Ontleding van bostaande vertolkinge bring die volgende aan die lig:

Slegs waar in Datheen se vers die aksente so reëlmatig op mekaar volg dat dit 'n metriese vers word, neem Revius dit onveranderd oor, d.w.s. as dit origens 'n bevredigende vers is.

Die aksentverse word deur Revius vervang deur metriese verse.

Rederykerskonstruksies, soos spotters onreine, en 'n rederykersvorm soos genaamd word uitgeskakel. Dieselfde gebeur met vreemdklinkende woorde, soos alleine en die stopwoord eenpaer.

Revius het 'n besonder fyn ontwikkelde gehoor gehad, soos blyk uit strofe twee die tweede vers wat wen aan ekspressiwiteit deur die wysiging wat een in 'n onbeklemtoonde posisie plaas voor claren, wat deur die klem dan die sentrale woord in die vers word.

Revius het ingrypend verander en in die geval van hierdie psalm 'n mooier vertolking gelower.

Soos begryplik in 'n psalmberyming vertoon Revius se beryming ook insinkinge, maar oor die algemeen handhaaf hy 'n besonder hoë gehalte, soos in:

Hoelange wildy doch, o Heer,  
Aen my gants niet gedencken meer?  
Sal 't altijd zijn en nimmer enden?  
Hoe lang' wilt ghy u aensicht wonden  
Van my die ben benauwt soo seer?

Aangrypend word die klag hier vertolk deur die slopende ritme. By Datheen lui dit:

Hoe lang hebt Gij besloten, Heer!  
Mij te vergeten alzo zeer?  
Zal 't altijd zijn en nimmer enden?  
Wilt Gij U van my eeuwig wonden,  
Die benaauwd ben zoo langs zoo meer?

- Ps. 13.

Ook /

Ook Datheen se vertolking is nie onverdienstelik nie, maar Revius wen aan innigheid, veral in die eerste twee verse.

Opgewek klink die helder y-klanke (deur my onder-  
streep) in die volgende verse met hul lewendige ritme:

Ghy hebt mijn jammerlijk geschrey  
Verandert in een blyden rey,  
Den sack des treurens uyt gedaen,  
Met vreugde mij getogen aen.  
Dies, o mijn God, tot allen tijden  
Sal ick u goedicheyt belijden.

Hierdie blye jubeltoon mis ons in Datheen se ritmies  
powere vertolking:

Gij hebt mijn benaauwdheid verkeerd  
In vreugd, en hebt den zak geweerd  
des druks, en mij met vreugd bekleid;  
Dies zal met lofzang zijn verbreed  
Door mij Uwen lof, en Uw krachten,  
Die bestaan in alle geslachten.

- Ps. 30.

Die vertolking van Ps. 65 vertoon Revius in sy krag.

Luister na die vrolike, byna speelse, ritme:

In stillen aendacht men verhalet  
Tot Sion uwe eer,  
En de beloften men betalet  
Aldaer aen u o Heer.  
Ghy siet wat onse herten wenschen,  
Ghy hooret de gebee'n,  
Dies sullen eenmael alle menschen  
Met yver tot u tree'n.

Die korter vers met sy staande rym klink telkens soos 'n  
blye weerklank van die lofuiting:

.....  
Te velde sietmen met genuchten  
De schacpkens grasen gaen.  
De dalen zijn bedeckt met vruchten  
Van 't alderbeste graen.  
Het aardrijck schijnet te ontspringen  
En te verblijden seer, /  
De menschen juychen, ja sy singen  
Van uwe goetheyt, Heer.

Mooi is ook Revius se weergawe van Ps. 84. Hy het  
Datheen egter nie altyd oortref nie. In Ps. 24 is  
Datheen gelukkiger met sy dawerende aksente as Revius

met /



met sy reëlmatige jambiese verse:

Datheen:

Verhoogt u, groote poorten! nu,  
Eeuwige deuren! verheft u,  
Dat inga de Koning vol eere.  
Wie is de Koning zoo geacht?  
't Is God, d'Overwinnaar met kracht,  
Wiens magt niet en is om vermeerren.

Verhoogt u, groote poorten! nu,  
Eeuwige deuren! verheft u,  
Dat inga de Koning vol eere.  
Wie is de Koning zoo geacht?  
't Is God der heirkrachten vol magt,  
Die groot is, ja Heer der heeren.

Revius:

Ghy poorten, maeckt u hooch en wijt,  
Ghy deuren Gods die eeuwich zijt,  
Een heerlijk Coninck comt inrijden.  
Wie is de Coninck aller eer?  
't Is onse God der Heeren Heer.  
Een overwinnaer in het strijden.

Ghy poorten, maeckt u hooch en wijt,  
Ghy deuren Gods die eeuwich zijt,  
Een heerlijk Coninck wil intreden.  
Wie is die Coninc vol van oer?  
De Heere der heyrsharen Heer.  
De Coninck aller heerlijkheden.

Smit het hierdie verskynsel raak getipeer: „Er blijven voortdurend momenten, waarin Revius' toon niet halen kan bij den bewogen roep van den prediker onder het kruis. Vooral in de psalmen de profundis en in die van de Majesteit Gods is Datheens rythme bezielde. Want juist deze psalmen waren de troost der vervolgdens: ‚Uit de diepten roepen wij tot U, o God,‘ maar ondanks onze ellende vreezen wij niet, omdat ‚Uw koninkrijk heerscht over alles!‘ - Daarentegen wint Revius het in de psalmen, die mediteeren over Gods wezen en heiligheid. Het extatisch gebed is in de 17de eeuw ver-rustigd tot contemplatieve adoratie.“ (31)

Revius het ook aan Marnix se beryming ontleen, bv.  
in Ps. 12:

Revius /

Revius:

Des Heeren woort is waerdich te geloven,  
't Is als het silver vande hoogste keur,  
Dat wel beproeft is in een aarden oven,  
Ja sevenmael geloutert deur en deur.

Datheen:

Onzes Heeren woord is altijd bevonden  
Zuiver ende rein, gelijk dat silver klaar,  
Dat gelouterd is, tot verscheiden stonden,  
Ja sevenmaal gelouterd is voorwaar.

Marnix:

Voorwaer het Woordt des Heeren van daer boven  
Is louter reyn, als silver, fijn van keur,  
Dat wel beproeft is inden eerden oven,  
En sevenmael gesuyvort deur en deur.

Dr. W.A.P. Smit vra homself af of dit meer die predikant en teoloog as die digter is wat aan die woord is in Revius se psalmberyming. Ons mag dieselfde van Totius se beryming vra. Smit se bevinding in verband met Revius is: „Zonder eenige twijfel is de opzet het werk van den predikant. De gemeente moest betere en nauwkeuriger berijming hebben, en haar dienaren waren tot dat werk geroepen. Revius aanvaardde die taak als predikant. Hij dwong zelfs den dichter in hem zich te vernederen tot het begrip der „cleynen“. Maar deze laatste onderwierp zich vrijwillig, omdat zij in de berijming Gods roep had verstaan. Wie echter zichzelf vernedert, die zal verhoogd worden! In den opzet onderwierp de predikant den dichter aan zijn doel; maar in de uitwerking triomfeerde de dichter, ondanks de beperking, boven den predikant.” (32)

Revius se psalmvertolking doen hom as een van die beste digters van die Nederlandse Goue Eeu goen oneer aan nie. Sy werk behoort tot die beste van hierdie tydperk waarin psalmberyming byna 'n kultus geword het.

Camphuysen /

CAMPHUYSEN SE BERYMING.

Reeds tien jaar voor die psalmberyming van Revius het die volledige beryming van Dirk Rafaelz. Camphuysen in 1630 verskyn, (33) d.w.s. drie jaar na die digter se dood. Waar die vertolkinge hierbo bespreek die werk van strenge Calviniste was, kry ons nou die werk van 'n Remonstrant. Camphuysen is ook daarin die antipode van Revius dat hy nie 'n bewuste, renaissancistiese skoonheidsoeker was nie.

Camphuysen se psalmberyming verdien eervolle vermelding naas soortgelyke werk van ander sewentiende-eeuse digters, soos Revius, Vondel, Dullaert en Hooft. Soos sy ander poësie, munt dit nie uit deur forse aanslag en sterk beeldingsvermoë nie. Tog het hierdie vertolkinge 'n eie bekoring, veral deur die skone eenvoud en sangerigheid. Soos hy van sy poësie in die algemeen verwag, is sy psalmvertolkinge „spraak- en spreukryk". Dit het ook „zin en zenuw", en is vry van „al wat onze taal en 't Nederlands oor niet lijdt." (34) In Aan den Christelijken Leser, sy voorrede by sy Stichtelijke Rymen, stel Camphuysen 'n verdere eis aan sy poësie. Hy besef dat ritme en melodie nie aan goeie verse mag ontbreek nie „nadien doch alle Rym ofte Gedicht, (na oud gebruyck en ook aard van de zake) behoord zoo wel leezelijk als zingelijk te zijn."

Camphuysen het nie in die eerste plek na skoonheid gesoek nie, wel na stigting en lering. Hierdie neiging verklaar K. Heeroma uit Camphuysen se Doperse afkoms: „Het wezen van de Doperse geest meen ik te kunnen karakteriseren als een actieve mystiek. Alle Dopers zijn bevindelijk, zij hebben persoonlijk kennis aan de waarheid,

zij /

zij hebben persoonlik ervaring van hun gekend zijn, van hun verlost zijn. Dat is hun mystieke trek. Daarnaast hebben zij een sterke behoefte aan aktiviteit, niet alleen en allereerst om hun eigen verlossingservaring te continueeren of te vernieuwen, maar vooral ook om die verlossing in hun medemens of in de samenleving te realiseren. .... De Doper spreekt en schrijft veel, want hij heeft te vermanen, te getuigen, ..... (35).

Hierdie neiging tot vermaning, teregwysing en vertroosting vind ons ook in Camphuysen se psalmvertolkinge wat tereg die titel dra Uytbreiding over de Psalmen des Propheten Davids. Camphuysen het nie 'n Bybelgetroue weergawe van die Hebreuse psalms beoog nie. Telkens vind 'n mens verse, hele strofes waarin hy uitbrei op die Bybelpsalm. Hierdie trek vind 'n mens nog op veel groter skaal in sy vroeëre psalmbewerkinge wat nie in sy kerklike psalmberyning opgeneem is nie. (36).

Camphuysen is lief om die Skrifwaarhede van die psalms te veralgemeen, daarop voort te borduur, en om ook hier, soos in sy ander poësie, 'n „zoeker van nutte leering“, soos Prinsen die digters van die didaktiese skool tipeer, te wil wees. Reeds die eerste strofe in sy psalmberyning is 'n voorbeeld hiervan:

Den weg ter rust, van menig hart gesocht;  
Maar noyt te recht van aardsch vernuft bedocht;  
van veel' in Schat of lijffelijke Weelden,  
van veel' in Naam en trotze Eeren-beelden;  
Van dees' in Dit; van die, in Dat verstaan  
Wijst mijn Gedicht den Wijzen zoeker aan.

Sonder om ninder te gee as die Bybelpsalm, kon Camphuysen hierdie strofe weggelaat het.

Die digter se spreukagtige lewenswysheid vind 'n mens ook in die volgende strofe:

Wat /

Wat is de mensch een ding  
Vol van verandering!  
Hoe onvast sijne stappen!  
't Is een gemeene plaag,  
Raakt yemand in het laag,  
Elk een wil op hem trappen.  
Hoe vruchtbaar is den druk,  
wanneer 't verradig Ick  
Den mensch begint t' ontsakken!  
Dwaas, die hier trouwheid droomt.  
Daar 't quaad eens henen stroomt,  
Wil yeder quaad toe-smakken.

- Ps. 3.

In Camphuysen se vertolking van Ps. 35 vind ons telkens aan die einde van 'n strofe die spreukagtige, selfverworwe wysheid:

Grijp schild en zwaard, lang wap'nen voort.  
Geeft u voortaan in mijn slag-oord.  
Sta strak, wilt op den vyand passen  
En gunstig t'mijner hulpe rassen.  
Houd uwe lans gereed ten kamp,  
En biedzè 't hoeft, die graag ten ramp,  
Moord-gierig my rondsomme gaan.  
De sterkste kan best tegenstaan.

Spreek mij, spreek mij een hart in 't lijf,  
Dat mijne hoop' onwankel blijf,  
En 't ongekrenkte hulp-vertrouwen  
Noyt in mijn ziele komt te flouwen.  
't Onedel Rood smett' haar 't aanschijn,  
Die vyand van mijn leven zijn,  
Met schaamt doortreff' haar smaat en hoon:  
Al zulken werk, al zulken loon.

'n Sprekende voorbeeld van Camphuysen se wydlophigheid het ons in sy vertolking van Ps. 14. Die volgende Bybelgedagte gee hy in nie minder as vyf strofes weer nie:

„De dwaas segt in zijn hart: Er is geen God. Zij verderven het, zij maken het gruwelijk met hun werk, er is niemand die goed doet.” - Ned. Bybelvertaling.

Camphuysen:

Waar toe vervalt het rockelooze breyn,  
Als't, eens in zwijm, los heen begint te rasen!  
Hoe kan de mensch allénken zich verdwazen  
Door stil bedrog, als hy van grond niet reyn,  
Volgt's werelds treyn!

Daar /

Daar is (zoo diep verword de geest in 't zot)  
Daar is, zeyd hy in 't end (hoe wel de tonge  
Meest anders praat, door wenst of vreed's bedwongen)  
Daar is, zeyd hy in 't harte, beestig bot,  
Daar is geen God:

Godsdienstigheyd is maar een menschen droom,  
Een mijmer-vlaag, een waan, en ydelwezen,  
Een eygen vond, gegrond op 't kindsche vreezen  
Des slechten volks, dat zich door vies geschroom  
Geeft onder toom.

Dusdanig is het heymelijk gedacht  
Des slimmen gronds, dies opent zich een deure  
Ter grouwlijke'en en niets zoo schelmschkan beuren,  
Of 't word (als 't dient) van haar of me'e volbracht,  
Of na getracht.

Niet een van haar die zich ten goede geeft,  
't Uytwendig doen is of een schalk vermomzel,  
En 's boozen gronds bedriegelijk verblomzel,  
Of domme fleur daar 't hart geen keur in heeft,  
Maar los na leeft.

So kan daar baie voorbeelde van Camphuysen se wyd-  
lopigheid aanghaal word, want hy het hom nie, soos die  
nougessette Calviniste Marnix en Revius, streng bopaal by  
die Skrifgedagte nie.

In Camphuysen se mooiste vertolkinge word 'n mens  
getref deur die bekoorlike sangerigheid en eenvoud:

Wilt gy den Heer' een offer geven,  
Dat hem behaaglijk zy en zoet;  
Aan beesten bloed is niet bedreven:  
Een louter en rechtvaardig lewen,  
Is 't offer dat gy brengen moet.

- Ps. 4.

Mooi is die sagte, vermanende toon in hierdie strofe.

Innig word die klag vertolk deur die slepende rym  
in ritmies suiwere verse:

Eylaas! in doodes nachte  
Is weten noch gedachte,  
Is tale noch verstand.  
Ach! wie zal uws gedenken!  
En met lof-dank beschenken  
In 't eeuwig duyster land?

- Ps. 6.

Minder klaend, dog ook dringend, is die forse  
pleitstem in:

Mijn /

Mijn God, ik neem U tot mijn Richter;  
Ben ik een rader of een stichter  
Van eenig quaad of quaads gelijk;  
Brengt eenig mensche tuyg of blijk,  
Dat ik, die rustig met my woonden,  
De rust met onrust oyt beloonden;  
Of hebb' ik oyt 't bewezen quaad  
Vergolden met gelijke maat.

- Ps. 7.

In die volgende strofes met hul mooie siening en  
segging gaan die klag oor in dringende smeking:

Hoe lang ben ik, van hulpe bloot,  
Mijn God, in uw' gedachten dood?  
Hoe lang, bedompt in duysternissen,  
Moet ik uw's aanschijs klaarheid missen,  
En ongetroost zijn in mijn nood?

Hoe lang zal banger zorg en smert  
Haar leger houden om mijn hert,  
Ja dag op dag met wee door-treffen;  
En zich mijn vyand trots verheffen,  
Als hy mijn ziel zoo ziet benert?

Let op die versnelling in die ritme as die verandering in  
toon intree met die volgende strofe:

O! dat uw' oog my open ga!  
O dat uw' oor my gunstig sta!  
Beson mijn oogen met uw' luyster,  
Op dat my 't eeuwig eeuwig duyster  
Met zijne schaduw niet besla.

- Ps. 13.

Die ritmiese skoonheid van Camphuysen se beryming  
is dikwels geleë in metriese afwykinge, byvoorbeeld in  
die volgende waar afgewyk word van die jambiese maat.

(Ek onderstreep):

Geef ooren, God, tot mijne reden.  
Verschuyf dy niet voor mijne beden.  
Hoórt, en vérhoortme. Want vól klágen  
En nare onrust is mijn hart,  
Terwijl mijn vyand my berart,  
En door zijn stemme doet vertzagen.

.....

De ziel, bestolpt met grouwel vlagen,  
Dringt mijne tong aldus te klagen:  
O! had ik snelle duyven-schachten,  
Ik vloóg vér heón, en zocht een ste'e  
Om hier of daar in stilt' in vre'e  
Op berg of heyde te vernachten.

- Ps. 55.

Camphuysen /

Camphuysen het ook mooi vertolkings van lofpsalms gelewer. Let op hoe die jubilering tot uiting kom in die lewendige ritme:

Uyt over-volle zielen-kracht  
Dank ik Dy! Heer, en roem uw' macht:  
En wilder tong en pen toe stellen,  
Om uwe wond'ren te vertellen.

In Gode is mijn hart verheugd.  
God is fonteyn van alle vreugd.  
Des Alderhoogsten lof te zingen  
Gaaf my voor alle and're dinge.

- Ps. 9.

Besonder effektief word die paarrym hier aangewend om die vreugde te verklank.

Mooi is die Godverheerlikende toon in Ps. 15.

Hier word die effek bereik deur die statige ritme:

Wie stijgt zoo hoog in heyl en eer,  
Dat hy met Dy, de grootste Koning,  
Met Dy, de allerhoogste Heer,  
Op uw' gewijden berg verkeer,  
En plaats be-erv' in uwe woning?

In die aanvangsverse van die volgende strofe met sy opgewekte ritme hoor ons die helder, kort vokale:

Loof hem met het hel en schel  
Oor-door-dringend cimbel-spiel:  
Cimbel-spiel, vermaakt van goest  
In triumph en zege-feest.  
Loof en zingt, al wat kan zingen.  
Loof al wat de borst beweegt,  
En met adem vult en leegt,  
Loof den Heere ailer dinge.

- Ps. 150.

Tot Camphuysen se beste werk behoort twee uit die groep vryere vertolkings wat nie in sy kerklike bundel opgeneem is nie, nl. Over Psalm 23 en Uytbreyding over Psalm 125. Op eersgenoemde sal die aandag later gevestig word as Camphuysen se invloed op die Afrikaanse beryming bespreek word. Hier volg die Uytbreyding over Psalm 125 wat met sy mooi sangerigheid ook invloed op Totius gehad het:

Wat /



Wat winden dat' er ruyschen,  
wat regen dat' er plast,  
Het hooge Huys van Zion  
staat onbeweegt en vast.

Wat menschen dat' er dreygen  
te moorden en verslaan,  
Al die op God vertrouwen,  
en zullen niet vergaan.

De hoog-getopte bergen  
Zijn als een vaste schans  
Rondsom Jerus'lem heenen,  
geen vyand heeft'er kans.

Hy zal 't rechtvaardig hoopjen,  
zijn duur bemind Geschlacht,  
Niet eeuwig laten blijven  
in boozen menschen macht.

Op dat het de godloosheyd  
te met niet in en zuip,  
En door het boozen by-zijn  
die haar in 't hart niet sluyp.

God, diese van u af-wijst  
die 't kromme pad inslaan,  
Doe wel den vromen harten  
die reyne wegen gaan.

'k Bid dat gy dijn Israel  
den zoeten vrede geeft,  
Den vrede laat behouden,  
zoo lang maar als hy leeft.

Naas die mooi vertolkinge is daar ook dié wat  
minder mooi en selfs ontsierend is. Onbesield en rit-  
mies power is:

De toorn-damp die ten neus' uyt stroomt  
En als een vlam komt schieten,  
Sal 't al end al vernieten,  
Wanneer 't, van uwen vloek bestroomt,  
Met zijn gehele aard  
Gantsch weg moet van der Aard.

Met recht. Want 't harte stond gereed  
(Al dekten 't zeer behendig  
Den raad-slag van 't inwendig)  
U, in den uwen te doen leed,  
Doch heeft met al zijn moeyt'  
Het schelm-stuk niet vol-broeyt.

- Ps. 21.

Soms word op onpaslike wyse van God gepraat:

.....  
Gy, die in loon en straffe toe te leggen  
Vol-billijk zyt: den rechten, goed en recht;  
Den reynen, reyn; trouw Heer, aan trouwe knecht.

Den /

Den loozen, loos om zijne schalke treken  
Door tegen-list, tot schand van hem, te breken;  
Den lagen, laag, en met genaad' ontrent;  
Om zijnen rug t'ontslaven van ellend;  
Den trotzen trots, om 't hoog-verwond gezichte  
Des stouten oogs, zijn opslag te doen zwichten.  
Gy zijt het, God, die my, van staat veracht  
En onvermaart, ter klaarheid hebt gebracht.

- Ps. 18.

In die Nederlandse Bybelvertaling lui hierdie gedeelte:

„Bij den reine houdt Gij U rein; maar bij den  
verkeerde bewijst Gij U eenen Worstelaar.”

Hierdie psalmberyming was Camphuysen se swanesang.  
Dr. G. Kalff skryf: „Had men indertijd tot Camphuysen de  
vraag gericht, welk zijner dichterlijke werken hij het  
hoogst stelde, hij zou vermoedelijk - indien hij de vraag  
niet te ijdel had geacht - gewezen hebben op zijne Uyt-  
breiding over de psalmen des propheten Davids. Immers,  
met welk voortbrengsel zijner kunst mocht hij hopen, meer  
mensen te zullen stichten en verbeteren? (37) Hier-  
die uitspraak is in 'n sekere sin deur Camphuysen self  
bevestig toe hy op sy laaste siekbed, veertien weke voor  
sy dood, gesê het „de Heere sij gedanckt en gepreesen:  
het psalmboek is voltrocken.” (38)

Ook die nageslag kan bly wees oor die psalmberyming  
in Camphuysen se letterkundige nalatenskap. Veel daarin  
dra die stempel van onverganklike digterskap.

#### VONDEL SE HARPZANGEN.

In 1657 het Vondel se Koning Davids Harpzangen  
verskyn. (39). Vondel se psalmberyming is nie vir  
kerklike doeleindes geskryf nie. Sy vertolkinge is  
meesal „uitbreidings” op die Hebreuse psalms, dikwels  
met 'n sterk persoonlike aksent. Verwey het die Harp-  
zangen as volg gekarakteriseer: „Zij zijn vertalingen,

eerder /

eerder nog bewerkingen van de Psalmen, maar de bewerkingen zijn dikwels zo vrij dat men ze oorspronkelijke gedichten kan achten. Ze zijn lyrisch, maar door Vondel gezien als Davids psalmen, kan men ze haast als dramatisch beschouwen, immers altijd aan David in de mond gelegd. Zij raken dus aan verschillende soorten en zijn nochtans in Vondels werk een geheel eigen soort. Zij zijn namelijk bepaaldelijk Vondels vorm van religieuze uitstorting. Tot onmiddellijke uitstorting van zijn religieus gevoel kwam hij betrekkelijk zelden. Liederen en gebeden waarin hij dat gevoel in eigen naam uitstort, vindt men nauwelijks. Zijn voorwerpelijke aard weerhield hem een bundel Geistliche Lieder te schrijven zoals Novalis er een geschreven heeft. Maar hier, in de Harpzangen, ontmoet men hem. Daar zijn de liederen en gebeden even innig en onmiddelijk als die van Novalis, maar ze zijn Psalmen van David." (40)

Hoewel die Harpzangen tot Vondel se minder bekende werk behoort, herken mens aan die forse ritme en felle beelding van vele van hierdie vertolkinge die grootste digter van Nederland se Goue Eeu. Vondel openbaar hier meesterskap oor 'n groot verskeidenheid vorme, hoewel hy nooit in sy psalmvertolkinge die hoogtes bereik van sy Godvorheerlikende reisange (Lucifer) nie.

Vondel het die psalms bewerk volgens die Latynse Vulgaat. Bokant elke Harpzang plaas hy die aanvangswoorde van die Latynse vertaling. In sy numering van die psalms hou Vondel hom ook aan die Vulgaat, sodat hy verskil van dié van die ander beryminge wat hier behandel word.

Na aanleiding van die verdriet wat sy seun hom aangedoen het, het Vondel gesê: „Indien ik de troost en verquikking der Psalmen niet hadde, ik verging in myn

elende /

elende." (41) Prof. B.H. Molkenboer grond sy mening dat die digter in die vertolking van die psalms uiting gevind het vir sy persoonlike leed op hiérdie woorde.<sup>(42)</sup> In sommige gevalle beluister mens ook Vondel se ontboeseminge na aanleiding van verwickelinge in sy geloofslewe. Die twee slotverse van die volgende word deur Molkenboer (43) beskou as van toepassing op Vondel se bekering:

'k Liet mijn gedachten over al  
Gods wonderdaân  
En wonderbare werken gaan,  
Verbaasd om dit ontelbaar tal:  
Dit gaf me stof  
Hem prijs en lof  
En dank op t' offren, in zijn tent,  
Gelijk ik doorgaans hen gewend.  
Toen wijdde ik hem met groot verlangen  
Mijn keel, en harp, en harpgezangen.

- De XXVI. Harpzang.

'n Sterk persoonlike aksent hoor ons ook in die vertolking van Ps. 52. Die hekeldigter Vondel staan ons hier voor die gees:

O Aartsverrader, die dus zwelt  
Van hovaardije, en op uw macht,  
Door moord en wreedheid en geweld  
Verworven, roent en elk belacht;  
Hoe stoft gij dus op uw beleid?  
Uw tong, geslepen als een vlim,  
Breit lagen, als de schaduw scheidt,  
Totdat de zon duikt op de kim.

- De LI. Harpzang.

In verse soos die volgende word die Hebreëuse digter oorspronklik deur die klank van die felbewoë sewentiende-eeuse digter met sy staatkundige en godsdienstige stryd:

Hierom zal God ten leste u mee  
Verdelgen in den grond, en fel  
Verjagen uit uw hutte en steê,  
In ballingschap, als een rebel.  
Hij zal met tak en wortel u  
Uitrooien uit het vaderland,  
Daar gij uw adem tot nog toe  
Geschept hebt in gerusten stand.

- De LI. Harpzang.

Hoe word mens nie in hierdie verse aangegryp deur die forse uiting van 'n felbewoë digterlike gees nie.

In Vondel se vertolking van Ps. 60 hoor ons ook die weerklank van die sewentiende eeu:

Gencees de wonden van den Staat,  
Gelijk een arts,  
Die vier en ijzer neemt te baat,  
En na veel smerts  
Het krankbed heelt, dat kranken  
Hem danken;  
Dewijl hij trouw  
Hen helcn wou  
Door pijn en bittere dranken.

- De LIX. Harpzang.

Getoets aan die strenger vereistes vir 'n kerklik-liturgiese psalmberyming vertoon Vondel se werk vanselfsprekend baie tekortkominge; tog is hier veel wat as poësie groter bekendheid verdien.

Ps. 8 het Vondel geïnspireer tot 'n mooi, ook eksegeties heel bevredigende vertolking. Soos magtige orre-musiek klink hierdie verse met hul forse ritme. Die vol-sinne beweeg statig binne die grense van metrum en rym. Enjambemente speel 'n belangrike rol om die grootsheid van die skepping uit te beeld: (Ek onderstreep)

O Heer, ons aller Heer,  
Hoe schiet de zon van uwen naam en eer  
Haar heldere wonderstralen  
Zo verre om d'aarde, en over alle palen!  
Want uwe heerlijkheid,  
Uw goedheid, macht, en wijsheid, uitgespreid  
In 't scheppen, wijder springen  
Dan 't groot begriip der heemlen en hun ringen.  
.....

- De VIII. Harpzang.

Innig is die vertolking van Ps. 23:

d' Almachtige is mijn herder, en geleide.  
Wat is er dat me schort?  
Hij weidt mij, als zijn schaap, in vette weide,  
Daar gras noch groen verdort.  
.....

Al zwerf ik om in nare en donkre dalen,  
Beschaduw'd van den dood,  
Nog vreest mijn hart geen ongeluk, noch kwalen:  
Hij staat me bij in nood.

- De XXII. Harpzang.

Ook die volgende is sterk verse:

Wanneer mijn geest in duisternis  
Van rampen vreest,  
Dan wordt mijn aangevochten geest  
Van God, die 's vromen trooster is  
En hulp, verlicht;  
En mijn gezicht,  
Beneveld van de zwarigheên,  
Aanschouwt hoe mijne hulp verscheen  
Van mijn behoeder, nooit volprezen.  
Wat aanstoot staat mij dan te vrezen?

- De XXVI. Harpzang.

Die twee kort rymende verse in die middel van die strofe  
het hoë klank-simboliese waarde. Dit teken die ommekeer  
in die digtor se gemoed.

Ps. 51 is een van dié waarvan Vondel 'n besonder  
Skrifgetroue vertolking gelewer het:

Ontferm u mijns, o God, in mijne elende,  
Naar uw genade en goedheid, zonder maat:  
Naar uw genade en goedheid, zonder ende,  
Wis teffens uit mijn doodschuld, al te kwaad.  
Och, was mijn hart, zo schuldig aan uw toren,  
En zuiver mij, die zo bezoedeld ben;  
Naardien ik nu mijn misdaads schandvlek ken,  
En mijn misdrijf mij telkens komt te voren.

- De L. Harpzang.

Mooi word die klaagtoon hier deur die ritme en die slepende  
klanke vertolk. In die laaste helfte van die volgende  
strofe is die enjambement besonder effektief om die ge-  
dagte, beliggaam in die volsin, onbelemmerd sy gang te  
laat gaan:

Geef mij dees vreugd, die uit uw heil komt  
bortelen  
Gelijk een bron, en lijf en ziel verkwikt;  
En laat uw wet in mijnen boezem wortelen,  
Door uwen Geest, een kracht, die 't al beskikt:  
Dan zal ik zelf de trouwelozen lere  
De rechte baan, waarlangs men stijgt naar God.  
De reukloze en godeloze rot  
Zal, schuw van 't kwaad, zich naar den Schepper  
keren.

In /

In Vondel se vertolking van Ps. 54 word die klaagtoon geskop deur langgerokte uitgange afgewissel deur klemkragtige eenlettergropige rymwoorde:

Beschut me, o Heer,  
Door uwen groten naam alleen,  
Gelijk weleer,  
En koom door uwe macht  
Den rechterstoel bekleên,  
Op mijne klacht

O Heer verhoor  
Mijn jammerklachten, en gebeên,  
En neig uw oor  
Genadig naar de stem  
Van 't hart, dat hier beneên,  
Is in de klem:

- De LIII. Harpzang.

Mooi is die aanwending hier van die ee-klank. Ons merk ook op hoe die klag gedra word in die lang volsinne. In die eerste vers van die tweede strofe verkry verhoor 'n besondere smeekkrag deur die enjambement. Na hierdie klag word die ritme lewendiger in die tweede vers van die volgende strofe as die digter die dreigende gevaar beskryf. Let op die monosillabiese rymwoorde van kragtige daadsuggestie:

Want vreemden staan  
Mij tegen, en een sterke rot  
Rukt op mij aan,  
En mikt met spiets en boog,  
Ontziet Gods macht, noch God,  
Noch 't alziende oog:

- De LIII. Harpzang.

In die vertolking van hierdie psalm het Vondel sy eie vorm, vryer van beweging, gekies.

In Vondel se vertolking van Ps. 113 het ons die Godverheerlikende jubeltoon en die grootse siening, hoewel dit nie die heerlike orrelmusiek van die beroemde reisang in Lucifer is nie:

Jonge /

Jonge knapen, valt aan 't loven.  
Looft den naam van 's hemels Heer,  
Almachts naam zij heerlijk boven  
Aan gezet in top van eer,  
Nu voortaan, en t' allen tijden.  
Looft dien naam van daar het licht  
's Morgens komt ter kinne uitrijden,  
Tot in 't westen, daar het zwicht  
's Avonds, in het nederdalen.  
God zit hoog op zijnen troon  
Boven 't volk van alle talen,  
Boven 's hemels top ten toon,  
In zijn glorierijke glanser.  
Waar is ergens Gods gelijk,  
Die zich boven 's hemels transen,  
Zette in 't licht van 't eeuwig rijk,  
En beneen zich 's hemels ronden  
En den aardkloot zinken ziet?

- De CXII. Harpzang.

Vondel was ook nie altyd gelukkig met sy vorme  
nie. In sy vertolking van Ps. 55 doen die sg. Adoniese  
metrum ( / — — / — ), hoewel sangerig, nie deurgaans as  
doeltreffend aan nie. Hierdie moeilike rym klink soms  
te geforseerd om die gevoelstoon suiwer te bewaar:

Want zij te gader, vol godeloosheid,  
Mij, in mijn droefheid, krankheid en broosheid,  
Wraakgierig plagen, en, naar hun boosheid,  
Lastren en schenden:  
Dat roert mijn harsens, krenkt mijne zinnen.  
Schrikken verflauwen 't hart nu van binnen.  
Doodschrikken steken, met al hun vinnon,  
In mijne elenden.

- De LIV. Harpzang.

Dic metrum bly so nadreun dat dit heeltemal die inhoud  
oorstem.

Met hierdie karakteristiek word afgestap van die  
sewentiende-eeuse psalmberyminge wat van belang is vir  
hierdie studie.

DIE BERYMING VAN 1773.

Ten spyte van al die besware teen Datheen se werk  
kon geen ander psalmboek dit verdring voor laat in die  
agtiende eeu nie, al het Constantijn Huygens reeds in  
die sewentiende eeu met die verskyning van Henrick Bruno



se psalmberyming (1656) geskryf:

Veel' hebben wel gedaen dat Bruno seer wel doet:  
De waerheit naer te gaen, was noyt verloren moet.  
Treckt ijeder na dien Prijs: hij waeght' er oock  
een lot nae.

Maer dat een van Datheen, daer is de wereld sot nae.  
Hoe soo? 'tis 'toudste kind, en daerom goed en soet;  
'De vrome zynder te vreen in haer gemoet;  
'T magh wezen; maer ick vrees, 'tis all te vre'en,  
op God nae.  
(44)

Sodert 1754 was die invoering van 'n nuwe beryming in die Gereformeerde kerke telkens ter sprake in klassikale vergaderinge en provinsiale sinodes.

'n Nuwe psalmberyming kon, net soos in die geval van die nuwe Bybelvertaling, alleen ingevoer word met die goedkeuring van die State-Generaal. In Mei 1762 het die State-Generaal die invoering van 'n nuwe psalmboek in beginsel goedgekeur.

Intussen het daar in Nederland heelwat psalmvertolkinge die lig gesien. Daar is uiteindelik besluit om 'n nuwe beryming saam te stel uit drie bestaande werke nl.:

- (i) Den Hoonigraat der Psalmdichten, ofte Davids Psalmen met d'andere Lof-sangen, op sangmate door verscheidene autheuren, zijnde een verzaameling uit de seeventien berijmde psalmboeken van P. Dathenus, Ph. de Warrix, A. de Hubert, D. Camphuysen, H. Geldorpius, J. Revius, C. Boey, Ch. van Heule, J. Westerbaan, H. Bruno, J. Clerquius, H. Celosse, D. van Disseling, J. Six, S. van Huls, J. Oudaen en J. Roldans door Hendrik Ghysen (1686);
- (ii) Proewe Eener Nieuwe Berijming van Het Boek Der Psalmen, ontworpen door Joannes Eusebius Voet, Beschaafd, en dus voltooid door een Genootschap van Godgeleerden, Taal- en Dichtminnaars, te

samen /

samen leden der gereformeerde Kerk in Nederland  
(1763);

(iii) Het Boek der Psalmen, opnieuw in dichtmaat ge-  
bragt door Laus Deo, salus populo (1760).

Hierdie laaste beryming was meesal die werk van Doopge-  
sindes en Remonstrante.

Om die nuwe psalmboek saam te stel, is nege pre-  
dikante deur verskillende sinodes aangewys. Afgevaar-  
digdes van die State-Generaal het ook sitting gehad op  
die vergaderinge.

In Januarie 1773 is begin met die werk, en in  
Julie van dieselfde jaar was dit reeds voltooi. Van  
die honderd-en-vyftig psalms is tien gekies uit die be-  
rijming van Ghijsen, twee-en-tagtig uit dié van Voet en  
agt-en-vyftig uit die van die genootskap „Laus Deo,  
salus populo“. In 1775 is die nuwe Nederlandse psalm-  
beryming, in sommige gevalle nie sonder teenstand nie,  
in gebruik geneem.

Waar so baie berymers meegewerk het aan hierdie  
psalmbundel laat dit sig moeilik as 'n geheel karakteri-  
seer. Afgesien van geringe ontleninge deur Hendrik  
Ghijsen aan die werke van Marnix, Camphuysen en Revius,  
het geen digter van naam 'n bydrae gelewer tot die be-  
ryming van 1773 nie.

Hierdie werk is 'n produk van die agtiende eeu,  
'n tydperk van geestelike insinking in Nederland. Die  
mooiste vertolkinge in hierdie bundel behoort tot die  
beste wat hierdie eeu op letterkundige gebied in Neder-  
land opgelewer het. Ongelukkig kon hierdie werk, soos  
enige letterkundige werk, nie ontkom aan die beperkinge  
van sy tyd nie. Naas die skoonhede vind ons hier dus  
veel wat arm is aan digterlikheid.

Die swakhede in hierdie beryming is ook nie net van suiwer estetiese aard nie; daar is ook gedeeltes wat eksegeties nie 'n suiwere vertolking van die Hebreuse psalm is nie. Daar is vertolkings wat onder invloed staan van die deugdeleer wat destyds opgang gemaak het. In sommige gevalle kan eksegeties onjuiste vertolking toegeskryf word aan gedeeltes in die Statevertaling van die Bybel wat 'n onsuiwer weergawe is van die oorspronklike. Daar is egter ook gevalle waar die oorsaak vir onjuiste weergawe by die berymer self gesoek moet word.

Hier word volstaan met enkele voorbeelde van onskriftuurlike vertolking. Baie bekend is die valse deugdeleer wat in die laaste strofe van Ps. 1 verkondig word: (Ek onderstreep).

De Heer toch slaat der menschen wegen gâ,  
En wendt alom het oog van zijn genâ  
Op zulken die, oprecht en rein van zeden,  
Met vasten gang het pad der deugd betreden.  
God kent hun weg, die eeuwig zal bestaan,  
Maar 't heilloos spoor der boozen zal vergaan.

Nederlandse Bybel:

Want de Heere kent den weg der rechtvaardigen;  
maar de weg der goddeloozen zal vergaan.

Die volgende uit Ps. 10 is deur die Nederlandse berymer letterlik geïnterpreteer:

.... onder zijne tong is moete en ongerechtigheid.  
Zijn tong bedekt de moete' en 't zielsverdriet.

In die Afrikaanse beryming is die weergawe getrouer:

.....  
sy tong spreek moete en ongeregtigheid.

Strydig met die gees van die Hebreuse psalm is:

.....  
D' Allerhoogste maakt het goed,  
Na het zure geeft Hij 't zoet.

- Ps. 77.

Dit /

Dit is veral eksegetiese besware soos hierdie wat in Nederland die behoefte laat ontstaan het aan 'n nuwe beryming.

Tog is daar veel in die beryming van 1773 wat mooi is, psalms en gedeeltes van psalms wat geliefd geword het, ook in ons land, bv. Pss. 25, 42, 65, 68, 81, 84, 100, 105, 116, 118, 134, en 146.

Die volgende juweeltjie ken ons vanaf ons kinderdade:

Opent uwen mond.  
Eischt van Mij vrijmoedig,  
Op Mijn trouwverbond;  
Al wat u ontbreekt,  
Schenk Ik, zoo gij 't smeekt,  
Mild en overvloedig.

- Ps. 81.

Minder bekend maar ook heel geslaagd is, veral deur die ritme en die mooi gang van die volsin:

Gij hebt m' in 't hart meer vreugd gegee,  
Dan anderen smaken in een tijd,  
Als zij, door aardsch geluk verheven,  
Bij koorn en most wellustig leven,  
In hunnan overvloed verblijd.

- Ps. 4.

Ontroerd word die bede vertolk in die volgende strofe met sy effektiewe rymskema:

O HEER, Gij zijt weldadig;  
Straf mij niet ongenadig  
In Uwen toornegloed.  
Ai, matig Uw kastijden;  
Slamij met medelijden,  
Gelijk een vader doet.

- Ps. 6.

Innig is die vertolking in:

O mijn ziel, wat buigt g' u neder?  
Waartoe zijt g' in mij ontrust?  
Voed het oud vertrouwen weder;  
Zoek in 's Hoogsten lof uw lust;  
Menigwerf heeft Hij uw druk  
Doen verand'ren in geluk;  
Hoop op Hem, sla 't oog naar boven;  
Ik zal God, mijn God, nog loven.

- Ps. 42.

'n /

'n Vergelyking tussen die eerste vers met sy weemoedige klag (gedra deur die slepende ritme) en die laaste vers met sy blye geloofsversekerdheid (weergegee deur die opgewekte ritme) laat duidelik blyk hoe die toon in hierdie strofe verander.

Die volgende is uit Ps. 51:

't Is niet alleen dit kwaad, dat roept om straf;  
Neen, 'k ben in ongerechtigheid geboren;  
Mijn zonde maakt mij 't voorwerp van Uw toren,  
Reeds van het uur van mijn ontvang'nis af.  
Zie, Gij hebt lust tot waarheid in 't gemoed;  
Gij, Heer, die weet, al wat ik heb misdreven,  
Gij, die mijn geest met wijsheid hadt gevoedt,  
En in mijn ziel Uw godd'lijk licht gegeven.

Deur die afwyking van die metrum verkry neen en reeds aan die begin van die tweede en vierde verse 'n besondere effek om die klag te versterk. Dieselfde geld vir Gij in die twee voorlaaste verse.

In Ps. 33 word die jubeltoon weergegee in verse met 'n dartelende ritme:

Zingt vroolijk, heft de stem naar boven,  
Rechtvaardigen, verheft den Heer.  
Het past oprechten, God te loven;  
Zingt Zijnen grooten naam ter eer.  
Prijst Hem in uw psalmen,  
Met de schoonste galmen;  
Roept Zijn weldaân uit;  
Laat de keel zich paren  
Met den klank der snaren;  
Looft Hem met de luit.

Luister na die blye klank van die rym, veral van die paarrym, in die korter verse.

Tot die mooiste lofliedere behoort Pss. 100 en 146 wat te bekend is om hier aangehaal te word.

Uit dit alles sal blyk dat die Nederlandse psalmboek nie sonder rede soveel jare 'n belangrike rol gespeel het nie. Hierdie werk sal meer ter sprake kom as die ander Nederlandse beryminge wanneer die invloed op die Afrikaanse vertolking behandel word. Hier kan dus volstaan word deur nog net die aandag te vestig op

enkele /

enkele tipiese literêre swakhede van hierdie agtiende-  
eeuse psalmbundel.

In die vertolking van Ps. 5 het ons ondeurvoelde  
verse:

Ik zal, door iervuur aan 't blaken  
O Heer, bij 't scheinrend morgenlicht  
My stellen voor Uw aangezicht;  
Oprechte boezenzuchten slaken,  
En biddend waken.

In Ps. 10 lui dit:

Hij loert, en houdt zich in het donker schuil,  
Gelijk een leeuw, die in zijn hol zich zet;  
d'Ellendigen verrast hij uit zijn kuil;  
Hij heeft zijn klauw en tanden scherp gewet  
En trekt zijn prooi in 't dicht belommerd net;  
Hij buigt zich, duikt, en ijlings toegeschoten,  
Valt d' arme hoop hem in de sterke pooten..

Dit is 'n verknoeiing van die oorspronklike wat Noordt zij  
in sy vertaling en verklaring van die psalms as volg gee:

Hij legt zich heimelijk in hinderlaag als een  
leeuw in struikgewas;  
hij legt zich in hinderlaag om den nedergebogene  
te vangen;  
hij vangt den nedergebogene door het net toe  
te halen.  
Getroffen zinkt deze ter aarde; dan valt de  
ongelukkige in zijn macht.

Onskriftuurlik en hier dus ook esteties onbevredigend is:

Behaag' U, Heer, naar mijn gebed,  
Geschrei en goede zaak te hooren;  
'k Vermoei met geen bedrog Uw ooren;

- Ps. 17.

Die gemis aan digterlike beeldingsvermoë word die  
treffendste geïllustreer deur psalms met grootse sieninge  
wat nie beskryf, maar slegs gebeeld kan word, bv. Pss. 8,  
18, 29, 48, 50, ens. Digterlike onmag lei soms tot die  
ergste retoriek:

Dit zag de zee met bevend oogen aan,  
en vlood terug; .....

- Ps. 114.

Die /

Die besware teen die beryming van 1773 is dus nie net van eksegetiese nie, maar ook van estetiese aard. Middelmattige en swak vertolkings neem so 'n groot plek in naas die skoonhede dat hierdie beryming as geheel 'n uiters middelmattige indruk nalaat.

#### HASPER SE BERYMING.

Tot onlangs kon in Nederland geen ander psalmboek in die plek gestel word van die onbevredigende bundel uit die agtiende eeu nie. Eers in 1949 het die Gereformeerde Kerke in Nederland die nuwe beryming van Ds. H. Hasper aanvaar. Hierdie werk is getitel: Het Boek der Psalmen naar het Hebreeuws bewerkt op de oorspronkelijke melodieën der Reformatie, Leeuwarden, 1949. Hierdie vertolking is ook in 1950 aanvaar deur die Gereformeerde Kerke in Indonesië. Ander Nederlandse kerke gebruik vandag nog die beryming van 1773.

Hoewel die nuwe Nederlandse beryming nie behoort tot die agtergrond van die Afrikaanse psalmberyming nie, kan hier interessantheidshalwe tog sekere feite in verband daarmee gegee word.

Reeds in 1936 het Ds. Hasper 'n psalmberyming die lig laat sien: Het Boek der Psalmen van Israel op de oorspronkelijke melodieën uit de zestiende eeuw opnieuw bewerkt en van aantekeningen voorzien. Hierdie werk het as proefbundel gedien en hieruit, en uit Ds. Hasper se proefbundel van 1948, het die beryming van 1949 gegroei.

Ds. Hasper het in sy vertolking gestreef na eksegetiese suiwerheid en die behoud van die sestiende-eeuse reformatoriese melodieë. Hierdie twee kriteria het hoofsaak geword nadat dit geblyk het dat geen digter die

taak /

taak van 'n nuwe psalmberyming volgens Calvinistiese opvatting sou aandurf nie. Niemand minder as die berymmer self het na 'n digter gesoek nie. (45) Hieruit, sowel as uit die bundel self, blyk duidelik dat Hasper geen aanspraak op digterskap maak nie. Die „versvorm“ van sy werk verdedig hy as volg: „De versvorm voor de psalmen echter is er niet om de belletrie, doch dient om Gods Woord „zingbaar“ te maken in 'de ecredienst van Christus' Gemeente en om dit deel der Heilige Schrift te vaster in het geheugen te prenten. Ieder leert (door rijm en rythme) een vers gemakkelijker dan een stuk proza.“ (46)

Neem mens Hasper hier letterlik op, kan daar ernstige kritiek ingebring word teen sy werk. Dan beteken dit dat hy 'n digterlike vers bedoel, 'n vers met digterlike ritme en rym. Sy beryming self - ook die bundel van 1936 - en sy instelling teenoor sy taak loënstraf egter hierdie interpretasie. By hom het dit nie gegaan om „de belletrie“ nie. Dit sondig dus teen alle literêre beginsels om hierdie psalmberyming wat geen poësie kan en wil wees nie, in alle erns aan literêre kritiek te onderwerp.

Om die aard van hierdie psalmberyming te illustreer, word hier een van die vertolkinge gesitueer:

Voorwaar, mijn ziel is stil tot God,  
want Hij beschikt mijn levenslot;  
Hij wil mijn rots, mijn Rodder wezen.  
Hij is mijn toevlucht in den nood,  
mijn heil in leven en in dood;  
ik zal niet wankelen noch vrezen.

Hoe lang, o vijand zult ge' een man,  
die zich niet meer verweren kan,  
bestormen en zijn smart vergroten?  
Gelijk een wand, die reeds bezwijkt,  
een muur, die uit zijn voegen wijkt,  
zult ge allen worden omgestoten.

Mijn /



Mijn tegenstanders spannen saam  
om mij mijn ereplaats, mijn naam,  
door list en lastertaal te ontroven.  
Zie, hoe vervloeking in hen leeft,  
terwijl hun mond een zegen geeft;  
nooit zijn hun woorden te geloven.

Mijn ziel, keer u dan stil tot God;  
leg rustig in zijn hand uw lot;  
van Hem zal mijn verwachting wezen.  
Hij is mijn toevlucht in den nood,  
Mijn heil in leven en in dood;  
ik zal niet wankelen noch vrezén.

In God rust al mijn heil, mijn eer.  
Hij is mijn rots, mijn tegenweer,  
mijn toevlucht in het bangste lijden.  
Vertrouw op Hem, o volk, in smart;  
stort voor Hem uit uw ganse hart:  
God is de toevlucht aller tijden.

Voorwaar een mens, hoezeer hij pocht,  
is lichter dan een ademtocht,  
in 's Heren zuiv're schaal gewogen.  
Vertrouw dan niet op d'wing'landij,  
verwacht geen heil van roverij;  
zet nooit uw hart op uw vermogen.

Zie, God sprak eens tot mij een woord,  
- tot tweemaal toe heb ik 't gehoord -:  
„De kracht is Godes, Hij kan sterken.“  
Zo zal uw goedertierenheid,  
die mijn beangst gemoed bevrijdt,  
een ieder geven loon naar werken.

- Ps. 62.

Opmerklik is die verskil tussen die eerste strofe wat literêr nie so onverdienstelik is nie, en die tweede strofe wat meer tiperend van hierdie beryming is.

Hasper het ook aan die beryming van 1773 ontleen, maar van ontleninge word geen verantwoording gedoen in die uitgawe wat ek voor my het nie.

Die Nederlandse beryming van 1949 is 'n konkrete illustrasie van die literêre probleem wat deur psalmberyming geskep word. Hier sien ons hoe van die twee wesenstrekke van die Hebreeuse psalm: Bybelse waarheid en poëtiese skoonheid, die tweede prysgegee moes word toe daar nie 'n digter was om te voldoen aan die besondere vereistes vir die psalmvertolker nie.

Psalmberyming /

PSALMBERYMING IN SUID-AFRIKA.

Die jongste Nederlandse beryming uitgesonder, speel die beryminge hierbo bespreek, 'n belangrike rol in die geskiedenis van psalmberyming in Suid-Afrika. Eers was dit Datheen se beryming wat hier diens gedoen het. Hierdie beryming is ook in ons land deur die beryming - 1773 vervang.

Psalmberyming in Afrikaans begin in die vroeë twintiger jare van hierdie eeu. Die eerste publikasie is C.J. Langenhoven se bundeltjie Gesange in Afrikaans (1922) waarin naas 'n dertigtal gesange en 'n paar vertaalde liedere ook 'n vertolking van Ps. 42 voorkom. Voor hierdie datum het Totius reeds met psalmberyming begin, (47) maar sy eerste bundel wat verskyn het, is 36 Psalme in Afrikaans (1922). Hierop volg 50 Psalme in Afrikaans (1923). In 1928 verskyn Proef-Lieder-bundel-Voorloper van die Nuwe Sangbundel in Afrikaans waarin naas gesange en liedere dertig psalmvertolkings van Totius opgeneem is. In 1929 het Totius se 60 Psalms in Afrikaans verskyn. Die Nuwe Halleluja van 1931 het sewe-en-sewentig psalmvertolkings van Totius bevat. Omstreeks hierdie tyd het daar ook in kerklike tydskrifte sporadies beryminge van enkele psalms verskyn. (48)

In 1935 is die beryming van die psalms in Afrikaans voltooi, en in 1937 verskyn Die Berymde Psalms bestaande uit die volledige honderdvyftig berymings van Totius, 'n tweede beryming van Ps. 23 van Dr. G.B.A. Gerdener en 'n tweede beryming van Ps. 130 van Ds. J.J. Kuhn.

Die /

Die Berymde Psalms is in 1937 deur die Gereformeerde Kerk in gebruik geneem. Opgeneem in die bundel Psalms en Gesange (1944) is hierdie berymde psalms in 1944 ook deur die Hervormde Kerk en deur die Nederduits-Gereformeerde Kerke aanvaar.

Met die Afrikaanse psalmberyming is die lang tradisie van Dietse psalmberyming in Suid-Afrika nie verbreek nie; inteendeel - Marnix, Camphuysen, Rorius, Vondel en die berymers van 1773 het almal hul bydraes gelewer vir die Afrikaanse psalmboek.

---

Aantekeninge by Hoofstuk II.

1. E. Doumergue: Calvyn in het Strijdperk. Vertaald door W.F.A. Winckel, Amsterdam, 1904.
2. T.a.p., p. 412.
3. T.a.p., p. 414.
4. Aangehaal uit M. Pierre Jannet: Oeuvres Complètes de Clément Marot IV, Paris, s.d.
5. Albert Verwey: Hendrick Laurensz. Spieghel, Groningen - Den Haag, 1919, p. 165.
6. Dr. W.A.P. Smit: Dichters der Reformatie in de zestiende Eeuw, Groningen, Batavia, 1939, pp.132-3.
7. T.a.p., p. 133.
8. Doumergue: t.a.p., pp. 420-1.
9. Psalmen Davids na d' Ebreeusche waerheyt, en d' alderbeste exemplairen, oft translatien, Liedekirswys in dichte gestelt: op de voysen en mate, van Clément Marots Psalmen. Autheur L.D.H. Ghent, 1565.
10. Aangehaal deur Dr. L. Knappert: Oude Nederlandsche Psalmberymingen (Handelingen en Mededeelingen van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden over het jaar 1905-6, Leiden, 1906, p. 33.)
11. Die titel van hierdie beryming word deur H.Hasper in sy Een Reformatorisch Kerkboek, Leeuwarden, 1941, p. 36, gegoe: De Psalmen Daudidis, in Nederlandischer sangs-ryme, door Ian VVtenhoue van Ghendt. Ghedruckt te Londen by Ian Dave den 12 Septembris. 1566.
12. Hasper, t.a.p., p. 38 gee die oorspronklike titel as: De Psalmen Daudis Ende ander Lofsanghen wt den francoyschen Dichte in Nederlantschen oerghesett Doer Petrvn Dathenvm.

13. Die uitgawe wat hier gebruik word is: De CL Psalmen van den Profeet David, met eenige andere lofzangen; uit het Fransch in het Nederduitsch overgezet door Petrus Dathenus, Gorinchem, 1865.
14. In die aangehaalde werk oor Hendrick Laurensz. Spieghel.
15. Dr. W.A.P. Smit: De Dichter Revius, Amsterdam, 1928, p. 246.
16. Dr. W.A.P. Smit: Dichters der Reformatie, p.131.
17. Dr. L. Knappert, t.a.p., p. 36.
18. Albert Verwey, t.a.p., pp. 166-7.
19. Dr. W.A.P. Smit, t.a.p., p. 134.
20. T.a.p., pp. 133-4.
21. In sy Dichters der Reformatie gee dr. Smit die oorspronklike titel as Het Boeck der Psalmen Davids. Wt de Hebreische spraecke in Nederduytschen dichte, op de ghewoonlijcke Francoische wyse overghesett, Door Philips van Marnix Heere van St. Aldegonde. Die uitgawe deur my gebruik is: De CL Psalmen Davids, overgeset en in dichte gestelt, uyt den Hebreischen door Philips van Marnix, Heere van Ste. Aldegonde, voor zijn doot van hem selven overgesien, ende op ontallicke plaetsen verbeteret. Tot Leyden, By Lowijs Elzevier, 1617, opgeneem deur J.J. van Toorenenbergen in sy Philips van Marnix van St. Aldegonde Godsdienstige en Kerkelijke Geschriften, Eerste Deel, 's Gravenhage, 1871.
22. Aangehaal deur Chr. Stapelkamp: Philips van Marnix van St. Aldegonde, pp. 16-7 (Lyceum - Herdrukten), Groningen - Batavia, 1948.

23. Aangehaal deur Dr. L. Knappert: Marnix en zine Psalmen (Marnix van Sinte Aldegonde Officieel Gedenkboek, Amsterdam, 1939, p. 166.
24. Dr. G.A. van Es: Hervorming en Calvinisme (Prof. Dr. F. Baur e.a.: Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden, III, Antwerpen - Brussel - 'S-Hertogenbosch, 1944, p. 203).
25. Aen de Hoog- ende welgheborene, Edele, Eerentfeste, Eerbare, Wiise, ende voorsienige Heeren, Mijn Heeren, Representerende de generale Staten der geunieerde Landen ende Provincien van herwaerts over, Ende aan hare gemeenten doende professie van de Euangelische Religie.
26. J.J. van Toorenenbergen, t.a.p., p. 185.
27. T.a.p., p. 187.
28. Verwey, T.a.p., p. 165-6.
29. De CL Psalmen Davids, Eerst in Nederlantsche dichte gebracht Door Petrum Dathenum, Ende Nu In sin ende riimen gebetert Door Iacobvm Reviun, Gedruckt tot Deventer, By Nathanael Cost Boeckverkoper, 1640.  
Dit is ook die uitgawe deur my gebruik.
30. Aen den Christelijcken Leser ende Sangcr.
31. Dr. W.A.P. Smit: De Dichter Revius, p. 253.
32. T.a.p., p. 259.
33. Die uitgawe deur my gebruik is: Uytbreyding Over de Psalmen Des Propheten Davids. Na de Fransche dicht-mate van C. Marot, en T. Beze. Door Diderik Camphuysen. Amsterdam, 1681, opgeneem in D. R. Camphuizens Stichtelyke Rymen, Om te lezen of te singen: Van veel Druckfouten verbeetert: door een Liefhebber der selve. De Negenhiende Druk. Met veele nieuwe wijzen vermeerdert. Amsterdam, 1681.

34. Aangehaal deur Dr. G. Kalff: Studiën over Nederlandsche Dichters der Zeventiende Eeuw, 2de druk, Haarlem, 1915, p. 521-2.
35. K. Heeroma: Camphuysen en zijn Stichtelijke Rymen (Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde, Deel LXVIII, Aflevering 1, p. 5.
36. Behalwe sy volledige psalmberyming wat Camphuysen gelewer het in opdrag van 'n Remonstrantse kring, waarin hy al die psalms berym het volgens gebruikelike kerklike melodieë, het hy vroeër ook 'n groot aantal psalms berym na ander melodieë, wat dus heelwat verskil van die kerklike bundel. Die term uytbreyding word gebesig beide i.v.m. die beryminge vir kerklike gebruik en die vroeëre nog vryere beryminge, maar in die geval van laasgenoemde word duideliker met die titel van die psalm aangedui dat dit 'n vrye vertolking is, bv. Uytbreyding over Psalm 125 of Over Psalm 125.
37. Dr. G. Kalff, t.a.p., p. 527.
38. Dr. G. Kalff, t.a.p., p. 530.
39. Die uitgawe deur my gebruik is: Albert Verwey: Vondel, volledige Dichtwerken en oorspronkelyk Proza, Amsterdam, 1937.
40. Albert Verwey, t.a.p., Inleiding, p. XXV.
41. Aangehaal deur prof. B.H. Molkenboer: De Werken van Vondel, VIII, Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1935, p. 219.
42. T.a.p., p. 219.
43. T.a.p., p. 285.
44. Dr. J.A. Worp: De Gedichten van Constantijn Huygens, V, Arnhem, z.j. p.285.
45. Sien Hoofstuk 1, p. 31.

46. Fedde Schurer: Haspers Psalmberyming (Kerk en Eredienst, IV, 2, p. 109.)
47. In 'n radiotoespraak aangehaal deur prof.G.Dekker: Die Afrikaanse Psalmberyming, p. 36-7, meld Totius: "Weens die smart wat ons toe daar op die plaas oorval het" (die dood van sy dogtertjie einde 1920 wat in Passieblomme beween word), "het ek net Psalm 100, een van die kortstes klaar gekry."
48. Onder andere het beryminge van die volgende psalms verskyn:
- Totius: Ps. 133 - Die Kerkblad, 4/3/1931.
- Totius: Ps. 114 - Die Kerkblad, 10/1/1934.
- Ds. J.J. Kuhn: Ps. 96 - Die Kerkbode, 3/1/1934.
-



Hoofstuk III.

TOTIUS SE VORMING.

Voordat Totius se beryming nader beskou word, moet ons ons nou eers rekenskap gee van hierdie digter se groei en geroepenheid tot, en sy toegerustheid vir die taak van psalmvertolker.

Totius se lewe en sy digtersloopbaan kan gesien word as 'n vormingsproses, 'n innerlike groei met die psalmberyming as die volrypte vrug. Dit is die geleidelike ontplooiing van 'n talent wat 'n hoogtepunt bereik in die kuns van psalmvertolking. Hierdie wonder is op so 'n wyse voltrek dat daarin reeds 'n goddelike bestiering gesien is. (1)

Om Totius se ontwikkelingsgang tot psalmvertolker in perspektief te stel, moet in die eerste plek aange-  
toon word hoe hy as mens en as digter gevorm is om die nasionale en persoonlike motiewe in die Hebreeuse psalms te vertolk. Tweedens moet nagegaan word hoe sy digter-  
persoonlikheid ingestel is om 'n psalmberyming te lewer wat beantwoord aan die doel van kerklik-liturgiese gebruik. Dan bly nog oor die ontwikkeling in die digter se tegniek - die vooruitgang wat daar te bespeur is in sy beheer van vers, taal en beeld.

NATIONALE EN PERSOONLIKE MOTIEWE IN TOTIUS SE POËSIE.

Wie die Hebreeuse psalms wil vertolk, moet hom kan inleef in die ontroeringe wat uiting vind in hierdie sange. Dit is veral volksleed en volksdankbaarheid, persoonlike leed en persoonlike vreugde, en die bitterste toorn oor die volks- en Godsvyand. Totius is deur sy lewe, en deur sy digkuns bestem om hierdie nasionaal- en persoonlik-religieuse inhoud so te belewe dat hy dit kon vertolk.

Gebore in 1877 in die Paarl word Totius groot in 'n tyd van nasionale en kulturele bewuswording. Sy vader, ds. S.J. du Toit, die geniale leier van die Eerste Beweging, het destyds sy drome gedroom en gesigte gesien in verband met die toekoms van die Afrikaner en sy taal. Met deurdrywenheid en onvermoeidheid wat eie was aan hom, het hy hom toegespits op die verwesenliking van sy godsdienstige, nasionale en kulturele ideale. Die Genootskap van Regte Afrikaners en die Afrikanerbond is gestig, Die Patriot is uitgegee, Afrikaanse boeke het die lig gesien, 'n begin is gemaak met die vertaling van die Bybel in Afrikaans, en agter dit alles - en op die voorpunt van dit alles: die onvermoeide, daadkrachtige leiersgestalte van ds. S.J. du Toit.

Te midde van hierdie bedrywigheid en heerlike bewuswording het Totius groot geword. Waar sy ouerhuis een van die brandpunte in die taal- en kultuurstryd was, moes belangrike invloede ingewerk het op sy hiervoor gevoelige gemoed, veral toe hy 'n bietjie ouer geword het.

In 1882 is ds. du Toit na Pretoria as Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek. „Hier het die jonge Totius in 'n sterk verskillende omgewing gekom: uit die Pêrel van die Patriotstryd in die Pretoria van na die eerste Vryheidsoorlog, van die Bolandse beskawing na die Transvaalse heroïsme." (2)

Dit was dae van onrus en groei, van woeling en stryd in die jong, daadkrachtige republiek. Byna aan die begin van hierdie veelbewoë tyd het ds. du Toit se eerste vrou, Totius se moeder, hom ontval.

In 1890 is ds. du Toit terug in die Paarl waar hy hom nou met sy drukpers besighou. Totius het toe al onderrig gehad aan die Hugenote-Gedenkskool op Daljosafat

en /

en die Duitse sendingskool Morgenzon te Rustenburg. In die negentiger jare het ds. S.J. du Toit se werk en strewe vir sy seun 'n intiemer betekenis gekry. In hierdie jare kon hy sy vader bystaan, nie slegs in sy redakteurswerk nie, maar ook deur letterkundige bydraes te lewer as Jaduto.

Die hoër onderwys wat Totius ontvang het, het soos die laer onderwys ten nouste aangesluit by sy Christelik-nasionale huislike opvoeding. Hy het vanaf 1896-'9 aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Burgersdorp en aan die Teologiese Skool self gestudeer. Vanaf 1900-'3 studeer hy aan die Vrye Universiteit, Amsterdam, waar hy die doktorsgraad in Teologie verkry. Saam met die ander faktore het die vorming wat hy op skool en aan die universiteit ondergaan het, baie bygedra tot sy Christelik-nasionale lewensbeskouing.

Om die werking van al die Christelik-nasionale invloede wat Totius ondergaan het, te verhewig en te verinnig, moes hy die Engelse Oorlog (1899-1902) beleef. Gedeeltelik moes hy dit self deurmaak as veldprediker voor hy oorsee is vir verdere studie. Verder moes hy die ellende wat die oorlog gebring het, aanskou en beleef toe sy lewenswerk hom geroep het na die na-oorlogse Transvaal. Van dit alles vind ons die neerslag in sy poësie. Die oorlog bring die nasionale motiewe in die digter se kuns.

Soos die ou Hebreeuse psalmdigter word Totius ook geroep om gestalte te gee aan die leed van sy volk, leed aangedoen deur 'n magtige vyand. Langs die weg van sy nasionale liriek - By die Monument, Ragel, Trekkerswee - raak sy digkuns vertrou met die ou psalmmotiewe: volksleed en volksvyand.

In /

In Bij die Monument (1908) besing die digter die oorlogsmart van Die Kind, Die Vrou en Die Man. Die kinderleed is hier die innigste en suiwerste vertolk:

Kindertjies: Daar kom hul, daar kom hul  
o'er heuwel en hang!  
o Moeder, beskerm ons,  
nou word ons gevang!

- - - - -

Moeder: Myn kinders, kom binne  
en wees nie meer bang:  
die Vader daarbowe  
bestuur hulle gang.

Kindertjies: Hier is hul! Hoor buite  
die woeste gedrang!

Moeder: Wees stil maar! nooit sal hul  
klein kindertjies vang.

- Daar Kom Hul.

Tipies van hierdie digter se oorlogspoësie is dat die vyand nie genoem word nie. Hierdie verswyging verleen 'n besondere krag aan die gedig: "Daar kom hul ---". Almal weet wie dit is!

Die Calvinis-digter wat intens met sy volk saamleef en saamly, vind tog berusting want

die Vader daarbowe  
bestuur hulle gang.

Skrynend-ironies is die slotverse van hierdie gedig.

Baie bekend met sy van Totius kenmerkende simboliek is die ontroerende gedig oor die groot kindersterfte: Viermaal Gesien. Soos al hierdie digter se oorlogspoësie is hierdie gedig 'n sagte, ingehoue klag, maar watter felle aanklag word dit nie. Dieselfde geld van Vergewe en Vergeet, wat in die tweede druk bygevoeg is by die reeks Die Vrou.

Bij die Monument moet gelê word naas Leipoldt se oorlogsbundel Oom Gert Vertel e.a. Gedigte om te besef

hoe /

hoe beheers en ingehoue Totius se klag is. Leipoldt is baie onmiddelliker in sy oorlogsliriek.

Hoewel die teks bo-aan elke gedig geen intieme verband het met die gedig nie, bewys dit dat ons hier 'n digter het wat na aan die Bybel, met name die Ou Testament, leef.

Verse van Potgieters Trek (1909) is in hierdie verband nie van veel belang nie. Hier is ook nasionale motiewe, maar dit is nie in dieselfde mate uiting van volksleed as die bundels wat hier bespreek word nie. In Verse van Potgieters Trek gryp Totius verder terug in die geskiedenis.

Ragel (1913) is veral van belang vir hierdie studie omdat Totius hom hier in sy vertolking van die volksleed wend tot 'n Bybelse, 'n Ou-Testamentiese motief. Hier verskyn die land en die volk van die psalms die eerste keer in sy poësie. 'n Parallel word getrek tussen die Joodse Ragel en die Afrikaanse Ragel in haar oorlogsglyde. Hierdie epiese stof word afgewissel deur liriese sange waarin die digter sy bespieëlinge gee oor die Bybelse en vaderlandse gebeure. Die verband tussen epiek en liriek is hier nie altyd so intiem soos wat dit bedoel is om te wees nie.

In Ragel vertoon Totius soms op verrassende wyse die vermoë om hom in te leef in die Bybelse verhaal, om die sfeer van Palestina te herskep. Die digter se siel het hier reeds met die Hebreeuse lied „meegeruis“:

Daar ruis 'n lied van lang verlee,  
en stemme singend kom van ver;  
ruis my siel weer mee  
met stemmelied uit lang verlee,  
uit die eeue her.

Mooi word die Palestynse sfeer geteken in Langs Heuwelpad en Donker Dal. Die kamele van die „aarts-

vaderlike /

-vaderlike karavaan" word as volg geteken:

Onvriendelike wesens met  
hul oë, wat kan vlam van nyd;  
en tog weer dienaars van die wet  
wat hulle dwing tot diensbaarheid

in wildernisse, wydgestrek,  
waar hul alleen die las kan draag  
met skurwe voet; en ruwe bek  
alleen die veldbos af kan knaag.

Die hoofmotief van die bundel vind ons in Die  
Breekwater:

Ek dink opnuut aan al die graaggetroue  
stil-wesens met hul somber swart gewaad;  
'k herdink opnuut die duisende van vroue  
wat will'ge lyf versink in lydensdaad.

Ek sien vol-sterk hul skone lyfs-gewrigte  
wat mild deur son en veld gekoester werd.  
Maar nou staar hulle mart'laars-aangesigte,  
deur smart verbysterd, in die blinde vert!

Hierdie laaste verse sinspeel op die Vrouemonument.

Ragel, "opgedra aan die vroue van Suid-Afrika", het  
ontstaan na aanleiding van die onthulling van hierdie  
monument. Die bundel sluit dan ook af met die verse  
waarin verwys word na President Steyn en die Vroue-  
monument:

Sy oog is swaar van smaad-verlee,  
maar hopeno ons sy vinger wys  
daar waar hoog-slanke — 'n stene bee! —  
standvastiglik uit koppies-see  
gedenknaald rys.

Sal ons vergeet 'n treur-verlee? ---  
Oor so 'n volk, so laf-ontrou  
roep al die heuwels, smadend: "Wee!"  
Maar troue skaar roep: "Nimmer! Nee!"  
"Ons sal onthou!"

Deur sy hele geestelike aanleg en ook omdat die  
wonde al bietjie genees het, kan Totius hier reeds in  
groot mate simboliese gestalte gee aan sy smart in die  
Bybelse figuur van Ragel.

Die wee wat in Trekkerwee (1915) besing word,  
het as oorsaak die verwickelinge wat intrec met die ont-  
dekking van goud en die Unifikasie. Deur hierdie

gebeure /

gebeure word die lewensbeeld vernietig wat die Trekkers hulle hier in die Noorde voorgestel het. Hierdie vernietigingsproses het Totius, die verheerliker van Trekkerideale, diep aangegryp. Trekkerswee is sy antwoord daarop, veral by monde van Oom Gert.

In die volgende tekening van oom Gert is daar iets van die digter en toekomstige psalmvertolker self:

O Heilige nagte van voorheen  
as die maanlig skaars in die huisie dring,  
waar oom Gert lê waak, soos die psalmis sing,  
om te peins oor God.

- - - - -

Die vetkers het maar kort gebrand  
om te lig oor die oue Skriftuur,  
wat die stof bied in die vroeë uur  
as die siel stil peins oor God . . .

- Goue Gode, V.

En soos van 'n Ou-Testamentiese boet-profeet klink dit:

„Hoe is jou skoonheid van weleer  
deur Gods geregtigheid verteer —  
die vlam, wat ons nie sien nie, maar  
waarvan ons net die as vergaar!

„My kind, meteens my profesie,  
van wat my oog gewislik nie  
meer sal aanskou: die wederkeer  
van al my volk tot God en eer.

- - - - -

- Goue Grawe, IX.

By die Monument, Ragel en Trekkerswee was uitstekende voorbereiding vir die Calvinis-digter om die volksleed van die Hebreëuse klaagpsalms te vertolk. Om die persoonlike klag wat opstyg uit die Hebreëuse psalms weer te gee, ondergaan hy die vorming van sy persoonlike liriek: Wilgerboombogies en Passieblomme. (Skemering het na die psalmberyming verskyn).

Die digter wat hom die leed van sy volk so aangetrok het, moes ook nog gevoelige persoonlike verliese ly. Tussen Aug. 1910 en Mei 1911 is sy vader, sy oudste broer en sy suster oorlede. Aan hierdie drie

lieuwe /

lieuwe dode" wy hy Wilgerboombogies (1912). Hier het ons innige, suiwere treurliriek, maar hoe anders as die lykdigte waarin die felle, howig-bewoë Vondel sy persoonlike vorliese beween. Hierteenoor is Totius baie meer beheersd, byna tot die objektiewe toe, veral deurdadig dat hy sy gevoelens nie onmiddellik uitstort nie, maar langs die weg van sy simboliek. Die sonsondergang word simbolies van sy vader se dood, die aalweeblom van sy broer en die Mooirivier van sy suster se lewe.

In 'n mooi gedig "beween" hy sy suster. Wie sy smart so beleef, maak die indruk dat hy reeds die smart oorwin het:

Skone beeld van stille lewe,  
Mooirivier! jy is vir my  
ewebeelt'nis van háár lewe  
wat so saggies sou vergly.

Uit jou gras-oorgroeide velde  
speur ek nouliks jou omleeg. —  
En die wêreld wis so selde  
iets maar van haar stroombeweeg.

Maar — steeds somergroen jou walle  
stroom jy op die tuinstad aan. —  
Om haar heen was welgevalle,  
blomme waar haar voet mog gaan.

Seënend sink jy weg, o Mooie!  
tot jou kruik is leeg gedra. —  
Seënend sink sy in die soorie  
en laat die aarde groenend na.

En nes jy, wat in die vleie  
ons 'n lieuwe liglyn laat —  
so was hier haar stil verglye  
'n silwer-blinke liefdedaad.

- Ter Nagedagtenis van:

Totius is nog swaarder getref. In die somer van 1920-1 moes die digter twee van sy kinders afgee, 'n seuntjie deur harsingvliesontsteking, en minder as twee maande later 'n dogtertjie getref deur 'n weerligstraal. Die leed wat hy in sy tyd aanskou en deurleef het, het nie alleen neerslag in sy poësie gevind nie, dit het hom gelouter sodat hy die Hebreuse psalms in al hul

menslikheid /



menslikheid kon deurvoel en vertolk.

Passieblomme (1934) is die direkste uiting wat ons van Totius het. Die dood van sy kinders het hom in sy diepste wese aangegryp, geskud tot in die fondament van sy Calvinistiese lewensbeskouing.

Hoewel Passieblomme sy persoonlikste liriek is, is dit nog nie die primêrste uiting van smart nie. Ek wou my ganse digkuns waag bevestig dit:

Ek wou my ganse digkuns waag  
om al my hartpyn uit te klaag;  
om in my klanke uit te sê,  
om soos in marmer vas te lê  
die beelt'nis van my pyn.

Maar nêrens vind ek daardie marmer  
waar ek dié beelt'nis uit kan slaan;  
en ál my klanke is eind'loos armer  
as wat ek ondergaan.

Nee, 'k sal nie waag om 't uit te sê.  
Nee, 'k gaan tot God wat weet, en lê  
vas op my hart my regterhand  
en snik: „o God, dit brand!”

Onmiddelliker uiting van die smart as hierdie snik hoor ons nie in Passieblomme nie. 'n Enkele snik en dan net die ontroerde klag van Ag, sy het nie gesterwe, O, die Pyn-gedagte, Vier Laaste Snikkies, Die Aand-ete en Ek het al so verlang.

#### TOTIUS EN DIE INDIVIDUALISME.

Die laaste opmerking hierbo bring my by 'n uiters belangrike faset van Totius se digterpersoonlikheid, iets wat ek voorlopig wil tipeer as die „onpersoonlike” in sy liriek. Iemand wat hierdie trek van Totius se digterskap m.i. intuïtief goed aangevoel het, is die Nederlandse digter A. Roland Holst. In Na een bezoek aan Totius skryf hy: „Ik voel mij onbevoegd, de waarde van zijn dichterschap te bepalen, maar wel komt het mij voor, dat hij in de dichtkunst een vorm van mensch-zijn ver-

wezenlijkte /

-wezenlijkste, die in de verwarde wereld van het Europeesche Westen nauwelijks meer mogelijk lijkt: die van de voor zichzelf niets eischende Dienaar: waardig en bescheiden, streng voor zichzelf, voor de mensen mild. Nergens ook maar een zweem van hoogmoed, doch integendeel om en tusschen de woorden iets, wat ek zou willen noemen een edele kuischheid van de ziel, deze schroom zichzelf op den voorgrond te dringen, dat ek vooral bij het lezen van zijn Psalmberijmingen het gevoel kreeg, hier in het geheim te worden genomen van zijn binnenst heiligdom? alsof hij het meest verhevene in zichzelf pas uit had kunnen spreken na het te hebben toegedacht - toegeschreven inderdaad - aan wat zoo veel ouder was dan zijn eigen leven?" (3) (Ek onderstreep.)

Die vermoede wat Roland Holst hier uitspreek, word bevestig deur Totius se poësie, ook deur sy jongste bundel Skemering (1948). By Totius is daar inderdaad die „kuischheid van de ziel“, die „schroom, zichzelf op de voorgrond te dringen“. Hierdie innerlike skugterheid is deel van die digter se sielkundige samestelling, dit maak van hom die tipiese Boere-Calvinis wie se gereserveerdheid en konserwatisme eintlik beter aangedui word deur die benaming „Dopper“. Die tipiese Dopper openbaar nie sy gevoel maklik nie, is meer verstands- as gevoelsmens en word dikwels van hardheid beskuldig. In sy godsdiens is die Calvinis baie meer dogmaties as die Metodis by wie die gevoel 'n groter rol speel.

In die lig hiervan lyk dit my nie sonder betekenis nie dat Totius in sy jeug, in sy romantiese periode nie sy eie gevoel uitstort nie, maar hom as Jaduto wend tot die vertaling van die romantiese werk van ander digters: Edwin en Angelina, Lenore (Bürger), Rikardo

en Isolina. Reeds hier het hy met die stem van 'n ander uiting gegee aan wat in hom leef. Minnepoësie van Totius self het ons nie. Hierdie soort openbaringe lê buite sy terughoudende, Calvinistiese aanleg. In Ragel het ons een van die digter se weinige uitlatinge oor die liefde, en dit met 'n sug: „....ag, die dinge maak so moeg!" (Liefde).

In By die Monument is daar net een gedig (Kindergraffies) waarin die digter nie die smartgevoel projekteer in een of ander „figuur" nie. Maar verder is dit die wa wat aan die woord is (Die Lied van die Ossewa), die doringboompie (Viermaal Gesien en Vergewe en Vergeet), die knapie en die rosie (Die Howenier was weggegaan), die tortel en die boertjie (Mag en Reg), die moeder en die kind (Daar kom hul en In die Kamp), en die balling en die besembos in die gedigte met hierdie titels.

Totius vertolk die oorlogsmart sonder om sy eie gevoel direk uit te stort. Die mees konsekwente openbaring van hierdie verskynsel is dié gedigte waarin die digter die dialoogvorm aanwend (bv. Daar kom hul en In die Kamp). Sy skugterheid en terughoudendheid, ook as Calvinis, belet hom om sy diepste gevoelens nakend bloot te stel. Dit is m.i. die agtergrond van sy simboliek. (Ek gebruik die woord hier in die sin van aanwending van die simboliese stylfiguur). In Kindergraffies waarna hierbo verwys is, gee die digter ook nie uiting aan sy smart sonder om gebruik te maak van sinnebeeldige voorstelling nie. Die „kuisheid van de ziel" maak hierdie stylmiddel besonder gewild by Totius, veral die vorm waarin hy dit aanwend: simboliese voorstelling opgevolg deur eksplisiete toepassing of verklaring. D.J.Opperman

het /

het die aard van Totius se simboliek goed raakgesien: „Totius se simboliek is herleibaar tot twee elemente: waarneming en lering. In dié opsig herinner dit aan die Nederlandse emblematakuns wat bestaan uit 'n prentjie met 'n verduideliking van die „waarheid“, die „bedoeling“ of die „les“ wat voorgestel word. By hom kry ons vergelyking, allegorie, sinnebeeld, parallelle tekening; kortom, emblemata-kuns, maar heel selde die suiwer simbool of gestalte wat sonder toeligting van self sy dieper waarheid aan ons openbaar. Die twee elemente vind ons langs mekaar aangebied in vers of strofe, en die lerende gerigtheid word gewoonlik aangedui en ingelei met woorde soos „beeld van ...“, „gelyk'nis van ...“, „ewebeeld'nis van ...“, „simbool van ....“, „teken van ....“, „draagster .....“ (4)

Daar kan baie voorbeelde hiervan aangehaal word. Hier word met 'n enkele sitaat volstaan:

Mijn vaderland 'n boomgaard was  
met sterke vrugtebome,  
waarin met bloesems, vele en fris,  
die voorjaar is gekome.

Die kindertjies die bloesems is,  
die bloesems, fris en vele,  
waarin met vrugbare asem kwam  
die lenteluggies spele.

- Kindergraffies.

Vgl. ook Viermaal Gesien, Die Howenier het weggegaan, Mag en Reg, Vergewe en Vergeet en Die Besembos uit sy eerste bundel.

Behalwe die simboliek wat hier gesien word as digterlike uitvloeiing van Totius se skugterheid om sy innerlikste gevoelens bloot te lê, het hierdie karaktertrek ook nog 'n ander uitwerking op sy digkuns. Dit laat hom altyd bewus bly van sy leser. Ons sien dit in die „lerende“ en selfs „redenerende“ element in sy

poësie (Opperman praat hiervan as dialektiek). Baie duidelik kom hierdie bewuswees van die leser uit waar hy hom 'n enkele keer tot die leser wend:

Dié blomsoort plant ek op sy graf.  
o Leser, vra geen oorsaak af!  
God weet my hartsgeheimenis,  
waarvan die blomkelk draagster is.

- Ter Nagedagtenis van  
(Wilgerboombogies).

en

Hy wat die versies het gemaak,  
lê hierby neer die digterstaak.  
Maar wil met enk'le woorde nog  
vermeld van stille beevaarts-tog;

van hoe sy voet eerbiedig stand  
hou by twee graftes op die Rand.  
Dié vaal-wit hopies dek hul bei,  
vader en dogter, sy aan sy! -

So neem die digter afskeid van die leser in Trekkerswee.

Dit is skugterheid wat Totius altyd bewus laat bly dat sy poësie ook vir „ander oë” bedoel is. Die neiging tot objektivering wat hieruit ontspruit, het ons ook in Ragel gesien. Die digter kan homself nie sonder voorbehoud „gee” nie. Treffend word hierdie eienskap ook geïllustreer deur sy Kinderverse (1920). Hier sien ons hoe die digter nie aan homself as grootmens kan ontkom nie. Hy kan nie weer kind word, die wêreld met verwondering sien deur die oë van die kind, soos ons van die kinderdigter verwag nie. Daarom het ons in sy kinderverse die kind soos die grootmens hom sien, en nie die grootmens soos die kind hom sien nie.

Dit is veral in Passieblomme dat ons sien dat Totius hom nie onvoorwaardelik oorgee in en aan sy digkuns nie. Veelseggend is die voorwoord waarin die digter meld dat sommige van die gedigte eers twaalf jaar na hul ontstaan gebundel is, en dan laat volg: „Waarom die verse nie al eerder gebundel is nie? ... Hierop kan ek

ointlik /

eintlik geen goeie antwoord gee nie. Miskien is 'n sekere mate van skroomvalligheid waar dit 'n persoonlike en intens-deurleefde smart betref, die hooforsaak dat ek die gediggies so lank agterweë gehou het".

Hier bevestig die digter in sy eie woorde die skugterheid, daardie „kuisheid van de ziel". Deur die vreeslike rampe is hy in die wortels van sy menswees aangetas, maar in sy poësie hoor ons:

„Nee, 'k sal nie waag om 't uit te sê."

- Ek wou my ganse digkuns waag.

Let ook op hoe hier in die gedigte nie 'n enkele keer die naam van een van die kinders genoem word nie. Dit sou te intiem word. So bly daar in hierdie bundel uiters persoonlike poësie ook nog altyd baie wat nie „uitgesê" word nie. Wat daarop dui dat dit nie 'n dwangmaatreël is wat die digter hom doelbewus oplê nie, is die volgende reeds aangehaalde sitaat uit dieselfde gedig:

Ek wou my ganse digkuns waag  
om ál my hartpyn uit te klaag;  
om in my klanke uit te sê,  
om soos in marmar vas te lê  
die beelt'nis van my pyn.

Maar nêrens vind ek daardie marmar  
waar ek dié beelt'nis uit kan slaan;  
en ál my klanke is eind'loos armer  
as wat ek ondergaan.

Die afstand wat by Totius bewaar word tussen sy primêre gevoel en die digterlike vergestaltung daarvan, is 'n beperking wat sy digterskap en sy hele geestelike aanleg hom vanself oplê. Daaraan kan hy nie ontkom nie. Tog kom dit soms hier in Passieblomme gevaarlik na aan 'n deurbraak:

- - - - -  
Jou kind is dood met 'n vreeslike dood!  
en ek gryp my bors van die pyn.

... ..

Sy /

Sy was so teer soos 'n vlindertjie,  
sy 't lugtig omheen geswerf;  
'n asempie wind kon haar vloerkies breek  
en — kyk watter dood moes sy sterf!

(Ek onderstreep).

Maar die digter bewaar sy selfbeheersing. Be-  
daarder is die strofes wat hierop volg:

Hoe weinig die kinders wat so moet sterf,  
dis één uit die tienduisend-tal,  
en ag! dat dit sy was en ek moes sien  
dat sy dood in my arms val!

o Die pyn-gedagte: My kind is dood! ...  
dit brand soos 'n pyl in my;  
die mense sien daar niks nie van,  
en die Here alleen die weet wat ek ly.

- O Die Pyn-gedagte.

Opmerklik is hier die afwesigheid van Totius se  
gebruiklike simboliek en ook in ander van die felste  
gedigte in Passieblomme (Vier laaste Snikkies, Ag, sy  
het nie gesterwe, Jy het my amper saamgetrek en Die  
aand-ete). In die Godsbesluit het ons weer die digter  
se tipiese simboliek, maar dit is nie meer die uiting  
van die oorspronklike smart nie, maar van die onrus en  
sielewroeging wat uit daardie smart ontstaan het.

---    ---    ---    ---    ---  
Bo al u donker bome, o Heer,  
groei my 'n enk'le reusboom uit:  
dit is die wag-'n-bietjie  
van u besluit.  
Van ver so skoon, so groen, so blink ...  
maar hoe verward  
wanneer ek dieper kyk en dink  
as wat 'n sondaar pas.  
En steek ek dan my hande uit  
na u besluit,  
dan gryp ek in die dorings vas.

Die rampe het Totius nie verbitterd of sinies ge-  
maak nie, iets wat vir hom én as Calvinis én as psalm-  
berymer noodlottig sou gewees het; intendeel, hy kom  
tot die mooi versoende lewenshouding en verhewe lewens-  
aanvaarding, versoende aanvaarding van die insig dat  
die „rus elders is“.

Dus /

- - - - -  
Dus, hou maar op met grawe,  
berusting is so soet.  
net één ding te gelowe  
en dit is: God is goed!

- Ek graaf met my gedagtes.

Suiwer is die werklikheidsaanvaarding in:

Die wêreld is ons woning nie  
Dit merk ek aan die son wat wyk,  
en 'k merk dit aan die reier wat  
mistroostig na die son sit kyk  
op een been, in die biesiesvlei.  
En is die laaste strale weg,  
dan rys 'n koue op uit dié vlei.  
'n Koue grill deurhuiwer my;  
en 'k sien dit dan aan alle ding  
wat in die skemer my omring,  
die wêreld is ons woning nie.

- Die Wêreld is ons Woning nie.

Die Calvinis tree seëvierend tevoorskyn, beproef  
en gelouter — nie tot die dood nie, maar tot die lewe.  
(vgl. ook die bekende Waar is 'n Lot). Die gawe vrug  
van hierdie opnuut verworwe lewe is die Afrikaanse psalm-  
beryming.

Totius se lewensinstelling en sy houding as dig-  
ter was van beslissende betekenis vir sy arbeid as psalm-  
vertolker. As die houding van skugterheid teenoor die  
innerlike lewe miskien 'n verlies was vir sy gewone dig-  
kuns ('n saak wat nie hier hoof uitgemaak te word nie),  
vir sy psalmberyming was dit nie, alleen 'n wins nie,  
maar sine qua non. (5) Hierdie skugterheid teenoor  
die eie innerlike het hierdie digter bestem as die ver-  
tolker van die gevoelens van ander, maar nie sonder om  
hom hierin homself te verwesenlik nie. Roland Holst  
vermoed tereg dat Totius "het meest verhevene in zich-  
zelf pas uit had kunnen spreken na het te hebben toe-  
gedacht - toegeschreven inderdaad - aan wat zoo veel  
ouder was dan zijn eigen leven". So het hierdie  
twintigste-eeuse digter ontkom aan die individualisme  
van sy tyd, die grootste bedreiging vir die hedendaagse

psalmvertolker/



psalmvertolker, 'n wesenlike gevaar waarvoor 'n digter soos Muus Jacobse gekapituleer het. (6)

Ek het in my Inleiding die vraag gestel of Totius se kuns in hierdie opsig anakronisties is. Dit is m.i. nie die geval nie. Totius en sy geslag, veral Celliers, maar ook Leipoldt in sy eerste bundel, staan met hul gemeenskapsgerigte kuns betreklik buite die invloedssfeer van die Tagtiger- en na-Tagtigerkuns. (7) Dit is begryplik as mens die groot verskil in ontwikkelingspeil tussen die Nederlandse en Afrikaanse letterkunde aan die einde van die vorige en die begin van hierdie eeu in aanmerking neem. Ons Driemanskap het 'n heel ander instelling teenoor die kuns en die gemeenskap, 'n heel ander roeping gehad as hul Europese tydgenote.

Totius se kuns vorm 'n skerp teenstelling met die Tagtigerkuns. By hom is daar nie die verheerliking van die eie-Ek nie, nie daardie anti-sosiale gevoel nie, geen „l'art pour l'art" nie. In hierdie teenstelling lê juis sy krag as psalmvertolker. In hierdie digter se lewe is nie die eie-Ek die middelpunt nie, maar God, net soos vir die Hebreeuse psalmdigter. By hom is dit eerder „l'art pour Dieu". By hom is daar nie die afkeer van die gemeenskap nie (op sy instelling teenoor die leser is gewys), hoewel hy soms na eensaamheid verlang.

Totius is dus nie individualis in die sin wat die Tagtiger dit is nie, en ook nie in die sin wat die Na-Tagtiger dit is nie. Tog is hy ook individualis, soos prof.dr. G. Dekker dit stel: „Totius is in diepste wese individualis in dié sin dat hy as sterk na binne lewende digter die lewensmisterie, die Raadsplan van sy God veral beleef en geopenbaar sien in eie sielelewe. Die kern van sy individualisme is sy innige gemeenskap

met /

met sy God, waarvan hy reeds so ontroerend mooi getuig het in die verse oor Oom Gert se gebedslewe Trekkerswee: 'Die siel doet als die blomkelk dan'."(8) Individualisme, só opgevat, kan, soos in die geval van Totius, bevorderlik wees vir die kuns van psalmberyming.

Hierdie eienskappe word nie alleen deur sy poësie geïllustreer nie; in 'n seldsame stuk waarin hy sy kunsopvatting uitspreek, vind ons ook veel daarvan. Oor die roeping van die digter en in verband daarmee die Tagtiger-beskouing, is Totius se opvatting: „Hij (die digter) zal voor de Griek Poieetees zijn, maker, formerder, schepper niet in oorspronkelijke, maar in afgeleide zin — dingen roepen in het zijn die niet waren voor de medemens.

Ik denk hier dus niet aan het rauwe, ondergrondse: 'Ek ben een god in 't diepst van mijn gedachten'. Wie zich alzo verheft, wordt weer neergeworpen, in het diepst van zijn gedachten', 'buigt zich over zijn eigen leven', naar Vermeylens gevleugeld woord, beliegt de realiteit der dingen buiten hem, is vals-subjektief in zijn schoonzien, en eindigt, bij alle virtuositeit van taal en verdienstelijkheid van zang, in het zwart-sien van pessimisme. - - - - -

Bij overvloedige tol van eerbied, die gij zeker met mij aan die nieuwe hollandse dichters betaalt, moet toch bejammerd worden het waarlik arm-zijn van hun verzen aan dat ideëel-zienlike, dat logies-objektieve. Hun subjektivisme doet hen omdwalen in een ijle, onlogiese, zinledige wereld. (9) (Ek onderstreep).

Oor digter en wêreldbeskouing laat Totius hom as volg uit: „Kloos heeft geen wereldbeschouwing en de ganse /

ganse wereld van de wetenschap wankelt te dezen opzichte. Stukwerk is er genoeg, keurig stukwerk zelfs, maar waar en bij wie moet men de eenheid zoeken? Is daardoor het geboren worden van een groot dichter niet een onmogelijkheid? Dante stond met zijn beide voeten op de Summa van de Aquiner, Milton was Puritein en Vondel Rooms-Christen. Voor hen was de wereld vol van de gedachten Gods, die haar eenheid vonden in het geopenbaarde raadsplan." (10)

Oor digter en gemeenskap as volg: „Doordat de dichter geen abstrakties najaagt, maar levende realiteiten ziet, wandelen, dansen, springen en zingen zij voor zijn verhelderd oog, en het is zijn taak ook anderen de schellen van de oogen te doen vallen, opdat ook zij genieten wat hij geniet en aanschouwen wat hij aanschouwt." (11)

Oor digter en God: „Wat de dichter doet is geen genot volgens Spencer 'pursued merely for its own sake' (Worsfold, a.w., p.14), maar een voornaam stuk der dankbaarheid jegens Hem. Die alles zo schoon heeft gemaakt. 'Het begin en einde van alle poëzie', zegt Prof. Woltjer, 'is de ere Gods in het woord hem toegebracht uit en door Zijn schepsel (Woltjer, Beginsel, p. 38).'" (12)

Alles spreek van Totius se geroepenheid as psalmvertolker. Om al die kragte in hierdie digter saam te snoer tot 'n nuttige werktuig, is daar sy diensbaarheid as mens en as digter. Roland Holst het in hom gesien „de voor zichzelf niets eischende Dienaar”.

Totius is nie een van daardie kunstenaars in wie se lewe die kuns 'n allesopeisende, 'n allesoorheersende mag is nie. Dit is ook één moontlike verklaring vir die betreklik geringe digterlike neerslag van 'n tydperk

van /

van produktiwiteit van meer as 'n halfeeu. In sy lewe is die kuns dienares - nie heerseres nie. So staan hierdie Calvinis-digter met sy kuns in die gestalte van 'n dienskneg voor Hom uit Wie en tot Wie alle dinge is. Dit verbaas ons dus nie om van die Reviseurs van Die Berymde Psalms te verneem van Totius se „vriendelike bereidwilligheid om so gunstig te reageer op voorgestelde emendasies" nie. (13) Van die berymer self hoor ons: „Allereers aan God die dank wat my in staat gestel het om die werk te voltooi waarmee in 1920 'n begin gemaak is. Ek beseft dat dit van die Here gekom het. Daarom is daar vir mense niks om op te roem nie." (14)

Totius se digkuns getuig daarvan dat hy gevoelens ontroerd kan vertolk sonder om intiem-persoonlik te word, deur afstand te bewaar met die primêre gevoel. Dit is sy grootste bate as psalmvertolker. Hier moet gevoel meer as elders op 'n afstand en, wat meer is, vanaf 'n afstand uitgebeeld word. Totius se aanleg het dit nie vir hom moeilik gemaak nie; intendeel, hy kon hom hierin selfs verwesenlik as digter.

Afgesien daarvan dat Totius op 'n besondere wyse aangê is vir die vertolking van die nasionale en persoonlike motiewe in die psalms, vertoon sy aanleg ook in 'n ander opsig verrassende ooreenkoms met die ou psalmdigters, nl. in natuurbeleving. Daar is reeds op gewys dat die natuur nie as sodanig verheerlik word in die psalms nie, maar dat daar slegs meegevoel goopenbaar word met die natuur as mede-skopsel. Hierdie kenmerk van die Hebreëuse psalm is nie vreemd aan Totius se poësie nie. Ook deur hom word die natuur nie besing as 'n selfstandige grootheid nie. Sy meegevoel met die natuur spreek deur sy simboliek.

VERS, TAAL EN BEELD.

Namate Totius innerlik gegroei het as mens en as digter het hy ook sy instrument - die vers - beter leer hanteer, sodat dit op sy suiwerste ingestel was om die psalms te vertolk. Hierdie feit is baie opvallend as mens sy hele digtersarbeid oorsien, vanaf sy eerste poginge as Jaduto tot en met sy jongste bundel: Skemering.

Oor die algemeen is dit 'n geleidelike ontwikkelingsgang, maar dit is nie konsekwent 'n stygende lyn wat die chronologiese volgorde waarin die bundels verskyn het, verteenwoordig nie. Verse van Potgieters Trek (1909) vertoon byvoorbeeld beslis agteruitgang na Bij die Monument (1908), en Passieblomme (1934) kan voorkeur geniet bo Uit Donker Afrika (1936), terwyl Skemering, hoewel 'n rype bundel, nie 'n hoogtepunt is na Passieblomme (1934) en Die Berynde Psalms (1937) nie. Tog vertoon die digter se latere werk geweldige vooruitgang op sy vroeëre werk. Hierdie vooruitgang word ook verteenwoordig deur hersiene uitgawes van dieselfde bundel, alhoewel gemeld moet word dat Totius se veranderinge nie altyd gelukkig is nie. Die verskillende vertolkings (1897, 1908 en 1917) van Goethe se Heidenröslein dui ook in beperkte mate hierdie ontwikkelingsgang aan. Waar hier nader ingegaan word op hierdie interessante ontwikkelingsgang kan slegs enkele grepe gedoen word.

In 'n tyd toe elkeen, soos dit al spreekwoordelik geword het, wou rym, van wyle Generaal Piet Joubert af, tot die veewagttertjie in die veld, maak Totius sy debuut as Jaduto.

Dit moes jeugdige onderskeidingsvermoë gewees het, en miskien ook die invloed van sy vader, wat hom bewaar

het /

het teen die versoeking om ook maar onbenullige gepraat-op-rym die wêreld in te stuur, en hom gebring het tot die vertaling van werk van digters soos Goethe, Schiller, Goldsmith, e.a.

Totius self berig oor hierdie tyd: „So ongeveer 1895 het ek begin om gedigte te vertaal, seker ook wel omdat ek besef het dat by myself geen digterlike siening aanwesig was nie (miskien wel 'Ahnung')." (15)

Daar is reeds op gewys dat die jong Jaduto hom veral toegelê het op die vertaling van romantiese werk. 'n Enkele keer word die stem van Totius reeds vaag gehoor in hierdie vertaalwerk.

Daar sou sowat tien jaar verloop voordat Totius se oeuvre 'n aanvang neem in 1908. Intussen was daar sy oorsese studie om hom ryper en ryker te maak, en die Engelse Oorlog wat in die algemeen-verdieping gebring het in die Afrikaanse poësie, waarvan sy Bij die Monument wat datum van publikasie betref die eerste is.

Met die oog op sy psalmberyming is dit van belang om hier by sy ander poësie veral aandag te skenk aan Totius se kunsontwikkeling soos dit weerspieël word deur die aard van sy taal, vers en beeld. Hiervan is die suiwering in sy taalgebruik seker die opvallendste.

In die begin is sy taal nog baie Nederlands-gekleurd. Die vooruitgang wat hy in hierdie verband gemaak het, word o.a. duidelik geïllustreer deur sy eerste uitgawe van By die Monument naas dié van 1917 te lê:

1908: Moeder: Mijn kinders, jul moeder  
verwag hul reeds lang;  
en bad vir jul almal  
met heilige drang.

1917 /

1917: My kinders, jul moeder  
verwag hul reeds lang;  
en het al gebid al  
met heilige drang.

- Daar kom hul.

Afgesien daarvan dat die Nederlandse verledetyds-  
vorm van had vervang word, gee die dubbele al baie  
treffend uiting aan die moeder se innerlike verwarring  
onder haar gedwonge uiterlike kalmte.

Die volgende „Nederlandse“ strofe het feitlik eers  
poësie geword in die latere vertolking:

1908: Kan ik anders? Hy daarbo,  
my formeerde  
ook my leerde  
in die lugruim veilig gaan  
en mijn tentjie daar opslaan.

1917: Kan ek anders? Hy daarbo,  
Hy formeer my  
en Hy leer my  
om hierbowe rond te gaan  
en my tentjie op te slaan.

Dis 'n neiging van Totius om sy poësie nie net  
„taalkundig“ maar ook poëties gedurig te hersien. Met  
die laaste was hy nie altyd gelukkig nie, soos blyk uit  
die slot van Die Lied van die Ossewa:

1908: en ons trek soos 'n lange begrafenisstoet,  
'n begraafplaats traag-slepend sal trek in gemoet.

1917: Want ek rol, ek en honderde waens met my,  
na die plek waar die vrouens en kinders gaan ly.

Die Nederlandsgekleurde taal het die digter in  
mindere mate nog bygebly tot in Ragel waar ons in die  
uitgawe van 1934 nog, en wel in 'n verdienstolike gedig  
soos Die Breekwater, vorme teëkom soos: malkander,  
beklywe en gekooster werd.

Na Ragel, waarin dit veel minder voorkom as in  
sy eerste bundels, het Totius hierdie moeilikheid oor-  
win, sodat sy latere werk vanaf Trekkerswee uitmunt  
deur taalsuiwerheid. Sy taal het nie net suiwerder  
geword nie, maar hy het dit ontwikkel tot 'n uiters

gevoelige/

gevoelige en plastiese middel. Op hierdie kenmerke van sy kuns word later breedvoeriger ingegaan as sy psalmberyming behandel word. Ek verwys hier slegs na eie vindinge, soos skitter-blink flikker-beef en flikkerblits in Trekkerswee, en 'n strofe soos die volgende uit dieselfde bundel:

Ja, God se ploeg het hier geloop  
in wentelkrag van vloed en vuur,  
toe heel die hoogland omgekeer  
is in die aard' se wordings-uur.

Hierdie taalplastiek in die uitbeelding van die grootse skeppingsgebeure sou Totius goed te pas kom in die vertolking van die psalms.

Soos in die bespreking van die psalmberyming aangetoon word, het die digter in sy latere periode sy taal verryk deur 'n fyn deurvoelde gebruik van woorde en wendinge geput uit Nederlands. Waar hierdie argaïstiese vorme dan nie meer uit onmag aangewend word nie, behoort dit tot die skoonhede van hierdie digter se werk.

Totius moes hom nie net aan die Nederlandse taalvorm ontworstel nie, sy digkuns staan in die begin as geheel sterk onder die invloed van Nederlandse digters. Afgesien van die invloed van Da Costa op Die Lied van die Ossewa (By die Monument) het hierdie digter hom veral laat geld in Totius se tweede bundel: Verse van Potgieters Trek. Nie alleen toon die Afrikaanse digter se latere werk hoe hy hom ontworstel het aan hierdie Nederlandse digter en sy geesgenoot Bilderdijk nie, Uit Donker Afrika (1936), die latere verwerking van Verse van Potgieters Trek, is ook die sprekende bewys van hierdie ontwikkeling.

Heilsamer vir Totius was die invloed van Guido Gezelle. In die poësie van hierdie groot Vlaamse digter het hy veel ontdek wat intiem tot hom gespreek het.

Dit /



Dit is veral Gezelle se vroomheid, sy vurige natuurvolks- en taalliefde wat alles vloei uit sy innige geloof, wat „Einklang“ gevind het by die Afrikaanse digter. Hierdie dinge, saam met Gezelle se eenvoud en opregtheid van sielespraak, het, ten spyte van alle verskille tussen die twee digters, Totius onweerstaanbaar aangetrokke laat voel tot die Vlaamse priesterdigter wie se groot talent bevrugterd ingewerk het op die opkomende stam- en wesensverwante digter. (16)

Op die invloed van Gezelle se poësie op dié van Totius is reeds deur verskillende letterkundiges gewys. Spesifieke voorbeelde van beïnvloeding is aangetoon, veral in Wilgerboomgories. Die hoofstuk hieroor in C.M. van den Heever se reeds aangehaalde proefskrif verdien spesiale vermelding. Met die oog op sy psalmberyming moet daarop gewys word dat die vrugbare aanraking met Gezelle se kuns veel daartoe moes bygedra het om Totius onder die indruk te bring van die skoonheid van eenvoud en egtheid in die poësie - eienskappe wat hy in sy eie poësie ontwikkel het, sodat dit behoort tot skoonhede van sy vertolking van die psalms.

Dit bring ons by Totius se ontwikkelingsgang soos dit weerspieël word deur die aard van sy vers. By die Monument het reeds getoon dat sy krag geleë is in die korter vers met die eenvoudige metrum. Die mooiste gedigte in hierdie bundel (Daar kom hul, Viermaal Gesien en die latere Vergewe en Vergeet) bewys dit. Hierteenoor tel onder die swakste gedigte dié waarin die digter die langer vers aanwend, bv. Die Lied van die Ossewa, Rook en Die Bosembos. Die prosa-agtigheid hinder dikwels ook in hierdie digter se korter verse, maar in die langer verse word dit 'n groter bedreiging:

Hy /

Hy gaan vroeg deur die veld om van 'n heuwelrand die vyand te bespied wat deurtrek deur die land om alles te verwoes. - - -

- Rook.

In Die Besembos het vorm en inhoud nie een geword nie. Ander digters wat hierdie vorm in navolging van Shelley aangewend het, het meer sukses daarmee gehad. Soos hier in die laaste sitaat was daar by Totius van die begin af die neiging tot die volsin wat oor die versgrense beweeg. Hiermee het die digter veel bereik nadat hy sy vorm gevind het, en die langer vers uit sy poësie verdwyn het.

Sy worsteling met die vorm word die duidelikste geïllustreer deur Verse van Potgieters Trek. Een van die mees retoriese gedigte in hierdie bundel is die onder invloed van Da Costa se ontstane Donkere Afrika. Soos Da Costa „aloud Arabië" sien, sien Totius in 1909 „donkere Afrika":

„O Donkere Afrika! o Ecuwe-eeue-oue  
dog milde wêreld! ik u somber beeld aanskoue,  
in strenge kus gevat en eindloos uitgebreid -  
ál storm-omringd - ombruisd, ál onherbergzaamheid!

Gelyk die lamferdoek, in bre'e sware plooië,  
gepluimd omlegewaarts, bedek die kis der dooie,  
die lewende omheen, nie kennend wat daarin  
aan wreed verwordingswerk verwoestend het begin;

so het 'n swarte nag ver duisende van sonne  
uw dodeveld o'erdek, waarin hul was begonne  
verwoestend helle-werk - die duistre duiw'ledom,  
onkenlik ver die oog van vaarders-om-en-om.

Die digter het prysenswaardige selfkritiek geopenbaar deur later, met 'n ander vormbesef, hierdie gedig prys te gee en dieselfde konsepie in Donker Afrika weer te gee as:

In wordingsuur was die aarde onmagtig  
maar skeppingswoord het skeppingskragtig  
die berggevaarte omhooggewoel  
die see ontsaglik neer laat spoel.

- Donker Afrika.

Tot /

Tot hierdie soberheid en eenvoud moes Totius groei om die psalms te vertolk. Ek siteer nog uit dieselfde gedig:

Aldus ontworstel aan die bare,  
die oersee se geweldenare,  
lê strak, teen Noord en Suid gewënd,  
die groot en grootse kontinent.

-----  
Geen mens wat ooit toe nagespeur het  
wat ongemeld alleen gebeur het.  
Kroniek weet van geen maat of tal;  
dit het gebeur en - dit is al.

Die direktheid van die gesproke woord in hierdie laaste vers is 'n trek wat dikwels in die psalms voorkom. Dit is 'n vermoë wat Totius met die jare in sy digkuns ontwikkel het. Dit is deel van die soberheid en eenvoud van hierdie kuns.

Dit is opmerklik dat die geslaagste gedigte in Verse van Potgieters Trek dié is waarin die digter sy eie weg gevolg het (Die Drie Kindertjies, Vegkop, Die Os). Dit is gedigte wat die toets van byna 'n halfeeu deurstaan het. Dat hy sy ontwikkelingsgang as digter ook bewustelik deurgemaak het, word bewys daardeur dat hierdie gedigte 'n plek gevind het in Donker Afrika terwyl die gedigte wat vreemd was aan sy aanleg, weg-gelaat is.

So het Totius sy eie vorm gevind. Hy het skoonheid geskep met sy eenvoud, maar hierin het hy aan één gevaar nie ontkom nie, selfs nog nie in sy jongste bundel (Skemering) nie, nl. 'n vers wat baie na-aan 'n prosareël staan. Hier volg slegs enkele voorbeelde:

Daar gaan die trein van die lewe,  
en ek sit binnekant in,  
omgons deur geskok en gebewe.  
Wat - leef ek of word ek gelewe?  
en - is dit my eerste begin?

- Die Trein van die lewe  
(Wilgerboombogies).

O skone beeld van boere-vrou  
met kinders letterlik oordek:  
één op die arm, één vasgehou,  
en één wat aan die rok loop trek.

- Ragel die veen ontroostelik.

(Ragel).

Hul is te veel, maar oom wil tog  
ook bietjie met sy beste spog  
En dan, dis so armoedig om  
met so 'n paartjies daar te kom.

- Silwerstrale IX (Trekker swee).

Ten slotte nog iets uit Skemering:

Dit is 'n tyd van droogte en depressie,  
maar duifie bou, soos altyd, nog haar nessie  
van worteltjies oorkruis gevleg en dwars,  
en 'k sien twee ciertjies nog blank en vars.

- Dit is 'n tyd van droogte en  
depressie.

Hierdie reëls beklemtoon die skadusy van Totius se poësie. Gelukkig is daar ook die ander, ligvoller sy Passieblomme, die beste gedeeltes van Skemering, van Die Berymde Psalms en van die ander bundels, vertoon die skoonheid wat hy bereik het met sy onoortreflike soberheid en eenvoud. Ook hierdie beter poësie wat nader belig sal word in die volgende hoofstukke, bekoor nie deur weidse ritme, die ritme van 'n A.Roland Holst nie, ook nie deur die musikale skoonheid van die woord en die prag van beelde nie. Sulke skoonheid moet nie gesoek word by hierdie Calvinisdigter wat ver onder die oppervlakte van dinge die diepte probeer peil nie.

Prof. dr. G. Dekker tipeer Totius se poësie as volg: "Sy kuns is sober, dis soos sy os 'so sonder tuiggetooi'. Maar uit hierdie toelose verse klink 'n tere, innige sielsmusiek op vir wie die liefde, die geestesdiepte besit om daarna te luister - wie dit nie besit nie, wie alleen ontvanklik is vir uiterlike

prag /

prag, vir luidklinkende woordmusiek of felle oëskoonheid, wie nie luister na hierdie sagte sielsmusiek nie, hoor dit ook nie en wend hom teleurgesteld af." (17)

Ook hierin vertoon die Afrikaanse digter ooreenkoms met die ou Hebreuse psalmdigter wie se poësie deur die grootste eenvoud gekenmerk word, maar wie se stem oor die algemeen luider en sterker klink as die van Totius in sy eie poësie. Laasgenoemde se stem word in die vertolking van die psalms, veral van die vloekpsalms, ook sterker en luider as wat ons gewoond is van hom. Hier het die besielende taak van psalmberyming, net soos in die geval van sy beeldingsvermoë wat hieronder bespreek word, 'n vroeër nie-sterk ontwikkelde trek tot ontwikkeling gebring.

Hierbo is op die hoofkenmerke van Totius se verstegnick gewys: sy aanwending van die kort vers, veral die jambiese, maar ook dikwels die trogeiese, drie-, vier- en vyfvoet. Hierin bring hy afwisseling deur effektiewe metriese afwykinge, bv.

- - - - - Die karavaan  
toef ongelaer daar nog lank  
as verder deur die rye gaan  
- / - / - / - /  
'n kort gerug: Ragel is krank.

- 'n Skudding gaan langs hele ry.

(Ragel).

Mooi kom die ontroering hier uit in die verandering van die versmaat.

Kenmerkend van Totius se verstegnick is ook sy aanwending van die enjambement. Hierdeur bereik hy 'n besondere effek deurdat ekstra klem gebring word op

die /

die slotwoord van die enjamberende vers: (Elk onder-  
streep).

Groot is die man wanneer hy pal  
staan as die stryders om hom val;  
maar groter is die vrou wat staán  
as stukke van haar eie vlees  
word deur die doodswaard weggeslaan.

- Aan my Vrou (Passieblomme).

In die volgende strofe sien ons hoe afwisseling  
kom in die gedig deur afwykende metrum en deur verskil  
in verslengte. Hier het ons uiters gevoelige ver-  
woording van die ontroering:

Vier / laaste / snikkies /  
van / my / sterwende / wig:  
Wat / hier / al / immer,  
immer / gebeur / -  
'k / vergeet / hul / nimmer /  
nimmer / meer /.

- Passieblomme.

Soos Totius die kort vers (veral die jambiese),  
ontwikkel het tot 'n besonder gevoelige instrument om  
sy teerste gevoelens, sy weemoedige mymeringe te ver-  
tolk, so vertoon ook die aanwending van die rym 'n be-  
sondere karakter by hom. Dit is veral die vroulike  
rym wat goed aanpas by sy digterskap:

Vier / ligte / skrikkies /  
sonder / 'n / huiltjie /  
net / nog / 'n / huiltjie /  
in / die / wangetjie / weer /.

- Passieblomme.

Die huilklaagtoon word vertolk deur die beklemtoonde  
eerste sillabe van huiltjie en huiltjie. Die onbe-  
klemtoonde verkleiningsuitgang het hier 'n temperende  
effek. As gevolg van Totius se aangetrokkenheid tot  
die klein kom die verkleinwoord baie voor in sy ge-  
digte, ook in die rym.

In /

In die volgende word die klaende slepende rym afgewissel deur staande rym:

Ag, sy het nie gesterwe  
maar sy was somar dood:  
geen siekte en lange lyding  
geen uur van voorbereiding,  
geen dokter met die tyding;  
net een, een onweerskoot,  
en sy was dood.

- Passieblomme.

Let op die effektiewe rymskema om die klaagtoon te skep (die gepaarde vroulike rym), en die knallende effek om die noodlottige onweerslag te suggereer (manlike rym van verse twee, ses en sewe).

'n Eienaardige verskynsel in Totius se vers, iets wat hom bygebly het vanaf sy eerste tot sy jongste bundel, is daardie omkeer van die normale woordorde terwille van metrum en rym: (Ek onderstreep)

Mijn vaderland 'n boomgaard was  
- - - - -  
Die kindertjies die bloesems is,  
- - - - -

- Bij die Monument.

Stap, stap dan rustig aan  
en deel die trekkerslot;  
die skaarste en owerfloed,  
daar in die land, waar God  
ook is ver osse goed.

- Verse van Potgieters Trek.

Die wye skepping roerloos staan

- Wilgerboombogies.

Die lewe soms 'n vloedstroom is,

- Ragel.

Maar erediens nog ryker is  
wanneer die sanger, self in nood,  
die Skrifwoord voel as eie dood,  
as eie angsbenouenis.

- Skemering.

Hoewel die digter hierdie swakheid nooit heeltemal ontgroeï het nie, vertoon sy kuns hierin ook dié

vooruitgang /

vooruitgang dat hy in sy latere werk hierdie stylgebrek baie minder vertoon.

Totius se kunsontwikkeling word ook geopenbaar deur die besondere aard van sy beeldingsvermoë. Forse beelding, soos wat die digter nagestreef het in Verse van Potgieter's Trek, lê buite sy aanleg. Kragtens die hele wese van sy digterpersoonlikheid is hy nie in die eerste plek sterk beeldend nie. Hy is ook nie hewig ontvanklik vir sinsindrukke nie. Anders as Gezelle wat nie alleen 'n oog gehad het vir kleur en beweging nie, maar by wie veral die akoestiese sterk aanwesig was, openbaar Totius oor die algemeen weinig ontvanklikheid vir gehoorsindrukke. By hom nie die klanke-rykdom van die Vlaamse digter wat die lied van die nagtegaal kon weergee nie:

Horht! Langzaam, luide en lief getaald,  
hoe diep' hij lust en leven haalt,  
als uit de gronden  
van duizend orgelmonden!

Nu piept hij fijn, nu roept hij luid';  
en 't zijzapt hem ter kelen uit,  
lijk waterbellen,  
die van de daken rellen.

Geteld, nu tokt zijn taalgetik,  
als ware 't op een marbelstik,  
dat perelkransen,  
van 't snoer gevallen, dansen.

- De Nachtegale (Tijdkrans).

By Totius ook nie die visuele aanleg van Leipoldt wat bedwelmd kon raak deur die kleureweelde van die natuur nie:

Ek sal vir jou gee:  
Sneeu-wit skuim van die treurende see,  
Wit en donserig soos wilde katoen,  
Wie se spierbleek bolle die bos versier  
Met 'n skyn soos perlemoen,  
En pikswart saad soos 'n swart saffier,  
Fyn soos vlokkies van dun kapok  
Wat die wegskuif-gees van die winde lok,  
Asof hul fluister: „Kom, abba ons voort,

„Hoog /



„Hoog oor die struikgewas deur die poort,  
„Anderkanttoe waar die son nog skyn  
„En die kranse kleur met die kleur van wyn!“ -  
Wit soos die witste marmerkalk,  
Suiwerder wit as die veredrag  
Onder die vlerk van die spikkelvalk,  
Suiwerder wit as die maan by dag!

- Bosveld-lied (Schoonheidstroos).

Hoe arm van klank en kleur is Totius se poësie  
nie naas dié van hierdie digters nie. So sien hy die  
Hoëveldse lente:

Só stil eenvoudig in sy worde,  
so sonder klank of praal,  
kom hier die lente in ryp-verdorpe  
geweste neergedaal.

Tog is ons lief sy eerste sprietjies,  
die grassies aan ons voet;  
Tog leer dit ons weer nuwe liedjies  
van taaiheid en van moed.

- Silwerstrale XII (Trekkers-  
wee).

Hierdie verse is tiperend van Totius se natuurbeleving.  
Dit is nie die natuurprag wat hom boei nie, maar die  
natuur as simbool van die menselewe en van die eie siele-  
lowe. Dit is asof hy magteloos is as hy kleure aan ons  
moet voorhou:

Hoe mooi het al die stad geword!  
Hoe slinger, soos 'n kranse, omheen  
die villatjies in keur van steen  
en wisseling van boumodel!

Hoe mengel hulle kleuretint,  
van helder-wit tot donker-dof,  
omlaag, omhoog; dis alles of  
'n kunst'naarshand hul plek bepaal.

Hoe groei die bome in die rots,  
en bloei die blomme in kleure sag,  
vlak teen die rant se wilde prag,  
as of dit nooit nie anders was.

En dan, die golwende verskiet  
van bulle en bosse, al deureen,  
totdat die oë vasslaan teen  
Magaliesberg, die groot blou reus.

- Groete Grawe IV (Trekkers-  
wee).

Slegs in enkele breë trekke word die „kleuretinte“ geskilder en dan dwaal die blik af na horison - na Magaliesberg!

Hoewel in minder mate vind ons dieselfde onmag in die digter se klankskildering. In Uit Donker Afrika hoor ons:

Die kiewiet gooi sy skreeustem deur die lug.  
En die patrys laat saans sy roep nog hoor  
van die miershooptop as hy die middag laat,  
onagsaam weggedwaal, sy maat verloor.

Die voëltjies sing nog van 'n droë tak  
met kort geluide - 'n veldsang is dit nie;  
maar nie geluidloos sal die dag hier gaan,  
sonder probeersels van 'n melodie.

Die kriekies in die vlei sing nog hul lied  
al sing geen ander stemme met hul mee;  
al luister daar geen mens, hul sing maar deur  
net om nou weer hul sangdrif lug te gee.

Die jakkals huil nog deur die donker heen  
of hy van berg en veld die mart'laar is  
wat in die leë kerker van die nag  
sy spys moet sock en luttele lafenis.

- Kruger skraal (Uit Donker Afrika).

Die digter is wel bewus van die natuurgeluide. Hy probeer dit benader, maar dit bly slegs „probeersels van 'n melodie“.

Ten spyte van hierdie onvermoë van Totius vind ons tog wel skerp en dikwels oulik - intiemgesiene beeldjies by hom, veral in Trekkerswee, bv.

Sy skuif verby met mooie buig  
en stap met ligte voetstap weg.  
- - - - -

- Silwerstrale III (Trekkerswee).

Hier het ons plastiese beelding deur die ritme.

Dit is veral plastiek in klein trekkies wat ons by Totius vind:

- - - - -  
Hom volg sy vriend, die kallekoen,  
'n oue towenaar:  
hy worstel met sy slange wat  
hy nukrig teken in die pad  
se stof, met duister vlerkgebaar.

- Silwerstrale VIII (Trekkers-  
wee).

In dieselfde gedig lees ons ook van die kaffer wat  
„kouliek oor die douveld gaan“, die kalfie wat op „on-  
vaste horrelbeen om sy moeder wals“, ens. In Goue  
Gode het ons ook kostelike beeldjies: (Ek onderstreep)

Warm is die saal van somergloed;  
warm en onstuimig die hartebloed.

En kringlend sweef daar bont deureen  
die danseresse op listige been.

- - - - -  
Leeg is die saal - - - Op tafelblad  
staan leë bottels in hul nat.

- XI.

In Groue Grawe verneem ons van Dina:

Sy moes daar staan en vriendlik wees  
vier iedereen, al oor en oor,  
ook as die kêrels met haar skoor  
en stilletjies vir haar dinge sê.

- VI.

Dit sal interessant wees om te sien dat by die  
psalmberyming hierdie gawe van Totius, deur besieling  
van die Bybelsalm en ook deur die noodsaak om die oor-  
spronklike beeld weer te gee, verhewig en versterk word.  
Die ontwikkeling wat hy in hierdie opsig deurgemaak het,  
word geïllustreer deur Skemering:

'n Duiker en haar kleintjie storm  
uit wiergowas  
met vlerkgoklap die plas:  
die moeder voor, agter haar kind -  
'n sloepie aan 'n skip gebind.

Vergelyk die klankskildering in die volgende met die on-  
mag van Krugerskraal:

Die /

Die kruiwawiel se skreeugeluid  
kerm hy droefgeestig uit  
terwyl die skeemring vinnig daal,  
die tarentaal.

- Die Tarentaal.

In Verlatenheid hoor ons van:

'n Flentermaan  
En weemoedslig.

in Misterie:

Die berg wat ophyg teen die lug,  
'n donker kloofwond in die sy.

en in 'n Skuitjie op die see:

Ek sien 'n skuitjie ver van my vandaan  
al struik'lend oor die ruwe bare gaan.

In hierdie verhandeling sal aangetoon word hoe Totius sy taalplastiek, beeldingsvermoë, sy verstegniek — sy hele volgroeiende digterpersoonlikheid, ingewerp het vir sy psalmvertolking.

#### BYBELSE BEELDE EN KONSEPSIES.

Die ryphheid wat Totius se kuns vir psalmberyming bereik het, blyk ook uit sy mooi digterlike prosaver-taling van baie van die psalms. 'n Ander openbaring van hierdie ryphheid is dat die digter hom in Passie-blomme spontaan wend tot die motief van Ps. 42 in die vertolking van sy persoonlike leed:

Net soos die herte, laat en vroeg,  
so 't rondgejaag in dorsversmagte  
my rustelose swerfgedagte;  
en nou is ek so moeg, doodmoeg.

Want soos die hert, wat skreeu van dors,  
gaan staan om na 'n stroom te luister  
wat pers in onderaardse duister,  
terwyl dit voortbrand in sy bors,

so 't ek gaan staan en was dit my  
toe 'k hoor die Lewensstroom se bruising;  
maar 't was 'n verre en diepe ruising;  
en 'k kan, helaas, nie naderby.

- Ons Dode.

Vergelyk /

Vergelyk hierdie met die oornam van 'n strofe uit die Nederlandse beryming van Ps. 42 in die gedig Die Vlakte (Verse van Potgieters Trek).

Afgesien hiervan vind ons gedurig in Totius se kuns Bybelbeelde en -konsepsies verwerk. Dit geld natuurlik in die eerste plek van Ragel waarin die Bybelse element 'n uiters belangrike rol speel, maar ook in ander digbundels is veel aan die Bybel ontleen. Hier word slegs op enkele voorbeelde gewys. In Uit Donker Afrika vind ons:

Hul gaan! Sy staar omhoog met glansende oë  
om stil, deur hoër liefdesdrang bewoë,  
soos Abraham, haar tere lieweling  
aan God as offer willig toe te bring.

- Dona Joanna de Mendoca.

En:

Ek weet van Kain en van die broedermoord,  
hoe hy moes vlug, sy stamhuis met hom mee,  
hoe die aard hom sy vermoë nie wou gee  
en hy beangs was in dié bloed'ge oord.

Ek weet van Gam en van sy snode daad,  
hoe hom die vloek van Noag, stap vir stap,  
verskrik het én al sy nakoomlingskap -  
'n vaderlike vloek brand vroeg en laat.

- Die Gees van Donker Afrika.

In Trekker swee kom voor:

"My plasie is my Nabots-erf,  
deur God verkore vir my saad.  
Moet 'k nou vir Agabs dit verlaat,  
om self ellendig rond te swerf?"

"Maar vader Abraham die het  
van Sodoms vrugbare vallei  
en van sy boesemvriend geskei,  
om so sy arme siel te red ....

"Gewetenstem naas lotgeval!  
Die stem is Jakobs stemklank, maar  
die lewenslot 's Esau-haar,  
en ek is blind soos Isak al!"

- Goue Gode IV.

Om hierdie motiewe so te verwerk in 'n gedig, vereis intieme vertroutheid met die Bybel. As oom Gert dink

aan /

aan Dina in die stad kom dit spontaan:

"Geweeg, geweeg, te lig bevind!"  
Dan roep hy: "Ag, my arme kind!"

- Goue Gode XI.

In Passieblomme herinner die vers

"sy plekkie ken hom nou nie meer"

aan die bekende Ps. 103, terwyl die titel soas een deur sy moeder getroos byna woordeliks in Jesaja 66:13 gevind word. In Wanneer ons reis oor land of see hoor ons:

Want kom ons by die grote Wag  
— wat op die grens staan - swaar bovrage  
en ryk, dan neem hy ons dit af  
en wys ons net 'n leë graf.

Hierdie konsepsie herinner sterk aan die volgende uit die digter se beryming van Ps. 49:

Vrees nie; wanneer 'n man se skatte groei,  
wanneer sy huis in waarde en woelde bloei;  
want by die grens daar staan die dood, die wagtor;  
dié wys 'n graf, en - hy laat alles agter!"

So het Totius se poësie nooit vreemd gestaan teenoor die Bybel en Bybelse konsepsies nie. Wat Haantjes sê van die psalms en Totius geld in 'n sekere sin ook van die ander Bybelboeke "... zij waren zijn woord aan God en Gods woord aan hem" (18).

Kyk 'n mens oor Totius se digtersloopbaan terug, dan is dit opmerklik dat die meeste van sy gedigte, net soos baie psalms, ontstaan het na aanleiding van een of ander geleentheid, 'n gebeurtenis (meesal 'n ramp) van nasionale of persoonlike betekenis vir die digter. Al is dit dan meesal 'n klag wat ons hoor, dan bly daar altyd in hierdie poësie, en weer net soos by die Hebreuse psalmdigter, die troosryke, hoopvolle verwagting, want soos sy wilgers aan die waterkant sien hy:

Goen /

-----  
"Geen skadubeeld, geen wisselglanse,  
maar verder, dieper ---vaste transe,  
en voor hul heen --- 'n helder blou".

- Dieper Insig (Passie-  
blomme).

Afgesien van die digter se intieme saamleef met die Bybel vir baie jare, was 'n belangrike vormende invloed wat Totius as psalmvertolker ondergaan het, die vertaling van die Bybel, veral van digterlike boeke, soos Psalms, Jesaja en Job. Baie psalmvertolkings het in hierdie tyd feitlik spontaan ontstaan volgens die berymer. In 'n radiotoespraak het hy hom as volg hieroor uitgelaat: „Veel van die werk het nie die eerste lig in die studeerkamer gesien nie; en ander gedeeltes is wel in die studeerkamer opgeskrywe, maar is tog elders gekonsipieer ... Sover ek my herinner is Psalm 33 berym terwyl ek in 'n tentjie naby Vaalrivier gestaan het. Voorhande was alleen 'n Hollandse Bybeltjie en 'n Psalmboek. Ek moes op my skoot sit en skrywe, terwyl die sand nou en dan oor die papier gewarrel het. Psalm 148 weer is in ritmiese vorm gegiet terwyl ek gekuier het by 'n vriend in die distrik Frankfort. In die voorkamer op die rusbank, alweer net gewapend met 'n Hollandse Bybeltjie en 'n Psalmboek, het ek die rustige omgewing gevind om die werk te doen. Ek meen dat slegs enkele reëls later, aan die hand van ander berymings, verander is. Die beryming van Psalm 91 het plaasgevind terwyl my ou vriend Dr. H.C.M. Fourie en ek op die plaas van snôrens tot saans druk besig was met die nasien van ons vertaalwerk. Om van die moeilikhede van die Ou-Testamentiese vertaalwerk, wat ons gedurende die dag so vasgevat het, vry te kom, het ek saans na die slaapkamer in my geheue enkele verse van die lees-

psalm /

-psalm meegeneem. Langsamerhand het, by die bepeinsing op die rusbed, die vers of verse ritmiese gestalte gekry. Hierdie prosedure het meteens rusaanbrengend gewerk. Ek het amper gaan glo wat my vader my dikwels as lewensreël voorgelê het, naamlik: Rus is verandering van werk!

In die bo-aangeduide sin kan baie verse in ons Psalmboek nagwerk genoem word; d.w.s. hulle het in die donker gegroei op die rusbed en is meesal later eers in die studerkamer opgeskrywe. Nog 'n aantal verse, ook nie gering in getal nie, kan veldwerk genoem word vir sover hulle gestalte gekry het terwyl ek in die veld rondgewandel het, veral gedurende die nege maande dat aan my verlof toegestaan is om die berymings te voltooi. Dié hele tyd het ek op Krugerskraal, 'n plasië naby Potchefstroom, deurgebring. Sommige doringbome of plekke op die rantjies herinner my nou nog aan die verse wat daar ontstaan het." (19)

Wat in geen geringe mate bygedra het tot die geslaagde vertolking van die Hebreeuse psalms in Afrikaanse versvorm nie, is die land self. Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms tussen Suid-Afrika en Palestina, die land van die psalms. Waar die Palestynse natuur die agtergrond, die natuurlike klankbodem van die psalms is, is dit 'n aspek waarmee gedurig rekening gehou moet word in psalmvertolking. Gelukkig is die psalmherdiger van 'n volk wat woon in 'n land bekend met die natuurverskynsels wat die Hebreeuse sanger omring het. 'n Buitestaander, die Vlaming Cyriel Verschaeve, het Suid-Afrika goed gesien as psalmeland: „Hoe aangrypend is 't ... als men in de psalmenverzen, in de taal van Zuid-Afrika overgezet, dit is in hun toon en beelden-

taal /



-taal, dien galm en dreun van nacht, verlatenheid en natuurnood verneemt, die doen wanen: ik ben hier in 't psalmenland. 't Leven is er nacht of dag, een donkerte, die zich grenzenloos uitbreidt, een klaarte, die alles helder en stralend maakt. Slechts Eén be-veelt aan nacht en dag; Hij, die over de eerste krachten heerscht, kan ook de laatste keeren, en dat zijn de elementen. 't Psalmenland is 't land der oerkrachten, aan het woelen en woeden uit eigen macht-<sup>(20)</sup>volheid, maar beheerscht door een opperste leiding."

Uit alles blyk dat baie faktore — sienlike so-wel as on sienlike — meegewerk het om Totius só te vorm dat Afrikaanssprekende Suid-Afrika in die psalm-beryming 'n kunstgewroeg uit die hand van een van sy oudste digters kon ontvang.

---

Aantekeninge by Hoofstuk III.

1. G. Dekker: Die Afrikaanse Psalmberyming, Pretoria, 1938, p. 12: ".....hierdie kunstenaar (Totius) se ontwikkelingsgang as mens en digter is so kennelik 'n voorbereiding vir hierdie hoë taak, wat die kroon op sy lewenswerk is, dat ek daarin alleen 'n goddelike bestiering kan sien."  
W.E.G. Louw: Die Verskuns van Totius (Die Huisgenoot, 21/2/47, p. 70): ".....oorsien 'n mens hierdie lewe van diens dan wil dit byna voorkom asof sy lewensweë só bestuur is dat hy (Totius) voorberei sou word om hierdie laaste en grootste werk in diens van sy volk en tot die eer van God te verrig."
2. L.J. du Plessis: Totius en sy Verse, Bloemfontein, s.j. p.7.
3. A. Roland Holst: Na een besoek aan Totius (P.J. Nienaber: Totius, Digter en Profeet, Johannesburg, 1948, p. 1).
4. D.J. Opperman: Die digter Totius (Standburte, II, 2, p. 28.) Daar moet op gewys word dat na hierdie artikel Skemering verskyn het, met daarin die gedig Weer in die Ark met sy suiwere simboliek.
5. Om homself op die agtergrond te hou, is eie aan Totius se wese. Mens vind dit ook in sy nie-belletristiese werk, bv. sy inleidingsartikels in Die Kerkblad waarin hy gewoonlik nie van homself in die eerste persoon skryf nie, maar as "skrywer hiervan".
6. Vgl. hoofstuk 1.
7. "Na-Tagtigerkuns word hier breed opgevat, meer in die sin van moderne kuns.

8. Prof. Dr. G. Dekker: Afrikaanse Literatuur-  
geskiedenis, 3de druk, Kaapstad - Bloemfontein -  
Port Elizabeth, 1941, p. 86.
  9. Totius: De Dichter als Ziener (Nienaber, t.a.p.,  
pp. 230-232).
  10. T.a.p., p. 233.
  11. T.a.p., p. 234.
  12. T.a.p., p. 235.
  13. Voorwoord van die kommissie van Reviseurs by Die  
Berymde Psalms, Kaapstad, 1937, p. ii.
  14. T.a.p., p. iv.
  15. Nienaber, t.a.p., p. 105.
  16. Dr. C.M. van den Heever: Die Dichter Totius; Van  
Schaik, Pretoria, 1932, p. 210: „Reeds gedurende  
sy verblyf in Europa het Totius nader kennisgemaak  
met die werke van Gezelle en daarna het hy hom  
voortdurend daarin verdiep." Hierdie gegewens  
berus op 'n mededeling van die digter self.
  17. Prof. Dr. G. Dekker: Afrikaanse Literatuur-  
geskiedenis, p. 78.
  18. J. Naantjes: De Psalmberyming van Totius (Nienaber,  
t.a.p., p. 83).
  19. G. Dekker: Die Afrikaanse Psalmberyming, p. 36.
  20. Cyriel Verschaeve: Totius als Dichter (Nienaber,  
t.a.p., p.164.)
-

Hoofstuk IV.

DIE AFRIKAANSE PSALMBOEK:  
'N KARAKTERISTIEK EN WAARDERING.

In 'n literêre beskouing oor die Afrikaanse psalmboek moet altyd daarmee rekening gehou word dat Totius, waar die melodie van die Nederlandse psalmboek behou is, gebonde was aan die daarby passende strofebou en maat. Die bespreking van die vorm in hierdie gevalle is dus nie 'n bespreking van primêr-skeppende vermoë nie, maar van geslaagde aanwending deur beleving van 'n gegewe vorm en in dié sin dus wel skeppend.

Verskillende oorweginge het gelei tot die verwerping van die Nederlandse beryming se vorm by 'n aantal psalms. Soos ek reeds in my eerste hoofstuk daarop gewys het, was die min slepende uitgange in Afrikaans 'n belangrike faktor. Om reëls wat as gevolg van afgeslete uitgange in Afrikaans te kort geword het, met "slurs" te sing om te pas by die Nederlandse melodie, sou weens menigvuldigheid onmusikaal gewees het. Ons sal sien hoe Totius die vroulike rym soms, ten spyte van die min slepende uitgange in Afrikaans, heel knap gehandhaaf het, veral in die geval van die bekende psalms waar hy nie wou afwyk van die Nederlandse psalmboek nie. Maar dit sou te gekunsteld geword het as dit in alle gevalle gedoen is.

"Onsingbaarheid" van melodieë het ook 'n rol gespeel in die verwerping van die vorm van die Nederlandse beryming, en dan is dit moontlik dat Totius by sy beryming reeds 'n ander melodie in gedagte gehad het. (1)

'n Ander faktor wat daartoe bygedra het dat die Nederlandse beryming se vorm prysgegee is, is dat die

Afrikaanse berymer in sommige gevalle 'n ander vertolking wou volg. (2)

Totius het ook daarna gestreef om die strofes van sy vertolkings in sommige gevalle korter te maak as dié van die Nederlandse psalmboek. (3)

Dit bly 'n probleem om met hierdie komplekse samestel van faktore in elke individuele geval te beslis watter oorweging (of oorweginge) gelei het tot afwyking van die vorm van die Nederlandse beryming. (4)

In hierdie hoofstuk word die Afrikaanse psalmboek beskou soos hy voor ons lê, sonder om nadere rekenskap te gee van invloede en ontleninge, wat in die volgende hoofstuk benader word.

#### DIE PSALM AS ORGANIESE EENHEID.

'n Wesenstrek van die Afrikaanse psalmberyming, van die geslaagdeste gedeeltes altans, is die digterlike ontstaan daarvan. Na die jarelange vertroutheid met die psalms en sy vertaling daarvan, het hierdie poësie so deel van Totius geword dat die snare van sy gevoelige digterharp as vanself begin saamtril het met dié van die Hebreuse sanger. Hieruit word al die skoonhede van die Afrikaanse psalmvertolking verklaar. Waar insinkinge voorkom, moet dit daaraan toegeskryf word dat die inspirasie nie altyd sterk genoeg was nie, of soms heeltemal gewyk het - iets wat heel begryplik is by psalmberyming.

Totius het die inhoud van die Bybelsalms vertolk deur hom direk tot die Hebreuse teks te wend. Die standpunt van die berymer ten opsigte van die Skrifuitleg is natuurlik van kardinale belang. Elke berymer lees die psalms in mindere of meerdere mate deur die

bril van sy Skrifbeskouing. Vir Totius geld die Calvinisties-gereformeerde beskouing. Volgens hierdie Skrifopvatting het hy 'n getroue weergawe van die Hebreuse psalms gegee.

Totius het hom so ingeleef in die konsepie van die Hebreuse psalm dat hy dit as organiese eenheid besied kon weergee. Waar hy dan die psalm as 't ware weer gekonsipieer het, is sy vertolking nie 'n moeilike omdigting van Bybelvers na Bybelvers nie, maar 'n geïnspireerde herdigting van die Bybelpsalm as 'n eenheid waarvan elke onderdeel opgeneem is in die gevoelstroom, en gedrenk is met die stemming van die geheel. Dit verklaar die frisheid van siening en segging sonder dat die vertolking te individualisties en daarom onaanneemlik vir kerklike gebruik word.

'n Mooi voorbeeld van geheelweergawe van die oorspronklike is Totius se vertolking van Ps. 49 wat in die Afrikaanse Bybel die titel dra: Die mag van die dood. In sewe strofes word hierdie waarheid besing. Heel gepas is die aanhef waarin verneem word van wysheid wat verkondig gaan word aan ryk en arm:

Kom luister, volke wat die aarde oordek,  
Wat woon sover die wêreldlande strek!  
Kom aan, wie klein en arm is in die land,  
Saam met die rykes, hoog in eer en stand!  
My hart bring enkel wysheid voort.  
Ek neig my oor en luister na 'n woord;  
'n Diep geheim, 'n stof vir harpenare -  
Sal ek vertolk by ruising van my snare.

'n Mooi sangerigheid, veral in die laaste twee verse.

In die tweede strofe kom die digter dan by die tema van sy lied: die triomf van die dood oor alle aardse mag en grootheid:

Waarom sou ek verskrik wees in 'n tyd  
as onheil dreig en ongeregtigheid,  
as onderkruipers my gedagtes kwel,

en /

en hul vir my die fynste strikke stel?  
Hul wil oorwin deur kragdaad en geweld,  
dra roem op grootheid, mag van goed en geld;  
maar kom die dood - wie weeg dan geld vir lewe?  
Geeneen wat God die losprys dan kan gewe.

Let op die geslaagde aanwending van 'n „prosaïese" woord soos losprys. Dieselfde geld vir rantsoen in die volgende strofe.

In die derde strofe word die gedagte waarmee die tweede strofe eindig - die onomkoopbaarheid van die dood - verder ontwikkel tot die besef van die tydelikheid van alle aardse skatte:

Onvindbaar is vir ewig die rantsoen  
wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.  
Geen mens het ooit, hoe sterk ook sy bestaan,  
hoe wys of dwaas, die grafkuil kon ontgaan;  
daar 's niemand wat die dood ontvlug, geeneen;  
en magt'loos gaan die mensekind weer heen.  
Geen skatte volg hul op dié donker spore,  
wat hul verwerf het, is vir hul verlore!

Hierdie verganklikheidsgedagte word verder uitgebou en tot sy uiterste konsekwensie gevoer in die vierde strofe:

Hy prent hom, dwaas in sy verdorwe sin,  
'n ewigheid van aardse dinge in:  
sy hoë huis, dink hy, sal altyd staan,  
sy naam, al wyd vermaard, sal nooit vergaan!  
Dié hoop reik ver, maar wat, wat is dit tog?  
'n Skynsel eers en dan -- 'n groot bedrog.  
Die mens, hoe hoog in eer en mag verhewe,  
vergaan soos vee en derf oplaas die lewe.

Aansluitend hierby word die antitese gestel tussen die uiteindelijke lot van die goddelose en dié van die opregte:

So 's dit met hom wat op homself vertrou,  
en almal wat sy woord in waarde hou.  
Die dood, hul herder, lei hul dieper af,  
hul volg hom ná soos skape na die graf. --  
Die wat opreg is, sien die môre straal,  
maar trotsaards moet in donker dieptes daal  
waar al hul grootheid brokkel in sy broosheid  
en hul gestalt' verword tot wesenloosheid.

Hierdie motief word verder ontwikkel deurdat die digter homself betrek in sy gedagtegang:

Maar /

Maar ná die dood, dan rys die dag vir my.  
God sal my red, Hy koop my siel dan vry.  
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,  
neem my dan op in eewge heerlikheid.  
Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei,  
wanneer sy huis in waarde en weelde bloei;  
want by die grens daar staan die dood, die wagter:  
die wys 'n graf, en -- hy laat alles agter!

In die laaste strofe, in aansluiting by die slot-  
verse van die vorige strofe, bepaal die digter hom by  
die lot van die dwase mens en by die „Leitmotiv“: die  
oorwinning deur die dood:-

Vlei hy homself, in sy gelukstaat nou,  
prys hul dit dat hy hom geen weelde onthou --  
sy blom verwelk waaroor die doodswind gaan,  
en hy daal neer, agter sy vaders aan.  
Die duisternis, geselskap van verderf,  
'n eewge nag, is al wat hy verwerf,  
Die dwase mens, hoe hoog in eer verhewe,  
vergaan soos vee en derf oplaas die lewe.

Die mooi totaalindruk van hierdie vertolking word  
versterk deur die duidelik deurlopende gedagtegang. Die  
gedagte-inhoud van die laaste vier verse van elke strofe  
word op natuurlike wyse voortgesit in die eerste vier  
verse van die volgende strofe. Prosodies word hierdie  
proses bevorder deur die paarrym wat die strofes as 't  
ware oplos in die groter eenheid van die geheel. Hier-  
die vorm het Totius ontleen aan die Nederlandse psalm-  
boek.

Hierdie belewing van 'n konsepsie as 'n eenheid  
vind ons ook in Totius se Skrifberyminge wat oor die al-  
gemeen minder geslaagd is as die digter se psalmver-  
tolkinge. Hier volg die Lied van die sugtende Skepsel,  
die vertolking van Rom. 8: 19-27:

Bo 'n strandclose en donker see  
van eindelose wêreldwee  
verhef die skepsel hom -  
die kop hóóg- uit, om deur die nag  
te speur wanneer die gloriëdag  
van al Gods kinders kom.

Die /



Die skepping, uit die oer-ou tyd,  
is slaaf van die verganklikheid,  
maar nie gewillig; nee,  
terwille van die mensekind,  
van eeskuld is die band gebind,  
dié lydensboei gesmee.

Die ganse skepping het in druk  
altyd weer aan die boei geruk,  
sterk-smagtend na die tyd  
dat hy weer los van die verderf  
die vryheid met Gods kind sal erf  
in onverganklikheid.

Ons weet die ganse skepping sug -  
geluidloos deur die hoë lug  
en afgrond diep benee,  
maar yslik as die stormwind brul,  
die slagdier in sy bloedplas krul  
en kerm die ewige wee.

Maar ons ook wat die eerst'lingsvrug  
uit God se Gees ontvang, ons sug;  
dit lyk so ver nog af  
dat ons ons kindsdeel vol sal kry,  
dat ons van die verderfnis vry,  
sal oprys uit die graf.

Ons sug, want' daar's geen oogbewys!  
Maar hoop het ons weer op laat rys  
in die ontkomingsstryd;  
want as ons sien hoop ons nie meer;  
maar as ons hoop, dan leef ons weer  
en wag in lydsaamheid.

--- --- --- --- --- ---

Totius se vermoë om 'n psalm as geheel te vertolk,  
blyk ook uit sy weergawe van daardie psalms waarin 'n  
terugblik gewerp word op die geskiedenis van Israel, bv.  
Pss. 78, 105, 106 en 107. Goed word die sentrale ge-  
dagte in hierdie psalms beklemtoon deur verse soos:

Hoe wederstrewig was hul teen die HEER!  
Hoe griewend was hul ondank keer op keer!

.....

't Was altyd weer: Gods ongemete mag  
het hul gemeet na swakke mensekrag;

- Ps. 78.

Verdrukking voor, verneedring ná;  
en dan by God weer hulp gevra!

- Ps. 106.

Deurdat /

Deurdat die Afrikaanse berymer sterk op die hoofgedagte van die psalm gekonsentreer het, is sy vertolkinge in baie gevalle korter as die Nederlandse. Dit is o.a. die geval met sy geslaagde vertolking van Ps.119 wat hy van 88 tot 63 strofes verminder het.

Totius se kennis van die eksegetiese inhoud en die aanleiding tot die ontstaan van die psalms het daartoe bygedra dat sommige van sy vertolkinge herleef het as geleentheidsange. In Ps. 5, 'n gebed by die môre-offer, hoor ons:

Wanneer die daglig straal oor rande  
van skemerende berge neer,  
dan bid en wag ek op die HEER.  
Dan lê ek klaar my offerande  
met will'ge hande.

Veral die volgende vers tipeer hierdie psalm:

o Hoor my pelgrismôrebede.

Ps. 20 word duidelik vertolk as gebed vir die koning wat sy offerande bring voordat hy optrek in die stryd:

o, Mag die HERE u verhoor  
In dag van nood en stryd!  
En mag die Naam van Jakobs God  
U dek in oorlogstyd!

.....

Mag Hy aan al u offers dink  
van fynste spys, en nou  
u offerbrand wat voor Hom geur,  
met welgevalle aanskou!

.....

Verlos die koning, troue HEER,  
en sterk hom in die stryd!  
Verhoor ons as ons tot U roep  
in druk en oorlogstyd!

Die Messiaanse Ps. 45 word op verrassende wyse vertolk as huweliksang. Vorm en inhoud werk saam om die opgewekte stemming te bewaar in hierdie vertolking met sy mooi sangerigheid:

My /

My hart, ontroer deur mymering,  
Sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf,  
Is soos 'n pen wat vaardig skryf.

Let op die effek van die lewendige ritme en die staande  
gepaarde rym:

Gord aan u wapens tot die stryd,  
o Held, u glans en majesteit;  
oorwinnend ry na die geveg  
vir waarheid, ootmoed, hoogste reg.

.....

U klere is mirre en alwee,  
en balsemgeur sweef met U mee;  
uit u ivoire-koningshuis  
kom wonderskone snaargeruis.

Daar's koningsdogters in die ry  
van dogters wat U begelei;  
die koningin hou by U stand  
in fynste goud uit Ofirland.

Hierdie vorm vertolk m.i. die feestelike stemming beter  
as dié van die Nederlandse beryming met sy langer vers  
en strofe:

Mijn hart, vervuld met heilbespiegelingen,  
Zal 't schoonste lied van eenen Koning zingen;  
Terwijl de Geest mijn gladde tonge drijft,  
Is z' als de pen van een die vaardig schrijft.  
Beminlijk Vorst, uw schoonheid, hoog te loven,  
Gaat al het schoon der menschen ver te boven;  
Genâ is op uw lippen uitgestort;  
Dies G' ceuwiglijk van God gezegend wordt.

Interessant is dit dat Camphuysen, net soos Marnix, in  
sy bundel vir kerklike gebruik ook bostaande vorm kies,  
terwyl hy vroeër in sy „nie-kerklike" vertolking die vier-  
reëlige strofe aangewend het.

Ps. 81 is 'n geleentheidsang vir die Israelitiese  
Paasfees. Die karakter van hierdie lied word goed weer-  
gegees in die volgende strofe van die Afrikaanse beryming:

Laat basuine klink  
as aan lae transe  
nuwe maan weer blink!  
Blaas hul nog 'n keer  
as die Paasmaan weer  
skyn met volle glanse.

Ps. /

Ps. 122 word mooi as pelgrimslied vertolk:

Ek was verheug toe die geluid  
Weerklink het bo die ruimtes uit:  
Kom laat ons optrek hiervandaan,  
Om na die HEER se huis te gaan!  
o Heil'ge stad, gelukkige oord,  
Ons voete staan nou in jou poort!  
Jerusalem, waar al die stamme  
Op Gods bevel hul feesdag hou,  
Jerusalem is goed gebou  
En glinster in die son se vlamme.

Daar staan die Dawidstroon gestig -  
'n regterstoel vir die gerig.  
Gelukkig hy wat jou bemin,  
wat juigend gaan jou poorte in  
en bid dat vrede lank mag duur  
in jou paleis en vestingmuur.  
Om vriende en broers soek ek jou vrede;  
en om Gods huis, my hoogste skat,  
soek ek vir jou die goeie, o stad,  
wat skoonste is van alle stede.

Baie treffend is die vertolking van die nagtelike  
begroeting, Ps. 134. Die eerste strofe dui die geleent-  
heid aan in hierdie beurtsang tussen die volk en die  
priesters:

Die volk:

o Priesters wat voor God bly staan  
Wanneer die sonlig ondergaan,  
Wanneer die laaste straal verskiet -  
o Loof die HEER in sang en lied.

o Hef vir ons 'n naglied aan  
wanneer ons weer van hier moct gaan;  
hef priesterlike hande en pleit  
as alles rus in donkerheid.

Die priesters:

Die HEER se seen sal met u gaan,  
en ons sal biddend voor Hom staan.  
Hy wat beveel en - dit geskied,  
Hy sal sy seen oor u gebied.

As Calvinis het Totius daarna gestrewe om 'n  
eksegeties-getroue weergawe van die Bybelpsalms te gee.  
Waar hy om tegniese redes, veral om 'n vers of strofe  
te "vul", uitbrei op die Hebreeuse psalm, doen hy dit  
sonder om in te gaan teen die gees van die oorspronklike  
en van die Bybel as geheel. Soms het hy in sulke ge-

valle /

-valle op ander tekste as die betrokke psalmvers gesteun. Vroeër het hy self hiervan verantwoording gedoen. So kry ons in 36 Psalme 'n verwysing na Exodus 13:21 by die volgende verse:

God brei 'n wolk uit oor sy skare  
om hul te lei deur doodsgeware.

- Ps. 105.

Dikwels het die Afrikaanse berymer, waar hy moes uitbrei, die geleentheid benut om die gedagte van die Bybelsalm meer eksplisiet te vertolk, ook in die vorm van konkrete beelde, sodat die Afrikaanse psalmberyming vir die leek in baie gevalle 'n verklarende karakter het. Om dit te besef, moet die berymde psalm naas die prosa-psalm gele word, bv. Ps. 4. Hier lees ons:

Afr. Bybel:

"o Manne, hoelank sal my oer tot skande wees?"

In die berymde psalm word dit uitgebrei tot:

o Manne wat my nou bestry,  
Hoelank nog word in teenhede  
My eer in skande omgekeer.

So word die strofe "gevol", en die berymde vertolking wen terselfdertyd aan begrypbaarheid. Verder lees ons:

Afr. Bybel:

"..... spreek in julle hart op julle bed, en wees stil."

Hoeveel lewensvatbaarder word dit nie in:

Deursoek jul hart in stille stonde,  
as eensaamheid omsweef jul sponde,  
verwag die HEER, en wees net stil.

Afr. Bybel:

"Offer offerandes van geregtigheid en vertrou  
op die HERE"

Wil jul aan Hom 'n offer gewe?  
Die offer wat die HEER aanskou,  
is, in opregtheid reg te lewe,  
en Hom alleenlik aan te klowe,  
op Hom alleen jul hoop te bou.

Die /

Die hele gees van hierdie psalm kom baie sterk uit in die uitbreiding wat Totius gee op die prosa:

„Baie sê: Wie sal ons die goeie laat sien?”

Dit word:

Hoe baie vra terneergeboë:  
Waar vind ons ooit die ware goed?

Selfs waar die Bybelsalm heel bevatlik is, word 'n mens dikwels nog verras deur die berymde vertolking wat jou onmiddellik voor die lewende werklikheid plaas, bv.:

Afr. Bybel:

„Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is.”

Beryming:

U het my hart meer vreug gegewe  
as ander smaak in volop-tyd,  
as hul deur skyngeluk verheve,  
by mos en koring lustig lewe  
en fees hou in kortstondigheid.

Die woorde deur my onderstreep, is geen betekenislose „vulling” van die strofe nie; intecndool, dit vertolk die motief hier kostelik. Netso beklemtoon die uitbreiding in die laaste verse van hierdie vertolking die strekking van die psalm wat in die Afrikaanse Bybel 'n aandlied genoem word:

Afr. Bybel:

„Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon.”

Beryming:

Ek sal gerus gaan slaap in vrede  
en ongestoord lê ek my neer;  
want U alleen verhoor my bede,  
U waak oor my in teënhede,  
dat ek kan veilig woon, o HEER.

So hou haas elke berymde psalm vir die leek 'n verklarings in.

Grondstemminge /

GRONDSTEMMINGE IN DIE PSALMS.

Daar is veral drie groepe psalms wat baie prominent verteenwoordig is in die psalmboek: die klaag- en smeekpsalms, die lofpsalms en die sogenaamde vloekpsalms. Professor Dekker vat dit as volg saam: „Die verskeidenheid wat ons hier aantref, is die verskeidenheid van nuanses van 'n paar grondstemminge: ootmoedige kleinheids- en sondebeseft, innige klag en smeking, heilige haat en hoon teen die Godsvyand, dankbaarheid en juiging oor die verlossing, verheerliking van Gods majesteit en regverdigheid en genade". (5)

Kragtens sy wese en sy vorming as digter was Totius in 'n besondere mate bestem om hierdie grondstemminge in die Hebreeuse psalms te vertolk. In sy poësie is daar die kleinheidsbeseft as mens, sy sondebeseft as Calvinis, sy ontroerde klag oor persoonlike en nasionale leed, sy veroordeling van die volksvyand en van die van God afvallige ontwikkelingsrigting wat sy volk veral na die sluiting van die Unie inslaan, sy hoopvolle en blye toekomsverwagting en die verheerliking van God, veral deur die berusting in Sy wil.

In die klaagpsalms het ons die mens in al sy kleinheid, nietigheid en ootmoed. Hierdie motief het sterk tot Totius gespreek, het „Einklang" gevind by sy digterpersoonlikheid. Ook in sy Skrifberyminge het hy die mens in sy nietigheid gesien:

Voorwaar, die mens is maar 'n stengel,  
'n grasspriet wat verdor, vergaan,  
'n blom wat wegwelk uit die velde,  
alleen die Woord van God bly staan.

- Troos.

Die vertolking van die klag en smeking in Ps.5 kon net so wel tot die digter se persoonlike liriek

behoort /

behoort het:

O HEER, neem my gebed ter ore!  
Kan ek die klare woord nie spreek -  
U weet wat in my woel en smeek;  
Hy sugte as spraak nog ongebore,  
Is nie verlore.

.....

O God, wat groot is van vermoë,  
wat woon in smettelose lig,  
U sal die goddeloosheid rig,  
U kan die sondaar voor U oë  
geensins gedoë.

Die innigheid in hierdie vertolking getuig van intense aanvoeling en belewing van die oorspronklike ontroering.

Waar ek die verskillende groepe psalms hier bespreek, konsentreer ek veral op die toonaard van elke groep en die middele waarmee die berymer dit in die algemeen bereik. Die skoonhede in die onderdele behandel ek later.

Totius onderskei hom in sy klaag- en smeekpsalms daarin dat hy die vir hierdie doel baie effektiewe slepende rym meesterlik hanteer, veral as in aanmerking geneem word dat Afrikaans arm is aan slepende uitgange. Hy vergoed vir die armoede aan slepende uitgange veral deur die onbeklemtoonde hulpwerkwoord het en die tweede nie in die rymuitgang aan te wend:

Dis nie 'n vyand wat my smaad nie,  
of trotse haters wat my haat nie -  
dán sou ek stil my leed gely het!  
Maar dis my vriend wat my nou kwel,  
met wie ek, as my metgesel,  
my in Gods heiligdom verbly het.

- Ps. 55.

Mens moet bedink hoe lank sommige van die klaag- en smeekpsalms is om hierdie geslaagde volhou van die vroulike rym na waarde te skat.

Totius was besonder vindingryk in sy soek na slepende uitgange. Behalwe bogenoemde middele werd hy

cok /



ook die volgende aan:

die voornaamwoorde (ek, hy, hul, hom, dit) en die werkwoordsvorme is, was en wees in onbeklemtoonde rymuitgange;

die meervoudsvorme met die agtervoegsel -hede, bv. bangighede, donkerhede, ongodd'likhede, moëndhede;

nuwe samestellinge soos: leuensproker, jonkheidslewe, wêreldstigter, onweersrigter, almagsmerke, grootheidswerke, tongehelde, vreugdedaling, vreugherhaling, saakbeslegter, stormbedwinger, skrikvervoering, skimpversading;

ander nieuskeppinge, bv. benouing, grootdadig, goeddadig, stormgeruisel, gesuisel, steunsel, smading, onendig;

argaismes, bv. verderwe, misdrewe, node, veste, geworde, en blade.

Ontroerd word die kleinheids- en sondebeseft en die afhanklikheid van Gods genade vertolk in Ps. 6, wat in die Afrikaanse Bybel aangedui word as "'n boetpsalm in groot benoudheid". Die uiteraars effektiewe vorm van die Nederlandse psalmboek word hier besied deur Totius aangewend. Heel geslaagd handhaaf hy die slepende rym wat die smeking hier so innig vertolk:

Wil my, o Heer, nie straf nie,  
Wys my in toorn nie af nie,  
Sien my genadig aan;  
Laat in my teëspoede  
'n Alte strenge roede  
My nie met gramskap slaan!

Laat, HEER, u oog in strakheid  
nie neersien op my swakheid.  
Genees my, merk tog hoe  
die smart my siel beswaar het,  
die skrik in my gevaar het  
tot in my beendre toe.

My /

My siel, deur skrik bewoë,  
smeek om u mededoë,  
my hart keer om en om.  
In my verbry's'ling kla ek,  
o HEER, hoelank nog? vra ek,  
voor daar verligting kom.

Let op hoe die voornaamwoord ek hier aangewend word om die vroulike rym te behou.

Hoe moeg is al my lede,  
daar ek in bangighede  
van geen verposing weet.  
Die ganse nag deurweek ek  
my bed met trane, smeek ek  
om redding uit my leed.

Deur die enjambement verkry die rymwoorde hierbo deur my onderstreep 'n besondere smeekkrag.

My oog is deur my kwale  
verdof en sonder strale,  
verouderd van geween;  
daar ek in my ellende  
verdruk word deur 'n bende  
van haters om my heen.

Hierdie boetelied wat Totius as geheel beleef en vertolk het, lê baie na aan sy wese. Die Hebreuse digter ervaar hier die toorn van God as gevolg van eie sonde.

Soos in Pss. 5 en 6 is dit ook in Ps. 17 David se vyande wat sy lewe versuur. Ook hier het die Afrikaanse digter 'n geslaagde vertolking gelewer:

o HEER, verleen my tog gehoor;  
My saak - U weet dit - is regverdig.  
En wil my smeking nou verwerdig  
Dat dit kan opklim in u oor.  
Alleen deur waarheidsdrang bewoë  
Beef van my lippe die gebed:  
Ag, as U maar my saak wou red,  
U wat geen onreg wil gedoë.

.....

Net soos die appel van die oog,  
bewaar my so, Getroue en Sterke!  
Oordek my met u ewige vlerke,  
met u bewaring van omhoog;  
sodat die skaar wat my omring het,  
vergeefs na my sal soek, o God,  
vergeefs sal jubel oor my lot  
as hul al amper my bespring het.

Tipies van die klaag- en smeekpsalms is die hoopvolle slot as die psalmdigter in die geloof reeds die uitkoms op sy klag ervaar. Mooi het Totius dit beleef en vertolk in:

'n Beter lot is dan my deel:  
as ek ontwaak, na my benouing,  
sal ek U sien in klare aanskouing,  
.....

Een van sy mooiste vertolkinge van 'n klaagpsalm is Ps. 22:

My God, my God, waarom verlaat u my  
Terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,  
Alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly? .  
Op al my vrae  
Kan ek van U, deur al my lydensdae,  
Geen antwoord kry;  
Deur donker lydensnagte  
Bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte,  
Geen woord vir my.

.....

Wees dan my hulp, hou U nie ver van my;  
My knel die nood, benoudheid is naby;  
daar's buiten U, terwyl 'k so bitter ly,  
geen hulp te wagte.  
Die Basanstiere met hul reusekragte  
omsingel my.  
Hoe wild en ongebonde  
dring hul soos leeus met oopgespalkte monde  
al naderby!

Besonder treffend is die aanwending van die korter verse wat deur hul afwykende lengte 'n beklemtoonde posisie verkry en ook afwisseling bring in die jambiese verse. Totius het die moeilike tradisionele vorm hier met groot welslae gehandhaaf.

Mooi is weer die blye geloofsversekerdheid waarmee hierdie innige klag afgesluit word:

Die wêreldgrottes eet hul offermaal,  
Bid saam met hul wat in die stof moet daal,  
met wie, verswak, nog nouliks asemhaal,  
so klein van kragte;  
wat leef en nog sal leef, 'n reeks geslagte,  
hul kondig aan:  
" Groot is Gods reddingsdade.  
Die HEER alleen, wat groot is van genade,  
het dit gedaan!"

Ewe innig is die vertolking van die ontroerde klag in Ps. 31. Weer is dit die slepende rym wat die klag so gevoelvol dra:

o Neig u oor en red 'n lyder,  
wees my by stormgerug  
'n rots om in te vlug.  
Wees my 'n vesting, o Bevryder,  
wat op 'n berg verhewe,  
my veiligheid kan gewe.

Die vorm gewe word hier so deur die ontroering gedra dat dit nie hinderlik word nie; inteendeel, dit is 'n mooi vinding om die slepende rym te handhaaf. Mooi is ook:

Toon tans, o HEER, u mededoë,  
verhoed my ondergang;  
ek is beklemd en bang.  
'n Swaar verdriet deurknaag my oë,  
my siel is mat van klagte,  
my liggaam sonder kragte.

'n Bitter smart verteer my lewe;  
my tyd word deur geklag  
verslyt die ganse dag.  
Ek voel my kragte my begewe.  
My ongeregtighede  
deurwoel my kranke lede.

Die werkwoorde deurknaag en deurwoel het hier besondere evokatiewe krag. Hoe word die klein-menslike nie weer-gegee nie sonder dat aan verhewenheid ingeboet word:

Ek word bespot, beskimp vanweë  
my haters; van my smaad  
hoor ek die bure praat.  
Selfs vriende is my ongeneë:  
my, reeds in smart verlate,  
ontvlug hul op die strate!

Ek is vergeet soos een wat dood is;  
ek is - wie dink daaraan? -  
soos iets wat al vergaan.  
Hul skinder nou dat ek in nood is,  
en daar is geen verkwikking,  
maar onrus en verskrikking.

Hierbo is dit weer die onbeklemtoonde koppelwerkwoord is wat in die rymuitgang aangewend word.

In die teken van die volgende staan al Totius se treurliriek:

HEER /

HEER, in u hande is my tye;  
ek steun in al my leed  
op U alleen wat weet  
die maat en einde van my lye.

Verse soos hierdie staan ver van blote vertaalwerk. Dit dra die stempel van waaragtige digterskap, van intense deurvoeling en suiwere verwoording. Dit besef mens ook by die lees van die ontroerde vertolking van Ps. 38 met sy moeilike vorm en rymskema. Ook hier bring die korter tweede en vyfde vers 'n subtiele gevoelsnuanse in die ontroerde klag:

In my dring u strafgerigte,  
HEER, soos skigte  
wat my hart deurboor soos staal.  
Ja, die hand wat hul gedryf het  
in my lyf, het  
self ook op my neergedaal.

Niks is aan my sonder wond nie,  
niks gesond nie,  
om u grimmigheid, o HEER!  
Om my ongeregtighede  
is geen vrede  
in my beendre immormoor.

Die manlike rym wat die vroulike rym afwissel, is hier onmisbaar; dit hou die strofe staande wat anders sou verloop het in weekheid en 'n byna vormloos eentonige klag:

Want my hoof is gans bedolwe  
in die golwe  
wat my sonde oor my stort;  
al die golwe en die bare  
met hul sware  
druk het my te swaar geword.

.....

Krom en gans'lik neergeboë  
voor u oë  
gaan ek heeldag in die rou.  
In my lende is ontsteking  
en verbreking -  
niks is heel meer aan my nou.

Die heffinge aan die begin van hierdie trogelese verse versterk die dringende smeektoon:

HEER /

HEER, U weet hoe hart en sinne  
staan daarbinne  
as ek worstel in my leed.  
Voor U is my sugte en sorge  
nie verberge,  
daar U alles sien en weet.

'n Mens kan hierdie vertolking byna as geheel aanhaal om  
aan te toon hoe die Afrikaanse berymer homself verwesen-  
lik in die vertolking van hierdie eeue-oue klag. Sonder  
hierdie selfverwesenliking is poësie soos hierdie nie  
moontlik nie.

Baie bekend is Ps. 42, 'n lied van heimwee na God:

Soos 'n hert in dorre streke  
Skreeuend dors na die genot  
Van die helder waterbeke,  
Skreeu my siel na U, o God!  
Ja, my siel dors na die HEER,  
Na die Lewensbron; wanneer  
Sal 'k, ná swerftog en benouing,  
God weer sien in klare aanskouing?

Die Afrikaanse digter het die beeld van die dorstende  
hert baie suiwer aangevoel. Die enigsins vreemdklinkende  
hert word so in die gevoelstroom opgeneem dat dit geen  
storende effek het nie.

Mooi word die direkte woorde van die spotters op-  
geneem in die klaagtoon van die volgende strofe:

Trane stort ek in my klagte,  
want die spotters vra vir my:  
„Waar's jou God?" My dae en nagte  
gaan in droefenis verby.  
Nog hoor ek die feesgedruis  
wat weerklink het om u Huis,  
toe 'k 'n skaar daarheen gelei het,  
my met hul in God verbly het.

Ek haal nog die volgende innige vertolking van die klag  
uit hierdie psalm aan:

o My siel, waarom onrustig?  
En wat buig jy jou in my?  
Waarom in Gods lof onlustig  
as die vyand jou bestry?

.....

Weedom gryp my binnenst' aan  
as u waters oor my gaan,  
as ek, in my smart bedolwe,  
wedsink in u watergolwe.

Die /

Die effek van die slepende ritme om die klaagtoon te vertolk, word treffend geïllustreer deur die vertolking van Ps. 54 waar daar in die tweede strofe 'n duidelike wending in die klag kom, en die slepende ritme dan ook ophou:

o God, verlos my deur u Naam,  
Toon my u mag en rig regvaardig.  
HEER, neem my aan, hoeseer onwaardig,  
Hoeseer tot bidde onbekwaam.  
Want vreemdes, teen my opgestaan,  
Tiranne, aan misdaad oorgegewe,  
Soek bloedbegerig na my lewe;  
Gods hoogheid jaag geen vrees hul aan!

Let op hoe die Nederlandse regvaardig die klag hier dra. Duidelik voelbaar is die wending in:

Maar ek sal op u bystand bou:  
U sal hul op die oorlogsvelde  
die kwaad, my aangedoen, vergelde.  
Vernietig hulle in u trou!  
Dus sal 'k met vreug in my gemoed  
gewillig aan U offer, HERE;  
ek sing my lof, u Naam ter ere,  
want, HEER, u Naam alleen is goed.

Dit was om my so angstig-nou.  
U Naam, gedug bó vestingwalle,  
laat nou my oog met welgevalle  
die oordeelstraf van God aanskou.

So wissel die toon met die inhoud in 'n vertolking wat suiwer aangevoel is.

Van Ps. 61 het Totius ook 'n heel verdienstelike vertolking gelewer. Die vorm is dieselfde as die van Ps. 38 en is aan die Nederlandse psalmboek ontleen. Die trogeïese verse met hulle sterk aanvangsheffinge laat ons elke keer die dringende klag opnuut weer voel:

Neig, o God, tot my die ore!  
Ver verlore  
Ver van hulp en heil vandaan,  
As my hart in my geen krag het  
Al versmag het,  
Roep ek U as Helper aan.

Mooi word die klaagtoon hier versterk deur die vroulike rym. Dit is asof die manlike rym van die twee verse 'n vastigheid aan die strofe verleen, wat 'n vergestaltung

is van die geloofsvertroue waarop die klag gefundeer is.

In die vertolking van Ps. 64 is dit weer die vaste ritme van die viervoetige jambiese verse en die geslotenheid van die staande paarrym wat besondere krag verleen:

o God, verhoor nou my gebed  
Wanneer ek smeek en roep, en red  
My van die mens wat my belaag  
En met sy skrik my wil verjaag!

Let op die effektiewe aanwending van die enjambement aan die einde van die tweede vers om die smeking te verinnig. Heeltemal geslaagd het Totius hier, net soos in Ps. 69 hieronder, afgewyk van die vorm van die Nederlandse be-ryming:

't Behaag' U, mij gehoor te geven;  
Ik zend mijn klaagstem tot Uw troon;  
o HEER, dat zich Uw hulp vertoon';  
Laat mij voor 's vyands macht niet beven;  
Behoed mijn leven.

In Ps. 69 verleen die reëlmatige viervoetige jambiese verse 'n besondere vastheid en gedraenheid aan die smeektoon:

Help my, o God, want ek vergaan!  
Ek het in modder ingegly  
Waar daar geen staanplek is vir my;  
En oor my storm die waters aan.  
Ek roep my hees, my oog versmag,  
Waar ek vergeefs op U bly wag.

Die staande rym het die uitwerking om die smeking te versterk. Hierdie ritmies stewige, afgeronde verse kenmerk die vertolking in sy geheel. Die sterk reëlmatige versbou is hier die openbaring van die digter wat dwing om sy verontwaardiging wild uit te sê:

Ek kwel my siel met vas en ween,  
maar dit het my tot smaad geword;  
met sakkleed het ek my omgord,  
maar is 'n spot vir iedereen.  
Die praters praat op straat van my,  
en dronkaards sing hul lied daarby.

Skerp afgebete klink elke woord wat baie meer emosie onderdruk as wat daarin tot uiting kom. Hoe breek

die /



die bittere verontwaardiging en besef van die wrange humor nie deur die klag in die laaste twee verse nie.

Dan word die toon weer meer pleitend:

Wil, HEER, die waters om my stuit,  
Laat nie die dieptes my verslind;  
die put waarin ek my bevind,  
laat hom sy mond nie bo my sluit.  
Verhoor my want u guns is goed,  
u medelye 'n owerfloed.

Let op die pleitende effek van laat aan die begin van die verse. Besonder dringend klink 'n vers soos die volgende met die sterk klem aan die einde:

Verhoor my, HEER, verhoor my gou.

In Ps. 88 het ons die klag in baie eenvoudige vorm: die drievoetige jambiese vers in die vierreëlige strofe met gebroke rym. Hierdie vorm verskil baie van die van die Nederlandse beryming. Deur in hierdie onbekende psalm 'n ander vorm te kies, omseil Totius die moeilikheid van gebrek aan slepende uitgange in Afrikaans. Terselfdertyd verkry sy vertolking groter soepelheid deurdat hy loskom van die strenge rymvorm van die Nederlandse psalmboek:

o God mijns heils, mijn Toeverlaat,  
Tot U hef ik mijn droeve klachten;  
Ik roep, bij dagen en bij nachten,  
Tot U in mijnen jammerstaat;  
Ik nader biddend; wil mij hooren,  
En neig tot mijn geschrei Uw ooren.

In Totius se vertolking word die manlike rym met 'n dringende effek aangewend. Elke vers eindig in 'n crescendo:

U grimmigheid rus swaar  
op my ellende, HEER!  
U golwe staan op, ry aan ry  
en druk my dieper neer.

Let op die beklemtoonde posisie van swaar deur die enjambement en die afwykende metrum van die derde vers,

waardeur /

waardeur die ontsetting uitgebeeld word. Effektief is veral die bekleemtoonde op en die trogelese karakter van die vers daarna. Interessant is dit dat ons reeds in die digter se gedig Die Balling (Bij die Monument, 1908) hoor:

Die golwe staan op ry aan ry.

In die volgende strofe word die reëlmatige jambiese verse ineens deurbreek deur 'n trogee aan die begin van die derde vers. Dit laat die klag weer fel opklink:

Maar nou, o HEER, my God,  
verhef ek in geklag  
smekend my hande na omhoog  
en roep die ganse dag.

Die slot van die twee laaste verse hieronder klink somber-vertwyfeld. Ons hoor die digter se stem somber daal, veral deur die klem: naby.

U 't vriend en metgesel  
verwyder ver van my;  
bekendes - hul is almal weg,  
en duisternis - naby!

In bostaande voorbeelde was dit veral die klag en smeking van enkelinge en vereensaamdes wat vertolk is. Maar in die psalmbundel kom ook die volksnood en volksklag tot uiting. As oorgang tot hierdie volksklaagliedere word hier twee vertolkings behandel waarin die persoonlike smart in 'n sekere sin gefundeer is in die groter smart van die volk: Pss. 102 en 130.

In die tyd van die Babiloniese ballingskap stort die Hebreuse digter van Ps. 102 sy sielesmart in 'n gebed uit. Eers is dit net sy persoonlike smart wat hy uitklaag, maar dan dink hy aan die nood waarin sy volk verkeer, en ons leer hierdie groter nasionale nood ken as die bodem van die digter se persoonlike leed. As die digter aan Sion en Jerusalem dink, sien hy lig.

Anders /

Anders as in sy persoonlike leed, is hy dan hoopvol, want hy dink aan Gods ewige trou en onveranderlikheid. Hy glo dat die Here Sion en Jerusalem weer sal ophef. Dan sal die heidense vyande wat nou nog spot en hoon, vreesbevange die Here dien. Alles sal beskryf word vir die nageslag. Hulle sal die Here loof en prys omdat Hy Hom uit die hoogte oor mensekinders ontferm het. Dit is die skone toekomstdroom wat die digter met sy geloofsoog verwesenlik sien. Dit vorm egter 'n sterk teenstelling met die hede waarin hy hom bevind, maar hy troos hom daarmee dat die Here ewig en altyd dieselfde is. Die nageslag van Israel sal voor sy aangesig leef, al sal die digter self miskien nie hierdie nuwe lewe aanskou nie.

Hierdie motief is Totius baie simpatiek. Luister na sy onmiddellike vertolking hiervan:

HEER, u goedheid is onendig;  
Hoor my as ek diep ellendig,  
As ek in my krag verkort,  
Klag voor U soos water stort.  
Hoor die hulpgeroep van 'n lyer,  
Wil u aanskyn hom nie weier;  
Hoor in nood, en hoor my nou,  
Help my, HEER; ag, help my gou!

Die vinding onendig het hier 'n besondere uitwerking in die handhawing van die slepende rym. Waar Totius in sy twee laaste verse die vroulike rym van die Nederlandse beryming moes prysgee, verkry sy vertolking 'n dringender smeektoon waar die Nederlandse vertolking meer 'n klaageffek laat hoor:

~ ~ ~ ~ ~  
Wil dan spoedig U ontfermen,  
Wil my door Uw macht beskermen.

Ontroerd word die klag weergegee:

Net soos rook in stormevlae,  
so verdwyn my droewe dae;  
my gebeente is dor gekroei,  
soos 'n vuurherd so deurgloei.

En soos plante in sonnelande,  
welk ek by u sonnebrande;  
in ellende 't ek vergeet,  
soos 'n kranke, om brood te eet.

Die gerekte vorme stormevlao, sonnelande en sonnebrande  
skilder vir die Afrikaanse leser 'n felle realiteit.

Innig gaan die klag voort:

Eensaam voel ek, weggevlug  
in woestyne soos die reier -  
beeld van die verlate lyer;  
soos 'n uil oor bouval heen  
sit en tuur, so 's ek alleen.

Eensaam klaag ek deur die nagte,  
soos 'n duif, my dowwe klagte.  
Heeldag smaad die vyand my,  
hoor ek in hul raserny  
hoe my naam, in my besoeking,  
vloekwoord is by hul vervloeking.  
As moet ek soos spyse eet,  
tranedrank drink in my leed.

Nadat die digter die klag oor die persoonlike leed be-  
ëindig het met die woorde:

HEER, waar U my hoog laat word het,  
maar in toorn my neergestort het,  
is ek soos 'n plant wat kwyn,  
en my dae - skadusyn.

klink dit hoopvoller as hy dink aan die ewigheid van  
God en die herstel van Sion:

Maar U, HEER, U is onendig,  
u gedagt'nis bly bestendig;  
mensgeslagte gaan verby,  
maar u roem sal ewig bly.

U sal opstaan tot beskerming,  
Sion vind by U ontferming;  
tyd van smart is eindlik om,  
dag van guns 't oplaas gekom.

Subtiel het die Afrikaanse digter die volksverlange aan-  
gevoel en beleef:

En u knegte, in hul smarte,  
dink met liefde en hul harte  
aan die stad wat sonder lof  
nog vergruis lê in die stof.

Mooi is die ootmoedige lof tot eer van God:

daar Hy Hom, in hul ellende  
tot die armes heen wou wende  
en nie hul versoek of klag  
as onwaardig wou verag.

Hierdie /

Hierdie lofsang word voortgesit, maar weer onderbreek deur die suggestiewe vraag:

Maar nou? ... Hoe 't ek ingestort!  
Hoe 's my lewenstyd verkort!  
Toe sê ek, by soveel plaes:  
HEER, verkort tog nie my dae!  
Ag, hoe kort is reeds my uur!

En dan kom die troosryke wending in die laaste vers van hierdie strofe en voortgesit tot die einde:

maar U jare 't eewge duur

HEER, die aarde en hemelboë  
is die werk van u vermoë.  
Hul is saam, in hul verband,  
kunswerk van u wyse hand.  
Maar hul almal moet verderwe,  
U alleen, U sal nie sterwe;  
soos 'n kleed sal hul verslyt,  
maar U bly in ewigheid.

HEER, in plaas van droef te klae  
sien ons ongemete dae  
wanneer eind'lik kroos en kind  
lewensvolheid by U vind.

Totius het hom so ingeleef in die Hebreëuse psalm dat die konsepisie in sy geheel in hom herleef het. Die ontroering is standhoudend in hierdie vertolking, snoer dit saam tot 'n hegte eenheid, is die sterk gevoelstroom waaruit al die skoonhede opstaan.

Van Ps. 130 het ons 'n uitmuntende vertolking in die Afrikaanse psalmberyming. Dit is 'n persoonlike „jammerklag" wat in die laaste strofe ook die volksnood suggereer, voordat dit uitmond in 'n blye toekomsverwagting en persoonlike bede:

Uit dieptes gans verlore,  
Van redding ver vandaan,  
Waar hoop se laaste spore  
In wanhoop my vergaan;  
Uit diep van donker nagte  
Roep ek, o HERE, hoor,  
En laat my jammerklagte  
Tog opklim in u oor.

As U, o HEER, die sonde  
na reg wou gadeslaan,  
wie sou een enk'le stonde  
voor U, o Heer, bestaan?  
Maar nee, daar is vergewing  
altd by U gewees;  
daarom word U met bewing  
reg kinderlik gevrees.

Soos een wat op die mure  
as wagter uitgestel,  
gedurig deur die ure  
met sy gedagte tel -  
só wag my siel, en sterker -  
gedurig op die HEER,  
tot Hy, die Ligbewerker,  
die nag in daagraad keer.

Hoop, Is'rel, in jou klagte;  
vertrou, o volk, wat treur;  
sy guns verduur die nagte,  
sy heil breek eind'lik deur.  
Dan skyn 'n soete vrede:  
gans Israel word vry  
van ongeregtighede.  
HEER, doen ook so aan my!

Prof. Dekker was, sover my bekend, die eerste om hierdie vertolking uit te soek as die mooiste in die Afrikaanse psalmboek: Die „.....bange worsteling, die styg uit die duisternis tot die lig, die wese en die wonder van die Skrif en van die geloof, wat nêrens duideliker tot openbaring kom as in die boek van die Psalms nie, vind sy skoonste vertolking in Ps. 130, die lied wat deur die eeue heen dié troospsalm was in dae van verdrukking en vervolging en in sy Nederlandse beryming 'Uit diepten van ellenden', deur ons voorouers aangehef is in die ure van benoudheid. Dit is dié pèrel in die Afrikaanse psalmboek. ....

Let op die donker-warm toon van die eerste strofe, die steeds met feller aksent stygende angsroep daarin. Dan die diep besef van sonde en kleinheid wat uitgroei tot versekerdheid in die tweede strofe, die gespanne verwagting in die derde strofe en ten slotte die

blye /

blye hoop van die laaste strofe wat eindig met 'n jubel-sang, om uit te mond in die slotreël, die kinderlike ootmoed van die bede: „Heer, doen ook so aan my!” — hier het ons die sleutel tot Totius se hele psalmberyming, wat 'n geloofsdaad is.” (6)

In Ps. 60 word die volksnood vertolk. Die Afrikaanse vertolking munt nie soseer uit deur skoonheid van siening en segging nie, as deur saaklike en besielde weergawe. Luister na die klag in die eerste strofe:

o God, hoe het U ons verstoot!  
U grimmigheid was oor ons groot.  
Herstel ons; laat die land herleef  
Wat U geskeur het en laat beef!  
Herstel, genees sy breuke weer,  
Want alles wankel voor U, HEER.  
U 't ons 'n harde saak laat sien  
En swymeldrank ons toegedien.

Ewe besield kom die volksleed tot uiting in Ps.74:

Waarom, o God, vind ons geen medely?  
Waarom verdryf u toorn ons altyd verder?  
Ons is u kudde, U die kudde-herder  
Wat deur u hand ons uit en in wou lei.

Dink aan u volk, aan u gemeente weer,  
wat u voorheen as gunsvolk uitgelei het,  
die stam wat U as erfdeel toe verkry het,  
aan Sions berg, u woonplek van welaer.

Plastics is:

Hul hamers het die houtwerk neergeslaan;  
hul byle het geswaai, gekap, gekerwe,  
hul ruwe hand die tempelskoon bederwe  
verdelgingsvuur oor alles heen laat gaan.

Dieselfde motief het ons in Ps. 79:

Die heid'ne het gekom, 'n woeste hoop,  
U erfdeel, HEER, geweldig neergeloop,  
U heiligdom se heiligheid geskend,  
Jerusalem tot puinhoop omgewend.

In die tweede vers hieronder het ons die tekenende van die omgangstaal:

Vir al ons bure is ons nou 'n smaad,  
'n spot en skimp van almal wat ons haat.  
Hoelank sal nog u toorn gloed oor ons duur?  
U ywer, HEER, nog oor ons brand soos vuur?

Innig-/

Innig-bewoë kom die bede tot uiting in die gedrae toon:

Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer.  
Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!  
En maak u volk wat nou verswak, moet ly.  
deur u gena weer van die skuldstraf vry.

Ons vra dit nie om ons verdienste, nee;  
maar om u naam die hoogste eer te gee;  
en dat die vyand nooit met ons mag spot:  
„Wie is die HEER? En waar is nou hul God?”

In die laaste vers het ons die direktheid van die gesproke woord.

In Totius se vertolking van Ps. 80 is daar in navolging van die Nederlandse psalmboek, die mooi afwisseling tussen die vroulike rym van die eerste twee verse en die manlike rym van die res van die strofe. Hierdie afwisseling bring 'n subtiele wending van 'n meer gelate klaagtoon tot 'n dringende smeektoon:

Hoelank, o God der leërmagte,  
verwerp U ons gebed en klagte?  
Hoelank verlaat U ons in nood?  
U spysig ons met tranebrood,  
en laat ons in ons jammerstaat  
die trane drink uit volle maat.

U maak u volk in donker ure  
'n skyf en mikpunt vir sy bure;  
ons vyande bespot ons, HEER!  
Sien op ons in ontferming neer;  
verkwik, verlos ons deur die lig  
wat afstraal van u aangesig.

Konkreet word die ellende van die volk gebeeld in:

En nou, waar is sy pragverskyning?  
Waarom verbreek U sy omheining?  
Waarom gedenk U nie aan hom?  
Die bosvark woel sy akker om;  
'n ieder pluk en gaan verby,  
en wilde diere kom daar wei.

Hierdie vertolking word afgesluit met die mooi bede:

o HERE, God der leërskare,  
verlos u volk uit doodsgevare;  
dan sal ons U weer dien en eer.  
o Herder, lei, herstel ons weer,  
verkwik, verlos ons deur die lig  
wat afstraal van u aangesig.

Totius /



Totius, self sanger van volksmart, het die leed van oud-Israel, soos vertolk deur hul psalmdigters, suiwer aangevoel en weergegee. Maar daar klink ook jubel-tone op uit die boek van die psalms. Oppervlakkig mag geoordeel word dat Totius minder aanleg openbaar vir die loflied. Is dit dan nie meesal 'n klag wat in sy poësie gehoor word nie? Dit is egter geen troostelose klag nie. As Calvinis vind hierdie digter altyd weer berusting in die Wil van God. Dit vertroos hom. Dit laat ons steeds by hom die spraak van sy "Oue Wilg" verneem:

En as die wind  
jou rust'loos roer,  
dan hoor ek hierdie spraak:  
"Al lyk ek nou  
So dubbel dood -  
ek sal weer herontwaak!"

- Wilgerboombogies.

Hierdie toekomsverwagting, hierdie onverwoesbare geloof en geloofsvreugde waarin Totius se klag altyd weer uitmond, is die agtergrond van sy mooi vertolkings van lofpsalms. In hierdie vertolkings het die digter bevrydende uiting gevind vir wat altyd in hom geleef het, maar wat altyd oorstem is deur die leed. Waar Totius hom in Skemering, die bundel van sy ouderdom, as 't ware besin op die leedmotief in sy poësie hoor ons:

Somaar onder kruis en kwelling  
maak ek my gediggies:  
somaar deur die immer-nag-wees  
strooi ek skitterliggies,  
vlammetjies wat vrolik kyk  
hoe die lewe al grimmig lyk.

Ek het eers gewag  
op die blyer dag.  
"Sal die dag dan nimmer daag nie  
dat geen wurm in my sal knaag nie?"  
Maar my leeftyd gaan al om,  
en dié dag het nie gekom.

- Somaar onder kruis en kwelling.

In /

In sy vertolking van die jubelpsalms word hierdie verlange na 'n blyer dag op heel besondere wyse by Totius bevredig.

Onder die mooiste lofpsalms is die waarin die almag en majesteit van God besing word. Die Hebreeuse digter sien die soewereine almag van God dikwels teen die agtergrond van die natuur en grootse natuurgebeure. Dit is veral in die vertolking van hierdie lofliedere wat Totius hom onderskei het. Een van sy mooiste is Ps. 8:

Daar is geen land so ver of woes geleë  
Geen strand, o HEER, of wilde waterweë,  
Geen hemelsfeer in die oneindigheid -  
Of orals blink u Naam en majesteit.

U het, o HEER, wat troon oor alle dinge,  
uit kindertaal en stem van suigeling  
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg  
wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

As ek, o HEER, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan -

wat is die mens dan dat U hom gedenk het,  
die mensekind wat U so ryk beskenk het!  
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,  
skaars minder as die eng'le om u troon.

U laat hom heers. Tot aan die verste strande  
gebied hy oor die werke van u hande.  
U het, o HEER, dit onder hom gestel,  
dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

Die os en skaap en wat in wildheid lewe,  
die voëls wat deur hoë lugte swewe,  
al wat deurkruis die paaie van die see -  
tesaam het U dit in sy mag gegee.

Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,  
geen strand, o HEER, of wilde waterweë  
geen hemelsfeer in die oneindigheid -  
of orals blink u Naam en majesteit.

Pragtig is die verhewe kosmiese siening in hierdie vertolking wat as eenheid beleef en herskep is. Hierdie siening en waardering van die natuur as skepping van God, en hierdie enersydse besef van die kleinheid van die mens, en andersydse erkenning van sy heerserskap,

is /

is nie vreemd aan Totius se poësie nie.

Pragtig vertolk Totius ook die siening van natuur as handewerk van God in Ps. 19 wat ek later in 'n ander verband bespreek.

In ander psalms word God verheerlik in die magtige natuurgebeure. Grootse beelding van die toorn-God en sy neervaart het ons in Ps. 18. Hoe het die digter nie sy siening as geheel beleef nie:

Toe het die aard se ingewand,  
die berge in hul vaste stand  
gebeef, gesidder skrikverras,  
omdat die HERE toornig was.  
Rook in sy neus het opgegaan,  
vuur wat verteer na alle kant,  
het uit sy lippe voortgebrand,  
en kolegloed het uitgeslaan.

Die hemel het ontsag betuig  
en by Gods neervaart neergebuig;  
en donkerheid van watervloed,  
'n onweersnag was om sy voet  
'n Gêrub was sy oorlogswa.  
Hy het gevlieg en aangesweef  
- terwyl dit om Hom skud en beef -  
op vleuels van die wind gedra.

In duisternis het Hy genaak,  
in donker nag wat Hom bewaak:  
in waterduisternis alom  
en diktes van die wolkkolom.  
Deur glanse voor Hom, om Hom heen,  
wat gans sy glorie wese oordek  
het swaar sy wolk verbygetrek  
met onweersvuur en haelsteen.

Die HEER 't laat dreun die hemel oor,  
die hoogste God sy stem laat hoor,  
sy stem mét vuur en haelsteen,  
die drie tesaam en wild deureen.  
Hy het sy pyle uitgestuur  
en hul verstrooi wat my beveg,  
sy bliksems deur hul heen gevleg  
en hul verwar in onheilsuur.

In beddings waar die waters loop,  
raak rotse tot hul wortels oop.  
Die see wyk uit sy stille skoot  
en sleep die aard se grondves bloot.  
So 't God die wêreld, stomverbaas,  
laat sidder van sy dreigement,  
Hom bulderend omlaag gewend  
as Hy 'n storm van gramskap blaas.

Hier /

Hier slaag Totius daarin om die bo-menslike magsopenbaring van God in die grootse spel van die natuurelemente met die konkreetheid en verhewenheid van die Bybelsalm weer te gee.

Magistraal soos in Ps. 18 is ook in Ps. 29 die toorn-God uitgebeeld. Eers die skone jubilering in die eerste strofe:

Eng'lemagte, loof die HEER,  
Gee die HERE sterkte en eer!  
Al die duisende tesaam -  
Sing die ere van sy Naam!  
Eng'le, trone, heerskappye -  
Laat dit opklink uit jul rye!  
Dien God, groot deur almagsdade,  
In die skoonste feesgewade!

Daar sit besondere krag in die eerste vier verse wat elk met 'n sterk heffing begin en eindig op die heffing van die onvoltooide trogelese voet. Elke vers is 'n forse klankeenheid soos 'n heldere basuinstoot. Dan die klankplastiese verse:

Dis sy stem wat, hooggedug,  
rol en ratel deur die lug  
as die onweerstorme woed  
bo die donker watervloed;  
en dit klink met groot vermoë  
majesteitlik deur die boë  
alles beef en staan verwonder  
as die God der ere donder.

Grootse natuursiening vind ons in die uitbeelding van die woeste spel van die elemente:

Dis die HEER se stem wat spreek  
as die trotse seders breek;  
as hul spring soos kalwers op  
Libanon se hoë top.  
Berge kom saam in beroering:  
Sirjon spring van skrikvervoering,  
Libanon, met sederbosse,  
huppel soos die wilde osse.

Op dieselfde tempo gaan dit voort in die volgende strofe. Deur die enjambement verkry die fel beklemtoonde vuur 'n hewige effek:

Dis /

Dis die HEER se stem wat vuur  
uit die donderwolke stuur;  
bliksempyle skiet Hy neer;  
Kades bewe van dié weer.  
Bosse word ontbloot, en reë  
word oorval deur skrik en weë.  
In die tempel van sy ere  
sê hul almal: Dis die HERE!

'n Mens kom dieper onder die indruk van die vertolking  
van die konkrete natuurgebeure hier as hierdie strofe  
vergelyk word met dié van die Nederlandse beryming wat  
so arm aan beelding is:

's HEEREN stem verbaast natuur;  
Houwt uit bergen vlamvend vuur;  
Schiets van 't zwerk den bliksem neer.  
Kades beeft voor 't buld'rend weer;  
Woostenijen slaan aan 't zuchten.  
Hinden krijgen, onder 't vluchten,  
Barenswee; door vrees gedrongen,  
Werpen z', in dien nood, haar jongen.

's HEEREN stem ontbloot het woud;  
Maar Hij, die op Godt vertrouwt,  
Buigt zich veilig, Hem ter eer,  
Juichend in Zijn tempel neer.

- - - - -

Hierdie verhewe siening word afgesluit deur die slot-  
strofe waarin die kalmte na die onweer treffend gesugge-  
reer word en bokant dit alles:

God sit bo die watervloed;  
.....  
Hy, die sterke onweersrigter,  
Hy laat op sy erf benede  
druppels daal van seën en vrede.

So word God in sy soewereine mag en majesteit uitgebeeld.

'n Grootse konsepsie op meesterlike wyse vertolk.

In Ps. 104 word God verheerlik as Skepper:

Die aarde 't Hy deur sy bevel  
op fundamente vasgestel.  
Die waters in hul stormgewoel,  
oor hoogste berge heengespoel,

het U, soos in 'n vegtersvlaag,  
deur donder voor U heen gejaag,  
- die dal laat sak, die berg laat rys -  
U vinger 't hul die plek gewys.

Ook vir die see was daar 'n merk,  
sy woede is daar ingeperk.  
U stuur die sterk fonteine uit,  
die berge ruis van stroomgeluid.

Daar laaf die wilde dier sy bors  
en wilde-esels breek hul dors;  
daar woon die blye voëlkoor  
wat uit die takke 'n stem laat hoor.

- - - - -

Wat leef in water en op land,  
verwag hul spyse uit u hand.  
Ontsluit U dit, hul word verkwik;  
hou U dit toe, hul word verskrik;

neem U hul asem weg, hul keer  
tot stof en as, en is nie meer.  
Maar as U Gees weer oor hul sweef,  
dan leef hul, en die aard herleef.

Laat glorie sonder maat of perk  
die HEER verbly uit al sy werk!  
Hy, wat net kyk en - niks hou stand;  
en as Hy slaan, staan berge aan brand.

Hier kies Totius 'n ander vorm om die slepende rym van die Nederlandse beryming te vermy en terwille van 'n korter strofe. (7) Heel gepas word die staande rym, met sy sterk daadsuggestie hier, konsekwent volgehou.

Ook Ps. 33 is 'n loflied wat opstyg na die "Skepper-Here":

Sing vrolik, hef die stem na bowe;  
Regverdiges, verhef die HEER.  
Dit pas opregtes God te lowe  
En uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange -  
Stem van sterk verlange  
Om die HEER te dank -  
By die smeltend-skone  
Harp- en siter-tone,  
Liefde en lof verklank!

Let op die helder vokale, veral in die eerste vier verse, om die jubeltoon te verklank. Met die vyfde vers verander die metrum van jambies na trogeles. Dit gee meer impetus aan die loflied. Totius lewer hier weer bewys van sy vermoë om 'n moeilike vorm uit die Nederlandse psalmboek te hanteer. In die tweede strofe het ons die frisheid van segging:

Sing /

Sing nuwe sange, nuutgebore  
uit aandrif van die skoonste kuns;  
trompetgeklank deur tempelkore  
moet danksê vir Gods nuwe guns.  
Wat ons toegeseg is  
in Gods Woord wat reg is,  
het ons hart verbly;  
en Gods almagsmerke  
sien ons op sy werke -  
waar en reg soos Hy.

In die volgende word die „Skepper-HERE" verheerlik:

Hy laat die wilde wêreldseë  
geweldig aanswel tot 'n hoop;  
in voorraadskuur, omlaag geleë,  
stuit Hy die waters in hul loop.  
Voor Hom, Skepper-HERE  
van die see en mere,  
van wat is en leef,  
moet die verste strande,  
volke in al die lande  
skrikverslae beef.

.....

Die HEER wat bo die wentelkringe  
van son en maan sy rykstroon stig,  
aanskou die mense en alle dinge -  
daar's niks bedek voor sy gesig.  
Uit sy vaste woning  
waar Hy heers as Koning,  
sien Hy, Skepper-HEER,  
uit oneindig hoë  
blou-deurglansde boë  
op sy skepsel neer.

Hierdie juigtoon word in die volgende strofe volgehou,  
ten spyte van die opsommende karakter van die laaste  
helfte:

Die HEER skou uit die hoë hemel  
en sien die mensekinders aan;  
Hy ken hul hart, oor hul gewemel  
laat Hy sy heil'ge oë gaan.  
Magtige oorlogsvolke,  
boë, skilde, dolke,  
blinkende oorlog-staal -  
duisende uitgetelde  
manne, stryders, helde  
bring geen seëpraal.

Ook in Ps. 95:

Bo al die gode en godeprag  
troon God as Koning; sy gesag  
is groot en ken geen grense of lyne.  
Die aard se diepste binnekant  
is in die holte van sy hand;  
die hoë berg daarbo is syne.

Die /

Die woeste see het Hy gemaak,  
die rotse wat ons kus bewaak  
en wydgeleë wêreldlande.  
Kom, laat ons voor sy voete aanbid:  
sy grootse skeppingsdaad is dit,  
en ons die maaksel van sy hande.

Intiem verwant aan hierdie psalms is die volgende waarin  
ook Gods almag en majesteit besing word:

Juig, o volke, juig;  
Handklap en betuig  
Voor die HEER jul vreug!  
Wees in God verheug!  
Sing Hom lof en prys  
Op verhewe wys,  
Want bo al wat leef  
En voor Hom moet beef,  
Sal sy septer wink  
En sy glorie blink -  
Allerhoogste in eer,  
Groot is God die HEER.

- Ps. 47.

Treffend word die jubilering vertolk, veral deur die klem-  
kragtige monosillabiese rymwoorde. Hoewel nie in die-  
selfde mate nie, speel die manlike rym ook 'n belangrike  
rol in die loflied, Ps. 48:

Die HEER is groot waar Sions top  
Hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe  
Die berg en stad in songlans bewe,  
En Sion teen die noorde  
Blink, bô die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit  
Die Koning van die wêreld sit,  
Het hy wat teen die vyand waak,  
As Rotsburg Hom bekend gemaak.

.....

Laat Sions berg weerklink van vreug.  
Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het -  
dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, -  
paleise, toringtranse -  
hoedat hul pryk met nuwe prag.  
En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy  
sal tot die dood toe ons gelei.

In Ps. 138 is dit die oorwegend manlike rym wat  
die jubeltoon dra. Besonder effektief is telkens na

die /



die twee staande ryme die slepende rym van die korter vers. Hierin volg Totius die Nederlandse beryming:

'k Sal met my ganse hart, o HEER,  
U loof en eer,  
U hoogheid huldig.  
En voor die gode, in psalmgeklank,  
U bring die dank  
Aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis,  
Na u paleis,  
Die oog na bowe  
En, om u guns en waarheid saam,  
U heil'ge Naam  
eerbiedig lowe.

Hoe hoog is nou in elke oord  
u Naam en woord  
omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed,  
verhoor, gered,  
my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER!  
u grootheid eer  
in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor  
en aansweef oor  
hul wank'le trone.

In Ps. 148 word die ganse skepping opgeroep om God te eer in 'n grootse lofsang:

Loof uit die heemle, loof die HEER!  
Loof in die hoogtes, sing sy eer!  
Loof heil'ge eng'le, om sy troon,  
die God wat in die hoogte woon!  
Loof almal saam, o leërmagte,  
wat Hom omring as troue wagte!  
Loof, blink gesternte, maan en son:  
Hy is van alle lig die bron.

Loof hemel van die heemle hoog,  
en waters van die wolkeboog,  
wat van die aarde 't opgevlug  
tot in die boonste, ligte lug!  
Want op sy woord is hul geworde;  
Hy 't hul bevestig en 'n orde  
vir ewig en altoos gegee -  
geeneen van hul sal dit oortree.

Loof van die aard die HEER se Naam,  
o walvis, met die dieptes saam!  
Loof sneeu en damp! Loof vuur en hael  
wat uit die onweershemel daal!  
Loof wind wat aanstorm oor die velde  
en bruisend ons sy woord kom melde!  
Loof berg en bult, en boom en vrug,  
en seders van die hoë lug!

Loof /

Loof wilde diere en alle vee;  
en al wat kruip, loof almal mee!  
Loof voëls in die vrye lug!  
Loof volke en konings hoog gedug!  
Loof regters in jul regsgedinge;  
die maagde met die jongelinge!  
Sing oud en jonk, verruk van vreug -  
wees in die God van heil verheug!

Laat almal saam die HERE prys;  
sy Naam alleen het hooggerys;  
oor aarde en hemel, ver en wyd,  
sien ons sy glans en majesteit.  
Hy wou die horing vol vermoë,  
die glorie van sy volk verhoë:  
Sing dan, o volk, met hoog geskal  
die lofsang van die groot heelal!

Hoe word die konsepsie nie weer as eenheid beleef en  
vertolk nie.

In ander lofpsalms verheug die digter hom oor  
uitredding en verlossing. In Ps. 9 hoor ons:

Ek sal van ganser hare, HEER,  
U wonders grootmaak en u eer.  
Ek sing omdat ek in U bly is,  
Aan wie my lofsang toegewy is;

omdat my vyand, hoe gedug,  
teruggewyk het en gevlug;  
omdat hy voor u aanskyn wég is,  
en, HEER, my saak deur U besleg is.

.....

Maar bo wat wissel en vergaan,  
bly ewig God se rykstroon staan.  
Hy vel sy vonnis uit die wolke,  
regverdig oordeel Hy die volke.

Baie bekend is Ps. 46 waarin God se reddingskrag  
besing word. Aangesien dit ook 'n psalm is waarin  
magtige daade gesuggereer word, bevredig die vorm wat  
Totius hier kies meer as dié van die Nederlandse psalm-  
beryming met sy slepende uitgange. Ook die afwyking  
van die konsekwente paarrym van die Nederlandse ver-  
tolking is m.i. tot voordeel van die Afrikaanse weer-  
gawe, asook die afwyking t.o.v. verslengte in die laas-  
te helfte van elke strofe. Hierdie verandering in rym-  
skema en verslengte bring 'n subtiele wending, sodat

in /

in die eerste strofegelyfte meer die nood, en in die laaste helfte die daadkragtige en wonderbaarlike uitredding deur God, gesuggereer word:

God is 'n toevlug in die nood,  
'n Rots wat altyd vas bly staan,  
Al dreig die vyand met die dood,  
Al storm sy leërbendes aan.  
Laat dan maar buig en beef  
Al wat ons hier omgeef;  
Laat berge uit hul stee  
Wegwankel in die see -  
Ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

Let op hoe die verskil in stemming klankplasties uitgebeeld word in die twee helftes van die volgende strofe:

Laat hoog die see se waters bruis  
en in hul woede skuim en klots;  
laat berge dreun van golfgedruis  
wanneer dit teen hul hoogtes bots.  
Die waterstroompies wat  
daar kronkel in die stad  
en oor die rotse gly -  
hul maak die Godstad bly,  
die heiligdom op veil'ge rots.

Verwant aan hierdie motief is Ps. 68, die strydpsalm van die Hugenote. Ek siteer net die eerste twee strofes:

Die HEER sal opstaan tot die stryd;  
Hy sal sy haters, ver en wyd,  
Laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan,  
Hy sal geen oomblik kan bestaan  
Voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn,  
Sal hul soos rook en damp verdwyn,  
Deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur,  
Het almal voor Gods glans geen duur  
Wat goddelooslik lewe.

Máar al Gods volk, in Hom verheug,  
sal opspring in hul sielevreug  
en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref  
en uit verneedring hul verhef,  
sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan:  
verhoog, verhoog voor Hom die baan;  
Sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly  
wat deur die wye vlaktes ry:  
sy Naam is HEER der here!

Talryk is die psalms waarin lof betuig word vir God se goedheid, goedertierenheid en genade. Soos hierbo kan ook hier slegs enkele grepe gedoen word:

U goedheid, HEER, is hemelhoog;  
u waarheid tot die wolkeboog;  
u reg sal nooit begewe  
maar staan soos berge, vas van voet;  
u oordeel is 'n diepe vloed;  
U sorg vir al wat lewe.  
Hoe kostlik is u guns, o God!  
Hoe vlug die mensekinders tot  
u vleuels vir beskerming!  
Hul smaak die vette van u huis;  
U laaf hul uit 'n stroom wat bruis  
uit dieptes van ontferming.

Van al wat loef, is U die bron;  
van alle lig, die ewige son  
wat afstraal in ons oë.

.....

- Ps. 36.

Een van die mooiste vertolkings in die Afrikaanse psalmberyming is Ps. 65. Heel gepas, en volgens 'n Skrifverklaarder soos Noordtzijs, sien Totius die aanleiding tot hierdie psalm in die woorde:

„U het die land besoek en oorvloed gegee;  
U verryk dit grootliks, die stroom van God is  
vol water. U berei hulle koring; ja so berei  
U die land.“

- Afr. Bybel.

Die natuursiening in die eerste strofe kon deur die Afrikaanse berymer goed aangevoel word:

Nà bange tyd van somerdroogte  
Is daar die uitkoms weer!  
Nou pas dit ons op Sionshoogte  
U lof te sing, o HEER!  
Nou sal hul aankom uit die stamme;  
Geloftes word betaal,  
Die offerdier rook in die vlamme,  
Uit verste veld en kraal.

Naas die blye jubilering in hierdie verse ervaar ons ook hier die bekoring van frisse siening en segging. Hoe word die oneindigheid van God se heerskappy nie geteken in die aanvangsverse van die volgende strofe nie:

U is tot in die verste lande,  
oor velde grenseloos,  
tot by die allerverste strande  
die mens se hoop en troos.  
Die berge 't U van oue tye  
gegrondves deur u mag;  
U is omring aan alle sye  
met wonderbare krag.

Mooi is die frisse siening in die volgende:

Die stroom van God wat neergestraal het  
deur volle hemelsluis;  
die voor waarin die graan gedaal het,  
waar nou die koring ruis;  
die druppels wat die halm verkwik het;  
die weekheid van die kluit -  
dis alles soos die HEER beskik het,  
Hy seën - en dit spruit.

Die eenheidsiening word afgerond deur die mooi slotstrofe:

Ons sien die kleinvee langs die hange  
wat juigend veld-toe gaan;  
ons hoor omlaag die windgesange  
van hooggehalmdde graan;  
omlaag die dale, omhoog die rante,  
ja alles jubel weer;  
dit sing en roem van alle kante  
die goedheid van die HEER.

So vertolk die Afrikaanse digter die danklied met sentrale gedagte: die uitkoms na die droogte. Dit is hierdie gcheelsiening en -weergawe wat die Afrikaanse beryming onderskei van ander beryminge.

Verskeie van die lofmotiewe vind ons terug in die bekende en geliefde Ps. 146 waarvan Totius 'n verdienstelike weergawe gelewer het. Hierdie vertolking kom in die volgende hoofstuk onder bespreking. Die mooi weergawe van Ps. 150 word ook later in 'n ander verband weer genoem.

Reeds in die klaag- en lofpsalms het ons gesien watter rol die Godsvyand in die lewe van die Hebreëuse digter gespeel het. In menige treurlied klaag die digter sy nood vanweë sy belagers teenoor God uit, en in menige lofsang juig hy as God hom uit hierdie nood

red. Ander kere rig die digter hom meer direk tot sy vyand. Die mees konsekwente vorm hiervan staan bekend as die vloekpsalms.

In die vloekpsalms beluister ons die felle uiting van die hoon en haat van die Hebreeuse digter vir sy vyand wat vir hom ook die Godsvyand is. Die vertolking van hierdie psalms het seker die hoogste eis aan Totius se digterskap gestel. Nie alleen lê hierdie psalms die verste buite die moderne gevoelsfeer nie, maar vyandsverguising is ook, soos sy oorlogspoësie getuig, vreemd aan hierdie digter se wese. Ten spyte hiervan het hy op 'n besondere wyse geslaag in sy vertolking van hierdie psalms.

In Ps. 5 hoor ons van die „hemeltermers“:

Hul mond is altyd onwaaragtig,  
hul binnenst' is op kwaad bedag,  
hul keel 'n ope graf wat wag;  
hul gladde tong, in woorde magtig,  
is leuenagtig.

Waarom, o HEER, met hul geduldig?  
Dis hemeltermers wat daar woel!  
Verdryf hul van u regterstoel.  
Hul leef in misdad menigvuldig:  
verklaar hul skuldig!

In hierdie laaste strofe het ons die dringende spreekstem van die ewig-ontstelde digter.

Kostelik is die tekening van die goddelose in Ps. 10. Die vertolking wen aan direktheid deur die behoud van die dialoog:

Die goddelose wandel in sy waan:  
hoogwys het hy sy neus omhooggesteek,  
vermetel het sy mond dit uitgespreek:  
„Daar is geen God!“ En rustig stap hy aan.

Hy is voorspoedig waar sy voetstap gaan:  
„Hoog in die hoogte, eind'loos ver,“ dink hy,  
„is Gods gerig: geen loon of straf vir my.“  
En hy verag al wie hom teëstaan.

In verband met Totius se aanwending van die dialoog is

reeds opgemerk: „Hoe pragtig beeld hy daardeur in ruige taal met verheewe spot die Godsvyand uit en sy hoon en verwate trots," en van die aangehaalde strofes word gesê: „Hoe voltooi telkens ‚En rustig stap hy aan' en ‚En hy verag al wie hom teëstaan' hierdie beeld van die mens in sy verdwaasde selfversekerdheid" (8). Totius het reeds in sy eerste bundel poësie voorliefde geopenbaar vir die dialoog. In sy psalmberyming bereik hy 'n hoogtepunt daarmee.

In die volgende het ons weer die direktheid van uitbeelding deur die dialoog:

Hul sê: „Ons tong is sterk,  
in slimheid onbeperk.  
Ons lippe is aan ons getrou;  
wie kan ons dan weerhou?"

- Ps. 12.

Lewensgetrou is die tekenende laaste vers van die strofe:

Laat hulle wat in oormoed my  
vervolg en met hul swaard bestry -  
laat hul nie roem op meerd're kragte,  
of smalend sê in hul gedagte:  
„Ons het oorwin, daar struikel hy!"

- Ps. 13.

In Ps. 14 word die goddelose weer gesien in sy verwaandheid:

Vermeetle dwaas wat hoogwys spot,  
Sê in sy hart: „Daar is geen God."  
Hul dade is afskuw'lik, sleg,  
Geeneen wat goeddoen in sy weg.

In helder kleure word die vyand geteken in Ps.

35. Die straf word oor hul afgesmeek:

Beskaam hul in hul trotse waan  
wat wreed my na die lewe staan!  
Laat hulle wyk in onvermoë  
wat net my onheil het voor oë.  
Laat hul soos kaf word voor die wind.  
Die Engel Gods, laat Hy hul vind,  
verstrooi, verjaag op donker pad.  
En maak dit voor hul voete glad!

Soos /

.....  
Soos oor 'n vriend, soos oor 'n broeder,  
soos een wat weeklaag oor sy moeder,  
het ek getreur, in rou gebuk.  
Maar as ek struikel in my druk,  
dan kom hul vrolik bymekaar  
en span hul saam, die ganse skaar.

Daar's tafelspotters, roekeloos,  
en lae mense, slinks en boos,  
wat almal breek deur wet en bande,  
en teen my kners hul met hul tande.  
Hoelank sal U dit sien, o God?  
Vergun my siel 'n beter lot;  
verlos my deur u sterke hand  
uit hierdie leeus se klou en tand.

Hul mond spreek nie van vrede, nee;  
hul hart, wat diep sy planne smee,  
bedink die fynste listighede  
teen stille minnaars van die vrede.  
Hul blaf my aan met ope mond;  
hul skimptaal wat my diep deurwond,  
bespot my leed; hul is verheug  
oor al my smart en ongeneug.

Weer word die vyand goed getipeer deur sy woorde:

Laat hul nie sê wat my bestry:  
„Ha, nou het ons ons wens verkry!”

Tot die mooiste in hierdie verband behoort die  
uitbeelding van die agterbaksheid, kwaadstokery en leed-  
vermaak van die vyand in Ps. 41:

Hul kom asof hul op my siekte ag;  
hul hart die lieg en lag!  
Want gaan hul heen en is hul op die straat,  
dan laster hul my staat.

My haters kom byeen, staan skelm opsy  
en fluister kwaad teen my!  
Hul sê: „Iets skand'liks is op kom gestort;  
toe het hy krank geword!  
Nou dat hy lê, sal hy nie opstaan weer.”  
Selfs wie met my verkeer,  
my troue vriend, my disgenoot, dié hef  
sy voet om my te tref.

In Ps. 58 word die primitief-Oosterse siening  
van die bose as volg deur Totius vertolk. Let op hoe  
Totius se stem hier, soos by die vloekpsalms oor die  
algemeen, luider en sterker word as in sy eie poësie:

Hul /



Hul gif is soos die gif van slange.  
Hul is soos adders wat nie hoor -  
geen towerspreuk kan hul bekoor.  
o God, verbreek nou hulle tande.  
Die jong, sterk leeus, belus op buit -  
o HERE, slaan hul tande uit!

Laat hul vergaan, verdwyn soos water.  
En laat hul pyle magt'loos blyk.  
'n Slak wat wegsmelt in sy slyk  
sover hy kruip - maak so hul gange!  
Laat soos 'n misdrag hul verdwyn,  
waaroor geen sonlig ooit sal skyn.

Vergelding word afgesmeek op die goddelose:

Hul tafel - maak dit tot 'n strik:  
dat hul hul ondergang daar vind!  
Slaan met u straal hul oë blind,  
en laat hul heupe altyd swik.  
Stort grimmigheid oor hulle uit,  
'n toornvuur wat hul vaart sal stuit.

Maak van hul laer 'n woesteny,  
want hul belaster en verjaag  
wie deur u smartwond is geplaag.  
Vergroot hul skuld, spreek hul nooit vry;  
wil uit u Boek hul naam uitwis  
waarin u volk geskrywe is.

- Ps. 69

En:

Verskyn weer aan die onweeerstranse,  
o God van wraak, in skitterglanse!  
Vertoon u stralende aangesig,  
o Regter, wat die wêreld rig!  
Staan op, verhef U en vergeld  
Die trotsaards nou hul trots geweld!

Hoelank, o HEER, sal nog die bose  
hier triomfeer ... die goddelose  
by al ons jammer en gesug  
hul jubels uitstoot in die lug?  
En giftig, by hul seëpraal,  
ons uitspot met hul lastertaal?

- Ps. 94.

Strawwe vervloeking word die vyand toegebied in  
Ps. 109. Hier het Totius ook met goeie gevolg afge-  
wyk van die vorm van die Nederlandse beryming. Die  
staande rym pas goed aan by die konsepsie van hierdie  
psalm:

God van my lof, merk hoe ek ly,  
En swyg nie langer meer !  
Die lastermund gaan oop teen my -  
Hoe kan ek my verweer?

Hoe /

Hoe haatlik spreek hul om my heen,  
Hoe is hul swaard gewet!  
waar ek met liefde hul bejeen,  
Vir hul was my gebed.

Stel nou 'n booswig oor hom aan;  
laat die verklaer kom;  
laat as hy skuldig van U gaan,  
sy bede ook pleit teen hom.  
Sy dae, wil dit tog verkort,  
sy amp aan ander gee;  
en laat sy kinders wese word,  
sy vrou 'n weduwee!

En laat sy kinders orals swerf  
en bedel by gemis  
aan brood, verstote uit hul erf  
wat nou 'n puinhoop is.  
Die week'raar, laat hy alles neem  
en eet met skerp gebit;  
die vreemdeling, laat die vervreem  
sy ganse erfbesit.

Let op hoe die Oosterse beeld in die sesde vers hier  
vir ons heel aanneemlik gehandhaaf word. Dieselfde  
geld ook vir die beelde in die volgende strofes:

Die seën het hy nie gesoek -  
dit bly ver weg van hom.  
Liefhebber was hy van die vloek -  
dit het oor hom gekom;  
soos klere 't hy dit aangetrek,  
soos water, so kom dit  
in hom, en soos 'n olievlek  
tot in sy laaste lid.

Laat hom die vloek wees soos 'n kleed  
waarmee hy hom bedek  
en soos 'n gordel, styfgemeet,  
vas om sy heup getrek.  
Laat dit die loon wees - daad vir daad! -  
wat God hul sal betaal,  
hul almal wat my seek en haat  
en onheil oor my haal.

Op verrassende wyse het die Afrikaanse berymer hom hier  
ingeleef in die konsepsie wat so ver buite die moderne  
Westerse gevoelsfeer lê. Sy belewing van die hoon en  
spot van die vloekpsalm vind ons ook mooi in Ps. 135  
waar hy die "gode van die heidendom" teken:

.....  
daar's 'n mond, maar sonder taal;  
daar 's 'n oog, maar sonder straal.

Ore het hul, maar dié 's doof  
vir die klank van stem of taal;  
ook 'n mond, maar afgodshoof  
kan daarmee nie asemhaal.  
Laat dié wat hom dien, en vrees,  
soos die afgod, net só wees.

Let op die spreektaalklem in hierdie laaste twee verse.

Die sleutel tot Totius se geslaagde vertolking  
van die vloekpsalms vind ons goed weergegee in:

Mag U die goddelose tref  
wat hulle trots teen U verhef!  
Wyk almal weg wat my omgeef,  
aan wie se hand die bloedvlek kleef!  
die wat geveinsd God wel geag het,  
maar vir Gods hoogheid geen ontsag het.

Sou ek nie haat van ganser hart  
wie in hul hoogheid U wil tart?  
Sou ek my nie met afsku keer  
van dié wat teen U opstaan, HEER?  
Ek smaad - omdat hul U gesmaad het;  
Ek haat - omdat hul U gehaat het.

- Ps. 139.

Die Afrikaanse berymer het geslaagde vertolkings  
gelewer van die grondstemminge wat ons onderskei in die  
Hebreeuse psalms. Dat dit nie altyd ewe geslaagd is  
nie, is begryplik. Die swakhede wat sy beryming as ge-  
heel aankleef waarop die aandag later gevestig word,  
word deur die verskillende groepe psalms waaruit die  
psalmbundel saamgestel is, weerspieël. Hierdie gebreke  
bly myns insiens gering teenoor die skoonhede waarmee  
Totius ons letterkunde in die algemeen - ons skrale  
skat religieuse poësie in die besonder - verryk het met  
sy vertolking van die Hebreeuse psalms.

VERS, BEELD EN TAAL.

Ook in sy psalmvertolking bekoor Totius se vers  
nie deur weidse ritme en grootse woordmusiek nie. Daar-  
voor is hy te min die digter met groot gebaar, te min  
die soeker na uiterlike skoonheid. Sy vers is die

gevoelige /

gevoelige instrument om die teerste ontroeringe van sy digtersiel te vergestalt. Nie met luide effek nie, maar subtiel word hierdie ontroering verklank, ook in sy psalmberyming.

Tot die skoonhede van Totius se vers behoort sy aanwending van die vroulike rym, die enjambement en metriese afwykinge waardeur die ontroering direk vertolk word. Die vroulike rym het ek reeds behandel, maar na die ander twee kenmerke is slegs terloops verwys.

Die enjambement is een van hierdie digter se geliefde stylmiddele. Prof. Dekker stel dit as volg in verband met die psalmberyming: "Sy fyn versgevoel kom veral duidelik uit in sy aanwending van die enjambement, een van die kragtigste uitdrukkingsmiddele waaroor die digter beskik: deurdat die vers grammaties deurvloei na die volgende maar om musikale en ritmiese redes effens opgehou moet word, kry die rymwoord 'n buitengewoon sterk beklemtoonde posisie, wat dit groot ekspressiwiteit verleen". (9)

In die volgende word die klag versterk deur die anjambement:

My tong verstom en klewe  
vas aan my mond; U lê my, uitgelewe,  
dood in die stof.

- Ps. 22.

Al die golwe en die bare  
met hul sware  
druk het my te swaar geword.

- Ps. 38.

Hoe dringend word die smeking nie deur die rymwoord in die beklemtoonde posisie vanweë die enjambement nie:

Daal af in my verborge diepte en leer  
my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

- Ps. 51.

Op /

Op U rig ek my wenende oë;  
by U, o. HERE, skuil ek. Giet  
my siel nie uit in my verdriet.

- Ps. 141.

Op die wenende klank wat die woord giet hier kry in  
die geaksentueerde posisie is reeds gewys. (10)

In die volgende verkry sny en gly 'n besondere  
effek deur die enjambement:

..... soos olie gly  
sy woorde, maar hul steek en sny  
soos swaarde, glimmend uit die skede!

- Ps. 55.

Pragtig beklemtoond is blink in:

Hy is lofwaardig, waar verhewe  
die berg en stad in songlans bewe,  
En Sion teen die noordé  
Blink, bo die lof van woorde.

- Ps. 48.

En huppel in:

die heuwels, in hul blydskap, huppel  
in groen gewaad omhoog.

- Ps. 65.

Hierdie mooi konkrete siening in die gees van die He-  
breeuse beeldspraak is 'n verbetering van wat in die  
vertolking van 1931 gelui het:

die heuwels steek hul blye toppe  
in groen gewaad omhoog.

Soos die werkwoorde hierbo is dit selfstandige  
naamwoorde wat in die volgende in beklemtoonde posisies  
te staan kom om die siening te verhewig:

Die God van mag, van kragbewyse,  
verbreek die skepe, praggaleise  
van Tarsis: oseane  
spring op voor sy orkane!

- Ps. 48.

In sy psalmberyming wend Totius hoofsaaklik die  
jambiese en trogeïese metrum aan, gewoonlik die drie-

vier /

-vier en vyfvoet. Tot die skoonhede van hierdie werk behoort die metriese afwykinge in die vers, afwykinge wat die onmiddellike vergestaltung van die ontroering is: (Ek onderstreep)

U tem die oorlogsvolke!  
Aan U die heil alleen!  
Stort op u erf 'n seën  
soos druppels uit die wolke.

- Ps. 3.

Deur die sterk heffing aan die begin van die voorlaaste vers word die jambes afgewissel deur 'n spondee, wat die bede aan die einde van hierdie vertolking soveel dringender maak.

Hoe word die diepe ootmoed van die digter nie gesuggereer nie deur die afwyking van die jambiese maat aan die einde van die vierde vers, en veral deur die effektiewe spondee van diep neergeboë:

Maar ek, uit krag van u meedoë,  
mag ingaan in u heiligdom,  
tot voor u tempelwoning kom  
met ware Godsvrees, voor u oë  
diep neergeboë.

- Ps. 5.

Baie effektiëf word afgewyk van die jambiese maat in Ps. 9:

As Regter 't U die troon bestyg,  
U het die heidendom gedreig.

Deur die trogee hier voor die jambes word U swaar beklemtoon, waardeur die toon van aanbidding verinnig word. In die derde vers hieronder is dit asof ons 'n blye uitroep hoor as, deur die afwyking in die metrum, die eerste lettergreep beklemtoon word:

Die vyande het omgekrom;  
hul stede is nou stil en stom,  
kliphope waar geen pad of spoor is.

Hoe word die vaste geloofsvertroue en innige aanbidding nie gesuggereer nie deur die klem op Hy

in /

in hierdie jambiese verse:

Die HEER sal, soos 'n rotsskans, dek  
wie hier getrap word op die nek.  
Hy is 'n vesting hoog verhewe,  
en sal in nood hul nooit begewe.

Die felle verontwaardiging oor die verdrukking  
deur die vyand vind uiting in die verandering van die  
metrum:

U wat my aan die dood ontruk het,  
Kyk, hoe my haters my verdruk het.

Dan breek die jubeltoon weer deur met 'n spondee aan  
die begin van 'n vers:

Dan vind my tong weer nuwe stof,  
in Sions poort meld ek u lof.  
Dan sing ek bly van u genade  
so groot in nuwe reddingsdade.

Metriese afwykinge soos hierdie verleen 'n subtiële  
beeldingsvermoë aan Totius se vers.

Let in die volgende strofe op die gevoelswaarde  
van skandvlek, brandpyn en doemskuld deur die aksent op  
die eerste en 'n sterk by-aksent op die tweede letter-  
greep, veral brándpÿn. Sulke woorde kry hierdeur 'n  
besonder geaksentueerde posisie in hierdie jambiese  
verse:

Was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,  
Die kwaad wat my altyd voor oë is.  
Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde

.....

Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf:  
ek is in ongeregtigheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore.

- Ps. 51.

Aan die begin van die volgende strofe uit die-  
selfde psalm teken die trogee aan die begin van die  
jambiese vers kostelik die skielike bewustheid van die  
digter weer van sy bloedskuld:

Skrikbeeld van smet wat in my siel bly heg,  
en my herinner aan my sware skande:  
vergote bloed besoedel my die hande!

In /

In die volgende vind die hewige gevoel uiting in vaste ritmiese verse met 'n treffende metriese afwyking:

Genade, o God! Ek hoop op U alleen.  
Die vyand staan met trots en haat my teen;  
Hy veg, verdruk, vertrap. Waar moet ek heen? ...  
Op U, my God, vertrou ek.  
U gee u woord, dit sal my nooit begewe,  
Daar leef ek mee, dit dra my deur die lewe;

- Ps. 56.

Mooi word die aanswellende gevoel weergegee in die eerste verse om tot 'n breekpunt te kom in die derde vers. Skril van radeloosheid word waar deur die metriese afwyking. Let ook op die smeeffek van die sterk beklemtoonde heen aan die verseinde. Na hierdie angskreet kom die volgende verse met hulle rustige ritme wat, saam met die vroulike rym, die kinderlike geloofsvertroue vertolk.

In die tweede strofe van hierdie psalm herleef die onrus weer as die digter aan sy vyande dink:

My heil en vrede 't hulle my ontvoer,  
My aan te val, my inwag, skelm beloer,  
my kwaad te doen - dis wat hul gedagtes roer.  
Die toeleg is my lewe!

Ons voel hoe die slinkse bewegings van die vyand, en die daarmee gepaardgaande stygende onrusgevoel vertolk word deur die stakkato-karakter van die tweede en derde verse. Hewig-direk is die uiting van die digter se benoudheid en verontwaardiging in die sterk beklemtoonde "dis" na die aandagspannende rus.

In die verse hieronder met hul stakkato-effek word die ontsetting uitgebeeld. Let op die uitwerking van die metriese omsetting in die tweede helfte van verse 2 en 3:

Hul ongeregtigheid, hoe menigvuldig!  
Hul skuld, hōc groot! || Bly hul dan nog on-  
skuldig?

Hul /



Hūl tróts, hōe hoóg! || Is ū dān nóg gēduldīg?  
Werp vólkē neer, ō Gód!

Die karakter van die tweede vers word, uit 'n duidelik voelbare oorsaak, na die caesuur van jambies skielik na trogeles met 'n jambe tussenin. Die omsetting word nie presies in die derde vers herhaal nie, waar net die eerste voet na die caesuur trogeles is. Dit is heel suiwer, want die gevoelstroom loop nie met simmetriese herhaling van beweging nie. Hoe hoor ons nie in die laaste helfte van die tweede en derde verse die stem van die digter wat nie kan gló nie dat die goddelose nog as onskuldig beskou word, en dat God nog geduldig is. Hierdie onvermoë om dit te glo, is ook 'n eerbiedige "verwyt" aan God. Die sterk aksente in die laaste vers is die uitdrukking van die kragtige aansporing tot 'n kragdaad.

Ook in die res van hierdie vertolking het ons treffende metriese afwykinge:

Hoe hulle my op elke vlugpad kwel,  
Ū weet dit, HEER; my trane 't U getel,  
dit in u boek op ewige skrif gestel.  
Sō wās U my gedagtig!  
My vyand vlug. Ū, Redder van my lewe,  
Ū is by my en sal my nooit begewe.

Socs 'n blye, hoopvolle ingewing, weergegee deur die verandering in metrum, klink die vierde vers. Hierna beleef die digter in die geloof reeds die versekering dat sy klag verhoor is. Sy uitbundige dankbaarheid vind treffend uiting in die swaar beklemtoonde eerste sillabe van Redder wat hier saam met Ū 'n spondee vorm in die jambiese vers.

In die vierde strofe, met die pragtige deinende ritme van die eerste vers, vind die digter se jubilerende uiting in van die metrum afwykende heffingslettergrepe:

Toe smart reeds bruisend oor my heen wou slaan,  
het ek, o HEER, geloftes U gedaan.  
En nou, nou dink ek dankbaar-bly daaraan  
en bring my dankbetaling.  
My siel 's gered: geen dood wat ek gewaar nie.  
My voet was vas: geen vyand is meer daar nie.  
Niks wat my hinder om op U te staar nie,  
o grote Lewenslig!

In die volgende verleen die swaar beklemtoonde sterk 'n besondere uitingswaarde aan die tweede vers; net so storm deur die afwyking in die metrum net na die caesuur:

Want kyk, hul lê en loer op my.  
Hoe sterk is nou my weerparty!  
Hoe maak hul klaar, storm op my aan,  
al het ek nooit teen hul misdaan.

- Ps. 59.

Die heffingslettergreep waarmee Totius dikwels 'n origens jambiese vers laat begin, het 'n besondere effek:

Kom en aanskou Gods wonderdade,  
wat is sy werking hoog gedug.  
Smeek Hom, o volke, om genade,  
want niemand kan sy hand ontvlug.

- Ps. 66.

gal het hul my as spys gegee.

- Ps. 69.

Let op die sterk visuele suggestie deur die beklemtoonde posisie van swaai in:

Net soos 'n snoer van edelsteen  
swaai trotsheid om hul nekke heen.

- Ps. 73.

Hier volg nog 'n paar voorbeelde om die aksentwerking in die algemeen in Totius se vers te illustreer. In die volgende strofe hoor ons in die felle rymwoorde heg en weg die stem van die digter as 't ware skril

van /

van smart word. Hierteenoor is daar die blye styging van die stem in klink. Op die effek van skrikbeeld is reeds gewys:

Skrikbeeld van smet wat in my siel bly hog,  
en my herinner aan my sware skande:  
vergote bloed besoedel my die hande!  
God van my heil, werp tog dié bloedskuld weg!  
Dan sal 'k aan u geregtigheid weer dink,  
wanneer my mond wat stom was deur die sonde,  
deur U geopen, weer u lof laat klink,  
my tong, lank vas, in juigtoon word ontbonde.

- Ps. 51.

In Ps. 63 het ons ook die klemkragtige monosillabiese woorde:

My God, wat tog my lewe is,  
Hoe smag my hart as 'k u moet mis!  
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn  
In sielsverlatenheid en pyn.  
Ek smag soos alles hier om my  
Waar 'k swerf in wilde woesteny,  
'n Dor en uitgedroogde land  
Waarop die son se vlamme brand.

Uit die aksentwerking in Totius se poësie blyk dit dat hy 'n uiters gevoelige vers skryf, 'n vers wat al die nuanses in die ontroering kan vertolk.

Naas die aksentwerking is daar ook die ander middele wat die digter aanwend in sy vers. Effektief is die alliterasie om die opstandigheid uit te beeld in Ps. 2:

Wat dring en dryf die wilde heidendom,  
Dat volke raas in opgewondenheid?

Besonder plasties is die volgende vers met die allitererende d-klanke wat 'n weerstand skep na die ge-aksentueerde glydende skyn:

en voor die lig skyn deur die duister,  
was God my lof, net Hy alleen.

- Ps. 66.

Tekenend is die volgende deur herhaling van die s-klanke:

My /

My siel is sat en siek,  
só klaag en kerm ek nou;  
dit is of ek hier voor my oog  
die dood alreeds aanskou.

- Ps. 88.

Dan span Hy sy boog en mik Hy  
met sy pyle, skerp en spits;  
en die vyand, voor hy neerplof,  
sien die dodelike blits.

- Ps. 7.

(Ewe tekenend is neerplof.)

Sy skerpe bliksemspeer  
skiet op die aarde neer  
en straal na alle kant;  
die aardryk sien dié brand  
en sidder vir die weer.

- Ps. 97.

Treffend gee die herhaling uiting aan die veront-  
waardiging in die volgende:

geen ondier, vinnig op die jag,  
is sluwer as die sluwe manne.

- Ps. 17.

Pragtig is die klanknabootsing in:

Ver trek die stormgeruisel,  
die wind se krag 's gespil;  
daar kom 'n sag gesuisel,  
die golfslag word weer stil.  
Dan is hul harte bly  
deur God se goeie gawe;  
die skip, van onweer vry,  
bring Hy in veil'ge hawe.

- Ps. 107.

Ons tref in Totius se beryming veral klankplastiek aan  
in sy uitbeelding van die toorn-God in die onweerstorm.  
Op sy vertolking van Ps. 29 is reeds gewys. In Ps. 77  
hoor ons:

Heilig was, o God, u weë,  
in die voortyd, lank geleë,  
toe u Naam en sterkte alom  
groot was by die heidendom;  
toe U, HEER, u mag gewek het,  
Jakobs kinders uit laat trek het.  
U het Josefs nakroos vry  
uit Egipteland gelci.

.....

Hoog daarbo gerol van donder,  
vuur van vlamme see daaronder;  
aarde en wêreld, stormverlig,  
het geskrik by die gesig.

- Ps. 77.

Na hierdie donderweer word die stilte gesuggereer:

Kudde skape en hul herder;  
veil'ge hoede en altyd verder -  
Moses met Aäron lei  
Is'rel deur die woesteny.

Mooi word die goddelike wonder gesuggereer in:

Hy het beveel, en wolke 't aangewai,  
die hemeldeure 't ylins oopgeswai:  
geheimnisvol het manna neergestort,  
en hemelkoring het hul brood geword.  
Dié wonderbrood, hul volop toegemeet,  
dié eng'lespys het hul op pad geëet.

- Ps. 78.

Groots is die siening in:

Hy spreek, en om die skepe  
spring wilde bare op,  
die winde is die swepe  
wat hul tot woede klop.  
Hul hart versmelt van wee -  
hul vleg deur hoë golwe  
of skuif langs holle sec,  
in dieptes haas bedolwe.

- Ps. 107.

Beeldinge soos hierdie vra vertroutheid met die natuurverskynsels van die land van die psalms. Aan hierdie vereiste kon die Afrikaanse berymer voldoen. Daarom kan sy vertolking van Ps. 65 so deurvoeld klink:

Na bange tyd van somerdroogte  
Is daar die uitkoms weer!

Totius ken somerhitte en somerdroogte:

'n stroom spoel oor die dorre land  
waarop die son se vlamme brand.

- Ps. 105.

Hierteenoor hoor ons in Ps. 147:

Hy stuur van bo sy koningswoord,  
snel vlieg dit heen van oord tot oord.  
Dit is die God van lug en weer  
wat strooi soos wol sy sneeuvlok neer.

Natuur /

Natuur moet op sy wenke pas:  
Hy strooi rondom sy ryp soos as,  
die waters groei tot ysblok aan -  
wie kan voor so 'n kou bestaan?

Hy stuur sy woord, sy wind - hul smelt,  
die waters stroom weer oor die veld.

Winterkoue, somerhitte en droogte waarvan meer as een psalm spreek, kon Totius suiwer vertolk vanweë die natuurrooreenkoms tussen Suid-Afrika en Palestina. Daarom hoor ons ook in die Afrikaanse vertolking van die psalms die eggo's van die woeste spel van die elemente.

Naas die skone klankeffekte is daar ook die mooi gang in Totius se vers. Die gedagte vloei oor die versgrense heen:

U het, o HEER, wat troon oor alle dinge,  
uit kindertaal en stem van suigelinge  
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg  
wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

- Ps. 8.

Hy 't in die wonderbou  
van eewge hemelblou  
die son se tent gestig.  
Die 's soos 'n bruidegom  
wat uit sy slaaptent kom  
met glansende gesig.  
Hy wandel soos 'n held  
blymoedig in die veld  
van hoë hemeltranse,  
en het sy swaai en spoor  
die ganse wêreld oor  
wat blink van gloed en glanse.

- Ps. 19.

Pragtig suggereer die stromende volsin van hierdie laaste strofchelfte die glorie van die son. Mooi is ook:

As ek op aard, deur soveel smart omgewe,  
omring deur droefenis en dood en rou,  
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe  
die goeie van Gods hand nog sal aanskou -  
dan het ek lankal in my druk versmag.

- Ps. 27.

Die /

Die waters rol om my,  
ombruis my al geheel,  
omsingel my in hoë vloed  
en reik tot aan my keel.

- Ps. 88.

Maar ag, hoewel my siel dit weet,  
Tog het my voet haas in my leed  
gewankel, en dit was vir my  
so donker dat my voet wou gly.

- Ps. 73.

Sonder dat die vers sy identiteit verloor, vloei dit in  
volsinne die groter periode van vier versreëls vol.

Let op die sterk visuele suggestie in die laaste drie  
verse. Deur die versnelling in die vers-oorloop word  
die verbysterende verwarring by die digter gesuggereer.

Soms word baie gegewens opsommenderwys gegee  
sonder om die vers stroef te maak; inteendeel:

Versamel Edomiet,  
Woestynstam, Moabiet  
en Ismaels geslagte!  
Gebal en Amalek  
moet saam met Ammon trek.  
By Filistynse magte  
het nou, belus op buit,  
ook Assur aangesluit -  
die arm van Lots geslagte.

- Ps. 83.

Oor Gilead sal 'k Heerser bly,  
Manasse - die is ook van My;  
Efraim weer die aanval af,  
en Juda is my veldheerstaf.  
Van Moab sal 'k my waskom maak,  
oor Edom, nog belus op wraak,  
sal Ek in hoogheid triomfeer,  
oor Filistéa jubileer.

- Ps. 108.

Treffend suggereer die stakkato-effek die ver-  
warring in die volgende:

Die God wat hul in guns wou dra,  
het hul geterg by Meriba.

En dan:

Toe het Moses, sat gelewe,  
verstoord, verward, ten einde raad  
- want hul het Gods Gees weerstrewe -  
in onbedagsaamheid gepraat.

- Ps. 106.

In skerp afgebete woorde word die verontwaar-  
diging vertolk in Ps. 52:

Net kwaad, geen goed; net leu'ns, geen reg -  
Dit is jou woord en weg.

Stotterend soos vloekwoorde klink die voorlaaste vers.  
Kostelik is die stakkato-effek in die woorde om die  
vervloeking uit te spreek:

Jy hou van woorde skerp soos swaarde,  
o tong, aan tug ontwend!  
God sal jou neerwerp, wegruk ewig,

Let ook op die allitererende s-klanke waarin die digter  
sy verontwaardiging uitsis.

Al die skoonheid van Totius se vers in sy psalm-  
beryming kan herlei word tot sy intense inlewing in, en  
besielde vertolking van die Hebreeuse psalms. Dit ver-  
klaar ook die frisheid van beeld in hierdie werk. Dik-  
wels word die leser verras deur 'n beeld wat in al sy  
skoonheid voor hom ontluik, oorspronklike beelde en  
beelde wat net in knopvorm aanwesig is in die oorspronk-  
like psalm.

Hier sal agtereenvolgens daarop gelet word hoe  
Totius Bybelbeelde besonder getrou weergee, hoe hy uit-  
brei op die Bybelbeeld, en hoe hy in ander gevalle die  
direkte Bybelwoord omskep in 'n nuwe beeld. Ons sal  
ook sien hoe die digter waar wenslik 'n primitief-  
Oosterse siening vir ons Westerlinge aanneemliker voor-  
stel. Hierdie voorbeelde het één karaktertrek met  
mekaar gemeen: konkrete siening. Konkrete voorstel-  
ling is die hoofverdienste van Totius se beeldspraak  
in sy psalmvertolking. Soms word die mees abstrakte  
dinge op verrassende wyse konkreet gesien en gebeeid.  
Dit is die konkreetheid wat 'n kenmerk is van die Ou-  
Testamentiese beeldspraak.

In die volgende word die Oosterse beeldspraak  
goed gehandhaaf:



Afrikaanse Bybelvertaling:

„U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf,  
U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.“

- Ps. 2.

Afrikaanse psalmberyming:

Die trotsaards sal U met u ysterstaf  
soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;  
.....

Die gruis en skerf maak die siening nog konkreter in  
die berymde psalm.

Soms is dit slegs 'n geringe uitbreiding wat die  
vertolking in versvorm bevatliker maak. So word in  
Ps. 5 „hulle keel is 'n oop graf“ vertolk as:

Hul keel 'n ope graf wat wag.

In Ps. 27 het Totius die primitief-Oosterse  
beeldspraak in sy vertolking behou sonder dat dit sto-  
rend word:

.....  
Dan struikel hulle wat my vlees wou eet,  
En stort terneer omdat hul God vergeet.

Dieselfde geld vir:

Hul tande staan soos spiese in hul mond;  
hul tong is skerp soos skerpgeslypte swaarde.

Mooi word die beeld „jou tong beraam onheil soos  
'n geslypte skeermes“ gehandhaaf in:

Jou tong is vlymend soos 'n skeermes.

- Ps. 52.

Baie na aan die Bybelwoorde is ook:

Waak op my eer! Waak op, my harp en luit!  
Laat my die rooidag wek met sanggeluid.

- Ps. 57.

Oordag in skuilplek weggevlug,  
Kom hul by donker weer terug  
en huil soos honde deur die stad.

- Ps. 59.

Naas hierdie getroue weergawe van die oorspronk-  
like beeld kry ons ander beelde wat mooi uitgebrei word,

dikwels /

dikwels tot konkreter voorstelling. Dit vind ons reeds in die vertolking van die eerste psalm:

Hy is 'n boom wat diep en vas geplant,  
sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugbre lentelugte,  
sy volle drag laat sien van somervrugte.

Afrikaanse Bybelvertaling:

„En hy sal wees soos 'n boom wat geplant  
is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en  
waarvan die blare nie verdroog nie.”

In Ps. 19 word „dit verlig die oë” uitgebrei tot:

.....wat sy wet berig  
is suiwer soos die lig  
wat afstraal op die oë.

En in Ps. 21 word „U sal hulle vrug van die aarde af  
verdelg”:

Hul somervrug, hul lentebloom,  
hul kroos sal U verderwe;

In Ps. 22 het ons:

My krag versterwe  
soos glans en kleur verdwyn uit erdeskerwe,  
al droog en dof.

Afrikaanse Bybel:

„My krag is verdroog soos 'n potskerf.”

Let op die mooi konkrete siening van die abstrak-  
te begrip in:

..... my smart  
is aangewakker tot 'n lydensvlam,  
en daar was hitte in my hart  
by my gesug ..... - Ps. 39.

Afrikaanse Bybel:

„.....my smart is aangewakker. My hart het  
warm geword in my binneste; 'n vuur het ontvlam by my  
gesug.”

In ooreenstemming met Noordtzij se psalmver-  
taling vertolk Totius die mens se skoonheid wat God  
laat „vergaan soos 'n mot” as:

Net soos 'n weefsel wat die mot verteer -  
so nietig is die mens, o Heer!  
- Ps. 39.

Dic /

Die Bybelse „ore het U vir my gegrawe" word be-  
vatliker as:

U het my oor deurboor.  
- Ps. 40.

Hoe begryplik word die volgende beeld nie vir  
ons nie:

Om U ontwil dryf hul ons aan  
soos vee wat na die slagbank gaan.  
- Ps. 44.

'n Mooi uitbouing van die Bybelbeeld „ontsondig  
my met hisop" het ons in:

Net soos die lyder, van melaatsheid vry,  
verlangend na die teer gemeenskapsbande,  
besprinkel word met priesterlike hande -  
ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!  
- Ps. 51.

Hierdie uitbreiding is in ooreenstemming met die reini-  
ging van die melaatse, wat deur die priester besprinkel  
word, 'n proses waarby o.a. hisop gebruik is (Leviti-  
kus 14).

Die beeld van die duif is 'nie vreemd aan Totius  
se digkuns nie:

Ag, was ek nou deur angs omgewe,  
maar soos 'n duif, omhoog gehewe -  
ek sou met snelle vleuelslae  
wegvlieg tot waar die wildernis  
my skuiling bied, waar 't veilig is  
teen al te felle onweerslae.

- Ps. 55.

Dit is 'n mooi eenheidsiening van die Afrikaanse lees-  
psalm se:

„Toe het ek gesê: Ag had ek maar vlerke soos  
'n duif, dan sou ek wegvlug en wegbly!  
Kyk, ek sou wegvlug, ek sou vernag in die  
woestyn!  
Gou sou ek vir my 'n skuilplek soek teen  
die onstuimige wind, teen die storm."

'n Treffende siening het ons van die grootse  
berge:

wat /

wat spring jul berge, rug aan rug,  
geweldig in die hoë lug  
om Sions kruin te terge?

- Ps. 68.

Die volgende siening getuig van die Afrikaanse  
berymer se besondere aanvoeling van die natuurgebeure  
van die psalmland:

Soos stoppels voor die wind,  
verwilder hul geswind,  
en jaag die vlugteling!  
Storm op die bendes los  
soos vlamme in berg en bos  
wat waai in wilde kringe!

- Ps. 83.

Baie na aan die Bybelse, maar tog mooi aange-  
vul is:

'n Palmboom hoog en rustig,  
'n seder sterk en skoon  
met breë blarekroon  
so groei Gods volk, so lustig.  
Hul groei deur Gods genade:  
hul bloei daar hoog en fris  
waar God se voorhof is  
in skone lofgewade.

hul groei in balsemlugte;  
selfs in hul ouderdom  
sal daar geen mind'ring kom  
van bloei en eedle vrugte.

- Ps. 92.

Net soos rook in stormevlae,  
so verdwyn my droewe dae;  
my gebeente is dor geskroei,  
soos 'n vuurherd so deurgloei.

.....  
Eensaam voel ek weggevlug  
in woestyne soos die reier -  
beeld van die verlate lyer;  
soos 'n uil oor bouval heen  
sit en tuur, so 's ek alleen

Eensaam klaag ek deur die nagte,  
soos 'n duif, my dowwe klagte.

- Ps. 102.

Die beeld van die reier, in plaas van die peli-  
kaan in die Afrikaanse Bybelsalm, en die uil op die  
bouval (Afrikaanse Bybel: puinhope) word vir die  
Afrikaner baie konkreet.

Tipies /

Tipies van Totius se gewettigde uitbreiding op die oorspronklike is die volgende uit die bekende Ps. 103:

Soos hoog bo ons verrys die hemeboë  
so sal sy guns, uit ewige mededeë,  
geweldig hoog bo al sy kinders staan.  
En soos die oosterkim se helder glanse  
ver weg is van die kwynende awendtranse  
so ver het hy ons sondes weggedaan.

Soos bostaande uitbreidings in die gees van die Bybelsalm en die Bybel in die algemeen is, so ook waar die digter nuwe beelde skep en die Bybelgedagte aanskouliker weergee:

Stort op u erf 'n seen  
soos druppels uit die wolke

- Ps. 3.

Afrikaanse Bybel:

„laat u seën wees oor u volk.”

Die Bybelwoorde „let op my versugting” word 'n psigiese werklikheid in:

Kan ek die klare woord nie spreek -  
U weet wat in my woel en smeek;  
My sugte, as spraak nog ongebore,  
Is nie verlore.

- Ps. 5.

Frisse beelding het ons in Psalm 16:

U sal my nie oorgee in die dood,  
my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgencot  
verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreug en volle vrede,  
en in U hand 'n snoer van lieflikhede.

Ewe konkrete siening is:

Hy het sy pyle uitgestuur  
en hul verstrooi wat my beveg,  
sy bliksems deur hul heen geveg.

- Ps. 18.

Nasies en tiranne  
smeë verniet hul planne  
in die vlam van haat.

- Ps. 33.

My /

My tong deur digvuur aangedryf,  
Is soos 'n pen wat vaardig skryf.

- Ps. 45.

Verberg u oog, die vlamme wat oor  
my sonde brand en speur deur al my lede.

- Ps. 51.

Pragtige uitbreidings in beeldvorm het ons in:

Ons is omring deur skrik en duisterheid:  
uit donker plekke loer die onheilsnagte.  
Maar bo ons skyn die helder sterrewagte  
van u verbond, waarop ons voor U pleit.

- Ps. 74.

Afrikaanse Bybel:

"Aanskou die verbond, want die donker plekke van  
die land is vol wonings van geweld."

En:

Verborge goud wat net op koest'-ring wag,  
Met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.

'n Wysheidswoord wat vloei uit diepe wel.

.....

- Ps. 78.

Die kortstondigheid van die mens word as volg  
gesien:

U knak die steel van sy geswinde jare,  
en hy gaan heen net soos die najaarsblare.

.....

Hul gaan so gou verby, ons lewensdae,  
net soos 'n wolk gedryf deur onweersvlae.

- Ps. 90.

Die mens - soos gras is al sy lewensdae,  
'n blom wat ons aanskou met welbehae,  
maar wat kortstondig is en baie teer.  
Sodra die rukwind oor die veld gekom het,  
dan knak die steel wat lustig daar geblom het -  
dis weg - sy staanplek ken hom selfs nie meer.

- Ps. 103.

Mooi is die uitbreidings in:

Die berge het omhooggespring  
soos ramme, ry aan ry;  
die heuwels soos 'n lammertrop  
wat wegvlug deur die wei.

- Ps. 114.

maar /

maar húl hart is onaandoenlik,  
in 'n vetlaag ingewoel.

.....

Maar vir my is u gebooie  
reiner, fyner duisendvoud,  
meer gelouterd en gekeurmerk  
as die allerfynste goud.

- Ps. 119.

Laat soos die geur van wierookbrande  
my bee wees voor u aangesig;  
soos offerspys, saans toegerig,  
my biddend opgehewe hande.

.....

Net soos 'n ploeg langs donker vore  
die kluite her- en derwaarts gooi -  
so lê ons beendere verstrooi,  
op velde van die dood verlore.

- Ps. 141.

Soos in hoofstuk 1 aangetoon is, is die Hebreeuse poësie ryk aan konkrete beelde. Hierdie rykdom het nie verlore gegaan in die Afrikaanse vertolking van die psalms nie; intendeel, Totius laat dit herleef, en hy skep selfs nuwe beelde in die gees van die Hebreeuse psalm. Hy moes egter ook waak teen primitief-Oosterse beeldspraak wat te ruig is vir ons moderne Westerse gevoel. Hierdie moeilikheid het hy goed oorwin, waarmee nie bedoel word dat die vertolking so is dat dit ons nie moeilik val om ons in die primitiewe gevoel wat daarin tot openbaring kom, in te leef nie, bv.

Laat soos 'n misdrag hul verdwyn,  
waaroor geen sonlig ooit sal skyn.

- Ps. 58.

Afrikaanse Bybel:

„Laat hulle wees soos 'n misgeboorte wat die son  
nie gesien het nie.“

En:

Jy wat in Sion vrou en kind  
verdelg het voor jou knots -  
gelukkig hy wat nou jôu kroos  
verpletter teen die rots.

- Ps. 137.

Afrikaanse /

Afrikaanse Bybel:

„Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots.“

Die volgende het Totius vir ons gevoel heel aanneemlik vertolk:

Regverdiges beleef die uur  
van wraakvergelding ná hul lyde.

- Ps. 58.

Afrikaanse Bybel:

„Die Regverdiges sal bly wees as hy die wraak sien; hy sal sy voete was in die bloed van die goddelose.“

Die frisheid wat die beeldspraak kenmerk in die Afrikaanse psalmberyming is eie aan die taal van hierdie werk in die algemeen. Hierdie taalfrisheid sien ons ook in die aanwending van spreektaalkonstruksies, die skilderende woord, eie vindinge en argaïstiese vorme.

Die behoud van die „gebaar van die spreektaal“ (11) in sommige vertolkings maak hierdie werk van Totius volkspoësie by uitnemendheid. Op sy aanwending van die dialoog is gewys in die behandeling van die vloekpsalms. Hier word dus met een voorbeeld volstaan:

Maar ek, ek is 'n wurm - 'n man nie meer,  
'n smaad van wie deur spotsug my onteer.  
„Laat dit maar oor, so roep hul, aan sy HEER!“  
My heilsverwagting  
krenk hul met hoofgeskud en diep veragting  
van lipgebaar.  
„Wat klaag hy so verslae?  
Laat God hom red, Hy 't mos in hom behae,  
Vertrou Hom maar!“

- Ps. 22.

Fyn psigologiese tekening het ons hier in die deur my onderstreepte sy, mos en maar. Let ook op die klein plastiese trekkie in lipgebaar. Net soos in die dialoogvorm het ons die direktheid van die gesproke woord in die volgende (Ek onderstreep):

Hul /



Hul sê: „Kom nou, laat ons hul bande breek  
En van hul juk vir altyd ons ontslaan.”

- Ps. 2.

Verlos my van die goddelose;  
u hand, u swaard, laat dit die bose  
terneer werp, .....

- Ps. 17.

Tot U, van wie my lofsang is,  
roep ek in my benouenis,  
en - van my vyand word ek vry!

- Ps. 28.

Tipies van die spreektaal is die beklemtoning in:

bliksempyle skiet Hy neer;  
Kades bewe van dié weer.

- Ps. 29.

Salig wie tevore  
deur Hom is verkore  
as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is,  
dat dié HEER hul HEER is.  
en dié God hul God.

- Ps. 33.

Hoe ver verwyder van die „tale Kanaäns” is hier-  
die frisheid en natuurlikheid van segging nie:

Die helde deins verward terug,  
'n oomblik - en hul 't weggevlug.

- Ps. 48.

Maar kom die dood - wie weeg dan geld vir lewe?

.....

Dié hoop reik ver, maar wat, wat is dit tog?  
'n Skynsel eers en dan - 'n groot bedrog.

.....

.....by die grens daar staan die dood, die  
wagter:  
dié wys 'n graf, en - hy laat alles agter!

- Ps. 49.

„Daag hier my volk, roep almal by  
wat mét hul offers altyd weer  
verbonde maak van trou aan My.”  
Gerig begin!

- Ps. 50.

Maar God se pyl lê ook al klaar.  
en - skielik is hul wonde daar.

- Ps. 64.

die /

die druppels wat die halm verkwik het;  
die weekheid van die kluit -  
dis alles soos die HEER beskik het,  
Hy seën en - dit spruit.

- Ps. 65.

Hoor ons nie in die volgende 'n tikkie geestige  
spot nie?

Ja Efraim, die heldestam weleer,  
het weggevlug - hul was geen helde meer!

- Ps. 78.

Weer die tipiese spreektaal-konstruksie in hier-  
die vertolking:

Selfs priesterbloed verf deur die mantel heen,  
en by hul graf - geen weduwees wat ween.

Ook in:

bekendes - hul is almal weg,  
en duisternis - naby!

- Ps. 88.

Verhard jul hart nie, soos weleer  
jul vaders wat - hoe dikwels weer! -  
nie op my wondermag vertrou het.

- Ps. 95.

die hemel daar - sy werk is dit!

- Ps. 96.

Hande het hul, - alkant vas! -  
vingers wat nie voel of tas.

- Ps. 115.

'n diepe kuil - maak dit hul graf!

- Ps. 140.

Dit is in klein plastiese trekkies soos die  
volgende dat ons Totius so vermoë met die skilderende  
woord leer ken:

Welsalig hy wat op die spoor nie gaan  
Waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
Of neersit waar die spotglans in die oog is,

- Ps. 1.

God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog,  
dan gloei die lug van vlammende onweerslig.

- Ps. 2.

Dis hemeltermers wat daar woel!

- Ps. 5.

Straal /

Straal u vonnis voor die oë  
van die volke op hom neer!

- Ps. 7.

As ek, o Heer, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe deur u toeberei, die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan,

- Ps. 8.

Die mens spreek onopreg,  
'n woord met leu'ns deurvleg;  
die taal wat van die lippe gly,  
is enkel vleierey.

.....

Mag God die lip uitroei  
waarvan die vleitaal vloei.

- Ps. 12.

Baie skilderend is:

Dié wat geen hoop op roof wil stel  
en woekerwinste nie begeer nie,  
geen omkoopgeld hom af laat tel

.....  
hy sal nie wankel immermeer nie.

- Ps. 15.

Verleen my guns en onderstand  
wanneer ek wegskuil by u hand  
vir alte sluwe teëstanders.

- Ps. 17.

Sy hand het Hy van bo gestrek,  
gegryp, uit dieptes my getrek,  
my vyande, te sterk vir my,  
gebreidel in hul raserny.

- Ps. 18.

Hul het al kruipende gekom,  
uit vestings skuif hul kragt'loos, krom.

- Ps. 18.

Om my staan honde wat my wil bespring:  
'n bende skenders staan om my 'n kring.

- Ps. 22.

Daar is in hulle hande  
die daad van skade en skande  
saam met die glans van omkoopgeld.

- Ps. 26.

U is my ewige rots, o HERE!  
Diep in u veil'ge sy  
sal ek genestel bly.

- Ps. 31.

my krag het weggedroog van uur tot uur  
soos velde deur die somer sonnevuur.

- Ps. 32.

In /

In sy alvermoë  
het Hy hemelboë  
deur sy woord gestig;  
deur sy Gees 'n ganse  
leërskaar van glanse  
skitt'rend aan laat lig.

- Ps. 33.

Die HEER 's die hart naby  
wat gans verbroke is en verskeur.

- Ps. 34.

'n Minder oorspronklike digter sou hier die gewone  
gebroke gebesig het. Let op die effek van verbroke  
hier saam met verskeur.

Nie so oorspronklik nie, maar tog nuut en heel  
tekenend is die aanwending van dubbel in:

In 'n nag so dubbel duister  
wil my siel na troos nie luister.

- Ps. 77.

".....  
"maar in 'n land van dors so dubbeldood,  
hoe skaf Hy vir sy volk hier vleis en brood?"

- Ps. 78.

Ook die volgende toon Totius se fyn aanvoeling  
van die uitdrukkingsvermoë van die woord:

geen seraf wat voor U die vleuel nie moet  
stryk nie.

- Ps. 89.

Ek het verdriet van hul gehad  
wat al deur weg wou van my pad,  
en deur 'n dwaalsiek hart verlei is.

- Ps. 95.

Egipte raas van hongersnood

.....

hul het sy voete vasgedruk  
en onder ysters hom laat buk.

- Ps. 105.

Gode van die heidendom,  
goue of silwer beeltenis  
waar die mens sy knie voor krom,

- Ps. 115.

Strek uit u hand, tref berge met u straf,  
dat rook kan opstyg uit hul ingewand,  
en slinger neer van bo u hemelbrand.

- Ps. 144.

Ander /

Ander woorde wat so aangewend word is: pragverskyning,  
swerfgedagte, wonderhede, ens.

Nou verwant hieraan is die ekspressiewe woorde  
wat die digter self geskep het:

Toe het die aard se ingewand,  
die berge in hul vaste stand  
gebeef, gesidder skrik-verras,

- Ps. 18.

In die volgende plastiese verse het ons ook die  
eie vinding stomverbaas:

In beddings waar die waters loop,  
raak rotse tot hul wortels oop.  
Die see wyk uit sy stille skoot  
en sleep die aard se grondves bloot.  
So 't God die wêreld, stomverbaas,  
laat sidder van sy dreigement,  
Hom bulderend omlaag gewend  
as Hy 'n storm van gramskap blaas.

- Ps. 18.

Let ook op die ander skilderende woorde deur my onder-  
streep. In dieselfde psalm het ons ook die mooi  
vinding keurmetaal.

Hy is 'n skild van keurmetaal  
vir almal wat op Hom vertrou.

En in Ps. 20 is offerbrand i.p.v. brandoffer en kroon  
van fynste gloed i.p.v. fynste goud 'n mooi aanwins.

Mooi is die eie vindinge in:

Wie sal die Godsberg op kan gaan,  
en wie sal op sy top kan staan,  
omskitter deur Gods heilighede?

- Ps. 24.

Voor Hom, Skepper-HERE  
van die see en mere,  
van wat is en leef,  
moet die verste strande,  
volke in al die lande  
skrikverslae beef.

- Ps. 33.

sy blom verwelk waaroor die doodswind gaan,  
en hy daal neer, agter sy vaders aan.

- Ps. 49.

die aarde het gesidderbeef,  
die hemel het gedruppel.

- Ps. 68.

U, HEER laat op my druppel  
u salf ..... - Ps. 92.

Hoog bo die mens, hier groot-vermetel  
staan ewig God se regterstoel.  
- Ps. 55.

Maar oor hul, in die hoogte, sit die HEER,  
geweldiger as vloed van storm en meer,  
geweldiger as golwe van die see  
as Hy van bo sy stormbevele gee.  
- Ps. 93.

HEER, u goedheid is onendig.  
.....

As moet ek soos spyse eet,  
tranedrank drink in my leed.  
- Ps. 102.

Ander woorde wat Totius geskep het om sy ont-  
roering te vertolk, is skrikvervoering, stilverslae,  
benouenis, benouing, onderworpeling, stilverloorne,  
eerbiedenis, klinkmetaal, "Hy is skeppingsmagtig" en  
"Hy is skeppingskragtig".

Argaismes wat Totius heel sober aanwend, word so  
opgeneem in die gevoelstroom van sy vertolking dat dit  
glad nie storend word nie. So het hy deur die gloed  
van sy ontroering nuwe lewe gebring in meer as een ver-  
ouderde vorm. Let op hoe HEER der here die majes-  
teitlikheid van God uitbeeld in:

Rys op, o poorte en deure! Rys!  
Wie is die Vors wat dit kom eis?  
Hy, wat oordek met roem en ere,  
sy tien- en tienmaal duisend tel  
as Hy sy leërorde stel -  
Hy is die Vors, die HEER der here!  
- Ps. 24.

So-ook God der ere in Ps. 29.

So word ook as effektiewe uitdrukkingsmiddele aange-  
wend God der leërmagte, derf, verderwe, skigte, on-  
spoed, geloofd sy, ens.

Uit dit alles blyk hoedat Totius se vers inge-  
stem was vir die taak van psalmvertolking, sodat dit  
die kroon geword het op sy digterlike werk.

DIE RYM.

Hierbo is telkens verwys na Totius se geslaagde aanwending van die rym, veral die slepende rym. Hoewel die Afrikaanse psalmvertolker hiermee skone effekte bereik het, was die rym tog nie altyd 'n aanwins nie. In meer as een vertolking voel 'n mens dat onnodig vasgeklem is aan die strenge rymskema van die Nederlandse psalmboek. Dit tref ons aan in Ps. 132:

"Ek sal my woning nie betree,  
my nie begeef na stille stee  
- waar ek my oë rus sal gee,  
my oëlede sluimering -  
voordat ek hierdie eed volbring, -

"Voordat ek Hom, die ewige HEER,  
die Magtige van Jakob, eer;  
voor 'k onder al die stamme weer  
die eerbied-stille stee ontdek  
waar Hy sy woning kan betrek."

.....

Kom, laat ons na sy woning gaan  
en, biddend in sy voorhof, aan  
die voetbank van sy voete staan.  
Staan op, u rusplek wag, o HEER,  
U met die ark van sterkte en eer!

In hierdie elf strofes lange vertolking word die driedelige gepaarde rym 'n meganiese dreun. Ook Marnix en Camphuysen het hier 'n streng rymskema gevolg, nl. abbab., **maar hulle rymskema** doen m.i. hier minder meganies aan.

Hoewel Totius by Ps. 37 'n ander rymskema en strofevorm kies as die van die Nederlandse beryming, doen sy rym nog nie as noodwendig aan nie:

Vertoorn jou oor die bose nooit:  
Hul sal verkwyn, hul raak verstrooid  
Soos gras wat gou verdor, vergaan,  
Soos spruitjies wat maar kort bly staan.

.....

'n Weinig 's vir die vrome meer  
as skatte waar die bose op teer:  
God breek die arms waar hul op leun,  
maar vromes sal Hy ondersteun.

In /

In die volgende gevalle waar die Afrikaanse digter die rymskema van die Nederlandse psalmboek nageset volg, voel 'n mens dat die rym geen poëtiese funksie vervul nie:

My God, U het my op my klag  
gences, en al my smart versag;  
U het my siel, deur angs beroer,  
diep uit die graf weer opgevoer,  
U het my om die wederstrewer  
nie aan die grafkuil oorgelewer.

- Ps. 30.

Sy daad is enkel majesteit,  
aanbiddelike heerlikheid,  
en sy geregtigheid onendig.  
Sy wonders staan in rots gegrif,  
en sy genade in ewige skrif  
vir al wie arm is en ellendig.

- Ps. 111.

So kan daar meer voorbeelde gevind word waar die rym geen element van skoonheid in die vertolking is nie. Dikwels was die rym in so 'n mate 'n hinderenis dat die digter hom skuldig gemaak het aan rymsdwang:

Waarom, o HEER, bly U so verweg staan?  
Waarom is U verborge in die nood -  
Terwyl die trotsaard, in sy oormoed groot,  
Dring met geweld op die verdrukte aan?

- Ps. 10.

Hier het ons die omsetting in die woordorde aan die einde van die derde vers, en die geforseerde sinsbou van die vierde vers, terwille van die rym.

Ook in die volgende het ons die omsettinge in die woordorde om die rym te handhaaf:

In stil vertrou is hy geduldig;  
hy sal in lyde menigvuldig,  
die roede wat hom tugtig, kus;

- Ps. 94.

My erfdeel is op aarde skoon vir my;  
die meetsnoer val in plekke lief en lustig.  
Ek loof die HEER wat deur sy raad my lei;  
selfs in die nag as alles sluimer rustig,  
dan wek opnuut my niere die verlange  
om God te dank in stille lofgesange.

- Ps. 16.

'n /



'n Beter lot is dan my deel:  
as ek ontwaak, ná my benouing,  
sal ek U sien in klare aanskouing,  
versadig met u beeld geheel.

- Ps. 17.

Gode van die heidendom,  
goue of silwer beeltenis  
waar die mens sy knie voor krom,  
niks as eie maaksel is;

- Ps. 115.

.....  
en Hy het vervul sy woorde,  
skone oorde  
as besitting my geskenk.

- Ps. 61.

Let ook op die geforscerde sinsbou om die ge-  
paarde rym vol te hou in:

.....  
Hy red hom van die hand  
wat dreig van alle kant,  
van die gewelddenaar.

- Ps. 97.

Waar die rym dus nie altyd 'n aanwins was vir  
die Afrikaanse psalmberyming nie, verbaas dit nie dat  
dit Totius se vertolking ten goede gekom het waar hy  
in sommige gevalle minder gebruik maak van rym as die  
Nederlandse psalmboek, bv. Ps. 7:

Nederlandse beryming:

Zoo moet mijn vijand op de hielen  
Mij volgen, ja geheel vernielen;  
Hij roov' mijn leven en mijn eer,  
En werp' mijn kroon ter aarde neer.  
Sta op, o HEER, wil mij behoeden;  
Uw gramschap straff' mijns vijands woeden;  
Ontwaak voor mij, en keer 't geweld:  
't Gericht hebt Gij zelf ingesteld.

Afrikaanse beryming:

As ek met 'n valse weegskaal  
leed vir guns en kwaad vir goed  
aan my vyand toegeweeg het -  
laat sy wraak my dan ontmoet.  
Laat hom my dan jaag en inhaal  
en my lewe nie verskoon,  
my vertrap, my eer verneder  
en my in die stof laat woon.

I.v.m. hierdie vertolking het prof. Dekker reeds op-  
gemerk: „Totius se veel sterkere ontroering en

beeldende /

beeldende krag kon hulle nie skik na starre rymskema nie." (12)

Ook in sy vertolking van Ps. 39 maak hy minder gebruik van rym as die Nederlandse beryming. Hierdeur klink die Afrikaanse vertolking vloeiender en spontaner:

Ned. Ber.:

Ik zei: nu zal ik letten op mijn paân,  
Om met mijn tong niet t' overtreên;  
Ik zal geen woord uit mijnen mond doen gaan,  
Maar breid'len dien in tegenheên;  
Terwijl hij, die mij boos'lijk tegenstreeft,  
Nog daaglijks mij voor oogen zweeft.

Afr. Ber.:

Ek het gesê: Ek wil my weg bewaar,  
Geen klaagtoon oor my tong laat gaan;  
In onheil wil 'k my mond en spraak bedwing,  
Terwyl die vyand voor my staan;  
Sodat hy in sy ongeduld oor my  
Geen vreug of voordeel sal verkry.

Die knellende rymskema van die Nederlandse psalmboek het plastiese beelding soos dié van Totius in sy vertolking van Ps. 114 onmoontlik gemaak:

Ned. Ber.:

Dit zag de zee met bevend' oogen aan,  
En vlood terug; de bruisende Jordaan  
Werd achterwaarts gedreven;  
Het hoog en laag gebergt' sprong op in 't rond,  
Als wollig vee, dat dartzelt op den grond,  
En deed de velden beven.

Op die retoriek in die eerste vers is reeds gewys.

Afr. Ber.:

Die see het dit gesien, gevlug;  
Jordaanstroom - waar was hy?  
Die berge het omhooggespring  
soos ramme, ry aan ry;  
die heuwels soos 'n lammertrop  
wat wegvlug deur die wei.

In sy beryming vir kerklike gebruik handhaaf Camphuysen in sy vertolking van Ps. 114, net soos in die geval van Ps. 119, ook die strengere tradisionele rymskema, maar in sy vroeëre, vryere vertolking het

hy /

hy in beide gevalle 'n vryer rymskema gekies. By Ps. 119 is hierdie vryer skema met welslae deur Totius aangewend. Soos ons gesien het, het hy dit gedoen hoofsaaklik om van die vroulike rym los te kom, maar hierdeur het hy 'n rymskema gevind wat sy vertolking vloeiender gemaak het.

In sy afwyking van die vorm van die Nederlandse beryming in sy vertolking van Ps. 137 maak Totius ook heel geslaagd minder gebruik van die rym. Die vryer vorm verleen 'n besondere vlotheid en lenigheid aan die verhaaltrant in hierdie verse:

Aan die riviere 't ons gesit  
In Babel en geweën  
As swerfgedagte ons hartseer welk  
En trek na Sion heen.

Ons het aan wilgerbome daar  
ons sifers opgehang.  
Want hul by wie ons slaaf was, het  
'n lied van ons verlang;

hul wat ons onderdruk het, wou  
van ons 'n feessang hoor:  
"Kom, sing ons nou 'n Sionslied,  
'n tempellofsang voor!"

Die HEER se lied in vreemde land! -  
ons kan dit hier nie sing.  
Ons rou en treur, maar Sion leef  
in ons herinnering!

Dit is soepele vertolking soos hierdie wat 'n mens laat wonder of veel skoonheid nie verlore gegaan het nie, deurdat die digter nie méér afgewyk het van die strengere rymvorm nie.

DIE VOLLEDIGE BERYMING EN DIE  
P R O E F B U N D E L S.

Die algemene groei in Totius se digterskap word ook weerspieël deur sy vertolkings van die psalms. 'n Mens kry 'n beeld van hierdie proses deur die "proefbundels" wat sedert 1922 gepubliseer is, te lê naas

die /

die beryming van 1937. 'n Volledige beeld is dit egter nie, want die bundel wat kerklike goedkeuring verkry het, is die resultaat van die wisselwerking tussen berymer en Reviseurs. Op hierdie interne wordingsgeskiedenis kan hier, soos in die Inleiding verduidelik, nie ingegaan word nie.

'n Vergelyking van die proefbundels met die finale beryming bring aan die lig dat daar min vertolkings is waarin later geen wysiging aangebring is nie. Soms is die wysiginge beperk tot enkele woorde of verse. In ander gevalle, hoewel nie baie dikwels nie, het hele strofes 'n wysiging ondergaan, bv. in Ps. 6:

1929:

Al hits my euweldade,  
o HEER, u ongenade  
tot my verbrys'ling aan -  
weerhou nogtans die roede  
wat my in teespoede  
meedoënloos neer wil slaan.

1937:

Wil my, o HEER, nie straf nie,  
Wys my in toorn nie af nie,  
Sien my genadig aan;  
Laat in my teespoede  
'n Alte strenge roede  
My nie met gramskap slaan.

Hierdie strofe is 'n mooier en getrouer weergawe van die Bybelsalm as die ouer vertolking wat sterk onder invloed van Hooft staan. In die tweede strofe van hierdie psalm is net twee woorde vervang in die latere vertolking. In beide gevalle is die wysiginge baie gelukkig. (Ek onderstreep die afwykinge in die jongste weergawe):

1929:

Laat, HEER, u oog in strakheid  
nie neerdaal op my swakheid.  
Genees my; merk tog hoe  
die smart om my vergaar het  
die skrik in my gevaar het  
tot in my beend're toe.

1937 /

1937:

Laat, HEER, u oog in strakheid  
nie neersien op my swakheid.  
Genees my, merk tog hoe  
die smart my siel beswaar het  
die skrik in my gevaar het  
tot in my beend're toe.

Net soos hierbo kry ons ook in die volgende deur die wysiginge deurvoelder vertolking. In die derde strofe is dit net die eerste twee verse wat verandering ondergaan het:

1929:

My smart is van die wrangste;  
my siel deurploeg van angste;

Hoe konvensioneel-literêr is hierdie verse nie teenoor die sobere, innige vertolking van 1937 met die ritmies so ekspressiewe metriese omsetting waardeur sneek beklemtoon word:

My siel, deur skrik bewoë,  
smeek om u mededoë;

In die vierde strofe is die wysiging slegs tot een woord beperk en dis ook 'n mooi verbetering:

1929:

straal gunsglanse op my af.

1937:

straal goedheid op my af.

Gunsglanse is bepaald geen gelukkige nieuskepping nie.

In die vyfde strofe word ondervoelde verse omgeskep in skoonheid:

1929:

Die ganse nag deur was ek  
my bed in trane en plas ek  
in strome brak en heet.

1937:

Die ganse nag deurweek ek  
my bed met trane, smeek ek  
om redding uit my leed.

In die laaste strofe is twee verse mooi vervang:

1929:

Verbasing 't my bestryders  
gegryp en om laat keer.

1937:

'n Skrik het my bestryders  
verstom en om laat keer.

So het Totius se vertolking direkter en soberder geword. Dit sien ons ook by Ps. 68 wat deur die weglating van 'n groep onbevredigende verse in die jonger vertolking een strofe minder het. Die verse wat later deur die digter in sy strewe na groter soberheid weggelaat is, is:

1923:

Al lê u, Isr'el, soos weleer  
gebuk by tiggelstene neer,  
geknel deur band en kluister -  
daar kom, vir u 'n beter tyd:  
die daagraad strooi al hoog en wyd  
sy stofgoud deur die duister.

Van die volgende strofe is net die eerste drie en die sesde verse behou:

Net soos 'n duif in silwerwit  
en goud wat op sy vere sit,  
by helder sonneglore,  
ver bo die ander voëls pronk,  
word u, deur godlike oog belonk,  
tot nuwe skoon herbore.  
Wanneer Gods onweerstaan'bre hand  
die vorste uit die gans land  
vir altoos het verdrewe,  
ontvang sy erfdeel oed'ler skoon,  
as sneeu, hoe wit dié mog vertoon,  
aan Salmon ooit kon gewe.

Die onbeholpe u word in die vertolking van 1929 vervang deur ij en jou. Die grootste gedeelte van die inhoud van hierdie strofe word later (1937) saamgevat in:

Maar straal daar vrede op Isrel neer,  
dan skitter hy in luister weer,  
tot nuwe skoon herbore.

Ps. 1 het ook 'n interessante groeiproses deur-

gemaak /

-gemaak. In Die Nuwe Halleluja (1931) is die eerste strofe presies soos in die jongste vertolking. In die tweede strofe kom later slegs een wysiging as fris bewaai.... heel effektief vervang word deur mild versorg... Dit is die derde en vierde strofes wat later 'n ingrypende hersiening ondergaan het:

1931:

Só is die sondaars nie, maar ongewis  
net soos die kaf wat op die dorsvloer is,  
en warrel in onvaste, wilde kringe,  
Hul sal nie standhou in Gods strafgedinge,  
geen voet van hul wat in die kring sal kleef  
waarin Gods volk in sy gemeenskap leef.

Heel gelukkig word die ondeurvoelde beelde (vss. 2, 3 en 5) vermy in die vertolking van 1937:

So is die sondaar nie; sy aardse tyd  
is wisselspel en onbestendigheid.  
Hy 's soos die kaf aan stormwind prysgegewe;  
in nietigheid so eindig hy sy lewe;  
hy hou nie stand waar God se volk Hom eer,  
of waar die straf tot weervergelding keer.

Maar dit is die volgende strofe wat veel gebaat het by die hersiening:

1931:

God ken die pad waarop sy volk moet gaan;  
dis liefde wat hul gange gadeslaan,  
en wysheid wat hul pad bepaal tevore.  
Maar sondaarspad is voor sy oog verlore,  
dit moet vergaan, onkeerbaar in hul spoed,  
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

1937:

God ken die pad waarop sy volk moet gaan;  
sy oog is dit wat hulle gadeslaan  
en met sy lig hul lewenspad bestraal het;  
maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het -  
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,  
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Die wysiginge in vss. 2 en 3 is heel geslaagd, maar dit is veral die plastiese trekkie "weggedaal het" wat 'n uiters gelukkige vinding is na die weinigseggende vertolking van vroeër.

Totius /

Totius se psalmvertolkinge het met die jare spontaner en natuurliker geword. Retoriek soos die volgende het oor die algemeen verdwyn:

1931:

Ja ook my vlees, wat met die dood oorsprei is,  
sal veilig woon, omdat die HEER naby is.

- Ps. 16.

Dit word verbeter tot:

1937:

Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,  
nog veilig woon, omdat die HEER naby is.

In hierdie jongste vertolking kom ook nog gevalle van rymdwang voor, maar so erg soos die volgende is dit nie:

Hoelank nog, wreedaards storm jul an,  
verbrysel jul 'n enk'le man.

- Ps. 62 (1931)

Let ook op die onbeholpe enk'le man.

Die volgende val heeltemal uit die toon:

Al val daar duisend deur die kwes  
van vyandswapenhandel.

- Ps. 91 (1931)

Hier kan net gemeld word dat Ps. 2 waarvan die mooi jongste vertolking later in 'n ander verband bespreek word, in 1931 nog baie power deur Totius vertolk is.

Ten slotte 'n vergelyking van drie lesings van die eerste strofe van Ps. 116:

1929:

God het ek lief, want dié getroue HEER  
hoor na my stem wanneer ek smee en klae;  
Hy neig sy oor, 'k roep tot Hom al my dae;  
Hy skenk my hulp, Hy red my keer op keer.

1931:

God het ek lief, want dié getroue HEER  
hoor na my stem wat smee uit doodsgevaar;  
ek roep hom aan deur al my lewensjare;  
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

1937 /



1937:

God het ek lief, want dié getroue HEER  
Hoor na my stem uit vrye welbehag;  
Ek roep Hom aan in al my lewensdae,  
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Wat die tweede vers betref, klink die eerste vertolking vir my die innigste en onmiddellikste. Dit is ook 'n heel getroue weergawe van die oorspronklike, hoewel die twee latere vertolkings nie teen die gees van die Hebreuse psalm ingaan nie. Die jongste vertolking bevredig die meeste in die derde vers: lewensdae is meer deurvoeld as lewensjare, en ritmies is hierdie vers in die vertolking van 1937 die mooiste, veral heelwat mooier as die oudste vertolking met die hinderlike caesuur na oor. Die tweede poging is hier ritmies beter, maar deur is nie so geslaagd in die onboklemtoonde posisie soos in (1937) nie.

Oor die algemeen vertoon die jongste vertolking van die psalms in Afrikaans groot vooruitgang op die proefbundels.

Totius se finale en volledige vertolking vertoon ook nog swakhede, maar nêrens swakhede van so 'n in die oog lopende aard as dié wat sy proefbundels aan- kleef nie. Die digter is bewus van die tekortkominge wat sy beryming nog vertoon. Met sy kenmerkende opregtheid het hy in 'n radiorede meegedeel: „Dringende ampsbesighede het dikwels geen ander keuse oorgelaat nie as om los te woeker wat nie vanself los wou kom nie.

.....

Wat ek alleen in verband hiermee wou sê, is dat vir so 'n hoogstaande, deur al die psalms heen volgehoue kunsbewerking, buitengewone kunsvaardigheid en buiten-

gewoon /

-gewoon veel rustige tyd nodig is. Wie oor dié grond-  
vereistes nie in die buitengewone mate beskik nie, moet  
tevrede wees met wat hy onder omstandighede kan lewer." (13)

In die lig van hierdie uitlating kan 'n mens  
verwag om ook onbesielde vertolking - 'n bedreiging vir  
alle psalmberymers - in Totius se werk aan te tref.  
Op gevalle van rymdwang het ek reeds gewys. Soms is  
swak vertolking te wyte aan die aard van die Hebreeuse  
psalm. Dit is die geval met : Ps. 37 (ook genoem  
i.v.m. rymdwang) waarvan ons 'n besonder swak vertol-  
king het in die Afrikaanse beryming. Hierdie spreuk-  
agtige psalm waarin 'n reeks uitsprake oor die lot van  
die vrome teenoor die van die goddelose gegee word  
sonder duidelike gedagtevoortgang, kan kwalik as een-  
heid beleef en vertolk word. Vandaar die betreklike  
afwesigheid van digterlike gevoel in die vertolking van  
hierdie psalm in Afrikaans. Die beryming as geheel  
laat die indruk van moeisame verstandswerk. Ek haal  
enkele strofes aan:

Vertrou op God: die hart en hand  
in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig jou in Hom altyd  
wat mildelik gee en nooit verwyf.

.....

Al bruis dit in jou omdat lis  
en leuen hier voorspoedig is -  
swyg voor die HEER, gerus en stil,  
jou wil verenig met sy wil.

.....

Ek was aanskouer van veel kwaad,  
maar nooit dat God sy volk verlaat,  
dat hul geslag, hoeseer geplaag,  
ooit aan die bedelbrood moes knaag.

Verlaat die pad wat God verlaat.  
Die HEER bemin die regte daad.  
En in 'n erfdeel, wonderskoon,  
daar sal jy voor die HERE woon.

Ook /

Ook Ps. 112 wat handel oor die beloning van die vromes het nie 'n sterk vertolking in Afrikaans gevind nie:

.....  
Rykdom en oorvloed is  
bestendig in sy huis;  
en duursaam 's sy geregtigheid  
vir ewig en altyd.

.....  
Gelukkig hy wat hom  
ontferm en uit wil leen,  
wat nooit by voorspoed en geluk  
sy naaste sal verdruk.

.....  
Vir wie behoefdig is,  
strooi hy sy gawes uit;  
Gods heil verlaat hom nimmermeer;  
hy klim in mag en eer.

Ook in ander psalms kom onbesielde strofes voor,

bv.:

Ek sit nie by die man  
wat listig smee sy plan  
en heim'lik voer sy raadslag uit.  
Met die wat in hul lewe  
u woord en wet weerstrewe  
sal 'k geen verbond of vriendskap sluit.

Ek was, aan U verpand,  
in onskuld nou my hand;  
ek sal, as ek my offer bring,  
verskyn voor u altare.

.....  
- Ps. 26.

Net so klink ook die volgende na verstandelike bedenkensel:

Hul oog was op die HEER,  
en - vreugde 't van hul uitgestraal,  
nou wek by hul geen smaderstaal  
'n blos van skaamte mecr.  
Ellendiges maak Hy  
- wanneer hul in verdrukking kerm,  
en niemand hom oor hul ontferm -  
uit hul benoudheid vry.

- Ps. 34.

My /

My wandel, waar ek in my huis verkeer,  
was in opregtheid, om U reg te eer;  
my strewe altyd hoog, bedagsaam, reg,  
van laagheid weg.

- Ps. 101.

Totius se vers staan soms baie na aan berymde  
prosa. In sommige gevalle word 'n matklinkende vers  
aangetref in 'n vertolking wat origens nie onver-  
dienstelik is nie:

Hy roem dat hy sal standhou vir altyd.

- Ps. 10.

God red my as my dienaars twis  
en maak dat uit die heidendom  
die nasies na my voetbank kom.

- Ps. 18.

Hul kom my van kwaad beskuldig.

- Ps. 38.

Wie sal my bystaan as die bose  
my aanval? .....

- Ps. 94.

Dan sal 'k wandel in die ruimte,  
want ek wandel in u spoor.  
Selfs voor konings spreek ek daarvan  
en skaam my nooit daaroor.

- Ps. 119.

Afgesien van verse, strofes en selfs hele ver-  
tolkinge wat mat klink, vind 'n mens ook meer as een  
geval van geforseerde „vulling” van die vers en stro-  
fe:

U wat my regterhand gevat het,  
vir wie 'k van harte lief gehad het.

- Ps. 73.

Hier word die verlede tydsvorm gebesig bloot om die  
vers te vul sodat dit kan rym - 'n vorm van rymdwang  
dus. Ewe geforseerd klink dit ook waar van vrolik-  
heid gepraat word i.v.m. God:

.....  
en van u aangesig  
straal vrolikheid en lig.

- Ps. 21.

Uiters /

Uiters lomp klink ook die volgende in 'n origens  
verdienstelike vertolking:

Laat opregtheid in gevare,  
met die onskuld, my behoed. - Ps. 25,

Dieselfde geld vir:

Wend U tot my in ontferming,  
red my, toon my u beskerming.  
- Ps. 86.

Erg onbeholpe „vulling" is hierdie hele vers  
(deur my onderstreep):

Maar eewge vleuels sweef oor jou,  
geruis van reusevlerke;  
rondom jou is Gods eewge trou,  
.....  
- Ps. 91.

In die volgende het ons weer geforseerdheid,  
ook onder ryndwang:

By Hom is sterkte en sieraad; daar  
is mag- en pragvertoning  
waar God sit in sy woning.  
- Ps. 96.

Die woordkeuse bevredig soms nie, ook as gevolg  
van metriese en rymmoelikhede:

Hy staan verbrand op ope velde:  
hy's omgekap; van al u skelde  
vergaan die volk deur U geplant.  
- Ps. 80.

Geseënd is die grote Koning  
wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning  
is volk en Koning altesaam.  
- Ps. 118.

Hy 't die Skelfsee deurgesny  
en hul middeldeer gelei.  
- Ps. 136.

Die volgende klink bietjie te gemoedelik:

o HEER, my redder maak tog gou.  
- Ps. 70.

In die volgende beeld neem skendershande 'n te  
prominente /

prominente plek in om die figuurlike van die Bybelwoorde te vertolk:

Betoon aan hul geen medely nie,  
en laat hul skendershande  
hul wikkel in hul skande.

- Ps. 71.

Die Bybelwoorde lui:

"..... laat hulle hulleself toedraai in smaad en skande."

Retories is:

.....  
sien ek hoe hul in vyandskap  
my die verkrimpte hart vertrap;

- Ps. 55.

Bewuste literêre styl hoort nie tuis in 'n psalmberyming nie. Gelukkig is voorbeelde soos die volgende seldsaam by Totius:

Ek roep om hulp, ek is onmagtig  
die vleuels van my siel geknot.

- Ps. 5.

HEER, ontwaak en keer sy gramskap  
met die vuurskerm van u wraak!

- Ps. 7.

God het die mens se werk betrag  
uit hemelhoe en helder dag.

- Ps. 14.

En veral:

Pyle ylings afgevloë  
van die staalsterk heldeboë  
met 'n dodelike sprong,  
saam met vuurstraal uit die rosse  
kolegloed van besembosse -  
dis jou loon, o valse tong!

- Ps. 120.

Hoewel dit nie in dieselfde sin as 'n swakheid beskou kan word as bogenoemde gevalle nie, moet tog vermeld word dat Totius, naas die talle voorbeelde van berymde psalms wat sy prosavertolking oortref, in enkele gevalle in sy psalmberyming nie die skoonheid

van /

van sy Bybelpsalms bereik het nie, bv. Pss. 90, 91 en 103.

Minder geslaagde vertolkings is in 'n psalmberyming onvermydelik. Die Afrikaanse psalmboek vertoon minder van hierdie swakhede as die ander berymings wat in hierdie verhandeling bespreek is.

---

Aantekeninge by Hoofstuk IV.

1. „Aan die ander kant moet erken word dat party wysies in die praktyk so goed as onsingbaar blyk. Party van hulle is seker uit die oogpunt van kuns pragtig, maar by die volk wil dit nie. Dit sal daarmee wel wees soos met 'n pragtige stuk uit Shakespeare - dis kuns, onvolprese kuns; maar die gewone man - probeer maar om hom dit voor te lees - het daar niks aan nie" - 36 Psalme, Inleiding, p. xii.

2. In 'n brief aan prof. dr. G. Dekker onder datum 20.10.1950 skryf Totius: „In die meeste gevalle waar van die Holl. rymskema afgewyk is, het die baie slepende uitgange dit teweeggebring. Byv., in Ps. 23 eindig al die reëls op slepende uitgange. Om dit in Afrikaans na te volg, sou te gekunsteld gelyk het.

'n Tweede konsiderasie by Ps. 23 was dat die berymer baie beslis die bewerking van Camphuysen wou volg, al is dit baie vry. Die melodie van Jamnisch was daarvoor geskik, met geringe wysiginge. - Dit was ook die geval by Ps. 119 .... Ps. 125 móes ook in beryming van Camphuysen gehandhaaf word. "

3. In bogenoemde brief vervolg die berymer: „Nie alleen is voorkeur gegee aan staande ryme nie, maar 'n belangrike konsiderasie was om die verse (strofes - skrywer) korter te maak. Dit is 'n noodsaaklike konsiderasie wat by gemeentesang bykom. Dit het ook wysiginge van musiek nodig gemaak of na nuwe melodieë laat uitsien. Vgl. Ps.



20. Ook Ps. 104 (min slepende reëls en korter verse). Ps. 10.
4. Soos uit die aangehaalde brief blyk, was daar by Ps. 104 twee faktore in die spel. So kon in ander gevalle ook meer as een van die vier ooringinge wat Totius noem (minder slepende uitgange, «onsingbaarheid», 'n ander vertolking en die korter strofe) 'n rol gespeel het. 'n Mens kan dus hoogstens met veiligheid vasstel wat Totius bereik het met sy afwyking van die vorm van die Nederlandse beryming, maar wat hy in elke geval doelbewus beoog het, is 'n aangeleentheid waar generalisasies uiters aanvegbaar is.
5. G. Dekker: Die Afrikaanse Psalmberyming, pp.10-11.
6. T.a.p., pp. 30-1.
7. Sien aantekening 3.
8. G. Dekker, t.a.p., p. 20-1.
9. T.a.p., p. 23.
10. T.a.p., p. 23.
11. T.a.p., p. 22.
12. T.a.p., p.10.
13. T.a.p., p. 37.
-

Hoofstuk V.

DIE "OU GOUD".

Waar Totius in die Voorwoord van die Berymer vermeld dat hy aan ouer beryminge ontleen het, erken hy dankbaar dat sy beryminge "nie geheelenal die vrug is van oorspronklike digarbeid nie". Marnix, Vondel, Camphuysen, die berymers van 1773, e.a. het almal waardevolle bydraes gelewer "vir sover reëls, verse of selfs hele Psalms (soos 3, 8, 88, 119, 125) deur vertaling of vrye aanwending aan hulle beryminge ontleen of deur hulle geïnspireer is. ... Dit was my strewe om dié oue goud vir die Kerke van Suid-Afrika nie verlore te laat gaan nie". (1)

In 'n radiorede het die Afrikaanse berymer sy instelling teenoor die ouer Nederlandse beryminge geopenbaar. Hy wys daarop dat die berymer "die hulp van ander kunstenaars kan inroep en profiteer van wat hulle tot stand gebring het. Dit gaan by die Psalmberyming tog nie om die eer van die individuele digter nie, maar om die stigting van die gemeente en die eer van God. Vandaar dat ek by die ritmiese vertolking van die Psalmboek dikwels ander kragte te hulp geroep het ..... Die leser sal bemerk dat ek vryelik gebruik gemaak het van alles wat goed en mooi gesê was deur ander. Waarom sou ek probeer verbeter as ek reëls of verse gevind het wat inderdaad onberispelik is en met klein veranderings in Afrikaans oorge neem kan word? Bowendien het ek gevoel dat eers op dié manier die rykheid en rypheid bereik word wat ons almal begeer by die vertolking van so 'n ontsaglike volheid en menigvuldigheid as wat in die Psalmboek,

die /

die kunsgewroeg van die Heilige Gees van God, gevind word. So werk almal saam, ook hulle wat nog spreek nadat hulle gesterf het, tot glorie van God." (2)

Hierdie „selfontlediging" van die digter wat nie sy eie eer soek nie, kan maklik misverstaan word. Dit mag vertolk word as 'n volging van die weg van die geringste weerstand. Niks is verder van Totius verwyder as dit nie. Ook in sy ontleninge bly hy die aktiewe, skeppende digter wat steeds fyn onderskei wat hy opneem in sy gedig, en dit wat hy opneem, word so opgelos in die gevoelstroom dat alles versmelt tot een geheel. Dit is dus nie net wat hy ontleen wat belangrik is nie, maar dikwels veral wat hy nie ontleen nie, en waarin hy sy eie koers gaan.

Totius het hom vrywillig en spontaan gewend tot die werk van ander berymers. Dit was ook baie wenslik dat hierdie vryheid aan die digter gelaat sou word. Om van die berymer te verwag dat hy hom so veel moontlik moes hou aan die Nederlandse beryming wat so lank in Suid-Afrika diens gedoen het, kon rampspoedige gevolge gehad het.

Hy het ruimskoots ontleen aan hierdie Nederlandse beryming van 1773. Verder het hy die volgende uitgawes gebruik van die digters aan wie hy ontleen het: Marnix se Psalmen Davids in Nederlandschen Dichte gestelt ('s Gravenhage, 1871) en Camphuysen se Rymdichtsche Uytbreydinge over den Psalter Davids. Na de Fransche dichtmate van C. Marot en T. Bèze, 'n ou uitgawe waarvan die titelblad in Totius se eksemplaar verlore geraak het. Aan Vondel, Revius en Hooft het Totius slegs ontleen in soverre as wat G. van Elring in sy De Psalmen Gekozen en bewerkt uit

vele Dichters. Amsterdam, z.j., uit hierdie digters se beryminge geput het. Van Elring gee wel rekenskap van watter digters tot elke psalm bygedra het, maar hy gee nie van elkeen se aandeel nadere rekenskap nie. Daarby kom nog dat die samesteller self ook hand bygesit het om sekere vertolkinge te verbeter.

Totius het ook nie sistematies ontleen nie. Dit word veral daardeur bewys dat hy tevrede was om aan Vondel en Revius te ontleen alleen in soverre as wat van hulle werk voorkom in Van Elring se "bloemlesing": De Psalmen. Ten spyte daarvan dat Totius hier verse van Vondel gevind het wat hom bevredig het, het dit hom nie daartoe gebring om Vondel se Harpzangen ter hand te neem nie. Hierdie onsistematiese ontleningswyse val nog sterker op in die geval van Revius wat seker die Afrikaanse berymer se grootste geesverwante voorganger is in psalmberyming.

#### ONTLEENINGE AAN DIE NEDERLANDSE PSALMBOEK.

In die Voorwoord van die Berymer skryf Totius: „Dankbaar is gebruik gemaak, veral by die bekende Psalms, van die onder ons bekende en veelsins uitnemende Hollandse Psalmberyming." (3) Hierdie Nederlandse beryming van 1773 het verreweg die grootste bydrae gelewer vir die Afrikaanse vertolking. Professor Dekker teken in hierdie verband aan: „Hoewel die digter die dwang van slaafse navolging verwerp het en ook nie slaafs nagevolg hét nie, het hy tog veel van die beproefde skoonheid, wat so deel geword het van ons geestesbesit, behou. Maar let op hoé hy dit aangewend het, hoe dit ook deel geword het van sy siel sodat dit opgelos is in die gevoelstroom

van /

van sy psalm. Daardeer word ons telkens verras deur die ou skatte wat in hulle nuwe omlysting glans met verjongde skoonheid, weer hewiger ontroer met die ou vertroude ontroering. En let dan veral ook op hoe die afwykinge nie slegs 'n handhawing is van die Afrikaanse taaleie nie, maar veral voortvloei uit eie siening en lewende gevoel." (4) Hieronder word in die Afrikaanse vertolking die verse onderstreep wat aan die Nederlandse beryminge ontleen is, of wat onder invloed daarvan staan.

In Ps. 2 is heelwat afkomstig van die Nederlandse beryming.

Ned. beryming:

Wat drift beheerscht het woedend heidendom,  
En heeft het hart der volken ingenomen?  
De koningen verheffen zich alom,  
De vorsten zijn vermetel saamgekomen,  
Om God, den Heer, zelfs naar den kroon te steken,  
En tegen Zijn Gezalfde op te staan.  
Zij spreken saam: „Laat ons hun banden breken,  
En van hun juk en touwen ons ontslaan.”

Totius:

Wat dring en dryf die wilde heidendom,  
Dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom,  
En wêreldgrottes raadslaag vir die stryd,  
Om God almagtig na die kroon te steek  
En saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: „Kom nou, laat ons hul bande breek  
En van hul juk vir altyd ons ontslaan.”

Die ontleende sinsnedes is so in die gevoelstroom opgeneem dat dit maklik tot 'n eenheid versmelt met die geheel. Die Afrikaanse strofe het sy eie karakter. Die opstandigheid word hierin meer uitgebeeld. Die Afrikaanse strofe het 'n driftiger ritme as die mooi maar meer gedrae Nederlandse vertolking. Baie effektief is Totius se aanwending van die klemkragtige eenlettergrepige werkwoorde: dring, dryf, raas en staan in die aanvangsverse. (Op die effek van

die /



vers hierbo.

'n Mooi verbetering is die afwyking van die Nederlandse beryming in die vierde strofe van hierdie psalm:

Ned. beryming:

En Ik, die Vorst, met zooveel macht bedeed,  
Zal Gods besluit aan 't wereldrond doen hooren.  
Hij sprak tot Mij: "'k Heb heden U geteeld;  
Gij zijt Mijn Zoon. Gij zijt Mijn eengeboren;  
Zeg vrij Uw eisch; Ik zal Uw macht verhoogen,  
Opdat Uw naam alom ontzaglijk zij;  
Het heidendom ligg' voor Uw stoel gebogen,  
En 't eind der aard erkenn' Uw heerschappij."

Totius:

En Ek, dié Vors, so hoog in mag en eer,  
sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:  
"Ek self (sê God) het U gegeneer:  
U is my Seun, uit wie my Beelt'nis blink.  
Spreek dan u eis, Ek skenk dit u gewis  
En dat u troon vir ewig vas mag bly,  
gee Ek die volke tot u erfenis  
en wêreldwydtes tot u heerskappy."

Baie direkter is die eerste twee verse van die Afrikaanse strofe, veral die tweede vers met die konkrete siening. Mooi het die Afrikaanse berymer die wanklank "'k Heb heden U geteeld" uitgeskakel, asook die onduidelike voorlaaste vers. Die vyfde strofe lui:

Ned. beryming:

Uw ijs'ren staf, die al hun macht verplet,  
Maak' hen eerlang eerbiedig' onderzaten,  
En noodzaak' hen te buigen voor Uw wet,  
Of sla z' aan gruis, als pottebakkers vaten!"  
O Vorsten, wilt de wet der wijsheid hooren,  
Eer gij God selv' en Zijn Gezalfde hoont;  
O Rechters, tot den stoel der eer gekoren,  
Verdraagt Zijn tucht, die u Zijn liefde toont.

Totius:

"Die trotsaards sal U met u ysterstaf  
soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;  
U sal, as eers u hand ontwaak tot straf,  
hul opstandslus tot in die grond verderf."  
O Konings, graag gehuldig en geëer -  
laat nooit u hoogheid Gods Gezalfde hoon!  
O Regters, wat oortreders regstug leer,  
aanvaar die tug wat u sy liefde toon.

Totius /

Totius het die Hebreëuse beeld baie suiwerder aangevoel en konkreter weergegee in die eerste twee verse. Sy derde en vierde verse is ook sterker beeldend as die minseggende tweede en derde verse van die Nederlandse strofe.

Selfstandig is die beryming in Afrikaans van die laaste strofe met sy rustige toon wat so 'n mooi teenstelling vorm met die opstandigheid uitgebeeld in die eerste strofe:

Kom, dien die Heer en wees in Hom verblyd  
met blydskap wat hom huldig as die Heer.  
En kus die Seun in onderworpenheid,  
buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer  
net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie hom huldig as hul Heer,  
wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Hierdie psalm word as 'n afgeronde eenheid in Afrikaans berym. Afwisseling word teweeggebring deur die dialoog, die uitbeelding van die onrus in die volkewêreld, God se kalme majesteit en die sag-vermanende slotstrofe.

'n Sprekende voorbeeld om aan te toon hoe Totius van die Nederlandse beryming gebruik gemaak het, en hoe hy in die algemeen ontleen het, is Ps. 19. Ek haal enkele strofes aan:

Med. beryming:

Het ruime hemelrond  
Vertelt, met blijden mond,  
Gods eer en heerlijkheid;  
De held're lucht en 't zwerk  
Verkondigen zijn werk,  
En prijzen Zijn beleid.  
Dus kan ons dag bij dag,  
Tot roem van Gods gezag,  
Zijn wonderen verhalen:  
Dus weet ons nacht by nacht  
Zijn onbegrensdde macht  
En wijsheid af te malen.

Hoe goddelijk en schoon  
Luidt deze hemeltoon!  
Daar is geen spraak, of oord,  
Daar is geen volk bekend,  
Dat, zelfs tot 's werelds end,  
Der heem'len stem niet hoort.



Hun evenredigheid  
Heeft zich zoo wijd verspreid,  
Hun rede klinkt zoo kragtig,  
Dat z' al, wat d' aard' bewoont,  
Het merk eens Scheppers toont,  
Zoo gunstrijk als almachtig.

Totius:

Die hoë hemelrond  
Vertel met blye mond  
Gods heerlijkheid en eer,  
En, wonderbaar deurglans,  
Vermeld die wye trans  
Die werke van die Heer.  
Die dag roep orals luid  
En duisendstemmig uit  
Dié loffelike sprake;  
Die nag se stille stap  
Meld kundē en wetenskap  
Deur al sy donker wake.

Hoe goddelik en skoon  
en wonderbaar dié toon  
wat deur die skepping gaan!  
Geen volk so onbegaaf,  
geen oor so onbeskaaf  
wat nie dié taal verstaan.  
Die prag van hemellyn  
wat deur die wydtes skyn,  
spreek daar so luid en kragtig  
dat nêrens hart of oor  
dié skeppingstaal nie hoor -  
tot roem van God almagtig.

Afgesien van die vorm staan net die aanvang van hierdie strofes sterk onder invloed van die Nederlandse beryming. Telkens gaan die Afrikaanse berymer weer sy eie gang, of hy wend hom tot 'n ander beryming - in hierdie strofes tot dié van Camphuysen. (Die res van hierdie psalm vertoon ook sporadiese ontleninge aan Marnix). Deur sy afwyking van die Nederlandse eerste strofe lewer Totius nie alleen 'n veel digterlike vertolking nie (vgl. die pragtige slotverse), maar ook 'n getrouer weergawe van die oorspronklike, veral in die tweede helfte van sy strofe. Ook die verdere afwykinge is uiters gelukkig. Veral die laaste helfte van die Nederlandse tweede strofe maak die indruk van moeisame verstandswerk naas die spontane, besielde Afrikaanse vertolking.

In /

In die bekende Ps. 42 het ons:

Ned. beryming:

't Hijgend hert, der jacht ontkomen,  
Schreeuwt niet sterker naar 't genot  
van de frissche waterstroomen,  
Dan mijn ziel verlangt naar God.  
Ja, mijn ziel dorst naar den HEER;  
God des levens, ach wanneer  
Zal ik naad'ren voor Uw oogen,  
In Uw huis Uw naam verhoogen?

Totius:

Soos 'n hert in dorre streke  
Skreeuend dors na die genot  
van die helder waterbeke  
Skreeu my siel na U, o God!  
Ja, my siel dors na die HEER,  
Na die Lewensbron; wanneer  
Sal 'k ná swerftog en benouing,  
God weer sien in klare aanskouing?

Vir die Hollander in sy waterryke land was agtervolging die enigste rede vir die dors van die hert. Totius het die oorspronklike beeld suiwerder vertolk. In hierdie strofe is net een vers volledig oorgeneem uit die Nederlandse beryming. Skreeu is ook 'n ontlening aan hierdie beryming waarvan die melodie en strofebou behou is in die Afrikaanse psalmboek.

In die tweede strofe is nog minder ontleen:

Ned. beryming:

'k Heb mijn tranen, onder 't klagen,  
Tot mijn spijsze, dag en nacht;  
Daar mijn spotters durven vragen:  
„Waar is God, Dien gij verwacht?“  
Mijn benauwde ziel versmelt,  
Als zij zich voor oogen stelt,  
Hoe ik onder stem en snaren,  
Feest hield met Gods blijde scharen.

Totius:

Trane stort ek in my klagte,  
want die spotters vra vir my:  
„Waar's jou God?“ My dae en nagte  
gaan in droefenis verby.  
Nog hoor ek die feesgedruis  
wat weerklink het om u Huis,  
toe 'k 'n skaar daarheen gelei het,  
my met hul in God verbly het.

Die /

Die derde strofe vertolk Totius ook feitlik selfstandig.

Ned. beryming:

O mijn ziel, wat buigt g' u neder?  
Waartoe zijt g' in mij ontrust?  
Voedt het oud vertrouwen weder;  
Zoek in 's Hoogsten lof uw lust;  
Want Gods goedheid zal uw druk  
Eens verwiss'len in geluk;  
Hoop op God, sla't oog naar boven;  
Want ik zal Zijn naam nog loven.

Let op hoe Totius hier verwiss'len in geluk oorneem,  
maar dan in 'n getrouer weergawe van die oorspronklike,  
waarin nie sprake is van die versekerdheid van die aan-  
staande geluk nie:

o My siel, waarom onrustig?  
En wat buig jy jou in my?  
Waarom in Gods lof onlustig  
as die vyand jou bestry?  
Menigmaal het Hy jou druk  
laat verwissel in geluk.  
Hoop op God, in Hom weer rustig!  
In sy lof sal 'k my verlustig.

In die volgende het ons meer bevruggende as di-  
rekte invloed van die Nederlandse beryming:

Ned. beryming:

'k Denk aan U, o God, in 't klagen,  
Uit de landstreek der Jordaan;  
Van mijn leed doe 'k Hermon wagen;  
'k Roep van 't klein gebergte U aan.  
'k Zucht, daar kolk en afgrond loeit,  
Daar 't gedruisch der waat'ren groeit,  
Daar Uw golven, daar Uw baren  
Mijn benauwde ziel vervaren.

Let op die konkreter siening in die onderstreepte verse  
van die Afrikaanse vertolking:

'k Dink aan God in donker dae  
uit die land van die Jordaan;  
Hermon hoor my kerm en klac,  
met die klein gebergte aan  
Weedom' gryp my binnenst' aan  
as u waters oor my gaan,  
as ek, in my smart bedolwe,  
wegsink in u watergolwe.

Ook in die vyfde en sesde strofes vind ons hoof-  
saaklik bevruggende inwerking deur die Nederlandse be-  
ryming:

Ned. /

Ned. beryming:

Maar de Heer zal uitkomst geven,  
Hij, die 's daags Zijn gunst gebiedt;  
'k Zal in dit vertrouwen leven,  
En dat melden in mijn lied;  
'k Zal Zijn lof zelfs in den nacht  
Zingen, daar ik Hem verwacht;  
En mijn hart, wat mij moog' treffen,  
Tot den God mijns levens heffen.

'k Zal tot God, mijn steenrots, spreken:  
„Waarom, HEER, vergeet Gij mij?  
'k Ga in 't zwart, door rouw bezweken,  
Om mijns vijands d'wing'landij,  
Die mij hoont, mij 't hart doorboort,  
Dat gestaâg deez last'ring hoort:  
„Waar is God, op Wien gij bouwdet,  
En aan Wien g' uw zaak vertrouwdet?“

Totius:

Maar die HEER sal in my lewe  
weer oordag sy guns gebied.  
Ook deur donker nag omgewe,  
sing ek nog my pelgrimslied.  
Ja, ek lofsing in die nag,  
want ek bly die HEER verwag;  
my gebed sal opwaarts strewe  
na die bronwel van my lewe.

HEER, my Rots, op U betrou ek.  
Waarom dan vergeet U my?  
Ganse dae en nagte rou ek  
onder druk en d'wing'landy;  
want ek hoor die vyand spreek  
wat my met sy spot deursteeke,  
en my toeroep met veragting:  
„Waar's die God van 'jou verwagting?“

In bostaande is geen sprake van slaafse navolging nie.  
Totius moes skeppende digter bly om die sporadiese ont-  
leninge so op te neem in die gevoelstroom van sy ver-  
tolking.

Ook by Ps. 51 waar die strofebou van die Neder-  
landse beryming behou is, het hy uiters selektief ont-  
leen. In die hele vertolking is slegs die eerste  
helfte van die volgende strofe met geringe wysiginge  
oorgeneem:

Ned. beryming:

't Is niet alleen dit kwaad, dat roept om straf;  
Neen, 'k ben in ongerechtigheid geboren;  
Mijn zonde maakt mij 't voorwerp van Uw toren,  
Reeds van het uur van mijn ontvang'nis af.

Zie /

Zie, Gij hebt lust tot waarheid in 't gemoed;  
Gij, HEER, die weet, al wat ik heb misdreven,  
Gij, die mijn geest met wijsheid hadt gevoedt,  
En in mijn ziel Uw godd'lijk licht gegeven.

Totius:

Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf;  
ek is in ongeregtigheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore  
al van die uur van my ontvang'nis af.  
U eis is waarheid in my binnenst', HEER;  
en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte en leer  
my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

Waar in ander strofes van hierdie vertolking by-  
draes van die Nederlandse beryming voorkom, is dit be-  
perk tot enkele woorde of hoogstens tot die aanhef van  
'n vers, soos in die eerste vers van strofe 5:

Ned. beryming:

Verberg Uw oog van mijn bedreven kwaad,  
Waardoor mijn ziel gevoelt de diepste wonden;  
Delg, delg toch uit mijn schuld en al mijn  
zonden,  
En spreek mij vrij van mijne gruweldaad.  
Herskep mijn hart, en reinig Gij, o HEER,  
Die vuile bron van al mijn wanbedrijven;  
Vernieuw in mij een vasten geest, en leer  
Mij aan Uw dienst oprecht verbonden blijven.

Let op hoedat hierdie vertolking slegs vir Totius die  
aanslag gegee het in sy vertolking:

Verberg u oog, die vlammelig wat oor  
my sonde brand en speur deur al my lede.  
Was weg, delg uit my ongeregtighede,  
herskep my hart wat wegding uit u spoor.  
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,  
dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!  
laat my voor U tog geen verstootling wees,  
en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Dit kom dikwels voor dat die Afrikaanse berymer  
net die inset van 'n vers of strofe van 'n ander kry  
om dan sy eie gang te gaan:

Waak op, my eer! Waak op, my harp en luit!  
Laat my die rooidag wek met sanggeluid!  
U wil ek loof tot by die verste volke.  
U guns en trou straal bo die hemel uit.  
Verhef, o God, u eer bo lug en wolke!

- Ps. 57.

Ned. /

Ned. beryming:

Waak op, mijn eer, waakt op, mijn harp en luit;  
Mijn zanglust streeft den dageraad vooruit;  
'k Zal onder al de volken, HEER, U prijzen;  
Mijn psalmgezang zal, bij cimbaal en fluit,  
Uw naam alom de plechtigst' eer bewijzen.

Die tweede vers van die Afrikaanse strofe bevredig este-  
ties meer en is ook 'n suiwerder weergawe van die oor-  
spronklike.

In die Afrikaanse vertolking van Ps. 61 is die  
vorm 'n kosbare ontloening aan die Nederlandse psalmboek,  
maar verder is dan feitlik net die eerste drie verse  
van die laaste strofe oorgeneem uit die ouer beryming:

.....  
Zend Uw waarheid, Uw ontferming,  
Ter bescherming;  
Zend ze tot zijn wachters neêr.

Totius:

Send, o Heer, tot sy beskerming  
u ontferming  
en getrouheid as 'n wag.  
.....

In die bekende Ps. 65 is die stemming en vorm  
van die mooi Nederlandse beryming in die Afrikaanse ver-  
tolking bewaar sonder dat Totius hier ophou om skeppende  
digter te wees. Ook Camphuysen en Marnix het invloed  
gehad op die Afrikaanse vertolking van hierdie mooi lof-  
lied. Eers in die laaste helfte van die tweede strofe  
kom ons af op invloed van die Nederlandse beryming:

Ned. beryming:

.....  
Welzalg, dien Gij hebt verkoren,  
Dien G' uit al 't aardisch gedruisch  
Doet naad'ren, en Uw heilstem hooren,  
Ja, wonen in Uw huis.

Totius:

.....  
Welsalig wie in skuld verlore  
versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore,  
'n woonplek in u huis.

Dit /

Dit is selde dat Totius 'n strofe so in sy geheel met uiteraars geringe wysiginge aan 'n ander beryming ontleen het soos sy strofe 6 van Ps. 65:

Ned. beryming:

Gij geeft, dat d' uitgang van den morgen  
En van den avond juicht,  
En dat men U voor al Uw zorgen  
Ootmoedig dank betuigt.  
Het land bezoekt Gij met Uw zegen,  
En, door U droog gemaakt,  
Verrijkt Gij 't groot'lijks weer met regen,  
Die tot den wortel raakt.

Totius:

U laat die uitgang van die morges  
en van die awend juig;  
en wil dat ons vir al u scрге  
ootmoedig dank betuig.  
Die land besoek U met u seën,  
en deur U droog gemaak,  
verryk U dit met milde reën  
wat tot die wortel raak.

Milde reën is 'n gelukkige afwyking deur Totius in die voorlaaste vers.

Die verskil tussen die Nederlandse en Afrikaanse prosaavertalings van die psalms sien ons ook in die twee berymings, bv. in Ps. 66.

Ned. Bybel:

Om de grootheid Uwer sterkte zullen  
Uwe vijanden zich geveinsdelijk  
aan U onderwerpen.

Afr. Bybel:

Deur die grootheid van u sterkte  
sal die vyande al kruipende na  
U toe kom.

Ned. beryming:

Juich, aarde, juich met blijde galmen  
Den grooten Schepper van 't heelal.  
Zing d' eer Zijns naams met dankb're psalmen;  
Verhef Zijn roem met lofgeschal,  
Zeg: "O hoe vrees'lijk zijn Uw werken!  
Gij doet Uw wijdgeduchte kracht,  
o God, aan al Uw haters merken  
Die veinzend buigen voor Uw macht."

Totius /

Totius:

Juig, aarde, juig met blye galme  
Laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dank'bre psalme,  
En maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke,  
Geen grens is daar vir sy gesag;  
Die vyand sien met skrik sy werke  
En buig hom kruipend voor sy mag.

Sonder om af te doen aan die waarde van die Nederlandse strofe kan ons die afwykinge in hierdie verse in die Afrikaans verwelkom.

Die bekende Ps. 68 bied ook 'n goeie voorbeeld van Totius se aanwending van die Nederlandse beryming. Die vorm en toon van die Nederlandse vertolking wat so ingang gevind het by ons volk, word behou. Hier volg die eerste strofes van die twee beryminge. Belangrike afwykinge van die Nederlandse vertolking word onderstreep in die Afrikaans:

Ned. beryming:

De HEER zal opstaan tot den strijd;  
Hij zal Zijn haters, wijd en zijd,  
Verjaagd, verstrooid doen zuchten;  
Hoe trotsch Zijn vijand wezen moog',  
Hij zal voor Zijn ontzagg'lijk oog,  
Al sidderende vluchten.  
Gij zult hen, daar G' in glans verschijnt,  
Als rook en damp, die ras verdwijnt,  
Verdrijven en doen dolen.  
't Godd'looze volk wordt haast tot asch;  
't Zal voor Uw oog vergaan, als was,  
Dat smelt voor gloënde kolen.

Totius:

Die HEER sal opstaan tot die stryd;  
Hy sal sy haters, ver en wyd,  
Laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan,  
Hy sal geen oomblik kan bestaan  
Voor God se alvermoë.  
As U, o Heer, in mag verskyn,  
Sal hul soos rook en damp verdwyn,  
Deur stormwind voortgedrewe,  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur,  
Het almal voor Gods glans geen duur  
Wat goddelooslik lewe.

Let op hoe Totius in die derde vers die dinamiese gebeure van die vlug weergee, terwyl die Nederlandse

beryming /



beryming die toestand van verstrooidheid en verjaagdeheid skilder. In verse 7 - 9 het ons in Afrikaans 'n fyner ontplooiing van die beeld. Ongelukkig doen stormwind nie hier aan as essensieel nie. In die laaste drie verse van die Afrikaanse digter kry ons 'n mooier eenheidsiening deurdat die beeld van die as uit 'n enigszins ander gevoelsfeer as die was wat smelt nie hier bygehaal word nie, maar aan die anderkant is hitte en vuur 'n hinderlike herhaling. In die sewende strofe sien ons ook hoe Totius se digterskap sig handhaaf in hierdie vertolking wat so sterk onder invloed van die Nederlandse beryming staan:

Ned. beryming:

Dat Bazans hemelhooge berg  
Met al zijn heuv'len Zion terg'  
En wane t' overtreffen:  
Wat springt gij, bergen, trotsch omhoog?  
Wat wilt g' u, in der volk'ren oog,  
Bij Zions berg verheffen?  
God zelf heeft dezen berg begeerd  
Ter woning, om, aldaar geëerd,  
Zijn heerlijkheid te toonen;  
De HEER, die hem verkozen heeft,  
Die trouwe houdt en eeuwig leeft,  
Zal hier ook eeuwig wonen.

Totius:

Laat Basans hemelhoë rots  
hom ophef in sy yd'le trots  
met al sy bulte en berge;  
wat spring jul, berge, rug aan rug,  
geweldig in die hoë lug  
om Sions kruin te terge?  
God self het hierdie berg begeer,  
om daar in lig, in glans en eer,  
volmaakter, skoner, witter  
as sonneglans en sonneskoon  
vir ewig by sy volk te woon  
en voor hul oog te skitter.

Waar professor Dekker hierdie twee strofes vergelyk, getuig hy van die mooiheid van die Nederlandse vertolking, en van die Afrikaanse weergawe sê hy: „Elkeen voel dadelik hoeveel beeldender, konkreter hierdie hele strofe is as die Nederlandse. Let op die

klankplastiese /

klankplastiese uitbeelding van die trotse uitdagendheid in die rymwoorde ,rots' en ,trots' ; dit word voortgesit in die konkrete ,met al sy bulte en berge'; hoe fel staan die Oosterse natuurskouspel voor ons in die berge wat, rug aan rug, geweldig spring in die hoë lug. En dan die intensiteit, die skittering van wit lig in die tweede helfte van die strofe wat tot so 'n klimaks styg in die gloed van adjektiewe en selfstandige naamwoorde. Voorwaar, Totius se afwykinge van die Nederlandse psalm het dit juis sy heerlike skoonheid gegee." (5)

Hoe sy digterskap steeds werksaam bly selfs waar hy op groot skaal ontleen, blyk duidelik as sy negende strofe gelê word naas die bekende en geliefkoosde tiende strofe van die Nederlandse beryming:

Ned. beryming:

Geloofd zij God met diepst ontzag;  
Hij overlaadt ons, dag aan dag,  
Met Zijne gunstbewijzen.  
Die God is onze zaligheid;  
Wie zou die hoogste Majesteit  
Dan niet met eerbied prijzen?  
Die God is ons een God van heil;  
Hij schenkt, uit goedheid zonder peil,  
Ons 't eeuwig, zalig leven;  
Hij kan, en wil, en zal in nood,  
Zelfs bij het naad'ren van den dood,  
Volkomen uitkomst geven.

Totius:

Geloofd sy God met diep ontsag,  
want Hy oorlaai ons dag aan dag  
met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys,  
die God van saligheid nie prys,  
met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid  
versterk ons in die dag van stryd  
en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood,  
selfs as ons sidder vir die dood,  
volkome uitkoms gewe.

Ons sien hoe Totius die moeilikhede as gevolg van vormverskil tussen die twee tale oorkom in sy ontleeninge. So kon bv. zijne gunstbewijzen in die derde

vers nie maar net vertaal word sonder om die versbou te verander nie. Die afwyking van die Nederlandse strofe in die voorlaaste vers is weer nie noodgedwonge nie maar om die meer plastiese siening. Met die bewaring van die toon van die Nederlandse beryming bied die Afrikaanse berymer ons 'n vertolking wat die onmiskenbare stempel van eie digterskap dra.

'n Vers soos die laaste in die volgende sitaat is vir ons gevoel 'n te letterlike weergawe van die woorde van die Hebreeuse psalmdigter sodat die afwyking in die Afrikaanse vertolking verwelkom kan word:

Ned. beryming:

Gewis, hoe hoog de nood mag gaan,  
God zal Zijn vijands kop verslaan;  
Dien haar'gen schedel vellen.

.....

Ons is ontvankliker vir 'n vertolking soos dié van

Totius:

Gewis, hoe hoog die nood mag gaan,  
God sal die vyandskop verslaan,  
die skedel so doemskuldig.

.....

Dieselfde geld vir die ruwe siening in die volgende verse:

Ned. beryming:

Dan moogt g' in zegepraal uw voet  
Ja uwer honden tong, in 't bloed  
Van elken vijand steken." .....

Totius:

"Dan sal jui uit die ballingskap  
weer bly oor jui verdrukkers stap  
op die bebloede velde;  
jui honde sal die bloedplas lek

.....

So het die Afrikaanse berymer die werverdiende plek wat die Nederlandse beryming onder ons volk verower het, geëerbiedig sonder om 'n blote oorsetting daarvan te gee.

Ook /

Ook in die volgende laat Totius die Afrikaanse vers op kunstige wyse aanpas by die vorm van die Nederlandse vertolking. Met geringe afwykinge het die digter die mooi strofe oorgeneem:

Ned. beryming:

Ja waarlijk, God is Isrel goed,  
Voor hen, die rein zijn van gemoed;  
Hoe donker ooit Gods weg moog' wezen,  
Hij ziet in gunst op die Hem vreezen.  
Maar, ach, hoewel mijn ziel dit weet,  
Mijn voeten waren in mijn leed.  
Schier uitgewekken, en mijn treën  
Van 't spoor der godsvrucht afgegleën.

- Ps. 73.

Afgesien van die weglating van hierdie laaste enigszins saai vers, is die ander afwykinge uiters knappe aanpassing by die vorm van die Nederlandse vers met sy slepende uitgange:

Voorwaar, God is vir Isrel goed,  
Vir wie opreg is van gemoed.  
Gods weg kan nooit só donker wees nie,  
Dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.  
Maar ag, hoewel my siel dit weet,  
Tog het my voet haas in my leed  
Gewankel, en dit was vir my  
So donker dat my voet wou gly.

Van Ps. 75 het die mooi eerste strofe in die Nederlandse beryming baie bekend geword:

Ned. beryming:

U alleen, u loven wij;  
Ja wij loven U, o HEER;  
Want Uw naam, zoo rijk van eer,  
Is tot onze vreugd nabij;  
Dies vertelt men in ons land,  
Al de wond'ren Uwer hand.

Totius:

U alleen, U loof ons bly -  
Ja, ons jubel tot u eer;  
Want u Naam is, troue HEER,  
Vir u volk tot troos naby.  
Daarom roem ons in ons land  
Al die wonders van u hand.

Totius het die verskil in taalvorm oorbrug sonder om die toon van die Nederlandse vers prys te gee. Die

vyfde /

vyfde vers is uit eie keuse verander en verbeter.

In die volgende strofe sien ons hoe verskil in vertolking van die Hebreëuse teks die beryminge beïnvloed:

Ned. Bybelvertaling:

„Als ik het bestemde ambt zal ontvangen hebben, zoo zal ik gansch recht richten:”

Ned. beryming:

Als ik 't ambt ontvangen zal,  
Wil ik, volgens eed en plicht,  
altoos recht doen in 't gericht.  
.....

Afr. Bybel:

„As Ek die regte tydstip aangryp, oordeel Ek regverdig.”

Totius:

Al vertoef Ek, spreek die HEER;  
al gaan jare langzaam om -  
eind'lik sal my regsdag kom,  
en dan daal my oordeel neer.  
.....

So het ons die mooi tweede vers na aanleiding van die gedagte wat Totius byvoeg in ooreenstemming met die strekking van die Bybelwoorde. Met so is Al vertoef Ek en eind'lik ook uitbreidende parafrase. Die verklarende karakter wat sy beryming op hierdie manier verkry, sien ons verder in 'n strofe soos die volgende:

Die verlossing, roem en eer  
kom nie uit woestyne ver,  
nie uit oos of weste her;  
want die Regter is die HEER.  
Hy sit bo die hemelboog -  
Hy verneder en verhoog.

In die Afrikaanse Bybel lui dit slegs:

Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van die berghoogtes nie .....  
maar God is regter: Hy verneder die een en verhef die ander.

Ps. 146 het in Suid-Afrika een van die bekendste en geliefdste vertolkings uit die Nederlandse psalmboek

geword /

geword. Die Afrikaanse berymer het vryelik, maar nooit klakkeloos nie, ontleen aan hierdie mooi vertolking.

Ned. beryming:

Prijst den HEER met blijde galmen;  
Gij, mijn ziel, hebt rijke stof;  
'k Zal, zoolang ik leef, mijn psalmen  
Vroolijk wijden aan Zijn lof;  
'k Zal zoolang ik 't licht geniet,  
Hem verhoogen in mijn lied.

Totius: (Belangrike afwykinge van die Nederlandse beryming is onderstreep)

Prys die HEER met blye galme,  
o My siel, daar's ryke stof.  
'k Sal, solank ek leef, my psalme  
Vrolik toewy aan sy lof  
En Hom, wat sy guns my bied,  
Altyd groot maak in my lied.

Ned. beryming:

Vest op prinsen geen betrouwen,  
Daar men nimmer heil bij vindt;  
Zoudt g' uw hoop op menschen bouwen?  
Als Gods hand hun geest ontbindt,  
Keeren zij tot d' aarde weer,  
Storten met hun aanslag neer.

Totius:

Moet op prinse nie vertrou nie,  
by wie niemand heil kan vind -  
op die mens jou hoop nie bou nie;  
want as God hul gees ontbind,  
keer hul na die aarde weer  
en hul raadslag stort terneer.

Waar Totius in die volgende meer afwyk van die Nederlandse strofe is beide vertolkings mooi:

Ned. beryming:

Zalig hij, die in dit leven,  
Jakobs God ter hulpe heeft;  
Hij, die, door den nood gedreven,  
Zich tot Hem om troost begeeft;  
Die zijn hoop, in 't hach'lijkst lot,  
Vestigt op den HEER, zijn God.

Totius:

Salig hy wat in die lewe,  
sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe,  
vlug tot God, sy Toeverlaat;  
en ook in die swartste nag  
op die HERE alleen bly wag.

In die volgende het Totius ook baie afgewyk:

Ned. beryning:

't Is de HEER, wiens alvermogen  
't Groot heelal heeft voortgebracht;  
Die genadig uit den hoogen  
Ziet, wie op Zijn bijstand wacht,  
En aan elk, die Hem verbeidt,  
Trouwe houdt in eeuwigheid.

Totius:

Dis die HEER wat aarde en hemel,  
die getuies van sy mag,  
met die see en wat daar wemel  
voortgebring het deur sy krag;  
wat, onwrikbaar in sy trou,  
altd sy beloftes hou.

Weer het Totius net die inset van sy strofe ontleen. Die volgende is minder selfstandig. Let op hoe veral die laaste vers deur die ouer beryning geïnspireer is:

Ned. beryning:

't Is de HEER, die 't recht der armen,  
Der verdrukten golden doet;  
Die, uit liefderijk erbarmen,  
Hongerigen mild'lijk voedt;  
Die gevang'nen vryheid schonkt,  
En aan hun ellende denkt.

Totius:

Dis die Heer wat aan die arme  
in sy druk laat teg geskied  
wat uit liefderyke erbarme  
hongeriges spyse bied;  
wat gevang'nes vryheid skenk  
en hul in hul smart gedenk.

In die sesde strofe getuig die verskille tussen die twee vertolkings ook van Totius se aktiewe digterskap in sy ontlenings:

Ned. beryning:

't Is die HEER, wiens mededoogen  
Blinden schonkt het lief'lijk licht;  
Wie in 't stof lag neergebogen,  
Wordt door Hem weer opgericht;  
God, die lust in waarheid heeft,  
Mint hem, die rechtvaardig leeft.

Totius /

Totius:

Dis die HEER se mededoë  
wat die blinde oog verlig;  
wie in stof lê neergebot  
word deur Hom weer opgerig.  
Hy benin dié wat opreg  
Wandel in sy woord en weg.

Die sewende strofe word grotendeels deur die digter uit die Nederlandse beryming oorgeneem, maar in die slotstrofe vind ons net die laaste verse van die Nederlandse vertolking terug:

Ned. beryming:

't Is de HEER van alle heeren,  
Zions God, geducht in macht,  
Die voor eeuwig zal regeeren  
Van geslachte tot geslacht.  
Zion, zing uw God ter eer!  
Prijs Zijn grootheid; loof den HEER.

Totius:

Dis die God der leërmagte,  
troue Bondsgod van weloer,  
God van wordende geslachte,  
tot in ewigheid die HEER.  
Sion, sing dié God ter eer,  
prys sy grootheid, loof die HEER!

Meerseggend is die beklemtoonde die in die voorlaaste vers as die Nederlandse uw. Met hierdie dié God word die hele strekking van hierdie loflied saamgevat.

Ons kan ook dankbaar wees dat Totius aan die Nederlandse psalmboek ontleen het in sy verdienstelike weergawe van Ps. 150, daardie mooi jubellied wat ook ander digters tot skoonheid geïnspireer het.

So kan voortgegaan word om die Afrikaanse en Nederlandse beryminge naas mekaar te lê. Elke psalm bied in hierdie opsig 'n interessante studie, maar genoeg is aangehaal om aan te toon dat die Afrikaanse berymer die Nederlandse vertolking met die piëteit behandel het wat dit verdien, sonder om in slaafse navolging te verval.

Ontleninge /



ONTLENINGE AAN CALPHUYSEN.

Na die Nederlandse beryming van 1773 het Camphuysen die grootste bydrae gelewer vir die Afrikaanse psalmberyming. Dit is interessant om daarop te let dat die Remonstrant Camphuysen meer bygedra het tot die Afrikaanse beryming as die Calviniste Marnix en Revius. Totius met sy Calvinistiese opvatting van die Skrif en psalmberyming het in sy ontleninge aan hierdie Remonstrantse vertolking voortdurend gewaak teen afwykende neiginge.

Mooi verse is afkomstig van hierdie beryming.

In Ps. 5 vind ons:

Camphuysen:

Geen wonder, want uw' kracht beschermtze,  
Uw' zorg' is om haar als een schild,  
Uw' zegen kroont en loontze mild,  
Uw' liefde koestert en verwarmtze,  
Uw' gunst om-armtze.

Totius:

Daar 's vreugde, want u mag bekroon hul  
u seën is oor hul ryk en mild.  
u sorg is om hul soos 'n skild,  
u welbehae, Heer beloon hul,  
u guns verskoon hul.

In hierdie strofe ontleen Totius net een vers, maar in die res van die strofe is daar ook sporadiese invloed van Camphuysen, bv. bekroon, mild, beloon en die aanwending van die voornaamwoord aan die versende. In sy geheel kon die Nederlandse strofe as gevolg van taalverskille nie oorgeneem word nie, bv. beschermtze, verwarmtze en om-armtze kon nie as rymwoorde in Afrikaans vertaal word nie. Geen wonder word goed vervang deur Daar 's vreugde. Let op hoe die vers wat Totius ontleen, opgeneem word in die gevoelstroom van sy vertolking.

In /

In Ps. 6 word slegs 'n gedeelte van 'n vers bygedra deur Camphuysen. Totius se eerste en derde verse is 'n getrouer vertolking van die gees van die oorspronklike:

Camphuysen:

Eylaas! in doodes nachte,  
Is Weten noch gedachte,  
Is tale noch verstand.

Totius:

Want daar's geen lofgedagte  
vir U in dood se nagte,  
geen lofstem in die graf.

Die Afrikaanse vertolking van Ps. 7 vertoon verspreide ontleninge:

Camphuysen:

.....  
Gelyk een Leeuw het Vee verslind  
Wanneer hy 't zonder Harder vind.

Hierdie verse inspireer Totius tot 'n mooi beeld:

As u hand my nie verlos nie  
Sal hul lewend my verslind,  
Soos 'n leeu die arme skaaplam  
wat hy sonder herder vind.

Die Afrikaanse siening word konkreter deur die „lewend my verslind” en „die arme skaaplam”. Dieselfde psalm bied nog 'n beeld van Totius wat deur Camphuysen geïnspireer is. Laasgenoemde se:

„(God) Wiens ooge straald door hart en nieren”  
groei in die Afrikaanse vertolking uit tot:

Help my, U wat hart en niere  
met u kennislig deurstraal.

Let op hoe Totius kommernis anders aanwend as Camphuysen van wie hy die woord kry:

Camphuysen:

Zoo laat ik ook, heel los van vreezen,  
Op God al mijn vertrouwen wezen,  
Omdat hy in haar kommernis,  
Der vromen troost en helper is.

Totius /

Totius:

Soos 'n held met skild gewapen  
aanstap sonder komcernis,  
so voel ek by God my veilig  
wat my skild en helper is.

In hierdie strofe met sy konkreter siening wyk Totius voordelig af van Camphuysen se vertolking met sy geforseerde „heel los van vreesen“. Met sy ander vorm kon die Afrikaanse berymer natuurlik nie die Nederlandse vertolking getrou volg nie.

Soos hierbo is dit dikwels nie invloed deur ontleninge nie, maar meer deur inspirasie. So ook in die volgende strofe:

Camphuysen:

O! oordeel vol verwondernis!  
Getuyge dat Godt Richter is.  
De boos' (O! saak wel om merken!)  
Bestrikt zich in zijn eygen werken.

- Ps. 9.

Totius:

o Oordeel vol geheimenis,  
wat meld dat God regverdig is!  
Hoe raak verstrikt in die nette  
wie geen ontsag het vir Gods wette!

Effektief vervang Totius verwondernis deur geheimenis. Besonder gelukkig is ook die afwyking in die laaste twee verse waardeur die geforseerde „vulling“ van Camphuysen se derde vers vermy word, en ons die konkrete in die Afrikaanse vertolking kry.

Die volgende is weer een van die seldsame gevalle waar Totius 'n strofe feitlik in sy geheel oorneem:

Camphuysen:

Wie stijgt zoo hoog in heyl en eer,  
Dat hy met Dy, de grootste Koning,  
Met Dy, de alderhoogste Heer,  
Op uw' gewijden berg verkeer,  
En plaats be-erv' in uwe woning?

- Ps. 15.

Totius /

Totius:

Wie styg so hoog in heil en eer,  
Dat hy met U die grote Koning,  
Met U, die allerhoogste Heer,  
Kan op u heil'ge berg verkeer  
En intrek in u heil'ge woning?

Mooi is hierdie laaste vers teenoor die Nederlandse met sy verstandelike plaats be-erv'.

In die volgende strofe is die enigste twee mooi verse deur die Afrikaanse berymer ontleen:

Camphuysen:

Hy is 't die ons macht  
Hooger heeft gebracht,  
En de volken stelt  
Onder ons geweld,  
Dat haar trotzen nek  
Ons ten voetbank strek.  
Hy is die 't genot  
Van 't gewenschte lot  
(Jacobs heerlijckheyd  
Daar Zijn liefd' op leyd)  
Uyt een hart zoo mild  
Ons heeft toegewild.

- Ps. 47.

Totius:

God die Heer so groot,  
het sy arm ontbloot:  
hul wat ons omring,  
het Hy saangebring  
dat hul trotse nek  
ons tot voetbank strek.  
Hy, die sterke God,  
kies vir ons ons lot:  
Jakobs pronkjuweel,  
Kan'an, word ons deel.  
Dit is aan sy kneg  
gunstig toegeseg.

Dat Totius hom tot Camphuysen gewend het, is iets om oor dankbaar te wees. Dit besef 'n mens as gelet word op Camphuysen se mooi bydrae in die Afrikaanse vertolking van Ps. 23. Onderstaande vertolking is baie mooier as Totius se selfstandiger poging wat verskyn in sy 60 Psalms in Afrikaans (1929):

Net /

Net soos 'n herder uittrek met sy skape  
En hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
Met sagte hand hul lei langs stille waters -  
So is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede  
In vaste spoor van sy geregtighede.

En is ek soos 'n skaap in doodsgevaar,  
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,  
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan -  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,  
omdat u staf my troos is en verkwikking.

U bring vir my die tafel in gereedheid,  
my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;  
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehae;  
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Camphuysen se Over Psalm 23 lui:

Als een Herder zijne schapen in een groen land-  
ouwe weyd,  
En, om haar den dorst te laven, na de versche  
beeken leyd:  
Zoo is ook de Heer mijn Hoeder. En omdat de  
Heer mij hoed,  
Zal voor't lijf noch spijs ontbreken, noch ver-  
quikking voor't gemoed.

Doe ik, als een doolend schaapken, afgegaan van  
't rechte pad,  
Ongewisse gangen dede en verkeerde wegen trad:  
Bragt Hij, als een trouwe Herder, bragt Hij mijne  
voeten weer  
Op des levens rechte straten, om zijns naams hoog-  
waarde eer.

Of ik schoon (gelijk een kudde die in doods  
perijkel staat,  
En zomwijlen langs der hoyde tot een prooy van  
wolven gaat,)  
Wand'len moest op zulke wegen daar men eynd noch  
uytkomst ziet,  
En geen mensch in't nare donker zich tot leyds-  
man aan en bied:  
Ja in zulke nooden raakte daar de dood voor  
oogen stond,  
En de ziel by gene menschen hoop' van troost noch  
hulpe vond.  
Nog en zoud' ik niet vertzagen, nu gy helpt, en  
by my zijt  
Als een Herder die zijn Schapen trouw'lijk met  
zijn staf bevrijd.

Gy bereyd my, voor de oogen van mijn vyand een  
banket;  
Daar zoo wordt my overvloedig alle spijsz voor-  
gezet:  
Daar zoo druypt mijn hoofd van oly, en mijn  
beker vloeyt van wijn:  
Dit vervult mijn geest met vreugde en mijns  
vyands hart met pijn.  
All'de dagen die ik leve (en daarop vertrouw'  
ik my)  
Blijft my Godes rijke gunste en zijn milde  
goedheyd by;  
All'de dagen die ik leve (des ben ik in 't  
hart gewis)  
Zal ik blijven in de woning daar de Heer, mijn  
God in is.

Totius se vers is hier korter en sy ritme vaster as dié  
van sy voorganger.

Die mooi aanvangsverse van die slotstrofe van Ps.  
30 kom ook van Camphuysen. Let op hoedat Totius na  
die eerste twee verse weer afwyk van sy voorbeeld:

Camphuysen:

In plaats van rouw en harten-leed  
Hebt gy met vreugden my omkleed.  
Zoo dat het eerenrijke lied,  
Zoo lang de geest het lijf bezit,  
In uwen lof niet zal verstommen,  
Maar met gezang uw' daden brommen.

Totius:

In plaas van rou en harteleed  
het U met blydskap my omkleed;  
my sak het U ontbind, my weer  
met vreug ongord, sodat my eer  
nie swyg: U bring ek al die ere,  
U sal ek ewig loof, o HERE!

Goed is die vervanging van vreugden deur blydskap in  
die tweede vers aangesien vreug in die vierde vers aan-  
gewend word.

In Ps. 41 het ons ook enkele verse wat geslaagd  
van Camphuysen oorgeneem is:

Camphuysen:

Als hy, door ziekte' op 't bedt in qualen is,  
Doet God hem laaffenis.  
Zijns harten wec, en alle ongenuegd  
Verandert Godt in vreugdt.

.....

Geen vyand oyt uyt mijn verhoopten val  
Krijgt stoff' van vreugd-geschal.

Totius /

Totius:

As hy in krankheid op die sickbed is,  
gee God hom lafenis;  
sy liggaamswee en alle ongeneug  
verander hy in vreug.

.....

geen vyand wat oor my verhoopte val  
sal juig met vreugdgeskal;

Totius het ook met goeie gevolg ontleen aan  
Camphuysen se mooi vertolking van Ps. 51:

Camphuysen:

Erbarm dy God, erbarm dy over my,  
Ontsluyt de diept' van uw' genadigheden.  
Wisch uyt uw' hart mijn schandig overtreden,  
En maak mijn ziel van 't pak des zond-schulds  
vry.

Wasch en herwasch in uw gedachtenis  
My, zoo gantsch vuyl door smet der grover zonden,  
My, die zijn quaad altoos voor oogen is,  
En, wel erkent, het hart met smart komt wonden.

Gy, gy alleen, gy al-doorziende God,  
Zijt mijnes quaads en misdaads medeweter,  
Geen oog, dan 't Uw' en zag 't: dies niemand  
beter,

Dan gy alleen, de straffe (quaad doens lot)  
Na eysch van recht haar juyste mate geeft,  
En schoon uw' mond, om na verdienst te wreken,  
Een vonnis uyt 't dat droeve strengheyd heeft,  
Blijkt billikheyd in all' uw doen en spreken.

.....

't Verfoeylijk beeld der zond, daar ik in leg,  
Erinnert my mijns misdaad zware schanden,  
Onnoozel bloed bezoedelt my de handen:  
Doet, God mijns heyls, de bloed-schuilt oenmaal  
weg,

Zoo vloeyt my 't lof van uw' gerechtighe'en  
Ten lippen af. Zoo word mijn tong (door zonden  
Een wijl verstomt) tot treffelijke re'en  
En vollen prijs, dank-rijkelijk ontbonden.

'n Goeie substituut vir verfoeylijk beeld in hierdie  
laaste strofe is Totius se skrikbeeld.

Totius:

Ontferm, o God, ontferm u tog oor my!  
Ontsluit die bron van u barmhartighede;  
Wis uit die smet wat kleef aan al my lede,  
En maak my siel van sondeskuld weer vry!  
Was my geheel tot my behoudenis,  
Was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,  
Die kwaad wat my altyd voor oë is.  
Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!

U, HEER, wat my deurskou geheelenal,  
is van my euweldaad die hoogste weter;  
U het die kwaad gesien; dus niemand beter  
wat my kan vonnis in my droewe val.  
Teen U het ek my sondedaad begaan,  
ja voor u oog deur swaar misdryf gesondig;  
dus sal u woord regverdig bly bestaan,  
en rein u vonnis, oor my afgekondig.

Skrikbeeld van smet wat in my siel bly heg,  
en my herinner aan my swarc skande:  
vergote bloed besoedel my die hande!  
God van my heil, werp tog dié bloedskuld weg!  
Dan sal 'k aan u geregtigheid weer dink,  
wanneer my mond wat stom was deur die sonde,  
deur U geopen, weer u lof laat klink,  
my tong, lank vas, in juigtoon word ontbonde.

Van Camphuysen se verdienstelike vertolking van  
Ps. 55 het Totius ook nuttig gebruik gemaak, bv.

Camphuysen:

Oneyndelijke ramp verdelgze,  
De aard' ontsluit haar en verzwelgze  
Al levend in haar diepste gronden,  
Ter hatelijker duysternis  
Daar end noch weder-keeren is,  
Tot loon der al te grooter zonden.

Totius:

Kom dood en doderyk, verdelg hul!  
o Aarde, ontsluit jou en verswelg hul  
nog lewend, in jou diepste gronde,  
in allerswartste duisternis,  
waar daar geen end of weerkeer is,  
tot straf van hul vermetle sonde!

En ook die volgende:

Camphuysen:

.....  
Waar toe de straf lang opgeschoort  
Met haar, daar 't noyt mee anders word?  
Die langs hoe meer in 't quaad verzinken.  
.....

De butter-gladde tong bied vrede,  
Maar 't hart, on-eenig met de rede,  
Staat ree om oorlog aan te vaarden:  
Haar woordjens, mild en oly-zacht,  
Zijn zoet in 't oor, maar hebben kracht,  
En gaan in 't hart als bloote zwaarden.

Let op hoe Totius hier, soos ook in ander gevalle hier-  
bo aangehaal, wat hy ontleen, omskep tot groter skoonheid:

Waartoe/



.....  
Wartoe hul straf lank opgeskort,  
daar 't tog met hul nooit anders word  
wat voor Gods hoogheid nie wil buk nie?

Hy wat sy hande uitgesteek het  
teen my, ons vriendskapsbond verbreek het -  
sy bottergladde tong bied vrede,  
sy hart is stryd! Soos olie gly  
sy woorde, maar hul steek en sny  
soos swaarde, glimmend uit die skede!

Ook in die volgende oortref die Afrikaanse dig-  
ter sy voorbeeld deur groter direktheid van segging:

Camphuysen:

.....  
Sta by verkeerde leugen kunst:  
De mond heeft zegen, liefd' en gunst,  
Maar 't hart, vol vloeks, wenscht ramp en  
plagen.

- Ps. 62.

Totius:

Hul m6nd is se6n, liefde, guns,  
maar in hul h6rt - die leuenkuns,  
met ywersug en vloek en plaec.

Mooi is hier die argaistiese ywersug. In die volgende  
strofe van dieselfde psalm is die onderstreepte ge-  
deeltes ook uit Camphuysen:

Vertrou nie op geroofde geld,  
tirannemag of handgeweld,  
of op die vastheid van jou gang nie.  
As rykdom jou sy vreug berei,  
jou met sy skynsel wil verlei,  
laat dan jou hart nie daaraan hang nie.

Die volgende toon weer hoe skeppend Totius ont-  
leen:

Camphuysen:

Zy zijn gezond, en leven lang,  
Den ander komt in ongeval,  
en slijt zijns levens tijd in druk:  
op haar en hecht geen ongeluk.

Bostaande is uit Camphuysen se Over den 73 Psalm.

Totius:

.....  
H6l is gesond en lewe lank,  
maar 6nder word van kwellings krank.  
op h6lle rus geen ongeluk,  
maar 6nder slyt hul lewe in druk.

- Ps. 73.

Mooi /

Mooi verse in Totius se vertolking van Ps. 102  
is afkomstig van Camphuysen:

Camphuysen:

't Is den hart-wensch uwer knechten,  
Haar te mogen op zien rechten,  
't Deert hen dat ze sonder lof,  
Zoo mismaakt leyd in haar stof.

Totius:

.....  
En u knegte, in hul smarte,  
dink met liefde in hul harte  
aan die stad wat sonder lof  
nog vergruis lê in die stof.

Camphuysen:

Alls wat' er hoog in waarde  
Kroon en scepter draagt op aarde  
zal door-troffen zijn met schrik.

Totius:

Volke en wie hier hoog in waarde,  
kroon en septer dra op aarde,  
sal, wanneer God Sion bou,  
vrees as hul sy mag aanskou.

.....  
Camphuysen:

O wat schatten van genaden!  
Op getrouwe heuge bladen  
Sta dit allen na-geslachten.

Totius:

Watter skatte van genade  
sal beskryf word op die blade  
wat die nageslag sal lees!

.....  
Camphuysen:

Dit 's het beeld (vol soet behagen)  
Van die ongeboren dagen.

Totius:

Dis die beeld, vol soet behae,  
van die ongeboren dae.

.....  
Na hierdie laaste ontlening aan Camphuysen gaan Totius  
weer sy eie gang met die vraag:

Maar /

Maar nou? ..... Hoe't ek ingestort!  
Hoe 's my lewenstyd verkort!  
Toe sê ek, by soveel plaes:  
Heer, verkort tog nie my dae!  
Ag, hoe kort is reeds my uur!  
Maar u jare 't eewge duur.

In sy verdienstelike vertolking van Ps. 88 is die Afrikaanse berymer veel verskuldig aan Camphuysen. Ons sien hier weer hoedat Totius se gedissiplineerde digterskap saamvloei met die van 'n ander digter sonder dat hy slaafs afhanklik word van sy bron van ontlening, en sonder dat hy sy eie stempel inboet:

Camphuysen se Over den 88 Psalm:

Ik roep tot U gestadig, God, daar mijn hoop op  
staat,  
't Zij dat de lichte Zonne of op, of ondergaat.  
De beden, die ik bidde, de klachten die ek doe,  
En sluyt toch uwe ooren, uw hart daarvoor niet  
toe.

Totius:

Ek roep tot U, o God,  
op wie my hoop bly staan  
't Sy dat die blye son oor my  
of op- of ondergaan.

Totius se tweede strofe is meer net deur Camphuysen geïnspireer:

As ek my bede bid,  
en 't opklim in u oor -  
ag, sluit dan nie u hart vir my,  
maar wil my smeking hoor.

In die derde strofe het ons die twee mooi, oorspronklike aanvangsverse. Die ander twee verse is in 'n geringe mate deur Camphuysen geïnspireer:

Totius:

My siel is sat en siek,  
so klaag en kerm ek nou;  
dit is of ek hier voor my oog  
die dood alreeds aanskou.

Hierdie laaste twee verse is mooier as dié van Camphuysen:

't Gemoed .....  
Dunkt, dat het voor zijn oogen den dood vast  
dwalen ziet.

In /

In die mooi vyfde strofe is die eerste vers selfstandig en die res oorgeneem van Camphuysen, maar nie sonder dat die Afrikaanse berymer se eie stem daarin gehoor word nie.

Die Afrikaanse berymer se sesde strofe lui:

'n dooie in wie daar nou  
geen lewenshoop meer is,  
wat in die see verdronke lê  
in diepe duisternis.

Camphuysen:

De dooden, daar in 't leven geen levens  
hoop voor is,  
Maar eeuwig zijn bedolven in diepe duysternis.

Totius se mooi sewende strofe is weer selfstandige vertolking:

U grimmigheid rus swaar  
op my ellende, HEER!  
U golwe staan op, ry aan ry  
en druk my dieper neer.

By die volgende strofe van Camphuysen is slegs aan die laaste gedeelte ontleen:

Gy drukt, en blijft my drukken: 't schijnt  
voor 't gemoed, 't welk schroomt,  
Dat gy met al de stromen van gramschap op  
kooft.  
Mijn Vrienden, die mijn Vrienden geweest  
zijn (laas!) weleer,  
Die vluchten voor mij henen en zijn geen  
vrienden meer.

Totius:

My vriende, hulle wat  
my vriende was weleer,  
hul vlug uit afsku weg van my  
en is geen vriende meer.

Deur af te wyk van die verse van Camphuysen wat onigsins oneerbiedig klink, verrai Totius weer sy fyn onderskeidingsvermoë. In die res van hierdie vertolking (strofe 9-17) sien hy feitlik heeltemal van Camphuysen af.

In Ps. 125 het die Afrikaanse digter vryelik ontleen aan die vertolking van Camphuysen wat deur

Van Elring /

Van Elring opgeneem is. Dit is een van Camphuysen se vroeëre vertolkings wat nie 'n plek gevind het in sy latere psalmbundel nie. Dit is sy Uytbreyding over Psalm 125. In die tweede strofe van die Afrikaanse vertolking het ons sterk invloed van Camphuysen se mooi vertolking:

Camphuysen:

De hooggetopte bergen  
Zijn als een vaste schans  
Rondsom Jerus'lom heenen,  
Geen vyand heeft' er kans.

Totius:

Die hoë berge is  
net soos 'n vaste skans  
rondom Jerusalem:  
Geen vyand het daar kans.

In die derde strofe gaan Totius dan weer sy eie gang om in die laaste helfte van die vierde strofe weer na Camphuysen terug te keer:

Camphuysen:

Hy zal 't rechtvaardig hoopjen,  
zijn duur-bemind Geslacht,  
Niet eeuwig laten blijven  
In booser menschen macht.

Totius:

Hy sal sy Sion wat  
op sy verlossing wag,  
nie ewiglik laat bly  
in tirannieke mag.

Hiervandaan volg Totius Camphuysen dan tot aan die einde van die vertolking:

Camphuysen:

Niet eeuwig laten blijven  
In een zoo droeven staat,  
Op dat het zijne handen  
Niet uyt en reyk tot quaad.

Aan die volgende strofe is slegs die volgorde in die gedagtegang ontleen:

God, die ze van u afwijst  
die 't kromme pad inslaan,  
Doe wel den vromen harten  
Die reyne wegen gaan.

In die Bybel is die gedagtegang net andersom:

"Here, doen goed aan die goeies en aan die wat opreg is in hulle harte,  
Maar die wat krom paaie laat wegdraai, sal die Here laat vergaan saam met die werkers van ongeregtigheid."

Ons sal hieronder sien hoe Totius die volgorde in Camphuysen se strofe volg.

In die laaste strofe het ons weer meer direkte invloed van Camphuysen:

Camphuysen:

Ik bid, dat gy dijn Israël  
den zoeten vreden geeft,  
Den vrede laat behouden  
zoo lang maar als hy leeft.

Bostaande vind ons as volg in die Afrikaanse vertolking:

.....  
nie ewiglik laat bly  
in so 'n droewe staat;  
laat hul maar net die hand  
nie uitstrek na die kwaad!

o HEER, wat hul verdoem  
wat afwyk van u baan,  
doen goed aan wie opreg  
die reguit weë gaan.

Ek bid vir Israel  
Mag vrede u volk oorsweef!  
En mag u vrede bly  
solank hul hier sal leef!

Mooi is in die voorlaaste strofe reine wegen vervang met reguit weë.

In sy vertolking van Ps. 119 is Totius in 'n besondere sin veel aan Camphuysen se Poëtische Uytbreydinge over den 119 Psalm verskuldig. J. Haantjes sien dit so:

"In deze psalm wordt de heerlijkheid van de wet geprezen; dit is een onderwerp dat Camphuysen lag; zijn persoonlijke godsdienstige overtuiging kon zich hierbij vrij en ongehinderd uiten. Totius echter was dit onderwerp niet in alle delen sympathiek; vandaar

dat /



Totius:

Hoe sal in sy jeug die jong'ling,  
gou deur ydelheid bekoor,  
rein kan wandel in sy weë? ...  
As hy wandel in u spoor!  
U sock ek van ganser harte.  
HEER, hou U my hande vas,  
dat ek van u spoor nie dwaal nie  
en die kwaad my nie verras.

Hierdie laaste vers vind ons by Camphuysen as:

.....en noyt zonde my verrast.

Die volgende verse met hulle direktheid van segging is aan Camphuysen ontleen, maar herinner baie aan meer as een selfstandige vertolking van Totius:

Totius:

.....  
Gee my hoop, en, ek sal lewe,  
troos, en weg is my gekwel!  
Gaan met weldaad voor, dan volg ek,  
dan betrag ek u bevel.

Camphuysen:

Geef my hoop; en ik zal hopen: troost; en weg  
is mijn gequel:  
Gaat met weldaad voor, zoo volg ik, en neem  
acht up uw bevel.

Die volgende konkrete voorstelling is ook aan Camphuysen te danke:

Totius:

.....  
Want my liggaam uitgemergel,  
tot die laaste lid verswak,  
is verkrimp al soos die leer is  
van 'n swartberookte sak.

Camphuysen:

.....  
't Lichaam is my uytgemergelt, al de leden,  
laf en zwak,  
Zijn niet anders als een droogen en ver-  
schrimpten lederzak.

In die mooi drie-en-dertigste strofe is die eerste gedeelte geïnspireer deur en gedeeltelik ontleen aan

Camphuysen:

Totius /



Totius:

Heer, u woord is onbeweeglik,  
en u waarheid het geen end  
soos die sterre wat bly fonkel  
aan die hoë firmament.  
Met die duur van mensgeslagte  
sal u bondstrou nooit beswyk;  
soos die aarde is dit bevestig  
wat nie van sy grondslag wyk.

Camphuysen:

Heer, uw woord is onbeweeg'lijk, uwe waarheyd  
heeft geen end,  
Alzoo lang de klare sterren flikk'ren aan het  
firmament.

Die volgende mooi verse is ook onder Camphuysen se in-  
vloed ontstaan:

Totius:

.....  
dis die asem van die lewe  
wat ek diep na binne trek.  
.....

Camphuysen:

.....  
Mijne mond snakt na uw woorden, met al zulk  
een lust en trek,  
Als ik 's levens lieven adem uyt de lucht  
tot my waerts trek.

Baie gelukkig is Totius se aanwending van Camphuysen se  
vertolking in die laaste strofe:

Totius:

Heer, ek is 'n skaap verlore,  
in die wildernis verdwaal.  
U my Heer en Herder, bid ek  
dat U my tog wil kom haal.  
Soek my, bring my weer, u dienaar  
wat in al sy harteled,  
en in al sy teënhede,  
u gebooie nie vergeet.

Camphuysen:

'k Ben als een verloren schaapken, van den  
rechten weg gedwaalt:  
U mijn Heer en Herder bid ik, dat gy zoekt  
en weder haalt;  
Zoekt en wederhaalt uw Dienaar, die in al  
zijn hartenleed  
En al 's Werelds tegenheden, uwe Wetten noyt  
vergeet.

Net /

Net so geslaagd is gebruik gemaak van Camphuysen in die mooi vertolking van Ps. 130:

Totius:

Soos een wat op die mure  
as wagter uitgestel,  
gedurigdeur die ure  
met sy gedagte tel -  
só wag my siel, en sterker -  
gedurig op die HEER,  
tot Hy, die Ligbewerker,  
die nag in daagraad keer.

Camphuysen:

Als een die op de muren,  
Ter vroeg wacht uyt-gestelt,  
Verlangt, en steeds de uren  
Met zijn gedachten telt,  
En heeft het oog gedurig  
Na 't dag-herbrengend' Oost:  
Zoo wacht mijn ziel, nu treurig,  
Op Goddelijken troost.

Beide strofes is mooi, maar ek verkies wat die tweede helfte betref die Afrikaanse vertolking wat vaster hou aan die beeld van die wagter wat wag op die môre.

Soos uit die sitate blyk, is dit meesal afsonderlike verse wat deur Totius aan Camphuysen ontleen is. Dit is as gevolg van die aard van die beryming waarvan die skoonhede meesal in die onderdele geleë is, en aan die verskil in lewens- en Skrifbeskouing tussen die twee digters.

Camphuysen, die tipiese Remonstrant, is in sy psalmberyming in meer as een opsig die antipode van die Calvinis Totius. By die Afrikaanse digter is daar nie die wydlopiegheid van die gemoedelike Camphuysen nie. Nêrens getuig Totius van sy persoonlike ervaring, en wend hy sy selfverworwe lewenswysheid aan in sy psalmberyming om te leer en te stig nie. Bevindelikheid soos hierdie is eie aan die Remonstrant, nie aan die strenge Calvinis nie. Die warm voelende

Camphuysen /

Camphuysen kan homself nie op die agtergrond hou soos die skugtere, terughoudende Totius nie.

Ten spyte van hierdie verskille het die Afrikaanse psalmberymmer sterk aangetrokke gevoel tot hierdie sewentiende-eeuse digter.. Die verklaring hiervoor lê m.i. daarin dat, hoewel Totius en Camphuysen as psalmberymers wesenlik verskil het, daar tog 'n ander niveau is waarop hulle mekaar as digters ontmoet het, nl. 'n diepere sieleverwantskap, waaruit ook voortspuit 'n eenderse houding t.o.v. kuns en gemeenskap. Kragtens sy hele wese kon Totius nie afsydig staan teenoor Camphuysen se religieuse gemeenskapsgerigte kuns nie, want ook hy is, soos ons gesien het, nie 'n skoonheidsoeker wat onverskillig staan teenoor die gemeenskap nie. Bedink hierby die algemene skoonheidskenmerke, soos eenvoud en sangerigheid, wat Camphuysen se poësie so gewild gemaak het, en ons kan verstaan waarom die Afrikaanse berymer in sy soek na ou goud (7) nie by sy Remonstrantse voorganger verbygegaan het nie.

#### ONTLEENINGE AAN MARNIX.

Ps. 13 waarin gedeeltelik aan Camphuysen en gedeeltelik aan Marnix ontleen is, bring my by die invloed van Marnix op die Afrikaanse psalmberyming. Die eerste twee strofes van hierdie psalm is van Camphuysen oorgeneem, en die eerste veral is meesterlik vertaal:

Camphuysen:

Hoe langh ben ik, van hulpe bloot,  
Mijn God, in uw' gedachten dood?  
Hoe lang, bedompt in duysternissen,  
Moet ik uw's aanschijns klaarheid missen,  
En ongetroost zijn in mijn nood?

Hoe lang sal banger zorg en smert  
Haar leger houden om mijn hert,  
Ja dag op dag met wee door-treffen;  
En zich mijn vyand trots verheffen,  
Als hy mijn ziel zoo ziet benert?

Totius /

Totius:

Hoelank is ek van hulp ontbloot,  
My God, in u gedagtes dood?  
Hoelank sal ek in donkerhede  
Geen antwoord hoor op my gebede?  
En ongetroos wees in die nood?

Hoelank, o HEER, sal sorg en smart  
hul laer opslaan om my hart?  
Hoelank die vyand met behae  
my aansien in my angs en plaë -  
my siel mistroostig en benard.

Waar Totius in verse drie en vier deur taalverskil ge-  
noodsaak is om af te wyk, doen dit geen afbreuk aan die  
skoonheid van sy vertolking nie. In die laaste vers  
van die tweede strofe verkies ek die Afrikaanse ver-  
tolking bo die ondeurvoelde weergawe van die Nederlandse  
digter. In die tweede strofe is die belangrikste ont-  
lening die beeld in die eerste twee verse wat nie in  
die Bybel voorkom nie.

Die derde strofe is 'n bydrac van Marnix:

Marnix:

.....  
Wil mijn gebeden gade slaen:  
Verlichte mijne duyster oogen:  
End wil doch nimmermeer gedoogen  
Datz' in den doodslaap t' ondergaan.

Totius:

O HEER, my God, sien my tog aan,  
wil my ellende gadeslaan;  
verlig die donker van my oë,  
en wil tog nimmermeer gedoë  
dat ek in doodslaap ondergaan.

Ons merk weer op die fyn onderskeiding wat Totius maak  
in ellende gadeslaan vir gebeden gade slaan en in ver-  
lig die donker van my oë vir verlichte mijne duister  
oogen.

In die vyfde strofe van hierdie psalm is die  
onbevredigende

my hoop bly op u goedheid staan  
ook van Marnix afkomstig.

In /

In Ps. 1 is die eerste twee verse van die tweede strofe ook deur Marnix geïnspireer en gedeeltelik aan hom ontleen:

Marnix:

Hy slacht een boom die diep en vast geplant  
Met wortels breedt aen eenen waterkant.

Totius:

Hy is 'n boom wat diep en vas geplant  
sy wortels uitsprei by die waterkant.

Die res van Ps. 1 is heeltemal selfstandig deur Totius berym.

In Ps. 14 waarin helder dag net soos by Vondel voorkom alhoewel hier geen sprake van invloed is nie, het ons ook geringe ontlening aan Marnix in die vierde strofe.

Marnix:

Ist mogelijk dat sy gants niet verstaen,  
Die haer aldus der boosheydt onderwinden?  
End mijn arm volck gelijk als broot ver-  
slinden?

Totius:

Is daar dan by die sondaarskind,  
hul wat my volk soos brood verslind  
geen kennis van die waarheid meer.

In Ps. 32 staan veral die tweede helfte van die vyfde strofe sterk onder Marnix se invloed:

Marnix:

Weest niet gelijk den eeslen ende guylen  
In onverstant, den welcken men haer muylen  
Bedwingen moet, met breydels hard en stijf,  
Op dat sy dy niet stooten op het lijf.  
Den boosen staen te wachten vele smerten,  
Maer wie op Godt vertrouwt uyt gront sijns  
herten,  
Hem sal voorwaar, jae self in cruys end druck,  
Des Heeren gunst omringen met geluck.

Totius:

Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier;  
of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,  
wat mensehand moet dwing met toom en tuig  
tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.

Die /

Die goddelose man het baie smarte  
maar wie op God vertrou van ganser harte,  
hom sal gewis, ook onder kruis en druk,  
die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Die verskil tussen die twee vertolkings is blykbaar die  
gevolg van verskil in interpretasie van die oorspronk-  
like. Op hierdie punt verskil ook die Nederlandse en  
Afrikaanse Bybels:

Ned. Bybel:

Weest niet gelijk een paard, gelijk een  
muilezel, hetwelk geen verstand heeft, welks  
muil men breidelt met toom en gebit, opdat het  
tot u niet genake.

In die Afrikaanse Bybel lui die laaste sinsnede:

.....anders kom hy nie naby jou nie.

Totius se beryming is m.i. hier bevatliker. In die  
laaste vers hierbo moes die Afrikaanse digter weer die  
moeilikhed van afgeslete uitgange die hoof bied.

Na die Nederlandse beryming en die beryming van  
Camphuysen het Marnix die meeste, hoewel baie minder as  
die eersgenoemdes, bygedra tot die Afrikaanse psalm-  
beryming. Dit is veral in sy vertolking van Ps. 38  
dat Totius met groot voordeel gebruik gemaak het van  
Marnix se beryming, veral van sy eerste en voorlaaste  
strofes:

Marnix:

Straf doch niet in ongenaden  
Mijn misdaden,  
Heer, maer heb met my gedult,  
Wil niet, zijnd' in toorn ontsteken,  
Aen my wreken,  
Mijne sond' end sware schult.

.....  
Maer wil du my in mijn leven  
Niet begeven,  
Mijn God end genadigh Heer:  
Keer niet van my dijnen vrede,  
Noch en trede  
Verde van my nimmermeer.

Totius /

Totius:

Straf tog nie in ongenade  
My misdade,  
HEER, verdra my met geduld.  
Wil tog nie in toorn ontsteek nie  
En U wreck nie  
Op my sonde en sondeskuld.

.....  
Wil my, HEER in hierdie lewe  
nie begewe:  
wees nie ver van my gebed.  
Hoor die roepstem van 'n lyder,  
o Bevryder  
wat my altyd uit wou red.

Let op hoe die Afrikaanse digter in die eerste strofe skeppend vertaal. 'n Groot verbetering is dit waar Totius hier in sy laaste strofe van Marnix afwyk nadat hy die aanslag by hierdie Nederlandse vertolking gekry het.

Die volgende mooi verse in die Afrikaanse beryming van Ps. 49 staan ook onder Marnix se invloed:

Marnix:

.....  
'Tis waer sy staen gesteunt op hun geweld,  
End dragen roem op hen groot goed en gelt:  
Doch geenen mensch en lost des anders leven,  
Oft can't rantsoen sijns doots den Heere  
geven.

Totius:

Hul wil oorwin deur kragdaad en geweld,  
dra roem op grootheid, mag van goed en geld;  
maar kom die dood - wie weeg dan geld vir  
lewe?  
Geeneen wat God die losprys dan kan gewe.

Die laaste vers hier staan weer onder invloed van die Nederlandse beryming:

Hij kan daarvoor God geen losgeld geven.

Marnix het ook bygedra tot die mooi Afrikaanse vertolking van Ps. 65.

Marnix:

Du bist tot aen de verste Landen  
Des eertrijs, West en Oost,  
Ja tot aen d'uyterste zee-stranden,  
Der menschen hoop end troost.

'Tgebergt/

'Tgebergt hebstu van oude tijden  
Gegrondest met dijn macht:  
Du bist omringt aen alle sijden,  
Met sonderbare cracht.

Du stilst het ruysschen der zeebaren,  
Van stormen en onweer.  
End 'twoeden van der volcker scharen,  
Legstu met een woort neer.  
Die t'eynd der werelt zijn geseten,  
Hoe grof end ongeschickt  
Sy dijne wercken overmeten,  
Noch worden sy verschrickt.

Die laatste vier swak verse het Totius mooi vervang:

Totius:

U is tot in die verste lande,  
oor velde grenseloos,  
tot by die allerverste strande  
die mens se hoop en troos.  
Die berge 't U van oue tye  
gegrondves deur u mag;  
U is omring aan alle sye  
met wonderbare krag.

U demp die bruising van die bare  
in donker storme-weer;  
die woeling van die volkeskare  
le U met een woord neer.  
U almag ken geen paal of perke,  
geen grens het u gesag;  
die verste volke vrees u werke  
as tekens van u mag.

Besonder interessant is Marnix se beïnvloeding  
in die Afrikaanse vertolking van Ps. 71:

Marnix:

'Tis op dy, Heere, dat ick bouwe:  
En laet my nimmermeer,  
Vervallen in oneer,  
Om dijn gerechtigheit end trouwe,  
Wil mijn verlossing spoeden,  
End my genadich hoeden.

Hierdie verse het Totius in sy gees opgeneem en verwerk  
tot:

Op U alleen, my rotsteen, bou ek,  
Laat my dan nimmermeer  
In smaad verval, o HEER!

.....

Let op hoe afgewyk word in die volgende:

Marnix /



Marnix:

Ick heb gesteunt op dijn vermoegen,  
Van 'smoeders lichaem af:  
Du hebst, als uyt een graf,  
My uit haer ingewant getogen:

Totius:

Ek het gesteun op u vermoë;  
van moeders liggaam aan  
het U my bygestaan.

In die volgende mooi strofe herinner die onder-  
streepte verse aan Marnix:

Ek sing 'n lofsang by my snare,  
'n lied van troos en trou  
waarin 'k u lof ontvou,  
o Heilige by Is'rels skare!  
Ek roep, tot vreug herbore,  
"Verlos, en nie verlore."

Mooi is Totius se oorspronklike siening in die  
slotverse van hierdie vertolking:

.....  
Daar stuit hul nou, die onrêgsmanne,  
op eie kronkelweë,  
verlate en verleë.

In die volgende het ons die bevruggende in-  
werking:

Totius:

Ons sien geen tekens in die donker uur  
van u verbond, en daar is geen profete  
wat ons meer troos of bring die dieper wete  
hoelank ons druk en hartseer nog moet duur.

- Ps. 74.

Marnix:

Daartoe sien wy ons' heylge teeckens niet  
Van dijn verbondt, en daar is geen Prophete  
Die ons meer troost, ofte die te seggen wete,  
Hoe lang dat noch dueren dit verdriet.

In sy Ps. 89 wat sterk onder invloed staan van  
die Nederlandse psalmboek, het Totius ook aan Marnix  
ontleen:

Marnix:

Hy sal my seggen, Heer, du bist mijn vader  
trouw,  
Mijn God, mijn rotz end heyl, daer ick alleen  
op bouw.

Oock /

Oock heb ick hem alleen tot mijnen eerstge-  
boren,  
Tot Coninck ende Heer der Coningen vercoren.  
En wil hem mijn genaed' doen eewelick be-  
klijven,  
End laten mijn verbondt by hem bestendich  
blijven.

Totius:

Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou,  
my God, my rots van heil waar ek alleen op bou.  
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore,  
wat Ek tot koning van die konings het verkore.  
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig,  
my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Marnix het ook invloed gehad op die mooi eerste  
strofe van Ps. 97:

Marnix:

De Heer heerscht breet end wijt:  
Dies laet doch zijn verblijft  
Het eertrijck en d'eylanden,  
Mitsgaders de zeestranden.  
Die wolcken om sick streckt,  
Met duysternis bedeckt:  
Wiens throon staet vast gesticht,  
Op goet recht end gericht.  
Seer reyn end onbevleekt.

Totius:

God heers as hoogste HEER:  
Die aarde moet Hom eer,  
En juig, saam met die strande  
Van afgeleë lande.  
Daar 's wolkedonkerheid  
Rondom sy majesteit;  
Sy rykstroon is gestig  
Op oordeel en gerig  
En op geregtigheid.

En ook op:

Hy het hul matte skrede  
gelei op regte baan  
om tot bewoonde stede  
met blydschap in te gaan.

- Ps. 107.

Marnix:

Hy lietse vrolijk treden  
Weer op de rechte baan,  
End tot bewoonde steden  
Met blydschap inne gaen.

En in dieselfde Psalm:

Dan /

Dan is hul harte bly  
deur God se goeie gawe;  
die skip, van onweer vry,  
bring Hy in veil'ge hawe.

Marnix:

Dies wort haer hert verblijt,  
Van Godes goede gaven,  
Die 'tschip, van storm bevrijt,  
Brenge in behouden haven.

Soms is dit net een of twee verse wat weerklank  
gevind het:

Totius:

Ag, was ek nou deur angs omgewe,  
maar soos 'n duif omhoog gehewe -

- Ps. 55.

Marnix:

Och, die my mochte vleugels geven,  
Om als een duyf omhoog verheven,  
Te mogen snellick wech gaen drijven,

Omdat Totius ook na ander stemme geluister het,  
hoor ons in die Afrikaanse psalmboek die weerklank van  
Marnix se eenvoudige, innige lied.

#### ONTLENINGE AAN VONDEL.

Totius het nie veel aan Vondel ontleen nie.  
Dit word verklaar deur die aard van Vondel se vertol-  
king wat nie vir kerklike gebruik bedoel is nie.

Vondel se invloed op die Afrikaanse psalmbe-  
ryming is net soos die van Revius beperk tot psalms  
en gedeeltes van psalms wat deur G. van Elring opge-  
neem is in sy De Psalmen Gekozen en bewerkt uit vele  
Dichters.

In Ps. 3 het ons 'n voorbeeld van 'n beryming  
wat sterk onder invloed van Vondel staan:

Vondel:

Hoe groeit het leger, datme plaeght!  
't Weerspanigh leger, datme daeght  
In 't oorloghsperck,

Word /

Word vreeslijk sterck:  
Het krielt, en krijt vast, rot by rot;  
Hy vint geen heil in zijnen Godt.

Maar gij beschut me, o HEER! en stuit  
Dien hoop, en voert den oorlog uit,  
Als gij belooft  
En heft mijn hoofd,  
Ten trots van 't muitende gerucht,  
Met vollen zegen in de lucht.

Ik riep, door nood geperst, tot Hem,  
Die van den Godsberg mijne stem  
Verhoorde in last.  
Ik sliep te vast,  
En lag ter dood toe uitgestrekt,  
Maar zijne hand heeft mij gewekt.

Nu vreeze ik niet, hoe ongeteld  
Zoo menig duizend kriele in 't veld.  
Op, op, mijn Heer!  
En red mij weer;  
Want gij 't gebit in stukken slaat,  
En kneust al wat mij t' onrecht haat.

Verwacht geen heil dan uit de wolk  
Van God, den Zegenaar van 't volk.

Let op hoe ons in die vierde vers van die Afrikaanse  
vertolking dieselfde aanwending van die dialoog het  
om die primêre haat te vertolk (8) :

Totius:

Hoe groei my teenparty!  
Hoe dring hul naderby!  
Ek hoor al hoe hul laster:  
"Hy het geen heil by God."  
Hul hoon my met hul spot  
En keer my altyd vaster.  
Maar U sal hulle stuit;  
U voer die oorlog uit,  
My God, my skild, my ere!  
U hef, trots hul gerug,  
My hoof weer in die lug,  
Want U verhoor my, Here!

Van God se trou bewus,  
was slaap my veil'ge rus  
tot ek versterk ontwaak het.  
Ek sal hul nou nie vrees,  
Hoe sterk hul ook mag wees  
wat rondom my genaak het.  
Staan op, verlos my, HEER!  
Verbreek hul tande weer!  
U tem die oorlogsvolke!  
Aan U die heil alleen!  
Stort op u erf 'n seen  
soos druppels uit die wolke.

Insoverre /

Insoverre as wat die onderstreepte verse nie direk aan Vondel ontleen is nie, is dit, soos die laaste twee verse veral, deur hom geïnspireer. Die sewende vers van die tweede strofe is weer uit die Nederlandse psalmberyming. Aangesien Totius hom hier gehou het aan die melodie en gevolglik ook aan die vorm van die Nederlandse psalmboek, kon hy Vondel se vertolking met sy bepaalde vorm nie getrou volg nie. Dieselfde geld vir Ps. 7 waar daar slegs een strofe is, behalwe „Heer, ontwaak ....“, waarin daar invloed van Vondel te bespeur is:

Vondel:

Volhard de boosheid, onverschrikt  
In haar besluit,  
Zoo rukt Hij 't slagzwaard uit,  
En spant den boog, en mikt  
Met doodelijke flitsen,  
Geslepen, gloënde spitsen.

Totius:

As die vyand in sy oormoed  
hom nie in sy loop laat stuit,  
dan ruk God, hoewel lankmoedig,  
eindelik sy slagswaard uit.  
Dan span Hy sy boog en mik Hy  
met sy pyle, skerp en spits;  
en die vyand, voor hy neerplof,  
sien die dodelike blits.

In Ps. 28 is die volgende ontleninge aan Vondel:

Verhoor mijn klachten en gebeden,  
Als ik, U aanschrei van beneden,  
Mijn handen hef naar 't heilig koor,  
Op Hoop van bijstand en gehoor.

.....

Die, schijnende naar vreë te haasten,  
Van vrede spreken met hun naasten,  
En, met een schijn van peis vernist,  
Slechts tweedracht broeden, haat en twist.

.....

Beloon ze naar hun werk en zin,  
En schenk hetzelfde sap hun in.

.....

Geloofd /

Geloofd, zy God, die met zijne oren  
Zich heeft gewaardigd mij te horen!

Totius:

o Hoor as ek, my stem al week,  
om hulp U aanroep in gesmeek,  
my hande hef na heil'ge plek  
waar donkerheid u bondskis dek.

Ruk my nie weg in jammerstaat  
met al die werkers van die kwaad,  
wat wel hul woorde glad vernies,  
maar in hul hart is haat en twis.

.....

beloon hul na hul werk en sin,  
en skink hul eie drank hul in.

.....

Geloofd sy God, Hy het sy oor  
geneig en weer my stem gehoor;

Vondel is verantwoordelik vir die volgende mooi  
verse uit Totius se vertolking van Ps. 64:

o God, verhoor nou my gebed  
Wanneer ek smeek en roep, en red  
My van die mens, wat my belaag  
En met sy skrik my wil verjaag!

Vondel:

o Godt, verhoor nu mijn gebed,  
Wanneer ik smeek en roepe, red  
Mijn ziel, ontsla ze van de plagen  
Des vyands, die my komt belagen.

Die laaste twee verse van die Afrikaanse strofe staan  
net onder die bevruggende invloed van Vondel. Waar  
laasgenoemde' uitbrei op die Bybelsalm en sy vertolking  
minder inspirerend word, laat Totius hom los om eers  
weer vers 46 te ontleen:

Vondel:

.....d. Uitkomst leert  
Hoe God het al tot glorie keert.

Totius:

Al wie dit aansien, skud die hoof;  
hul vrees en moet Gods werke loof  
as hul aanskou en nou en weer  
hoe God dit al tot glorie keer.

Treffend /

Treffend is die ontleende vers opgeneem in die gevoel-  
stroom van die geheel. In die volgende is die gedagte  
van die Here wat wag hou, oorspronklik van Vondel:

Totius:

Regverdiges sal bly van gees  
en vrolik in die HERE wees;  
hul sal, daar Hy die wag wil hou,  
met roemtaal op die HEER vertrou.

Vondel:

Zy zullen hoopen op de wacht,  
Die schildwacht houdt voor 't vroom geslacht.

In Ps. 83 is net twee verse - twee mooi verse -  
oorgeneem:

Vondel:

.....uw vijand steekt, met luid gerucht,  
't Hoofd op in de lucht.

Totius:

Hul steek met groot gerug  
die hoof op in die lug.

By Ps. 87 is net die aanslag vir Totius gegee:

Vondel:

Hoe grondvast staat Jerusalem  
Op bergen, Gode toegewijd!  
Hoe lief zijn Zions poorten Hem  
Nog liever dan, in d' oude tijd,  
De tenten van 't gezegend heir,  
Dat herwaart kwam van 't roede meir!

Totius:

Hoe grondvas staan Jerusalem se walle,  
Gods ewige bergwerk wat nie skok of skud!  
Bo al die Jakobswonings, huis of hut,  
Het God aan Sions poorte 'n welgevalle.

Soms is dit ook net een of twee verse wat her-  
inner aan Vondel:

Vondel:

Dat d'aarde al die des hoogsten lof mishagen,  
De boezen, zie, als stof voor wind, uitvagen.

- Ps. 104.

Totius:

Al wie die Heer se lof mishag,  
laat hul soos stof voor wind vervaag!

En:

Vondel:

Wat is de mens, of zijn geslacht,  
Dat Gij hem dus Godwaardig acht.

- Ps. 144.

Totius /

Totius:

Wat is die mens, o HEER, wat sy geslag?  
En wat is hy dat U op hom sou ag?

'n Mens wonder of Totius nie meer by die groot  
Nederlandse digter sou gevind het nie, as hy Koning  
Davids Harpzangen as bron gebruik het.

ONTLEENINGE AAN REVIUS.

Omdat Van Elring - Totius se bron vir Revius se  
psalmvertolking - betreklik min aandag aan hierdie  
sewentiende-eeuse Calvinis-digter gegee het, is Revius  
se invloed op die Afrikaanse beryming uiters gering.

'n Voorbeeld van Revius se invloed is Ps. 4:

Revius:

Als ik u bid, verhoor mijn klagen  
God mijnes rechts, zend troost tot mij:  
Gij die mij uit verholen lagen  
Bracht op het ruim, laat u behagen  
Mijn droeve stemme, sta mij bij.  
Hoe lang', o mannen, moet ik lijden  
Dat gij mij eere keert in spot?  
Hoe lange zult gij u niet mijden  
Dus met uw leugnen voort te strijden,  
In ijdelheid verzonken zot?

.....  
Misdoet niet tegen zijnen wil;  
Maar op uw sponde toetst uw zinnen,  
Doorziet uw harte wel van binnen,  
Verbeidt uw Heer en zwijgt slechts stil.  
.....

Wilt g' aan hem dan een offer geven,  
Het offer, dat uw God aanschouwt,  
Is, in oprechtheid, rein te leven  
En hem alleenlijk aan te kleven.  
Dies vastelijk op hem vertrouwt.  
Daar zeggen veel, wie zal ons leeren  
wat toch het rechte goed mag zijn?  
Wij bidden Heere alle Heeren  
Dat gij ten onzent slechts wil keeren  
Uws lieflijk aanzichts klaren schijn.

Bostaande is uit Van Elring se werk. Dit vertoon  
klein afwykinge van die eerste uitgawe van Revius se  
psalmberyming (Ek onderstreep):

Als /



Als ick u bid' merckt op mijn clagen  
God mijnes rechts en troostet my:  
.....

Voert op het ruym; laet u behagen  
Mijn droeve stem, en staet my by.  
.....

Op uwen leger toetst u sinnen,  
.....  
Verbeydet God en swijget stil.  
.....

Wilt ghy hem dan een offer geven,  
Het offer dat de Heer aanschout  
Is in oprechtigheyt te leven,  
En hem alleene te ancleven.  
.....

Wilt ghy alleenlijck tot ons keeren  
Uws angesichtes claren schijn.

Waar Van Elring se weergawe in bostaande gevalle afwyk, is dit blykbaar die samesteller se eie bydrae.

Totius se vertolking onder invloed van Van Elring se weergawe van Revius lui as volg: (Ek onderstreep verse waarin ontleninge voorkom)

Verhoor my, HEER, in donker dae,  
God van my reg, send troos vir my!  
U wat my voer uit hinderlae,  
Hoor my uit vrye welbehae.  
o Manne wat my nou bestry,  
Hoelank nog word in teenhede  
My eer in skande omgekeer?  
Hoelank is jul met nietighede,  
Liet ydelheid en wind tevrede?  
Word leuentaal deur jul begeer?

Die laaste vier verse van die tweede strofe lui onder invloed van Revius as volg:

.....  
Oortree nie teen sy heil'ge wil.  
Deursoek jul hart in stille stonde,  
as eensaamheid omsweef jul sponde,  
verwag die HEER, en wees net stil.

Dit is veral in die volgende strofe waarin Totius nie net met voordeel ontleen het nie, maar ook heel gelukkig afgewyk het:

Wil jul aan Hom 'n offer gewe?  
Die offer wat die HEER aanskou,  
is, in opregtheid reg te lewe,  
en Hom alleenlik aan te klewe,  
op Hom alleen jul hoop te bou.

Hoe baie vra ter neergeboë:  
Waar vind ons ooit die ware goed?  
Verhef oor ons u Vaderoë,  
sien op ons in mededoë,  
verlig ons hart en ons gemoed!

As Totius hom toegeleë het op die stelselmatige ontginning van bronne, sou hy waarskynlik meer uit Revius se psalmboek as ou goud kon opgeneem het.

#### ONTLEENING AAN HOOFT.

In Ps. 6 het ook Hooft via Van Elring 'n bydrae gelewer vir die Afrikaanse psalmberyming. Van Elring het die volgende strofe van Hooft onveranderd (behalwe in spelling) oorgeneem:

Laat dalen, zonder strakheid,  
Uw oogen, op mijn zwakheid,  
Uw hand mij heelen doe.  
Door mateloos bezwaren,  
Is my de schrik gevaren  
Tot in 't gebeente toe.

Totius:

Laat, HEER, u oog in strakheid  
nie neersien op my swakheid.  
Genees my, merk tog hoe  
die smart my siel beswaar het,  
tot in my beend're toe.

'n Beskeie maar heel mooie bydrae.

#### SAMEVATTING.

Uit bostaande is dit duidelik dat die Afrikaanse berymer nooit die weg van die geringste weerstand gevolg het nie. Waar hy 'ontleen' het, was sy gees altyd besig om te sif, fyn te onderskei en die ontleninge sy eie te maak deur dit op te los in die gevoelstroom van sy vertolking. So bly dit spontane poësie met die stempel van Totius se digterskap daarop afgedruk.

Samevattend /

Samevattend oor die invloede op die Afrikaanse psalmberyming word hier een voorbeeld behandel om aan te toon hoe Totius in sy vertolking van 'n psalm uit verskillende bronne geput het en nog sy selfstandige bydrae ook gelewer het. In mindere of meerdere mate het die Nederlandse beryming, Camphuysen en Marnix bydraes vir die Afrikaanse vertolking van Ps. 72 gelewer, maar die grootste bydrae is van die digter self. In die volgende strofe met sy mooi selfstandige vertolking in die eerste helfte, staan die laaste gedeelte onder uiters gelukkige direkte beïnvloeding deur die Nederlandse beryming:

Só lank die son se flonkervure  
'n lig by dag sal wees,  
die maan 'n lamp by donker ure -  
so lank sal hul hom vrees.  
Hy sal so mild wees soos die reën  
wat neerdaal op die gras;  
soos druppels wat met volle seën  
besprei die veldgewas.

Ned. beryming:

.....  
Hij zal gelijk zijn aan den regen,  
Die daalt op 't late gras;  
Aan droppels, die met milden zegen  
Besproeien 't veldgewas.

In ander verse het Camphuysen weer 'n mooi siening bygedra:

Van see tot see - geen grensomlyning,  
orals gebied sy staf,  
totdat die maan, die bleek verskyning,  
val van die hemel af.

Camphuysen:

Van zee tot zee, van Rijk aan Rijken.  
Reykt zijnen vrede-staf,  
Tot dat de Maan zy aan 't beswyken,  
En vall' ten Hemel af.

Zy aan 't bezwijken is heel gepas deur Totius vervang.

Die volgende is deur Marnix geïnspireer:

Ek /

Ek sien al vorste, ryk en magtig,  
wat buigend voor Hom staan,  
en al die nasies wat eendragtig  
Hom dien as onderdaan.

.....

Marnix:

Voorts sullen alle Vorsten machtich  
Gebuygt hem bidden aen.  
Ja alle Heydenen eendrachtich,  
Hem dienen onderdaen.

In die eerste helfte van die agste strofe is  
die powere vers:

met onbekrompe hand Hom gewe  
van Camphuysen afkomstig. Hierdie geval, net soos  
die een hoërop i.v.m. die ontleninge aan Marnix (Ps.13),  
toon dat Totius nie altyd gelukkig was met sy ont-  
leninge nie.

Die res van die agste strofe met sy mooi werk-  
likheidsbeelding is weer selfstandig:

Mag koring, selfs langs hoë hange  
van berge uitgesaai,  
soos Libanon laat hoor sy sange  
wanneer die bergwind waai.

Selfstandig is ook die volgende strofe met sy  
natuurlike spreektrant:

Mag die bewoners van die stede  
- daar 's geen ellende meer -  
soos plante groei by volle vrede  
en sing die Vors se eer.  
Mag nooit sy Naam en grootheid kwyn nie  
- dit is 'n voorspoeduur! -  
geen somerglans so helder skyn nie  
of langer wees van duur!

In die laaste strofe waarvan die eerste vier  
verse deur Camphuysen geïnspireer is, het eerbiedenis,  
die eie vorming, so 'n hoë gevoelswaarde dat dit glad-  
nie as geforseerd terwille van metrum en rym aandoen  
nie:

Sy Naam, bo alle naam verhewe,  
sy uit eerbiedenis  
die volle roem en eer gegewe  
solank daar wêreld is.

En laat sover die sonlig bewe,  
sover die sonpyl skiet,  
sy heerlikheid die aarde oorsweve!  
En „Amen“ sê my lied!

Plasties is die siening in die vyfde en sesde verse.  
Die laaste vers is 'n gevoelvolle afsluiting van hierdie geïnspireerde lied.

Totius het oor die algemeen veel profyt getrek van die werk van die ouer berymers. Hierbo is op enkele ontleninge gewys wat nie bevredig nie. Vergelyk ook hierdie vernaamklinkende maar minseggende vers ontleen aan die Nederlandse psalmboek:

die kerker was u buit, o HEER,

- Ps. 68.

Die volgende, oorgeneem van Camphuysen, stel ook teleur: (Ek onderstreep)

Loof hemel van dié heemle hoog,  
en waters van die wolkeboog,  
wat van die aarde 't opgevlug  
tot in die boonste, ligte lug.

- Ps. 105.

Voorbeelde soos hierdie bly egter gering naas al die skone vondste uit die werk van die ouer digters. Minder gelukkige ontleninge is veral seldsaam ten opsigte van Totius se sewentiende-eeuse voorgangers teenoor wie die Afrikaanse berymer vryer gestaan het as teenoor die Nederlandse psalmboek.

Deur die bevruggende invloed van die Nederlandse psalmberyminge te ondergaan, en deur vryelik aan hierdie beryminge te ontleen, het Totius se beryming in heel besondere sin 'n voortsetting geword van die eeue-lange tradisie van Dietse psalmberyming. Van die beste in hierdie tradisie het behoue gebly in die Afrikaanse psalmberyming wat 'n eervolle plek inneem in die ry van Dietse psalmvertolkings.

Aantekeninge by Hoofstuk V.

1. Voorwoord van die Berymer, p. iv.
2. G. Dekker: Die Afrikaanse Psalmberyming, p.38.
3. Voorwoord van die Berymer, p. iv.
4. G. Dekker, t.a.p., p. 41.
5. T.a.p., p. 41.
6. J. Haantjes: Marnix, Camphuyzen, Totius, (P.J. Nienaber: Totius, Digter en Profeet, Johannesburg, 1948, p. 89).
7. Vgl. ook Hoofstuk IV, Aantekening 2.
8. Interessant is dit dat Totius se aanwending van die dialoog in Ps. 13 ook sterk herinner aan Vondel hoewel hier van geen invloed sprake is nie:

Totius:

Laat hul nie roem op meerd're kragte,  
of smalend sê in hul gedagte:  
"Ons het oorwin, daar struikel hy!"

Vondel:

Dat niet mijn vijand triomfeere,  
En stoffe: ik won't hem af: hij zwicht.

---

BIBLIOGRAFIE.

- AFRIKAANSE STUDENTEBOND: Gedenkboek ter ere van die  
Genootskap van Regte Afrikaners  
(1875-1925), Potchefstroom, 1926.
- BÖHL, dr. F.M. Th.: De Psalmen 1 (Serie Tekst en Uitleg), Groningen, 1946.
- BUNING, Tj. :Afrikaanse Versbou, Deel 1, Pretoria, 1939.
- COETZEE, ds. J.V. :Ons Psalm- en Gesangboek (Die Huisgenoot, 22. 6. 45.)
- DEKKER, prof.dr.G.:Afrikaanse Literatuurgeskiedenis, 3de druk, Kaapstad - Bloemfontein - Port Elizabeth, 1941.
- " :Die Afrikaanse Psalmberyming, Pretoria, 1938.
- " :Uit Totius se jeug (P.J.Nienaber: Totius, Digter en Profeet, Johannesburg, 1948.)
- " :Totius as Psalmberymmer (Die Huisgenoot 21/2/47.)
- " :Skemering, (Die Huisgenoot, 30/7/48).
- " :Die Afrikaanse Psalmboek (Ons Eie Boek, 111, 4).
- DE SMET, R.H. :De Psalmen uit het Hebreeusch vertaald met eene Inleidende studie van Cyriel Verschaeve over de Poëzie der Psalmen, Steenbrugge, 1940.
- DE VILLIERS, dr.C.G.S.: Die Oorsprong van ons Gesange en Psalms (Die Huisgenoot, 11/9/36, 18/9/36, 2/10/36, 16/10/36, 30/10/36).

- DE VILLIERS, dr.C.G.S.: Die Geneefse Psalmboek 400 jaar oud, (Die Huisgenoot, 25/6/43).
- DOUMERGUE, E. : Calvijn in het Strijdperk (vertaald door F.W.A.Winckel), Amsterdam, 1904.
- DU PLESSIS, L.J. : Totius in sy Verse, Bloemfontein, 1924.
- DU TOIT, J.D. : Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, Paarl, 1917.
- " : De dichter als ziener (P.J. Nienaber, t.a.p.)
- " : Die Kerkgesang (Die Kerkblad, 18/3/31 - 26/8/31).
- DU TOIT, dr. S. : Bybelse en Babilonies-Assiriese Spreuke, Johannesburg, 1942.
- GEELKERKEN, dr.J.G. : De Zuid-Afrikaansche Psalmberyming (Die Kerkblad, 2/3/38 - oorgeneem uit Woord en Geest, 26/11/37).
- GERDENER, prof.dr.G.B.A.: Ons Psalm- en Gesangboek, (Die Huisgenoot, 27/10/44).
- GUNKEL, H. : Einleitung in die Psalmen (zu Ende geführt von Joachim Begrich.- Göttinger Handkommentar zum Alten Testament, Ergänzungsband zur 11. Abteilung), Göttingen, 1933.
- HAANTJES, J. : De Psalmberyming van Totius, (P.J.Nienaber, t.a.p.)
- " : Marnix, Camphuysen, Totius, (Nienaber, t.a.p.)



- HASPER, H. : Een Reformatorisch Kerkboek,  
Leeuwarden, 1941.
- HEEROMA, K. : Camphuysen en zijn Stichtelijke  
Rijmen (Tijdschrift voor Neder-  
landse Taal- en Letterkunde,  
Deel LXVIII, Aflevering 1).
- HERDER, J.G. : Vom Geist der Ebräischen Poesie,  
Zweiter Teil, 1783 (Sämtliche  
Werke, Zweiter Band, Stuttgart  
und Tübingen, 1852).
- HERKENNE, dr. H. : Das Buch der Psalmen (Die Hei-  
lige Schrift des Alten Testa-  
mentes V. Band, 2. Abteilung),  
Bonn, 1936.
- HEYNS, W. : Liturgiek, Holland, Michigan,  
1903.
- HOLST, A. Roland : Na een besoek aan Totius,  
(P.J. Nienaber, t.a.p.)
- JACOBSE, Muus : Kan er een nieuwe Psalmberyming  
komen?,'s-Gravenhage, 1947.
- KALFF, G. : Geschiedenis der Nederlandsche  
Letterkunde, Derde Deel,  
Groningen, 1907.
- " : Geschiedenis der Nederlandsche  
Letterkunde in de 16de Eeuw,  
Eerste Deel, 1889.
- " : Studiën over Nederlandsche  
Dichters der Zeventiende Eeuw,  
Haarlem, 1915.
- KAMP, J. : Rachel (Nienaber, t.a.p.)  
: Trekkerswee (Nienaber, t.a.p.)

- KNAPPERT, prof.dr.L. : Marnix en zijne Psalmen (Marnix van Sinte Aldegonde Officieel Gedenkboek), Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1939.
- " : Oude Nederlandsche Psalmberijmingen (Handelingen en Mededeelingen van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden over het jaar 1905-6), Leiden, 1906.
- KRUIJF, dr. E.F. : Liturgiek, Groningen, 1901.
- LANSBERG, dr. Ph. A. : Het Protestantisme in de Nederlandsche Letterkunde, Wageningen, z.j.
- LOOTS, ds. P.J. : Ons Kerklied deur die Eeue, Stellenbosch, 1948.
- LOUW, W.E.G. : Die Verskuns van Totius (Die Huisgenoot, 21/2/47).
- MAK, dr. J.J. : De Rederijkers, Amsterdam, 1944.
- MALHERBE, prof.dr. F.E.J. : Aspekte van Afrikaanse Literatuur, Kaapstad - Bloemfontein-Port Elizabeth, 1940.
- MEYES, E.W.J. Posthumus : Jacobus Revius, zijn Leven en Werken, Amsterdam, 1895.
- MILO, D.W.L. : Het Afrikaansche Psalter (Organist en Eredienst, Juli - Dec. 1947).
- NIENABER, P.J. : Totius se grootse aandeel in die Afrikaanse Bybel (Nienaber, t.a.p.)
- " : Eerste letterkundige werk (t.a.p.)

- NOORDTZIJ, dr. A. : Het Boek der Psalmen 1 (Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe Vertalingen, Kampen, 1934.
- OPPERMAN, D.J. : Die digter Totius (Standpunte, II, 2).
- PIENAAR, prof.dr. E.C.: Die Ontstaan van ons Afrikaanse Psalm- en Gesangboek, Kaapstad, 1944.
- " : Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, Kaapstad - Stellenbosch - Bloemfontein, 1931.
- PIENAAR, W.J.B. : Ons Psalmberyming (Ons Eie Boek, XVI, 3).
- PRINSEN, dr. J. : Handboek tot de Nederlandsche Letterkundige Geschiedenis, 3de druk, 's-Gravenhage, 1928.
- RADEMAKER, L.A. : Didericus Camphuysen, Gouda, 1898.

Rapport Nieuwe Psalmberyming, Uitgebracht door de deputaten tot aanbieding van een nieuw Psalmboek en door het bestuur der „Stichting tot Verbetering van het Psalmgezag in de Gereformeerde Kerken in Nederland,“ aan de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, vergaderd te 's-Gravenhage, 23 Augustus 1949.

- REVIUS, Jacobus: Voorreden aende Gemeynthe onses Salichmakers Jesu Christi (De CL Psalmen Davids) Deventer, 1640.

- ROBERTSON, J. : De Poëzie en de Godsdienst der Psalmen, Vertaald door F.W. Stutterheim, Culemborg, 1901.
- SCHILDER, K. : Bij Dichters en Schriftgeleerden (Verzamelde Opstellen) - Onze Psalmberijming, Amsterdam, 1927.
- SCHMIDT, H. : Die Psalmen (Handbuch zum Alten Testament), Herausgegeben von Otto Eissfeldt, Erste Reihe, 15, Tübingen, 1934.
- SMIT, dr. W.A.P. : De Dichter Revius, Amsterdam, 1928.
- " : Dichters der Reformatie in de Zestiende Eeuw, Groningen, 1939.
- STAPELKAMP, Chr. : Philips van Marnix van St. Aldegonde (Lyceum Herdrukken), Groningen, 1948.
- STERCK, dr. J.F.M., e.a. : De Werken van Vondel, VIII, Wereldbibliotheek, Amsterdam, 1935.
- TOTIUS : 36 Psalme in Afrikaans, Kaapstad, 1923.
- TERRY, sir Richard : Calvin's First Psalter 1539, London, 1932.
- TE WINKEL, dr. J. : De Ontwikkelingsgang der Nederlandsche Letterkunde IV, 2de druk, Haarlem, 1924.
- " : De Ontwikkelingsgang der Nederlandsche Letterkunde V, 2de druk, Haarlem, 1924.
- VAN DEN HEEVER, C.M. : Die Digter Totius, Pretoria, 1932.

- VAN DEN HEEVER, C.M. : Keur uit die gedigte van Totius,  
Kaapstad - Bloemfontein - Port  
Elizabeth, 1949.
- VAN DEURSEN, dr. A. : De Achtergrond der Psalmen,  
Baarn, z.j.
- VAN ES, dr. G.A. : Hervorming en Calvinisme (Prof.  
dr. F. Baur, e.a.: Geschiede-  
nis van de Letterkunde der  
Nederlanden, 111), Antwerpen -  
Brussel - 'S-Hertogenbosch, 1944.
- VAN IPEREN, J. : Kerklijke Historie van het  
Psalm- Gezang 11, Amsterdam,  
1777.
- VERSCHAEVE, C. : Totius als dichter (Nienaber,  
t.a.p.)
- VERWEY, Albert : Vondels Vers, Santpoort, 1927.
- " : Vondel, volledige Dichtwerken  
en Oorspronkelijk Proza, Amster-  
dam, 1937.
- " : Hendrik Laurensz. Spieghel,  
Groningen - Den Haag, 1919.
- WIELENGA, dr. B. : De Bijbel als Boek van Schoon-  
heid, Kampen, 1929.
- ZIJDERVELD, A. : Van Lennep en De Harpzangen  
(Vondelkroniek, Juli, 1932).
-